# DIE FUNKSIE VAN 'N BYBELSE BERADINGSENTRUM IN DIE TOERUSTING VAN GELOWIGES VIR HUL ROEPING IN 'N GEMEENTE EN IN 'N GEMEENSKAP

JOHANNES MATTHYS EARLE

B.A., Th.B.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad **Magister Theologiae** in die **Fakulteit Teologie** aan die **Noordwes-Universiteit** (Potchefstroomkampus)

Studieleier: Prof. Dr. B.J. de Klerk

Potchefstroom
2007

**DANKBETUIGING**


- Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder die leiding van prof Ben de Klerk te onderneem en te voltooi: Ek waardeer u geïnspireerde leiding, motivering én die besondere wyse waarop u tot my akademiese vorming bygedra het. Baie dankie.

<u>Baie dankie aan</u>:

- Personeel van die volgende biblioteke vir u professionele diens en hulpvaardigheid:
  - Ferdinand Postma – en die Teologiese Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
  - Merensky Biblioteek: Universiteit van Pretoria.
  - Groenkloof Biblioteek Pretoria.
- Gerda van Rooyen en Clarisse Venter, vir hulp met studiemateriaal wat van onskatbare waarde was.
- Marlize, my vrou, vir die dataverwerking en vertaalwerk.
- Cecilia van der Walt, vir die taalversorging wat jy met liefde, oorgawe en toewyding gedoen het.
- Doepie de Jongh vir die tegniese versorging.
- My vrou, Marlize – ons Hemelse Vader het ons vir mekaar gegee om mekaar in ons diens aan Hom te ondersteun. Baie dankie vir jou en die kinders, Conradie en Amoré se begrip en ondersteuning gedurende die tyd van my studie.
- My moeder, Joey Earle en skoonouers, Joppie en Rienie Odendaal, vir voorbidding, belangstelling en aanmoediging om die studie te voltooi.

Ek buig aan die voete van my Skepper om Hom te prys, vir dié studie gedoen oor die funksie van 'n beradingsentrum as hulp in 'n gemeente en my bede is dat die boodskap hierin van diens en liefde op 'n eenvoudige en verstaanbare wyse verkondig word.

Mag die eer van die Koning van die Kerk, Jesus Christus, deur hierdie studie gedien word en mag die studie daartoe bydra dat toerusting in elke gemeente sal toeneem sodat elke gelowige volkome toegerus kan word vir elke goeie werk.

So alleen kan 'n gemeente bloei en 'n sieraad wees in die koninkryk van God.

**J.M. EARLE**

November 2007

**INHOUDSOPGAWE**

Hoofstuk 1 ... 1

1.1 Titel van studie ... 1

1.2 Oriëntering en probleemstelling ... 1

1.2.1 Oriëntering ... 1

1.2.2 Probleemstelling ... 3

1.3 Doelstelling en doelwitte ... 5

1.3.1 Doelstelling ... 5

1.3.2 Doelwitte ... 6

1.4 Sentraal teoretiese argument ... 6

1.5 Metode ... 6

1.6 Hoofstukindeling ... 8

1.7 Skematiese voorstelling ... 9

Hoofstuk 2 ... 10

2.1 Inleiding ... 10

2.2 Doelstelling ... 12

2.3 Metode ... 13

2.4 Werkplan ... 13

2.5 Basiese beginsels uit die Skrif ... 14

2.5.1 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op die kerk of gemeenskap as ruimte waarbinne die gelowige sy roeping kan uitleef ... 14

2.5.2 Om 'n basisteorie te ontwikkel, is dit baie belangrik om te verstaan wat die volgende skrywers se standpunte is rakende die begrip, kerk ... 41

2.5.3 Wie basisteoreties te werk gaan, moet duidelik aandag skenk aan die verskillende beelde wat die Bybel gebruik om die funksionering van die kerk uit te druk ... 45

2.5.4 Samevatting ... 47

2.5.5 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op die roeping van lidmate/gelowiges ... 47

2.5.6 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op toerus van lidmate ... 55

2.5.7 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum ... 68

2.5.8 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die geskiedenis op die ontwikkeling en funksionering van beradingsentrums gedurende die twintigste en een en twintigste eeu ... 75

2.5.9 Basisteoretiese beginsels ... 80

Hoofstuk 3 ... 82

3.1 Inleiding ... 82

3.2 Doelstelling ... 83

3.3 Ander Wetenskappe ... 83

3.3.1 Sosiologie ... 83

3.3.2 Kommunikasiekunde ... 95

3.3.3 Psigologie ... 104

3.4 Gevolgtrekkings ... 109

3.4.1 Ten opsigte van die Sosiologie ... 109

3.4.2 Ten opsigte van Kommunikasiekunde ... 113

3.4.3 Ten opsigte van die Psigologie ... 116

3.5 Empiriese navorsing ... 118

3.5.1 Inleiding ... 118

3.5.2 Doelwit ... 119

3.5.3 Rasionaal ... 119

3.5.4 Werkswyse ... 119

3.5.5 Respons ... 121

3.6 Samevatting ... 129

3.6.1 Wat die kwantitatiewe betref ... 129

3.6.2 Wat die kwalitatiewe betref ... 130

3.7 Metateoretiese perspektiewe uit naasliggende wetenskappe en empiriese navorsing ... 132

Hoofstuk 4 ... 135

4.1 Inleiding ... 135

4.2 Doelstelling ... 135

4.3 Werkplan ... 135

4.3.1 'n Praktykteorie sal op die volgende wyse ontwerp word: 136

4.4 Basisteoreties ... 136

4.5 Metateoreties ... 138

4.6 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van Berading ... 141

4.6.1 Inleiding ... 141

4.6.2 Wat is Pastorale Berading? ... 141

4.6.3 Die doel van berading ... 144

4.6.4 Verskillende tipes berading ... 145

4.6.5 Beradingsessie ... 145
4.6.6 'n Bybelse Beradingsmodel ... 149
4.6.7 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van Berading ... 160
4.7 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van Toerusting ... 161
4.7.1 Inleiding ... 161
4.7.2 Wie rus toe? ... 162
4.7.3 Wie word toegerus? ... 162
4.7.4 Toerustingsgeleenthede ... 162
4.7.5 Die doel van toerusting ... 166
4.7.6 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van toerusting ... 168
4.8 Implementering van 'n beradingsentrum ... 169
4.8.1 Inleiding ... 169
4.8.2 Hoe lyk so 'n beradingsentrum? ... 170
4.8.3 Samevatting ... 177
4.9 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van die implementering van 'n beradingsentrum ... 178
Hoofstuk 5 ... 182
5.1 Probleemstelling ... 182
5.2 Doelstelling ... 182
5.3 Metode ... 182
5.4 Ten opsigte van Basisteoretiese Beginsels ... 183
5.4.1 Probleemstelling ... 183
5.4.2 Doelstelling ... 183
5.4.3 Metode ... 183
5.4.4 Werkplan ... 184
5.4.5 Basisteoretiese beginsels ... 184
5.5 Ten opsigte van Metateoretiese Perspektiewe ... 186
5.5.1 Probleemstelling ... 186
5.5.2 Doelstelling ... 187
5.5.3 Metode ... 187
5.5.4 Metateoretiese beginsels ... 188
5.6 Met betrekking tot Praktykteoretiese Riglyne ... 190
5.6.1 Metode ... 190
5.6.2 Doelstelling ... 191
5.6.3 Werkplan ... 191

5.6.4 Praktykteoretiese riglyne ... 192
5.6.5 Samevattende gevolgtrekking ... 196
5.7 Finale gevolgtrekkings ... 197
5.8 Terreine vir verdere navorsing ... 197
OPSOMMING ... 199
ABSTRACT ... 202
BIBLIOGRAFIE ... 204
BYLAE A ... 219
BEGELEIDENDE BRIEF ... 219
BYLAE B ... 221
KWANTITATIEWE ... 221
BYLAE C ... 227
KWALITATIEWE ... 227

# HOOFSTUK 1

## 1.1 Titel van studie

**Die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerusting van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.**

**Sleutelterme**

Bybelse berading; beradingsentrum; toerus, toerusting, evangelisering in 'n gemeenskap; gemeente; gemeenskap; geestelike volwassenheid en kerklos persone in 'n gemeenskap.

## 1.2 Oriëntering en probleemstelling

### 1.2.1 Oriëntering

Ondergenoemde skrywers voer aan dat 'n beradingsentrum 'n duidelik omlynde funksie in 'n gemeente en in 'n gemeenskap het, naamlik as 'n ondersteuningsbron. In die VSA en Duitsland kom daar heelwat voorbeelde hiervan voor, soos blyk uit onderstaande beskrywing:

Laurie, van die *Samaritaanse Instituut* in Denver, Colorado, skryf dat die Samaritaanse Beradingsentrums 'n gemeente en 'n gemeenskap se bediening kan laat uitbrei en verstewig deur berading, opvoeding en konsultasiedienste aan hulle te lewer ooreenkomstig die heersende behoefte (Laurie, 1997:108). Hy skryf dat die Samaritaanse sentrums as gevolg hiervan na drie en vyftig state in die VSA uitgebrei het, asook na Japan (Laurie, 1997:108).

Hartmann (1997:101) skryf dat *IGNIS*, die *Duitse Akademie vir Christelike Sielkunde*, spesialiste en lekeberaders oplei in Christelike sielkunde en terapie. Een deel van hul taak is om ondersteuning te bied aan gemeentes sodat dié 'n plek van genesing kan word vir persone wat gebroke is.

'n Opleidingskursus is ontwikkel wat teoretiese lesings en praktiese oefeninge insluit. Bykomend hiertoe bestaan daar professionele opleiding

in berading en terapie vir gespesialiseerde persone. Hy skryf voorts dat hulle doelwit vervat is in Handelinge 14:22 waar Paulus en sy metgeselle die dissipels geestelik versterk en aangespoor het om getrou te bly in die geloof, deur te sê: "Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan."

Backus (1987:39) beskryf hoedat die *North Heights Beradingsentrum* van die Lutherse Kerk in Minnesota langer as nege jaar reeds vrugbaar deur lekeberaders beman word. Hy voer verder aan dat daar 'n groot vraag na kerklike beradingsentrums is, aangesien die aantal mense wat beradingsentrums besoek, jaarliks toeneem.

Schoenberg (1978:xiii) skryf in sy voorwoord dat kollege- en universitêre beradingsentrums hulle oor die afgelope veertig jaar heen in Amerika so gevestig het dat dit reeds 'n vaste instelling geword het. Sedert die 1930's het sommige van hierdie sentrums wat toe reeds bestaan het, in genoemde mate vermenigvuldig, aangesien universiteite en kolleges toenemend hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die geestelike welsyn van studente besef het.

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel daarna of 'n Bybelse beradingsentrum tot voordeel van 'n gemeente en 'n gemeenskap kan strek, veral met betrekking tot die feit om mense in hulle amp as gelowiges toe te rus en hulle tot geestelike volwassenheid te lei. Hier word dus 'n hulpfunksie veronderstel in dieselfde sin as dié wat by bepaalde gemeentes en gemeenskappe in die VSA en Duitsland voorkom.

Dit behels onder andere die volgende:

- pastorale hulp, wat die hooffunksie is;
- toerus van beraders en ander gelowiges en
- om op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan.

### 1.2.2 Probleemstelling

Uit 'n voorlopige ondersoek het dit na vore gekom dat daar blykbaar 'n groot leemte in Suid-Afrika bestaan met betrekking tot wetenskaplike navorsingsresultate en studies oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum rakende die toerus van gelowiges om hul roeping in die kerk en samelewing te vervul.

Daar is meer oor berading as sodanig geskryf, byvoorbeeld die kursusmateriaal wat deur die *Filadelfia Opleidingsentrum* in Bloemfontein gepubliseer is. Hierdie sentrum is geruime tyd reeds besig met opleiding aan Christelike beraders (vergelyk onder andere Filadelfia, 2002:1-19).

In Potchefstroom is daar ook die *Bybelse Beradingsentrum* waarvan die visie is om in die lig van hul Bybelse opdrag van naasteliefde die geestelike belange van gemeenskapslede wat in nood verkeer, te dien. Die Sentrum is ook enkele jare reeds besig met die opleiding van Christelike beraders en het heelwat kursusmateriaal vir hierdie doel gepubliseer, maar nog nie veel oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in 'n gemeente en in 'n gemeenskap nie.

In die VSA is reeds navorsing oor die behoefte aan beradingsentrums gedoen: Cerling (1983:67) onderstreep die behoefte aan sulke sentrums in die VSA. Hy wys daarop dat persone wat kerklike beradingsentrums besoek, aan die toeneem is, en dat dit tot gevolg het dat beraders oorlaai raak. Dit is dan ook die rede waarom daartoe oorgegaan word om, waar nodig, lekeberaders op te lei en te gebruik.

Cerling wys verder daarop dat 'n al groter aantal kerke ook persoonlike en gesinsberadingsdienste aan 'n toenemende aantal lidmate wil lewer, en dat hulle ook al hoe meer van lekeberaders gebruik maak. Hy voer aan dat statistiek in die VSA aantoon dat meer as 30 miljoen uit die 124 miljoen lidmate van kerke professionele beradingsdienste benut.

Collaros (1995:4) skryf dat verskeie predikante oorlaai is met werk vanweë die snelle toename in die aantal lidmate wat berading benodig, met die gevolg dat daar al hoe meer lekeberaders in hierdie opsig opgelei moet word om die predikante by te staan. Die voordele wat uit die Bybelse bediening van lekeberading voortvloei, is omvangryk. Die grootste voordeel lê klaarblyklik in die voorkoming van uitbranding by professionele persone, aangesien hulle as gevolg hiervan meer van hulle tyd, energie en aandag aan situasies wat uitsluitlik professionele/deskundige hulp vereis, kan wy.

Oetting *et al.* (1970:8) wys daarop dat verskeie universiteite en kolleges oor die dienste van beradingsentrums beskik. Selfs skole het aangedui dat hulle besig is om beradingsentrums op die been te bring. Hulle voer aan dat 'n globale beraming dus gemaak kan word, wat daarop dui dat ongeveer twee derdes van die inrigtings vir hoër onderwys in die VSA oor beradingsfasiliteite vir studente beskik. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat kolleges en universiteite al hoe meer tot die besef kom dat studente op die kampus 'n behoefte aan professionele berading het. Dit sluit soveel as 80% van alle studente in (Oetting *et al.,* 1970:9).

Hierdie studie wil in die lig van bogenoemde leemtes in die Suid-Afrikaanse literatuur ondersoek instel na hoe die funksionering van 'n Bybelse beradingsentrum kan meewerk tot die roepingsvervulling van gelowiges in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

Die gelowige kan op hierdie wyse bereik word - so ook die kerklose, die lou lidmaat en dié wat nie die moed het om sy of haar probleme by die kerk te opper nie.

Hierdie ondersoek poog om vas te stel hoe 'n Bybelse beradingsentrum reformerend kan inwerk op 'n persoon om hom in sy amp as gelowige toe te rus en na geestelike volwassenheid te lei.

Probleme wat in hierdie verband opval, is eerstens dat Bybelse beradingsentrums in Suid-Afrika nie so bekend is nie omdat hulle hier te lande yl gesaai is. Die tweede probleem is dat daar meestal in die

buiteland, soos in Suid-Afrika, slegs sielkundige en Christelik georiënteerde beradingsentrums bestaan wat nie noodwendig Bybelse berading as grondslag het nie.

Die oorkoepelende probleem (navorsingsvraag) wat in hierdie studie uitgediep sal word, is:

**Wat is die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerusting van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap?**

Die vrae wat hieruit voortvloei, is die volgende:

1. Wat is die Bybelse beginsels met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap?

2. Wat leer ander wetenskappe, soos Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde, ons ten opsigte van die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, en hoe moet dit beoordeel word?

3. Watter feite lewer 'n empiriese studie op met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap?

4. Watter riglyne kan aan die hand gedoen word sodat die Bybelse beradingsentrum sy funksie kan vervul om gelowiges toe te rus vir hul ware roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap?

## 1.3 Doelstelling en doelwitte

### 1.3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul volle roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap in die lig van die Skrif te beoordeel en na te gaan hoe dit in die praktyk toegepas kan word.

### 1.3.2 Doelwitte

1. Om in die lig van Bybelse beginsels vas te stel wat die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum is in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.
2. Om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap aan ander wetenskappe soos Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde te meet.
3. Om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap aan die hand van 'n empiriese studie te evalueer.
4. Om deur 'n kritiese sintese van die gegewens 'n nuwe praktykteorie vir waardevolle toepassing in gemeentes en in 'n gemeenskap te ontwerp.

## 1.4 Sentraal teoretiese argument

Die sentraal teoretiese argument van hierdie navorsing is dat 'n Bybelse beradingsentrum kan bydra tot die toerus van mense in hul amp as gelowiges en dus ook tot die vervulling van hierdie roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

## 1.5 Metode

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. 'n Basisteorie word ontwerp na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis oor 'n Bybelse beradingsentrum sê.

'n Metateorie word medebepaal vanuit ander newe-/hulpwetenskappe, en praktykteoretiese perspektiewe formuleer uiteindelik nuwe of aangepaste teorieë. So word vanuit die twee verbandhoudende gebiede van basisteorie en situasiewerklikheid (in hermeneutiese wisselwerking), 'n

nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1996:198-200; Heyns & Pieterse, 1990:38-39).

'n Basisteorie sal ontwerp word uit die beginsels wat die Heilige Skrif bied asook uit praktiese riglyne wat blyk uit die geskiedenis oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges in hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Eksegese sal volgens die grammatikaal-historiese benadering (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:8-26) gedoen word om te bepaal of die eienskappe en funksie van 'n Bybelse beradingsentrum ook as gehalteverryking vir 'n gemeente en 'n gemeenskap kan dien. 'n Kritiese evaluering sal ook gedoen word van literatuur oor die betrokke studieveld waarin hierdie beginsels funksioneer.

Op metateoretiese vlak word gebruik gemaak van 'n literatuurstudie oor ander hulpwetenskappe om te bepaal watter lig dit op die aangeleentheid-werp ten einde verdere metateoretiese perspektiewe te vind. Dit word spesifiek gedoen met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Die hulpwetenskappe wat geraadpleeg word, is Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde.

'n Kwalitatiewe empiriese studie sal deur middel van onderhoude aan die hand van 'n vraelys uitgevoer word om die uitwerking te bepaal van 'n Bybelse beradingsentrum met betrekking tot die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Die empiriese navorsing sal verder onderneem word aan die hand van kwantitatiewe vraelyste wat deur 'n kerngroep gemeentes en gemeenskappe in Suid-Afrika ingevul word.

Die kerngroep sal bestaan uit persone wat 'n beradingskursus by 'n Bybelse beradingsentrum deurloop het. Die rasionaal daarvan is om kwalitatief en kwantitatief te bepaal wat die kursus, asook die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum, vir hulle in 'n gemeente en in 'n gemeenskap beteken het. Die ondersoek sal toegespits wees op persone binne die Noordwes-Provinsie, Gauteng en die Bloemfontein-omgewing.

Praktykteorie sal deur die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk in gemeentes in Suid-Afrika gebruik word om praktykteoretiese riglyne binne die konteks van 'n gemeente en 'n gemeenskap op te stel. Spesifieke praktykteoretiese riglyne word geformuleer deur die wisselwerking binne die konteks van gemeentes en gemeenskappe in die Noordwes-provinsie, Gauteng en Bloemfontein-omgewing na te gaan.

## 1.6 Hoofstukindeling

**Hoofstuk 1:** Inleiding.

**Hoofstuk 2:** Basisteoretiese beginsels vir die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

**Hoofstuk 3:** Metateoretiese perspektiewe op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

**Hoofstuk 4:** Praktykteoretiese riglyne vir die funksionering van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

**Hoofstuk 5:** Samevattende gevolgtrekking.

Bibliografie.

## 1.7 Skematiese voorstelling

| 2.2 Probleemstelling | 3.1 Doelstelling en doelwitte | 5. Metodologie |
|---|---|---|
| Wat is die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap? | Om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap in die lig van die Skrif te beoordeel en na te gaan hoe dit toegepas word en toegepas kan word. | 'n Basisteorie sal geformuleer word na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis sê oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. |
| Wat leer die Bybel ons van die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap? | Om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, aan God se Woord te meet. | Eksegese sal volgens die grammatikaal-historiese benadering (De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:8-26) gedoen word om te bepaal of die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum ook as gehalteverryking vir die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en 'n gemeenskap kan dien. |
| Wat leer ander wetenskappe soos Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde ons van die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, en hoe moet dit beoordeel word? | Om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap aan ander wetenskappe soos Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde te meet. | Op metateoretiese vlak word gebruik gemaak van 'n literatuurstudie van ander newe-/hulpwetenskappe, om te bepaal watter lig dit op die saak werp om verdere metateoretiese perspektiewe te vind, spesifiek met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. |
| Watter gegewens lewer 'n empiriese studie op oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap? | Om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, aan die hand van 'n empiriese studie te evalueer. | 'n Kwalitatiewe empiriese studie sal gedoen word om die uitwerking te bepaal wat 'n Bybelse beradingsentrum op die lewe van 'n gemeente en 'n gemeenskap het.<br>Die empiriese navorsing sal gedoen word aan die hand van kwalitatiewe en kwantitatiewe vraelyste wat deur 'n kerngroep gemeentes en gemeenskappe in Suid-Afrika ingevul word. |
| Watter kritiese sintese van die gegewens skep 'n nuwe praktykteorie vir waardevolle toepassing binne die konteks van 'n gemeente en 'n gemeenskap? | Om deur 'n kritiese sintese van die gegewens 'n nuwe praktykteorie vir waardevolle toepassing binne die konteks van 'n gemeente en 'n gemeenskap te ontwikkel. | Die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk in 'n gemeente en 'n gemeenskap sal gebruik word om praktykteoretiese riglyne binne die konteks van 'n gemeente en 'n gemeenskap op te stel.<br>Spesifieke praktykteoretiese riglyne word geformuleer deur die wisselwerking toe te pas binne die konteks van gemeentes en gemeenskappe in die Noordwes-Provinsie, Gauteng en die Bloemfontein-omgewing. |

# <u>HOOFSTUK 2</u>

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE FUNKSIE VAN 'N BYBELSE BERADINGSENTRUM

## 2.1 Inleiding

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177) is 'n voorbeeld van hoe die praktykteorie tot stand kom. Heyns en Pieterse (1990:35) gee die model weer om meer lig op die teorie te werp:




<u>Oorgeneem uit Zerfass (1974:167)</u>

'n Model, sê Zerfass (1974:169), is soos 'n landkaart wat dinge skematies vereenvoudig. Sodoende beklemtoon hy dat die geheelbegrip ten opsigte van 'n model altyd belangrik is. Voortdurend moet gevra word na die bedoeling en grense van 'n model. In wat Zerfass in hierdie model voorstel, poog hy om aan te toon watter elemente 'n rol speel in die korrigering van die kerklike praktyk. Zerfass (1974:169) verwys in hierdie verband na die wesensgrond in die "kerklike" praktyk wat 'n driehoek vorm, naamlik die teologiese beginsels en die bepaalde getoetste situasie in die gemeente ondergaan 'n toetsingsproses wat daartoe lei dat 'n nuwe benadering aanvaar word.

Venter (1996:25) meen dat die basisteorie volgens Zerfass se model die wese en doel van 'n refleksiedomein sistematies vanuit Skrifopenbaring beskryf. In prakties-teologiese teorievorming word in die een refleksiedomein basisteoreties te werk gegaan en in die ander refleksiedomein vind praktykteoretiese teorievorming plaas.

Venter (1996:25) stel verder dat die basisteorie sowel as die praktykteorie, wat beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer, ten doel het om te kom tot prakties-teologiese teorievorming waarin die twee refleksiedomeine in hermeneutiese wisselwerking met mekaar gestel word.

Skrywer hiervan wys daarop dat die funksionering van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges in 'n gemeente toegepas op Zerfass se model (met verwysing na punte 1-13 in skets) prakties soos volg voorgestel kan word:

1. 'n Probleem ontstaan in die gemeente en in die gemeenskap deurdat sommige gelowiges nie toegerus word in hulle amp as gelowiges om sodoende hulle roeping in die ondersteuning van ander na te kom nie. Die probleem lok reaksie uit wat daartoe lei dat die probleem deurdink word.

2 en 4. Die reaksie gryp terug na die verlede of basisteorie en dit lei tot die vraag:

Hoe het die gemeente/kerk in die verlede só 'n probleem hanteer? Hoe het die kerk en ander instansies gelowiges toegerus vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap?

3 en 6. Om die probleem op wetenskaplike wyse op te los, word na 'n meer sosiaal aanvaarbare "werkbare" metode gesoek, en sodoende word 'n basisteorie ontwerp. Die basisteorie vir hierdie studie word in die Skrif gevind.

Empiriese navorsing kan daartoe bydra om die versteuring van die Teologiese tradisie te korrigeer.

5. In die model van Zerfass is die wisselwerking tussen die basisteorie en die sogenaamd veranderde situasie uiters belangrik omdat daar altyd eers teruggekeer moet word na die beginsels om dan Skrif-verantwoord te verander.

7 en 8. Zerfass stel dit duidelik dat, op grond van die wisselwerking tussen die basisteorie en die eise van die veranderde situasie, 'n spanningsveld tussen dit wat tot stand sal kom en dit wat reeds bestaan, ontstaan.

10 en 9. Dit lei weer op hulle beurt tot 'n impuls wat 'n nuwe praktyk bepaal. Nommer 10 is die opdrag van die prakties-teologiese teorieopleiding.

11. Uiteindelik word 'n nuwe praktyk geskep.

12 en 13. Metodes kan getoets word om te bepaal of dit geslaagd is.

## 2.2 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om in die lig van Bybelse beginsels vas te stel wat die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum is in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In samehang met die metateoretiese perspektiewe (hoofstuk 3), kan die basisteorie (hoofstuk 2) meewerk tot die skep van 'n geskikte praktykteorie op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

Die begrip *beradingsentrum* kom nie as sodanig in die Skrif voor nie. Verwante terme en begrippe sal ondersoek word soos dit in verskillende omstandighede in die Skrif voorkom, wat kan aandui hoe 'n beradingsentrum tot diens kan wees in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

## 2.3 Metode

'n Basisteorie sal ontwerp word uit die beginsels wat die Heilige Skrif bied, asook uit die riglyne wat uit die geskiedenis afgelei kan word rakende die funksie van 'n Bybelse Beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping ten opsigte van die ondersteuning van ander in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Eksegese sal volgens die grammatikaal-historiese benadering (De Klerk & Janse van Rensburg,2005:3-95) gedoen word om te bepaal of die funksionering van 'n Bybelse Beradingsentrum ook as toerustingsgeleentheid vir 'n gemeente en 'n gemeenskap kan dien. 'n Kritiese evaluering van literatuur oor die betrokke studieveld waarin die beginsels funksioneer, sal ook gedoen word.

## 2.4 Werkplan

In die eerste plek word indringend gekyk na die kerk of gemeenskap as ruimte waarbinne die gelowige sy roeping kan uitleef.

In die tweede plek word nagevors wat *roeping* beteken, toegespits op die roeping van die gelowige in 'n kerk en in 'n gemeenskap.

In derde plek word ondersoek ingestel na die een funksie van 'n Bybelse beradingsentrum, naamlik die toerus van medegelowiges in hulle roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In die vierde plek word die ander funksie van 'n Bybelse beradingsentrum nagevors: Wat is Bybelse of pastorale berading?

In die vyfde plek word nagegaan wat uit die geskiedenis geleer kan word in verband met die ontwikkeling en funksionering van beradingsentrums in die afgelope jare.

## 2.5 Basiese beginsels uit die Skrif

### 2.5.1 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op die kerk of gemeenskap as ruimte waarbinne die gelowige sy roeping kan uitleef

#### 2.5.1.1 Inleiding

Dit is vir hierdie studie van besondere belang om presies te weet wat *kerk* of *gemeente* beteken omdat, volgens Heyns en Pieterse (1990:59), die gemeente die ruimte is waarbinne die kommunikatiewe handelinge van die lidmate geskied. Te meer nog geskied dit binne die gemeenskap van gelowiges. Burger (1991:27) verwys daarna as hy praat van die teologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap. Möller (1999,c1991) beklemtoon op sy beurt dit dat die kerk as die liggaam van Christus op die vertikale gebondenheid aan Hom dui. Die kerk as die gemeenskap van die gelowiges beteken die horisontale uitbreiding van daardie gebondenheid na die gelowiges onderling, en dit geskied binne die ruimte van 'n gemeente.

Die kerk van Christus neem dus 'n besondere plek in die verloop van die geskiedenis na sy eindpunt. Die kerk moet 'n voorsmaak wees van hoe God onder die Hoof, Christus, die harmonie kan bewerk en die kerk tot 'n eenheid kan saamsnoer.

Hoewel daar nie in die Bybel eksplisiet gesê word dat die kerk die gemeenskap van die gelowiges is nie, is die hele gedagte van die gemeenskap (Grieks: κοινωνία) grondliggend aan die verstaan en beskryf van die kerk. Hierdie κοινωνία beteken om met iemand iets gemeen te hê of om in 'n intieme verbintenis met hom te wees of die goeie wat jy het met ander te kan deel.

Die gelowige het binne hierdie ruimte, binne die gemeenskap van gelowiges, binne die liggaam van Christus as kerk, 'n volwaardige plek as kind van God. Elke gelowige het 'n verantwoordelikheid om sy plek vol te

staan, sy roeping teenoor God en sy naaste te vervul. Binne hierdie ruimte kan elke lidmaat ook toegerus word om meer diensbaar te wees om in liefde ander te help en by te staan.

In die lig daarvan dat die studie dieper ondersoek wil instel na die begrip *kerk* as die ruimte waarbinne kommunikatiewe handelinge van die gelowige plaasvind, sal eerstens eksegeties nagevors word wat Efesiërs 1:1-14 en 4:1-16, Handelinge 2:43-47 en 1 Korintiërs12:12-31 oor die bedieningswyse en funksionering van die kerk openbaar. Tweedens sal gekyk word na enkele teoloë se beskrywings van die term *kerk*; so ook na beelde wat gebruik word om die begrip *kerk* duideliker te beklemtoon.

### 2.5.1.2 Motivering van Efesiërs1:1-14 as fokusverse

Die boek Efesiërs bied 'n goeie voorbeeld van ware kerkwees met Christus as die Hoof. Die Hoof bind sy volk saam tot 'n eenheid naamlik die kerk (Efes.1:22). Hattingh (1988:05) beklemtoon dit dat die tema dat Christus as Hoof Sy kerk vervul, soos 'n goue draad dwarsdeur die brief aan die Efesiërs loop (1:15, 23; 3:19; 4:10; 5:18). Christus is die lewensbron van die kerk.

Die boek beskryf die kerk ook as die liggaam van Christus, wat op Sy beurt as Hoof sorg dat die liggaam saam as 'n eenheid werk. Efesiërs 1:1-14 wys daarop dat elke gelowige dus deel van die gemeente uitmaak (daartoe uitverkies), daarom behoort hulle saam te werk met ander gelowiges binne die ruimte wat God bied om die kerk as 'n eenheid te laat werk. Praktiese riglyne word voorgestel vir die handhawing van die eenheid onder gelowiges. Elke gelowige word deur Paulus opgeroep om lof aan God te bring vir die feit dat Hy hulle gered het en aan hulle in Christus 'n nuwe lewe gegee het.

#### 2.5.1.2.1 Eksegese van Efesiërs 1:1-14

#### A. Agtergrond van Efesiërs 1:1-14

Uit Efes. 3:1; 4:1 en 6:20 is dit duidelik dat die brief geskryf is gedurende Paulus se gevangenisskap in Rome. Dit was ongeveer 61 – 63 nC. Uit

Efesiërs 1:1 blyk dit dat die brief gerig is aan "die heiliges in Efese, en die gelowiges in Christus Jesus." Uit Handelinge 19:1-20 blyk dit dat Paulus sowat 2 jaar lank in Efese gearbei het. Hy is deur die werking van die Heilige Gees gelei om die lidmate in Efese te bemoedig en geestelik te versterk. Die doel van Paulus se werk in Efese word soos volg in hfst. 1:7-10 omskryf: om die gelowiges te versterk en hulle te verseker dat daar in Jesus alleen verlossing is omdat die Here dit ten doel het om alle dinge wat in die hemel en op aarde is, onder een hoof in Christus te verenig.

## B. Struktuur van Efesiërs en die plek van Efesiërs 1 in die brief (De Klerk, 2001:1).

**Tema van die brief: Christus, die Hoof, laat die kerk, Sy liggaam, as 'n eenheid lewe.**

| **Die skrywer, lesers en groetseën: Efesiërs 1:1, 2** | **Die grondplan van die kerk: Efesiërs 1:3-14** | **Die kerk se besondere Hoof, Christus: Efesiërs 1:15-23** |
|---|---|---|
| God skep in Christus die kerk om nuut te lewe: Efesiërs 2:1-10 | Die kerk is in Christus één liggaam: Efesiërs 2:11-22 | Deur die evangelie word mense in die kerk opgeneem: Efesiërs 3:1-13 |
| Gebed om die Heilige Gees; Hy wat die eenheid van die kerk gesmee het: Efesiërs 3:14-21 | Hoe die kerk sy eenheid moet uitleef: Efesiërs 4:1-16 | Die kerk moet soos nuwe mense leef: Efesiërs 4:17-5:21 |
| Die verhoudings tussen kerkmense onderling en met ander: Efesiërs 5:22-6:9 | Die kerk se wapenrusting: Efesiërs 6:10-20 | Persoonlike inligting en seëngroet: Efesiërs 6:21-24 |

## C. Detaileksegese van Efesiërs 1:3-14

Paulus skryf die brief aan gelowiges wat die Evangelie gehoor en Jesus as hulle Verlosser aangeneem het. Hy is gretig om hulle te help om sterk te staan en as gelowiges te groei.

Die eerste hoofdeel (1:3-3:21) is in gebedsvorm en maak 'n onderdeel van 'n brief uit. Die hoofsaak in hfst.1:1-14 is lofprysing aan God: Die lesers word opgeroep om God Drie-enig te loof en te prys omdat Hy in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees aan hulle hemelse seëninge gegee het (1:3-14). Hierdie seëninge wys op die verlossingswerk van Jesus Christus en sluit die verlede in: Efesiërs 1:1-14 gee die grondplan van die kerk weer: Die Vader se uitverkiesing (De Klerk, 2001:8). Dit alles is God se raadsbesluit. Die Vader is die Bron, die Fontein waaruit die seën vloei. In Christus is hulle uitverkies voor die grondlegging van die wêreld omdat God, die Vader, hulle liefhet. Sy doel daarmee was om mense in liefde tot sy kinders aan te neem sodat hulle heilig en onberispelik in liefde voor Hom kan lewe as lewende getuies van Jesus Christus.

Die seëninge sluit ook die hede in: Die gelowige is verlos van sy sonde en is in Jesus Christus volkome vergewe. Nêrens kan God se goedheid en genade teenoor die gelowiges beter blyk as juis in hierdie gedeelte nie.

Die seëninge sluit ook die toekoms in: Die gelowige sal uit genade ontvang wat belowe is. God Drie-enig skep 'n nuwe eenheid met 'n nuwe Hoof, Jesus Christus, want die eenheid van mense onder die eerste hoof, Adam, het vinnig verbrokkel weens moord, oorlog en verdeeldheid. Só word die gelowiges onder één Hoof, Christus, weer verenig (1:9,10) en word hulle deur die werking van die Heilige Gees as sy eiendom, sy volk verseël. Jesus betoon in Johannes 13 Sy innige liefde vir Sy dissipels deurdat Hy hulle Sy kinders (τεκνια) noem en wil hê dat hulle mekaar moet liefhê. Borchert (2002:98) wys daarop dat daar weer harmonie tussen God en mens is, tussen mense onderling, maar ook tussen mense en hul omgewing. Daarom volg die oproep om God Drie-enig vir Sy groot genade en Sy grootheid te prys.

## D. Samevatting

God se plan om mense onder een Hoof, Christus, te verenig word deur sy uitverkiesende liefde verwesenlik as die kerk, as liggaam van Christus,

saam as 'n eenheid werk binne die ruimte wat God tot stand gebring het. Daar rus op elke gelowige 'n verantwoordelikheid om te besef wie hulle nou is en waartoe hulle in staat is. Hulle moet die eenheid as eiendom van God in harmonie teenoor mekaar uitleef, want hulle het mekaar nodig.

**E. Basisteoretiese beginsel**

Christus as die Hoof en lewensbron van die kerk laat sy liggaam as 'n eenheid lewe binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

## 2.5.1.3 Motivering van Efesiërs 4:1-16 as fokusverse

De Klerk (2001:62) voer aan dat die riglyne waarvolgens die kerk as 'n eenheid in Christus fungeer, uitsluitlik in hoofstuk 4:1-16 voorkom. Paulus beskryf in hierdie gedeelte hoe die kerk gestruktureer is en hoe dit moet funksioneer (Floor, 1995:143). Die tema van die gedeelte is: Bou mekaar in eenheid op. De Klerk wys daarop dat die kerk in hfst.4:1-6:24 opgeroep word om die eenheid wat in Christus begin is, te handhaaf. Hulle moet die eenheid teenoor mekaar uitleef deur toerusting (vgl.2.5.3) te ontvang en met mekaar in harmonie saam te leef en te werk.

In hoofstuk 4:1-16 word die model van die eenheid (4:1-6) weergegee, so ook die boumateriaal vir die eenheid (4:7-12) en die visie en proses van die opbou van mekaar in die eenheid (4:13-16). Buys (1989:55) sluit hierby aan as hy daarop wys dat die kerk as liggaam van Christus hom opbou volgens die gawes van die Heilige Gees, wat God aan elke gelowige gegee het, sodat die eenheid van die kerk ten volle verwesenlik kan word (vgl. 2.5.6.2.4.).

### 2.5.1.3.1 Eksegese van Efesiërs 4:1-16

**A. Agtergrond van Efesiërs 4:1-16**

Kyk agtergrond van Efesiërs 1:1-14

**B. Die struktuur van Efesiërs en die plek van Efesiërs 4:1-16 in die brief** (Van Rensburg, 1993:1822).

1. BRIEFAANHEF (1:1-2)2.

2. GOD SE VERLOSSENDE WERK (1:3-3:21)

- Lofroep en die rede vir die lofroep (1:3-14)
- Paulus se danksegging (1:15-23)
- Die gevolg van God se handelinge vir die gelowiges (2:1-22)
- Die gevolg van God se handelinge vir Paulus (3:1-21)

3. OPROEPE OP GROND VAN GOD SE VERLOSSINGSWERK (4:1-6:20)

- Handhaaf die eenheid onder gelowiges (4:1-16; Foulkes, 1971:107)
- Hou die eenheid in stand (4:1-10)
- Verskeidenheid funksies wat die eenheid dien (4:7-16)
- Breek met die ou mens, en lewe as nuwe (4:17-5:5)
- Lewe as mense van die lig (5:6-20)
- Riglyne vir gedrag binne gesagsverhoudinge (5:21-6:9)
- Oproepe om tot aan die einde op die pos te bly (6:10–20)

4. BRIEFSLOT (6:21-24)

## C. Die struktuur van Efesiërs 4:1-16

**Knouwds (1975:82, 83)** stel die struktuur van die verse van **Efesiërs 4:1-16** soos volg voor:

→ wat 'n gevangene is
→ Omdat ek die Here dien

1. Ek vermaan julle dan
→ om te wandel → in ooreenstemming met die roeping waarmee julle geroep is
2. → in alle beskeidenheid en sagmoedigheid
→ in geduldigheid
→ om mekaar in liefde te verdra
3. → en om ernstig te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar
→ deur in vrede met mekaar te leef.
4. Daar is net → een liggaam en een Gees
→ een hoop waartoe julle geroep is
5. → een Here
→ een geloof
→ een doop
6. → een God en Vader van ons almal
→ wat → oor almal is
→ en deur almal werk
→ en in almal woon.
7. Maar aan elkeen is gegee → 'n genadegawe
→ van ons → volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.
8. Daarom sê Hy:
Toe Hy opgevaar het in die hoogte,
het Hy → die krygsgevangenes saamgeneem
→ en gawes aan die mense gegee.
9. Maar dit: Hy het opgevaar;
Wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het?
→ na die aarde.

10. Hy is dieselfde
    - Hy wat neergedaal het
    - en Hy wat opgevaar het
        - bokant al die hemele
        - sodat Hy alles kan vervul met sy teenwoordigheid.

11. En Hy het gegee
    - sommige as apostels
    - ander as profete
    - ander as evangeliste
    - en ander as herders
    - en leraars

12. om die gelowiges toe te rus
    - vir hulle dienswerk
    - met die oog op die opbouing van die liggaam van Christus

13. totdat ons almal kom tot
    - die werklike eenheid
        - in ons geloof
        - en in ons kennis van die Seun van God
    - 'n volgroeide/volwasse mens
        - so volmaak en volwasse soos Christus

14. sodat ons nie meer soos kinders mag wees nie
    - wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur
        - elke wind van dwaalleer
        - die bedrieëry van mense
        - slinksheid om op dwaalweë te bring

15. maar in alles mag opgroei
→ terwyl ons in liefde by die waarheid bly
in Hom
wat die Hoof is, naamlik Christus
16. uit Wie die hele liggaam → die groei van die liggaam bevorder
→ vir sy eie opbouing in liefde
→ saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning
→ wat elke lid gee volgens
die werking van elke
afsonderlike deel in sy mate.

## D. Detaileksegese van Efesiërs 4:1-16

Die gedeelte handel hoofsaaklik oor hoe die kerk sy eenheid moet uitleef en in stand moet hou (4:1-10). Stott (2003:146) noem dat Paulus in drie hoofstukke God se ewige doel met sy skepping in die geskiedenis beskryf. Deur Christus wat vir sondaars gesterf en weer opgestaan het, het God 'n nuwe lewe gegee, nie net vir individue nie maar vir 'n hele nuwe mensdom. Hy wys verder daarop dat die apostel nou vorentoe aan beweeg van "...the new society to the new standards which are expected of it". So beweeg hy van wat God gedoen het (indikatief) na dit wat gedoen moet word (imperatief), van die lering na die uitvoering daarvan. Die apostel Paulus het hulle geleer en vir hulle gebid (1:15-23 en 3:14-19) dat hulle vervul moet word met die Heilige Gees, wat beteken dat die mens in gehoorsaamheid aan Jesus Christus die ou natuur moet afsterf en vernuwe moet word na die beeld van Jesus Christus (Efes.4-6), (Hattingh,1988:6).

Die kerk behoort in 'n atmosfeer te leef wat eenheid bevorder, want die gelowiges is geroep uit die greep van verdeeldheid, en met sy roeping het God hulle tot 'n nuwe mensheid geskep, naamlik die kerk. Hy roep die kerk uit baie volke om een te wees – in God en met mekaar. Die innerlike eenheid moet ook na buite uitstraal, byvoorbeeld beskeidenheid, vriendelikheid, geduld en liefde. In so 'n atmosfeer, wat bepaal word deur die liefde, is die kerk in beheer van sy emosies en denke in gehoorsaamheid aan God. Dit beteken dat, al is daar verskille tussen gelowiges in 'n gemeente,

hulle mekaar in liefde behoort te verdra. Die liefde word die band genoem wat tot volmaakte eenheid saambind (Kol.3:14). Elke gelowige moet besef dat eenheid nie 'n versiering van die kerk is nie. Nee, elkeen moet daadwerklik aan die werk spring om die eenheid te handhaaf (De Klerk, 2001:63).

Efesiërs 4:4-16 dien as motivering vir voorgenoemde oproep om die eenheid van die Gees te bewaar. Die eenheid word leerstellig soos volg gemotiveer (Jordaan, 1990:61):

4:4-6 – die eenheid van die kerk is daarin geleë dat God aan al die gelowiges gemeenskaplike gawes gee. Die eenheid van die kerk vloei voort uit die eenheid van die Drie-enige God: Daar is één Gees, één Here en één Vader. Die eenheid berus op God en dit is ook die model van die eenheid van die kerk. Eerstens word die verhouding van die Gees met die kerk bespreek (4:4), daarna kom die verhouding van die kerk met haar Hoof aan die orde (4:5) en ten laaste skryf die apostel oor die verhouding van die kerk tot God (4:6).

Efesiërs 4:7-16 praat van 'n verskeidenheid funksies wat die eenheid dien. Hattingh (1988:8, 9) wys op sy beurt daarop dat Efesiërs 4:7-16 en 1 Kor. 12 :12-31 die ware lewenswyse van die kerk beskryf, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie. Dit behels dat elke gelowige aktief as profeet, priester en koning God moet dien ooreenkomstig die gawes en roeping wat God aan hom/haar gegee het (Ef. 4:7). Efesiërs 4:7-16 handel oor die opbou van die kerk (Floor, 1995:147). Die eenheid, volgens Floor, kan alleen bewaar word as dit gerig is op die opbou van die gemeente.

- 4:7-10 – Die eenheid van die kerk is daarin geleë dat die gelowiges mekaar nodig het. Christus het immers nie dieselfde gawes aan almal gegee nie. Nee, Hy het aan elkeen sy besondere gawe gegee. De Klerk (2001:62) wys verder daarop dat dit in verse 7-12 daaroor gaan dat die Here die boumateriaal gee vir die opbou in die

eenheid met God en met mekaar. Die Here wys self hoe die kerk sy eenheid binne die ruimte wat God tot stand gebring het, moet uitleef.

- 4:11-16 – Die eenheid van die kerk word gedien deur die verskillende ampte wat Christus in sy kerk gegee het. De Klerk (2001:62) beklemtoon dit dat vers 11 op die aard van die gawes wat die Here aan die gelowiges gee, wys, naamlik apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Al hierdie gawes het met onderrig te make. Die gelowiges het nou elkeen gawes en ook besondere persone om hulle te help om die gawes reg aan te wend. In vers 12 vind ons die doel waarmee die Here die gawes aan die gelowiges gee, naamlik om hulle toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente in die eenheid op te bou. Toerus beteken dus dat die gelowiges deur vertroosting of onderrig gehelp word om weer hulle gawes tot nut van die liggaam te kan gebruik. Verse 13-16 gaan oor die positiewe visie en proses om mekaar in die eenheid op te bou. Dit is 'n opbou tot volwassenheid en voortgesette groei. 'n Geestelik volgroeide kerk sal volmaak wees in sy oordeel en optrede, want dit word volledig deur Christus beheer.

- 4:16 – Dit eindig met die beeld van die kerk as liggaam.

Efesiërs 4:15, 16 beklemtoon dat Jesus Christus die Hoof is en deur sy Woord en Gees sy Kerk regeer en aan hulle ware lewe gee (Hattingh, 1988:5-13), maar ook dat Hy die lewensbron van die kerk is: "Hy is die bron en uit Hom groei die hele liggaam." Hy vergader nie alleen die kerk deur Sy Woord en Gees nie, maar vervul dit ook.

Gelowiges groei in liefde in die waarheid (Efes. 4:15) tot 'n eenheid. Stott (2003:146,147) bevestig dit as hy daarop wys dat dit die rede is waarom Paulus nou 'n beroep op die gelowiges doen om voluit as nuwe geheiligde mense te leef; waardig ooreenkomstig die roeping wat God hulle gestel het.

Die Hoof regeer die liggaam op so 'n wyse dat Hy die groei van die liggaam, naamlik die opbou van die kerk, bepaal. Elke lidmaat het die

ander se ondersteuning nodig om te groei. Die Heilige Gees is in die liggaam en in elke lid werksaam en begelei die funksie van elke lid van die kerk deur middel van die dienste van predikant, ouderling en diaken. Dit geskied binne die atmosfeer van liefde (4:2 en 16) wat beteken dat elkeen hom/haar opoffer vir God en die ander gelowiges.

**E. Samevatting**

Efesiërs 4:1-16 openbaar dat Christus die ware lewensbron van die kerk is. "Hy is die bron en uit Hom groei die hele liggaam." Die kerk as liggaam bewerk sy eie groei en opbou. Die ware lewensdoel van God met die kerk is dat Hy aan elkeen besondere en verskillende gawes gee om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente in die eenheid tot geestelike volwassenheid op te bou. Elkeen het 'n verantwoordelikheid om sy gawes te benut tot eer van God en tot voordeel van sy naaste.

Hierdie gedeelte uit Efesiërs wys dus op hoe die kerk volgens God se wil funksioneer en beskryf so die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

**F. Basisteoretiese beginsel**

Die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie kom tot volle uiting wanneer elke gelowige sy genadegawes aanwend om die eenheid van die kerk te dien en op te bou binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

### 2.5.1.4 Motivering vir Handelinge 2: 43 - 47 as fokusverse

Hierdie gedeelte beklemtoon die opvallende kenmerke van hierdie eerste Christene/gemeente, naamlik hulle besonder sterk gemeenskapsgevoel. Hulle het as een groot gesin geleef – en dit is ook so: Hulle het almal een en dieselfde Vader! Omdat die band met God so heg was, kon dit nie anders nie: die band tussen gelowiges onderling was innig en opreg. Hierdie gedeelte sluit ten nouste aan by Efesiërs: Die eenheidsband met Christus as Hoof word praktyk wanneer die liefde in 'n gemeenskap as

liggaam van Christus die band tussen gelowiges verstewig. Dit gebeur in hierdie gemeente binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

Hierdie gedeelte word beskou as een van die belangrikste aanwysings van die groei wat plaasvind in 'n gemeenskap van gehoorsames. In hierdie eerste gemeente word Christus se gebod om mekaar lief te hê (Joh. 13:34, 35 en Matt. 22:37) praktyk wanneer die lidmate in geloofsgehoorsaamheid die gemeenskap van die gelowiges beoefen, (Arnold, 1997:27). Die gedeelte gaan verder en beklemtoon ook die verhoudingsaspek waarin gelowiges as 'n gemeenskap met mekaar saam behoort te lewe. Hy beskryf die kerk as die woning van die Heilige Gees. In die kerk waarin die Gees van God woon, leef mense in liefde saam, leer hulle mekaar al beter ken en gaan hul harte vir mekaar oop, (De Klerk, 1987:18,44).

Hierdie gedeelte beskryf ook die kerk as teologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap (Burger, 1991:27). Die kerk is op Pinksterdag deur die Heilige Gees geskep (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27; vraag en antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus). Daar word selfs in Matteus 22 van die kerk gepraat as die gelowige se moeder, en die noodsaaklikheid om haar (die kerk) te leer ken, word beklemtoon (Calvyn, 1559/1992:1271).

#### 2.5.1.4.1 Eksegese van Handelinge 2: 43 – 47

#### A. Agtergrond

Die boek Handelinge word beskryf as die tweede boek uit die pen van Lukas wat hy rig aan Teofilus (Luk. 1:3), 'n gesiene Romeinse amptenaar wat kort voor die skrywe van die Evangelie volgens Lukas tot bekering gekom het (MacArthur, 1997:1630).

Die boek Handelinge het aanvanklik geen naam gehad nie totdat die Griekse manuskripte dit "Handelinge" genoem het, naamlik die Handelinge van die Apostels. "Handelinge" (πράξεις) is dikwels gebruik om die prestasies van belangrike mense te bespreek byvoorbeeld Petrus (hfst. 1 - 12) en Paulus (hfst. 13 - 28). Die Boek Handelinge kon net sowel die

Handelinge van die Heilige Gees in en deur die Apostels genoem gewees het. Hierdie boek dek 'n periode van ongeveer 30 jaar en is waarskynlik tussen 66 en 68 n.C. geskryf. Lukas beskryf hier die gebeure in sy eie gemeente wat in die jare onmiddellik na Jesus se opstanding en hemelvaart plaasgevind het (Joubert, 1999:1373). Dit was in daardie tyd nie maklik om 'n Christen te wees nie. Die Romeinse owerheid, so ook die Jode, het toenemend vyandigheid teenoor die Christene openbaar. Die tempel het in 70 n.C. geval en die Jode was met hul eie probleme besig. Die eerste geloofskeuse sou sekerlik te make gehad het met die vraag of Jesus die Messias is. Die groot fokusverskuiwing by Paulus (in teenstelling met Petrus) is dat hy die boodskap nie net tot die Jode beperk het nie, maar dit ook aan die heidene verkondig het.

Die boek Handelinge vorm 'n belangrike skakel tussen die Evangelies en die Briewe van Paulus. Duidelik kan gesien word hoedat die bediening van Jesus Christus deur die apostels voortgesit word (MacArthur, 1997:1631). Handelinge voorsien die historiese raamwerk waarbinne die meeste van die Briewe geskrywe is. Handelinge en die Briewe vorm saam die vroegste bron vir die geskiedenis van die vroeë kerk. Uit die besondere rol wat die Heilige Gees daarin speel, is dit duidelik dat die skrywer die ontstaan en groei van die kerk uitsluitlik as die werk van die Heilige Gees sien. Die doel van die boek Handelinge is om aan te toon dat die geskiedenis van die kerk onder beheer van God staan. Dit is Christus wat aan sy apostels sy opdrag gee (1:8), hulle toerus vir hulle taak, hulle verder bewaar en begelei op die pad waarop Hy hulle stuur.

Die besondere betekenis van Handelinge is ook daarin geleë dat dit 'n algemene indruk van die eerste gemeente gee, van die besondere lewensgehalte van die gelowiges en hulle dinamiese optrede na buite. Die boek Handelinge lê klem op die eenheid wat in die eerste gemeente geheers het, op die bereidheid van gelowiges om hulle ten volle met die behoeftes van hulle geloofsgenote te vereenselwig, asook op die blydskap wat hulle lewens gekenmerk het. Die beeld wat die eerste gemeente uitstraal, is een waarin gelowiges God met volle oorgawe gedien het, besiel

was met liefde vir mekaar, en hulle met blydskap aan die taak van hulle getuienis in hierdie wêreld gewy het.

Die boek Handelinge het ten doel om verslag te lewer oor die geboorte en groei van die Christelike kerk ten spyte van teenslae en verwerping. Venter (1986:69) stel die doel van Handelinge as om die voortgesette dade en woorde van Jesus in die woorde en dade van die kerk uiteen te sit.

**B. Struktuur van Handelinge en die plek van Handelinge 2 in die brief** (MacArthur, 1997:1631)

**PETRUS SE BEDIENING (1:1 – 12:25)**

Inleiding (1:1-8)

1. Die getuienis aangaande die gebeure in Jerusalem (1:9 – 8:3)

A. Die voortgang van die kerk (1:9 – 26)

**B. Die stigting van 'n kerk (2:1 – 47)**

- **Die uitstorting van die Heilige Gees en (2:1 – 13)**
- **Petrus se Pinksterpreek (2:14 – 36)**
- **Die eerste gevolge van die uitstorting van die Heilige Gees 2:37 – 47)**
- **Die stigting van die eerste gemeente (2:43 – 47)**

C. Die groei van die kerk (3:1 – 8:3)

- Apostels: prediking, genesing en vervolging (3:1 – 5:42)
- Diakens: gebede, lering en vervolging (6:1 – 8:3)

1. Die getuienis in Judea en Samaria (8:4 – 12:25)

A. Die verkondiging van die evangelie aan die Samaritane (8:4 – 25)

B. Die bekering van 'n nie-Jood (heiden) (8:26 – 40)

C. Die bekering van Saulus (9:1 – 31)

D. Die verkondiging van die evangelie aan Judea (9:32 – 43)

E. Die verkondiging van die evangelie aan die nie-Jode (10:1 – 11:30)

F. Die vervolging deur Herodes (12:1 – 25)

**PAULUS SE BEDIENING:**

3. Getuienis tot aan die einde van die wêreld (13:1 – 28:31)

A. Paulus se eerste sendingsreis (13:1 – 14:28)

B. Die stadsraad van Jerusalem (15:1 – 35)

C. Paulus se tweede sendingreis (15:36 – 18:22)

D. Paulus se derde sendingreis (18:23 – 21:16)

E. Paulus se Jerusalem en Caesaria verhore (21:17 – 26:32)

F. Paulus se reis na Rome (27:1 – 28:31)

**C. Tweërlei reaksie op die stigting van die eerste gemeente (2:43 - 47)**

1. Die eerste reaksie was dié van die buitestanders en gelowiges wat

a. met groot ontsag en eerbied vervul is deur alles wat gebeur het (vgl. Matt. 9:8; Luk. 5:26; 7:16; Hand. 5:5,11; 19:17:v. 43): "Die apostels het baie tekens en wonders gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul."

b. Positiewe houding en toename in getalle: v. 47 dui op die buitestanders se verdere reaksie: "...en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg".

2. Die tweede reaksie was dié van die gelowiges:

   a. Vs. 44 en 45: "Al die gelowiges was **eensgesind** en het alles met mekaar gedeel (**gemeenskaplike besit**). Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte (**onderlinge versorging**)."

   b. Vs. 46: "Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, ..." **Alles is gemeenskaplik saam gedoen (koinonia)** (Oostenbrink, 1996:75).

## D. Detaileksegese van Handelinge 2

**Die ontstaan van die kerk ... 'n skepping van God.**

Daar is twee belangrike redes om te glo dat die kerk na die bediening van Christus op aarde ontstaan het: Die eerste rede vind 'n mens in die woorde van Jesus (Matteus 16:18) naamlik dat Hy Sy kerk sal bou. Die toekomende tyd waarin Jesus praat, dui daarop dat daar nog nie 'n kerk was nie. Die tweede rede is dat die doop van die Heilige Gees (1 Korintiërs 12:13) nie ingestel is voor Handelinge 2 nie. Dit was na Handelinge 2 dat die Heilige Gees sy werk begin het en gelowiges gedoop is. Die dissipels is ook op daardie dag vervul met die Heilige Gees en het so krag ontvang soos Christus aan hulle belowe het (Handelinge1:8). Op daardie dag het die kerk sy ontstaan gehad (Rugh, 1999:1).

Dié kerk bestaan uit mense – gewone mense, volgelinge van Jesus Christus, en in die lig hiervan mense wat in Christus nuutgemaak is. Die nuwe lewe in Christus word deur sy gemeente voortgedra en uitgedra. God het Hom in die Ou Testament aan die gelowiges, Abraham, Isak en Jakob, geopenbaar as die Verbondsgod om dan in Handelinge 2 die ou orde te verbreek en 'n gemeente tot stand te bring (Louw, 1998:149).

Die kerk is dus die skepping van God. Daaraan hoef niemand te twyfel nie. Verskeie teoloë bevestig dit, naamlik Van Genderen en Velema (1992:631), Venter (1996:30-34), De Bruyn (1997) en Van der Walt (1999:54) as laasgenoemde sê: "Die ware geheim van die kerk se identiteit is haar band of verhouding tot God."

Uit Handelinge 2:41 is dit duidelik dat nie alle hoorders tot geloof gekom het nie. Alleen die wat die Woord met blydskap aangeneem het, is gedoop. Eers daarna is hulle by die gemeente gevoeg. Terwyl Capoccia (2001:7) dit beklemtoon dat die Here die hoorders wat tot geloof gekom het en gedoop is, tot 'n gemeente of 'n kerk gevorm het, stel Oostenbrink en Lotter (1999:15) dit op hulle beurt dat die bekeerdes (lidmate) deel geword het van die gemeenskap van die heiliges wat deur geloof as lewende lede in die liefdesgemeenskap van 'n lewende gemeente gevoeg is.

Handelinge 2:42 en daaropvolgende verse beskryf die geestelike toestand of wesenseienskappe van die nuwe gemeente. Duidelik kan gesien word dat die Heilige Gees die jong gemeente gelei het, daarom is lidmate toegevoeg tot die gemeente toegevoeg. "Note that. What is a Holy Spirit church? Well, it is a church baptized into his power, and this will be known first by its being devoted." (Capoccia, 2001:7.) Die gemeente was geseënd omdat hulle Christus gevolg het en in Hom volhard het (Math.13:23; 16:24; Luk. 21:19). Capoccia wys daarop dat hulle in vier dinge volhard het, terwyl Oostenbrink (1996:17-20) dit die wesenskenmerke noem waarvan die eerste gemeente 'n voorbeeld was:

1. Hulle het volhard in die leer van die apostels, wat beteken dat hulle na die onderrig van die apostels geluister het en daarvolgens gelewe het (Math. 28:20; Hand. 5:25-28).
2. Hulle het verder volhard in die gemeenskap, d.w.s. hulle het die onderlinge broederlike liefde beoefen (Joh. 13:34, 35).
3. Hulle het volhard in die breking van die brood, wat dui op die breking van die brood by die nagmaal (Hand. 20:7 en 11).
4. Hulle het volhard in gebed. Hier moet gedink word aan die vaste tye vir gebed wat hulle as Jode gehou het (3:1) (Capoccia, 2000:7).

MacArthur (1994:84) druk hom oor hierdie wesenseienskap van die eerste gemeente soos volg uit: "Fellowship is the spiritual duty of believers to stimulate each other to holiness and faithfulness. It is most specifically expressed through the 'one anothers' of the New Testament. Those who receive Jesus Christ become partners with Him and with all other believers. That fellowship is permanent, because our shared eternal life is forever."

Daar word na Hand. 2:42 - 47 verwys "as the first Christian fellowship" (MacArthur, 1994:79), terwyl Capoccia (2001:7) dit verder beklemtoon dat die gemeente 'n eenheid is omdat hulle eensgesind was.

In vs. 44 en 45 staan dat daar onder die gelowiges groot eensgesindheid en onderlinge begrip vir mekaar se behoeftes was. Daarom het hulle alles met mekaar gedeel. Vs. 46 gee 'n aanduiding van hoe dit met die

godsdienstige lewe van die gemeente gegaan het. Die toestand waarna vs. 42 verwys, bly voortbestaan, en die gelowiges gaan dag na dag voort om God te dien, en in eensgesindheid en met groot vreugde te lewe. (Dit is binne die ruimte wat God tot stand gebring het – J.M.E.)

Opsommenderwys word drie uitstaande dimensies uitgewys wat dit 'n kenmerkende gemeente maak (MacArthur, 1994:79):

- Die gemeente openbaar in die **eerste plek** in Handelinge 2:42 **geestelike werksaamhede**, naamlik a) 'n veilige kerk; b) 'n Skrif-gefundeerde kerk; c) 'n gemeenskaplike kerk; d) 'n Christus-gesentreerde kerk en e) 'n biddende kerk.
- **In die tweede plek** openbaar die gemeente in Handelinge 2:43-47 'n **geestelike stand,** naamlik 'n gesaghebbende kerk, want in vers 42a staan daar dat hulle tekens gedoen het waardeur almal met ontsag vervul is, terwyl vs. 42b weer wys op die wonderwerke wat plaasgevind het. Vs. 44-46 wys op die mededeelsaamheid van die gelowiges om dit 'n mededeelsame gemeente te maak. Vs. 46b en 47a noem dat hulle 'n vreugdevolle gemeente was.
- **In die derde plek** het die gemeente 'n **geestelike uitwerking** op mense gehad (vs. 47b en c), want die Here het mense tot bekering gebring en die gemeente laat groei. Dit was dus 'n aantreklike, innemende en groeiende gemeente.

Dit is dus vir enige Christen onverskoonbaar om nie meelewend in 'n plaaslike gemeente te wees nie. Hebreërs 10:24-25 stel dit duidelik dat die Bybel nie die Christen se lewe beskou as 'n bestaan wat afsonderlik van ander Christene realiseer nie (MacArthur, 1994:84), maar as dat dit tot die omsien ander en tot liefde en goeie dade aanspoor (Heb. 10:24). Die gemeente is dus die ruimte waarbinne κοινονια primêr beoefen behoort te word.

Johannes 13 beklemtoon dit dat die volgelinge van Jesus aan mekaar verbonde is in een κοινόνιᾳgemeenskap) omdat hulle deel het aan die liefde van Jesus en bondgenote is in diens van die Here. Daardie

gebondenheid moet tot uiting kom in die onderlinge liefde waarvan Jesus by die voetwassing 'n voorbeeld gestel het. Hulle liefde behoort ook van dieselfde gehalte te wees as dié waarmee Jesus hulle liefgehad het. Dit gaan hier om die hoedanigheid van die liefde: Die liefde wat bereid is om selfs die lewe af te lê vir die broer in die Here (vgl. Joh. 3:16 en Hand. 2:42-47) (Hendriksen, 1964:254). Daardie onderlinge liefde moet die lewe van die dissipels en dié van elke gelowige kenmerk. Die woord wat hier in vs. 34 vir liefde gebruik word, is "ἀγάπη", liefde vir alle mense. Dan sal die wêreld dit sien en weet dat "julle dissipels van My is". Die liefde sal die kenmerk wees van mense wat 'n bepaalde Leier, Jesus, aanhang en in sy diens staan. Hand. 2:42-47 is 'n voorbeeld hiervan: In die onderlinge geloofsgemeenskap word die liefde vir mekaar prakties uitgebeeld in die onderlinge eenheid, vrygewigheid en blydskap wat in die eerste gemeente geheers het. In Ef. 4:2 en 32 gaan die liefde daadwerklik in vervulling wanneer hulle mekaar verdra, mekaar goedgesind en vergewensgesind teenoor mekaar optree. In die onderlinge liefde kom in die volgende verse duidelik na vore: "Mekaar se laste te dra" (Gal 6:2); in "dien mekaar" (Gal. 5:13); in "aanvaar mekaar" (Rom. 15:7); in "bemoedig mekaar" (1 Tess. 4:18); in "eensgesind met mekaar" (Rom. 12:16).

Die nuwe gebod is volgens Beasley-Murray (1999:247) nie alleen 'n opdrag vir 'n nuwe tydperk in die gelowiges se lewe nie, maar 'n opdrag vir 'n heel nuwe lewe (Joh. 13): 'n lewe wat in Christus gewortel is en waarin die liefde tot God en die liefde tot mekaar die sentrale deel uitmaak. Calvyn (1970:608-609), Morris (1973:629-633) en Groenewald (1980:301-304) is dit met mekaar eens dat die Heilige Gees die nuwe lewe in die gelowiges se onderlinge verhouding met mekaar, maar ook in hul verhouding met God die Vader bewerk en dat dit sal groei tot liefde vir alle mense.

### E. Samevatting

Handelinge 2:43-47 beskryf die liefdevolle gehoorsaamheid waarin die apostels hulle roeping uitgeleef het binne die ruimte van 'n gemeente wat God tot stand gebring het en waarvan hulle self ook lidmate was. Onder die gelowiges was daar groot eensgesindheid, en hulle het in intieme

gemeenskap met mekaar en boweal met God hul Vader geleef deur mededeelsaam te wees en saam in die tempel te aanbid. Daarby het hulle mekaar toegerus en mekaar help vorm deurdat hulle in mekaar se huise geleer het en saam geëet en God geprys het. Hierdie manier van optrede, om jou roeping in die gemeente so uit te leef, het die gelowiges in guns laat toeneem by die volk, veral toe gesien is dat die Here die gemeente seën en daagliks in lidmatetal laat groei.

**F. Basisteoretiese beginsel**

Die eenheidsband met Christus as Hoof word praktyk wanneer die liefde die band tussen gelowiges verstewig binne die ruimte van 'n gemeenskap wat God as liggaam van Christus tot stand gebring het.

## 2.5.1.5 Motivering van 1 Korintiërs 12:1 - 31

Hierdie gedeelte beklemtoon hoedat die gemeenskap van gelowiges elkeen met sy eie gawes binne die liggaam van Christus as ruimte wat God tot stand gebring het, behoort te funksioneer.

In hierdie gedeelte wys Paulus daarop dat bediening alleenlik plaasvind wanneer gelowiges wat saam die gemeente vorm hul geestesgawes wat hulle van God ontvang het, binne hierdie ruimte benut. Paulus beskryf dit as die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie.

### 2.5.1.5.1 Eksegese van 1 Korintiërs 12:1 - 31

**A. Agtergrond**

Gedurende sy derde sendingreis het Paulus Efese besoek waar hy twee jaar vertoef het. Tydens hierdie besoek skryf hy die brief aan die Korintiërs. Dit was in die jaar 54 in die tyd net nadat Gallio goewerneur was.

Paulus het Korinte die eerste keer in die jaar 51/52 besoek toe Gallio goewerneur was.

Op sy tweede sendingreis kom Paulus van Athene af alleen in Korinte aan waar hy by Aquila en Priscilla tuis gaan. Hier in Korinte kom Paulus al meer tot die besef dat hy deur die Here geroep is om die evangelie aan die heidene te verkondig. Na sy ondervinding met die Jode in Antiochië in Psidië verklaar hy nadruklik dat hy hom voortaan tot die heidene wend (Hand. 13:46). In 2 Korintiërs 1:14 beskryf Paulus die gemeente van Korinte as dat dit sy roem is.

Uit die brief self kan vasgestel word dat daar drie dinge was wat daartoe aanleiding gegee het dat Paulus die brief aan die Korintiërs geskryf het:

1. Paulus het reeds voorheen 'n brief aan die gemeente gerig waarin hulle hom verkeerd verstaan het. Toe nog ander kwessies opduik waaroor hy met die gemeente wou praat, het hy die misverstand ook opgehaal om dit te help opklaar.
2. Paulus het verneem van die partyskappe en die dreigende skeuring in die gemeente Korinte en omdat dit vir die gemeente groot gevaar ingehou het, het hy geskryf om advies aan hulle te gee.
3. Die jong gemeente moes 'n Christelike leefwyse ontwikkel binne die heidense omgewing waarin hulle geplaas was. Hulle was as Christene elke dag in verbinding met die heidense invloede. Dit het aanleiding gegee tot baie vrae waarop hulle self nie antwoorde gehad het nie. Hulle het in 'n brief aan Paulus om voorligting gevra ten opsigte van sake rakende die huwelikslewe (hfst. 7); die eet van vleis wat aan afgode geoffer is (hfst. 8); die besondere genade-gawes van die Gees (hfst. 11-14); en 'n moontlike besoek van die apostel, asook inligting oor Apollos (hfst. 16:5-12).

Wat die beoefening van die besondere gawes betref, het dit aanleiding gegee tot misverstande in die samekoms van die gemeente. Die vraagstuk moet verstaan word teen die heidense agtergrond en omgewing van die gemeente. Geesdrywery en opsweping van die gees het onder die Grieke voorgekom, veral by sekere godsdienstige feeste. Die gemeente wat uit hierdie tradisie gestam het, het besondere waarde geheg aan besondere uitinge van die Gees. Die gevaar het egter ontstaan dat hulle nie goed

onderskei het tussen heidense geesdrywery en die werking van die Heilige Gees nie. Dit het tot gevolg gehad dat daar wanorde in die gemeente geheers het. Paulus moes hulle breedvoerig hieroor onderrig, en dit doen hy in die eerste brief aan die gemeente van Korinte (Groenewald, 1980:11-16 en MacArthur, 1997:1726-1728).

**B. Struktuur van 1 Korintiërs en die plek van 1 Korintiërs 12:12-31 daarin** (MacArthur, 1997:1728).

1. Inleiding: Die roeping (1:1-9).
2. Partyskappe in die gemeente (1:10-4:21)
A. Die verlange na eenheid (1:10-3:23)
B. Die noodsaaklikheid van diensbaarheid (4:1-21)
3. Sedeloosheid in die kerk (5:1-6:20)
4. Oor vrae deur die gemeente aan die apostel gestel: (7:1-11:1)
A. Die huwelik in die kerk (7:1-40)
B. Vryheid in die kerk (8:1-11:1)
5. Sake rakende die goeie orde in die gemeente (11:2-14:40)
A. Reëls aan mans en vroue in die gemeente (11:2-16)
B. Die gemeenskaplike maaltye (11:17-34)
**C. Geestesgawes (12:1-14, 40)**
- **Een Gees en verskeidenheid van gawes (12:1-11)**
- **Een liggaam met baie lede (12:12-31)**

7. Die hoop van die kerk: Die opstanding van die dode (15:1-58)
8. Slot van die Brief: 'n laaste versoek aan die kerk (16:1-24)
A. Rentmeesterskap (16:1-4)
B. Persoonlike planne en groete (16:5-24).

## C. Detaileksegese van 1 Korintiërs 12:1-31

Klem word gelê op die feit dat Paulus in 1 Korintiërs 12 duidelik wys op hoe gelowiges en veral individue in die plaaslike kerk veronderstel is om te funksioneer, veral as hulle hul geestesgawes wat God hulle gegee het, aanwend (Rugh, 1999:6; Bruce, 1971:117-124). Paulus sluit ten nouste hierby aan as hy in Handelinge 14 'n goeie verduideliking gee van wat

geestesgawes is en hoe gelowiges hul gawes kan beoefen en binne die gemeente as ruimte wat God tot stand gebring het, behoort aan te wend (MacArthur, 2003:1-14). In Handelinge 14 gee Paulus en Barnabas 'n lewende illustrasie hoedat 'n gelowige sy geestesgawes beoefen deur hul bediening en voorbeeld wat hulle elke dag stel.

'n Geestelike gawe is nie 'n natuurlike vermoë nie, dit is nie iets wat jy in jou eie krag kan beoefen nie; dit is 'n kanaal waardeur die Heilige Gees deur jou werk om die liggaam van Christus (die kerk) te bedien. Dit word verder beklemtoon dat gawes tussen gelowiges verdeel is en dat elkeen nie dieselfde gawe ontvang het nie. Alle gawes kom van die Heilige Gees, daarom kan niemand hulle daarop beroem nie (Barrett, 1998:283).

Die Nuwe Testament verstaan onder *gawe* (*charisma*) **drie dinge**:

- Romeine 6:23: "Die genade**gawe** van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." Hier beteken gawe die offerwerk van Christus vir ons. Vergelyk ook Romeine 5 vers 15.
- 1 Timoteus 4 vers 14: "Verwaarloos nie die genade**gawe** wat in jou is nie." Hier beteken gawe die toerusting om in 'n bepaalde amp te staan en dienswerk te verrig.
- 1 Korintiërs 12 vers 1: "En wat die geestelike **gawes** betref ... wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie." Hier beteken gawe die besondere openbaring of kentekens van die werking van die Heilige Gees in die gelowige.

As Paulus die Korintiërs daarop wys dat daar 'n verskeidenheid geestesgawes, bedieninge en van kragtige werkinge in 'n gemeente is, maar dat dit een en dieselfde God is wat alles in almal tot stand bring, wil hy dit eintlik beklemtoon dat daar 'n verskeidenheid en 'n eenheid in die liggaam van Christus teenwoordig is: In vs. 14 tot 18 gebruik Paulus die voorbeeld van 'n fisiese liggaam om die verskeidenheid en eenheid van 'n plaaslike gemeente te illustreer. Hoewel die liggaamsdele verskeie funksies het, is dit een gees wat almal kontroleer en saam laat werk, net so met die liggaam van Christus: Dit is een Gees wat elke lidmaat met sy eie

gawes laat saamwerk in 'n eenheid. Só werk God elke dag om sy werk op aarde te doen, Hy doen dit deur gelowiges wat Hy saamgevoeg het in een gemeente. Só dien hulle die Here in die beoefening van hul gawes wat Hy aan hulle gegee het. Hattingh (1988:8) beskryf dit as die ware lewenswyse van die kerk: die gemeenskap van die gelowiges in aksie.

In vers 7 gaan Paulus nog verder as hy dit beklemtoon dat aan elkeen in die gemeente 'n genadegawe gegee is tot voordeel van almal. Hy beklemtoon dus die **doel** waarmee God geestesgawes aan lidmate in die gemeente van Christus gegee het, naamlik om **die Here voluit (optimaal) te dien**:

**a)** Dit kan hulle alleen doen as hulle volgens 1 Korintiërs 12:7 hul geestesgawes aanwend **tot voordeel van almal** binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

**b)** So moet hulle ook, volgens 1 Korintiërs 14 vers 12, terwyl hulle streef na geestelike gawes, **probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente**.

**c)** In Efesiërs 4 verse 11 en 12 stel Paulus dit weer soos volg: "... Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges **toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus**."

God plaas dus elke gelowige in 'n gemeente met 'n doel om sy deel by te dra met sy eie gawes en talente sodat die liggaam van Christus doeltreffend kan funksioneer. Daar word beklemtoon dat 'n mens duidelik die teenwoordigheid van die Heilige Gees in 'n gemeente en in 'n lidmaat kragtig werksaam kan sien wanneer lidmate hul geestesgawes aanwend tot voordeel van mekaar. **God is daar teenwoordig** (Rugh, 1999:7). Daarom is dit so belangrik dat elke gelowige binne 'n gemeente moet besef dat 'n doeltreffende sending in diens van die Here, byvoorbeeld in 'n gemeente, nie kan begin voordat 'n gelowige eers vasgestel het oor watter gawes hy beskik en dit dan ten volle tot eer van God en tot voordeel van sy medegelowiges binne die ruimte wat God tot stand gebring het, benut nie (MacArthur, 2003:1-14).

In Romeine 12:6 en 8 word die eerste voorbeeld gegee van watter verskeidenheid geestesgawes die Heilige Gees aan gelowiges gee om die kerk of gemeente te bou:

"En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening; in die werk van die bediening; of wie leer, in die werk van die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid."

1 Korintiërs 12:28 en 31 noem die gawes soos volg: "En God het sommige in die gemeente gestel: In die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale." In 1 Korintiërs 14:1 wys Paulus op die hoogste geestesgawe waarna die gelowige behoort te soek: "Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer." Om te profeteer is dus om die wil van God suiwer raak te sien, te vertolk en aan ander deur te gee.

Geestesgawes word dus aan gelowiges gegee om die gemeente van Christus daarmee te dien. Die Here soek die welsyn van Sy eiendom. Elkeen wat 'n gawe ontvang, kry dit ten einde tot diens te wees van die geheel en nie vir persoonlike eer of roem nie. Dit is nie die mens self wat dinge laat gebeur in 'n gemeente nie. Die klem val hier op die Gees wat in die gemeente aan die werk is. Die besit van geestesgawes berus nie op persoonlike verdienste nie, maar word deur die Gees vrymagtig toebedeel, soos Hy wil (vgl. Rom.12:6-8). Die Heilige Gees beoog die welsyn van die gemeente as geheel.

Die Here besluit self watter gawes Hy aan 'n gelowige wil gee en waar Hy hom in 'n gemeente wil aanwend. Daarom kon Paulus in 1 Korintiërs 12:14-18 dit beklemtoon dat 'n liggaam uit meer as een liggaamsdeel bestaan en dat dit alleenlik kan funksioneer wanneer al die dele saamwerk. Eweneens funksioneer die liggaam van Christus – die kerk, die beste as al die lidmate saam optree met die gawes wat God aan hulle gegee het. Dit

is ware bediening, want God weet presies waar elke lidmaat in 'n gemeente inpas en sy roeping kan vervul.

Die lidmaat as individu word toegerus om op 'n wyse wat eie is aan hom alleen, 'n plek in te neem in die lewe van die geheel en 'n diens te verrig tot voordeel van almal binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

1 Korintiërs 12:25 gaan nog 'n stap verder waar daar gepraat word van: "... die lede gelyke sorg dra vir mekaar". Elkeen van die lidmate moet besef dat hulle nodig vir mekaar is omdat God sekere gawes aan hulle geskenk het. "Sorg dra" beteken dat elke gelowige twee dinge sal weet, naamlik wat die nood en behoefte van sy medegelowiges is en wat hy/sy kan doen ter leniging van die nood of behoefte. Gelowiges behoort mekaar dus te leer ken, maar aan die ander kant moet hulle hulleself ook leer ken om te weet watter gawes God aan hulle toebedeel het en hoe hulle dit kan ontwikkel en in diens van die ander gelowiges kan aanwend (Hattingh, 1988:8).

Waar gelowiges vir mekaar sorg dra, behoort hulle te besef wanneer om iemand te troos of aan te moedig of selfs te vermaan. Gelowiges moet dus mekaar en mekaar se behoeftes ken om mekaar te kan help en ondersteuning te kan bied wanneer nodig.

Die gemeente is dus 'n eenheid waarbinne die verskillende genadegawes hulle plek en werking het tot opbou van die geheel. Die gemeente is reeds een in Jesus Christus. Wat wel belangrik is, is dat die gemeente in sy daaglikse lewe die bestaande eenheid tot uitdrukking bring binne die ruimte wat God tot stand gebring het (vgl. Ef. 4:11-16). Dit is volgens Efesiërs 4:15b en 16 **die plan van God vir sy kerk**.

### D. Samevatting

Bewys daarvan dat God in 'n gemeente teenwoordig is, sal duidelik blyk wanneer God se plan ten opsigte van hoe die kerk/gemeente as liggaam van Christus behoort te funksioneer, daarin tot uitdrukking kom deurdat lidmate met 'n verskeidenheid geestesgawes in die ruimte wat God tot

stand gebring het, Hom voluit dien en in liefde en in eenheid saamwerk tot voordeel van almal binne die gemeente, gelei deur die Heilige Gees. Dit is dan ook die plan van God vir Sy kerk: Die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van gelowiges in aksie.

**E. Basisteoretiese beginsel**

Elke gelowige ontvang geestesgawes van God om Hom voluit te dien en sodat die gemeenskap van gelowiges in en deur elke lidmaat in hul verhouding tot mekaar die sterkste na vore kan kom binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

## 2.5.2 Om 'n basisteorie te ontwikkel, is dit baie belangrik om te verstaan wat die volgende skrywers se standpunte is rakende die begrip, kerk

### 2.5.2.1 Kerk

Louw en Nida (1989 ) wys daarop dat die woord "ἐκκλησία" nie 'n blote saamgroepering van mense veronderstel nie, maar 'n korporatiewe eenheid uitdruk waarin interaksie ook tussen lidmate veronderstel word. "The term ἐκκλησία was in common usage for several hundred years before the Christian era and was used to refer to an assembly of persons constituted by well-defined membership."

Hoewel die woord *ἐκκλησία* die werkwoord-vorm van *ἐκκαλέω* (uitroep, na vore roep) is, kan dit nie in terme daarvan gedefinieer word nie. In hierdie verband sê Louw en Nida: "Though some persons have tried to see in the term ἐκκλησία a more or less literal meaning of 'called-out ones', this type of etymologizing is not warranted either by the meaning of ekklesia in NT times or even by its earlier usage." (Greek-English-Lexicon, 1:126).

Möller (1999, c1991) sluit hierby aan en meen die woord *kerk* of *gemeente* is 'n vertaling van die Grieks "*ἐκκλησία*" wat beteken dat dit 'n korporatiewe eenheid en gemeenskap van gelowiges is.

Die term *kerk* skei die kerk van alle ander menslike instansies. Die kerk is die kerk van die Here Jesus Christus, gekoop deur Sy bloed. Geen ander instansie ter wêreld het sy bestaan aan so 'n feit te danke nie.

Die kerk is die geroepenes (Rom. 8:28) deur God saamgeroep vir Sy doel. Dit is nie 'n menslike organisasie nie, ook is dit nie die resultaat van menslike genialiteit of krag nie. Nee, die kerk is deur God geroep tot sy bestaan en dit word deur die hele Nuwe Testament beklemtoon (Rom. 1:6-7; 1 Kor.1:2, 26; Efes. 4:1-4) (MacArthur, 2003:07).

Die hoofdoel van die kerk is dat God deur gelowiges werk om Sy koninkryk uit te bou terwyl hulle hulle weer in gehoorsaamheid aan Sy Woord en Gees onderwerp.

Möller (1999, c1991) beklemtoon dit verder en wys daarop dat verskillende Hebreeuse woorde vir dieselfde begrip gebruik word, byvoorbeeld "האר": 'n bestemde vergadering, en "לאהאק": 'n saamgeroepte of uitgenooide vergadering.

Die Griekse woord "*κυριακός*" kan in hierdie verband genoem word. Dit dui op alles wat aan die Here (Κύριος behoort (bv. die nagmaal van die Here – 1 Kor. 11:20). In hierdie sin kan ons ook van die algemeen bekende woord *kerk* praat, hoewel daar in die Nuwe Testament nie so 'n woord vir gemeente of kerk is wat etimologies van "*κύριος*" afgelei is nie (Möller, 1999, 'n elektroniese weergawe van Hfst. 28).

Volgens **The Consolidated-Webster Encyclopedic Dictionary**, stam vanuit die Griekse "*κυριακόν*" die Oud-Engelse "chirche" (wat in moderne Engels "church" geword het), die Duitse " Κριχηϵen die Hollandse "kerk".(1942:128).

Mack en Swavely (1996:ix) haal die definisie van Webster's New World Dictionary aan wat sê *church* is:

- A building for public worship
- Public worship: a religious service
- A particular sect or denomination of Christians
- Church government, or its power, as opposed to civil government
- The profession of the clergy

- A group of worshippers.

Mack en Swavely (1996:ix) beklemtoon dit dat bogenoemde definisies nie in die Bybel gebruik word vir "kerk" nie, maar dat "(t)he church, according to Scripture, is not a building, a denomination, or an activity – it is a group of people".

#### 2.5.2.2 Die kerk as gemeente en kerk in die algemeen

Daar word op tweërlei wyse na die kerk gekyk: Eerstens is die kerk in lokale verband (die gemeente) verteenwoordigend van die kerk in sy geheel. Dit is waar mense op 'n Bybels-geordende wyse saamkom, waar die evangelie verkondig word, die sakramente bedien word, die Gees van die Here deur mense werksaam is, die bedieninge wat die Here ingestel het, funksioneer, en waar gelowiges hulle onderlinge verbondenheid in Christus uitleef.

Tweedens bestaan die kerk universeel as 'n geheel en is in Christus as sy sigbare liggaam op aarde te sien. Dit dui op al die gemeentes en lidmate in Christus soos hulle oral in die wêreld bestaan (Möller, 1999, c1991).

#### 2.5.2.3 Die kerk as gemeente/gemeenskap van gelowiges

Oor die betekenis van die Grieks κοινωνία, verklaar Louw en Nida soos volg: "an association involving close mutual relations and involvement (1 Jn. 1:3; 1 Cor. 1:9) ... to share one's possessions, with the implication of some kind of joint participation and mutual interest --- 'to share' (Ga. 6:6; 2 Cor. 8:4) ... that which is readily shared --- 'willing gift, ready contribution 'Ro. 15:26" (Louw & Nida, 1989:446, 569).

Hoewel daar nie in die Bybel eksplisiet gesê word dat die kerk die gemeenskap van die gelowiges is nie, lê die hele gedagte van die gemeenskap (Grieks: κοινωνία) die verstaan en die beskrywing van die kerk ten grondslag.

Hierdie koinonia beteken om met iemand iets gemeenskaplik te hê of om in 'n intieme verbintenis met hom te wees of die goeie wat jy het met ander te deel.

Calvyn beklemtoon dit dat die kerk as die liggaam van Christus dui op die vertikale gebondenheid aan Hom. Dit sien allereers op die gemeenskap van gelowiges wat op 'n bepaalde plek vergader om te aanbid en deur 'n eie herder en leraar bedien word, soos bv. die gemeente van Korinte, Galasië, Thessalonika en so meer (1 Kor. 1:2; Gal. 1:2; 1 Thes. 1:1). Vervolgens dui dit ook op al die gelowiges tesame wat op verskillende plekke en tye bestaan (Matt. 16:18). Hy stel dit verder dat d*ie gemeenskap van die heiliges* duidelik daarop wys wat die kerk werklik is, naamlik dat gelowiges in gemeenskap met Christus versamel is om al die seëninge en genadegawes wat hulle van God ontvang het, wedersyds met mekaar te deel as bewys dat hulle deur broederliefde aan mekaar verbind is. De Klerk (1987:18, 44) vat dit saam en beklemtoon: in die kerk waarin die Gees van God woon, leef mense in liefde saam, leer hulle mekaar al beter ken en gaan hul harte oop vir mekaar. Hy beklemtoon die verhoudings-aspek waarin gelowiges as 'n gemeenskap met mekaar saam behoort te lewe. Burger (1991:12) meen op sy beurt dat die kerk uit sy verhouding met God leef. Gelowiges behoort meer bewus te wees van hulle afhanklikheid van God en dat die kerk voor die aangesig van God lewe.

**Samevatting**

Die kerk is 'n vergadering van gelowiges, geroepenes van die Here wat Hy met 'n doel saamgeroep het: Om Hom alleen te dien en eer en om in 'n gemeenskap van gelowiges in liefde saam te werk tot eer van die Here.

Die hoofdoel van die kerk is om 'n ruimte te skep waarbinne God in gelowiges kan werk en Sy koninkryk kan uit bou terwyl elkeen hom in gehoorsaamheid aan Sy Woord en Gees onderwerp.

## 2.5.3 Wie basisteoreties te werk gaan, moet duidelik aandag skenk aan die verskillende beelde wat die Bybel gebruik om die funksionering van die kerk uit te druk

### 2.5.3.1 Die kerk as liggaam van Christus

Vergelyk eksegese van 1 Korintiërs 12:12-31 p. 32 e.v.

**2.5.3.2 Die kerk word ook beskryf as die gebou van God** (1 Kor. 3:9), huis van God (1 Tim. 3:15), die tempel van God (1 Kor. 3:16) en die woning van God (Ef. 2:22) met Christus as fondament.

**2.5.3.3 Die kerk word ook vergelyk met die akker van God.** (1 Kor. 3:9). God berei uit hierdie wêreld sy kerk voor deur die goeie saad van sy Woord wat deur predikers, soos Paulus, in ontvanklike harte gesaai word (Matt. 13:19, 23) en wat deur leraars, soos Apollos, benat word (1 Kor. 3:6). Op dié wyse word gelowiges gekweek wat tot volwassenheid opgroei en geestelike vrug voortbring (Matt. 13:23).

**2.5.3.4 Die kerk word ook** in Johannes10:14-16 en Hebreërs 13:20 **vergelyk met 'n kudde van die Here waarvan Christus die goeie herder is.** Die bediening van ouderlinge word beskryf as herders wat namens die Opperherder, Jesus Christus, sy skape moet oppas (Joh. 21:16, 17) en toesig oor hulle moet hou (1 Pet. 5:1–4) (Möller, 1999, c1991).

### 2.5.3.5 Die kerk as bruid van Christus (Efes. 5:22)

Die liefdesverhouding tussen man en vrou soos dit op aarde geken word, is 'n heenwysing na die eintlike en volkome verhouding, naamlik die tussen Christus en die kerk (Ef. 5:22–32). Christus se bruid, die kerk, is deur Sy liefde gekoop (Openb. 5:9) en hierdie liefde moet deur die mens met wederliefde beantwoord word deur saam met Christus te lewe en te wandel deur sy Gees (Rom. 6:8; Gal. 5:25) (Möller, 1999, c1991).

#### 2.5.3.6 Die kerk as 'n Heilige Volk

In 1 Pet. 2:9, 10 word die volk van God, die kerk, as 'n heilige volk beskryf.

#### 2.5.3.7 Die lote wat in die wingerdstok is

Die Here gebruik die beeld van die wingerdstok met die verskillende lote om die kerk en sy eenheid uit te beeld. (Joh. 15:1–6). Die kerk staan nooit los van Christus nie, maar kom juis uit Christus voort, soos die lote uit die wingerdstok groei. Hierdie beeld spreek dus van die intieme gemeenskap tussen Christus en die gelowiges: Hoe hulle in Hom is en uit Hom lewe en hoe Hy deur sy Gees in elke gelowige werk, soos die lewende sap van die wingerdstok in die lote is. God die Vader word vergelyk met 'n landbouer wat die lote snoei en skoonmaak sodat dit meer vrug kan dra. So is die hemelse Vader ook steeds besig om reinigend en louterend in die lewens van gelowiges te werk sodat hulle beter geestelike vrug kan voortbring.

#### 2.5.3.8 Samevatting

Uit die verskillende beelde van die woord "kerk" word dus afgelei dat dit in die kerk gaan om die eer van God; die uitdra van die Evangelie in die vergadering van gelowiges, soos die saad wat in die akker van God gesaai word.

Die meelewing onder mekaar (koinonia), die beoefening van die gemeenskap van gelowiges, behels die opbou en sorg dra vir mekaar (Hand 2), wat weer dui op die onderlinge liefdesverhouding wat deur God ingestel is en wat 'n afbeelding is van 'n groter en geestelike waarheid in Christus.

Die aanwend van die gawes (1 Kor. 14:23-25), die uitlewing van die onderlinge liefde vir mekaar, is dus 'n uitdrukking daarvan dat Jesus Christus deur Sy Gees in elke gelowige in die gemeente as liggaam van Christus en gebou van God werk, en almal in 'n eenheid saambind, as 'n heilige volk soos die lote aan die wingerdstok.

### 2.5.4 Samevatting

- Christus as die Hoof en lewensbron van die kerk laat sy liggaam as 'n eenheid lewe binne die ruimte wat God tot stand gebring het.
- Die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie kom tot volle uiting wanneer elke gelowige sy genadegawes aanwend om die eenheid van die kerk te dien en op te bou binne die ruimte wat God tot stand gebring het.
- Die eenheidsband met Christus as Hoof word praktyk wanneer die liefde die band tussen gelowiges verstewig binne die ruimte van 'n gemeenskap wat God as liggaam van Christus tot stand gebring het.
- Elke gelowige ontvang geestesgawes van God om Hom voluit te dien en sodat die gemeenskap van gelowiges in en deur elke lidmaat in hul verhouding tot mekaar die sterkste na vore kan kom binne die ruimte wat God tot stand gebring het.
- Die kerk is 'n vergadering van gelowiges, geroepenes van die Here wat Hy met 'n doel saamgeroep het: om Hom alleen te dien en eer en in 'n gemeenskap van gelowiges in liefde saam te werk tot eer van die Here.

### 2.5.5 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op die roeping van lidmate/ gelowiges

#### 2.5.5.1 Inleiding

Roeping maak 'n belangrike deel uit van elke gelowige se lewe op aarde. Skrywer hiervan wil in hierdie studie daarop wys dat elke gelowige 'n verantwoordelikheid het om sy roeping uit te leef binne die gemeente as ruimte wat God tot stand gebring het.

#### 2.5.5.2 Wat is Roeping?

Louw & Nida praat in velde 33.313 van *"κλῆσις"* wat beteken om geroep te wees vir 'n sekere doel of opdrag. As voorbeeld neem hulle Efesiërs 4:1 wat soos volg vertaal moet word: "I ask you then ... live worthy of the

responsibility which God has urgently invited you to accept" or "... live worthy of the task which God has given you to do." (Louw & Nida, 1989:424.)

Roeping kom van die Hebreeuse woord "קארא". Die woord "קארא" word met "roep" of "om geroep te wees" vertaal.

"One of the theologically importent uses of the vb. Qr in the OT is with Yaweh as subj. The meaning then is 'to call someone to be in service of Yaweh'." Hulle stel verder: "When Yaweh calls persons/objects, he proclaims his sovereignty over them, he takes possession of them in order to use them for special service, and he remains the "primary auther" behind their actions. The expression indicates a close relationship between Yaweh and the called person." (cf. THAT2:670) (Van Gemeren, 1997:971-972.)

Childress and Macquarrie (1986:650) beskryf roeping soos volg: "The Authorized Version of the Bible uses: "vocation" only at Eph. 4:1, to translate "κλῆσις". In the other nine places where this Greek word occurs the Authorized Version of the Bible uses "calling".

Volgens Childress and Macquarrie (1986:651) wys "κλῆσις" daarop dat God elke gelowige roep om 'n lid te wees van die gemeenskap van gelowiges en om hul verantwoordelikheid as Christene uit te leef. Dit is 'n oproep om heilig te leef wat niks anders as 'n vereiste vir die Christelike lewe sou wees nie. Paulus beklemtoon in 1 Korintiërs 7:20 die woord "κλῆσις" as die daaglikse werk van die gelowige.

Childress and Macquarrie (1986:651) wys verder daarop dat *The Authorized Version of the Bible* die dubbele gebruik van die woord beklemtoon deur die vers soos volg te vertaal: "Let every man abide in the same calling wherein he was called [i.e. when he became a Christian]".

Roeping kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer.

'n Besondere kenmerk van die roeping van profete is dat hulle deur die Here tot profete geroep is en nie op eie inisiatief opgetree het nie. Hierdie roeping was onweerstaanbaar, soos dié van Jesaja (hfst.6), Jeremia (hfst.1), Esegiël (hfst.1,2), Amos (hfstukke. 3:8) en (Helberg, 1976:11). In die roepingsproses wys Coetzee (1975:13) weer daarop dat God Homself eers aan die mens openbaar op 'n besondere wyse om hom daarna te roep en te stuur. Exodus 3 en Jesaja 6 is hier 'n goeie voorbeeld van, want eers verskyn Hy in 'n brandende doringbos aan Moses om dan daarna vir hom 'n opdrag te gee of Hy verskyn in sy volle majesteit in 'n visioen aan Jesaja en daarna volg sy opdrag.

Roeping beteken die bediening waartoe God jou geroep het (Fil. 3:14; Hand. 13:2) en die leefwyse wat God van 'n gelowige verwag (1 Kor. 7:15, 17; Gal. 5:13; 1 Thes. 4:7) (Möller,1999, c1991 hoofstuk 24).

De Klerk (2001:26 en 27) beklemtoon dit dat dit belangrik is dat elke gelowige moet weet wat sy roeping behels deur te verwys na Efesiërs 1:18a, 'n gebed van Paulus.

Dit is dus die Here wat aan die gelowige die kennis van sy roeping gee. Dit is nie net verstandelike kennis nie, maar 'n kennis van die hart, die setel van die liefde. Hierdie gebed gaan om groei in kennis, om verdieping van ons verhouding met God in Jesus Christus deur die Heilige Gees (De Klerk, 2001:26, 27).

In die lig daarvan dat in die studie meer indringend na roeping gekyk sal word, naamlik na waarom die Here mense roep, waartoe Hy hulle roep en met watter doel Hy hulle roep, verwys die skrywer na wat Efesiërs 4:1-11 sê oor roeping en hoe God iemand eers bekwaam voordat Hy roep. Efesiërs 4:7 wys duidelik daarop dat God nie net roep nie. Hy gee ook genadegawes om die roeping te vervul (vergelyk Handelinge 14 met die bediening van Paulus en Barnabas).

### 2.5.5.3 Vier kenmerke van roeping

Deur Jesaja 6:1-13 eksegeties te ondersoek, sal gepoog word om die vier kenmerke van roeping uit te lig (De Klerk, 2005:3).

Jesaja 6 staan volgens De Klerk bo die omliggende dele uit as 'n reusespits en is van sentrale belang vir die betekenis van die hele boek. In hoofstukke 1-5, en veral hoofstuk 5, word die groot probleem van korrupsie bespreek en die oordeel daaroor. Die volk het in daardie tyd in ernstige politieke nood verkeer weens die dreigende Assiriese gevaar (Lind, 1997:317). Om hierdie historiese situasie onder die loep te neem roep God sy profeet (6:1-8) om 'n spesifieke boodskap aan die volk oor te dra (6:9-13). Die perikoop beweeg van 'n visioen van God (1-4) na die belydenis van sonde (5) na reiniging en versoening (6-7) na 'n verbintenis tot 'n opdrag (8) tot by die uitstuur van Jesaja om 'n spesifieke boodskap te verkondig (9-13) (Webb, 1996:58).

#### 2.5.5.3.1 Verwondering

Jesaja 6:1-4:

Die doel van die visioen is om, volgens De Klerk, 'n aanduiding te gee van Jesaja se onmiddellike en regstreekse belewing van God se heiligheid: "The account reports an activity in the throne room of heaven where the holy God sits, high and elevated in splendor, surrounded by awesome and impressive attendants to the divine presence". Die heiligheid beklemtoon dat die Here van die leërskare met koninklike heersersmag alles regeer; anders as koning Hiskia wat dood is en geen mag meer het nie. Hierdie nadere omskrywing van die Here, naamlik Here van die leërskare, word 62 keer in Jesaja gebruik, wat groot gesag aan die profeet verleen. Die beskrywing van die troon as "hoog en verhewe" sluit aan by Jesaja se begrip van God dat die Here so hoog en verhewe is dat slegs die onderste deel van sy kleed die hele tempel gevul het (De Klerk, 2005:5).

God het nie alleen in heerlikheid en majesteit verskyn nie – Hy was ook omring deur serafs wat deur hulle woorde en optrede gewys het wat die

korrekte reaksie op God se heiligheid is, naamlik verering, diens en lofprysing (Webb, 1996:59) – 'n skynbaar eindelose verheerliking van die koor van serafs (die herhaling van "heilig, heilig, heilig").

In hierdie visioen is die heiligheid van die Here 'n dinamiese werklikheid wat voorop staan: Die Here verskyn aan Jesaja in soveel heiligheid as wat die profeet kan verduur en daarom praat hy in metafore van 'n troon, 'n kleed en 'n tempel (Calvin, 1958:300). Die lied van die serafs begin met heiligheid (heilig, heilig, heilig) en eindig met heerlikheid ("die hele aarde is vol van sy heerlikheid). Die serafs is diep geroer deur sy heerlikheid en dit beweeg ook die aarde om die volheid van sy heerlikheid uit te straal.

God sal in die eindtyd deur hemel en aarde besing word deur dieselfde woorde van die serafs: "Heilig, heilig, heilig" (Openbaring 4:8).

Samevatting: Die eerste deel van die visioen beskryf God se heiligheid en heerlikheid so dat dit by almal wat betrokke was, groot verwondering gewek het. Hierdie verwondering kan beskryf word as ontsag, eerbied, aangegryp wees deur God se heiligheid en heerlikheid en dat dit moes oorgaan in lofprysing.

#### 2.5.5.3.2 Verootmoediging

Die openbaring van God se heiligheid en heerlikheid vervul Jesaja met ontsetting en vrees by die gedagte aan sy eie en die volk se sonde (Brueggemann, 1991:59). Daarom roep hy uit: "Wee my, ek is verlore." Hy verwag onmiddellike vernietiging (Calvin, 1958:207). Jesaja besef dat hy nie in die lofprysing van die serafs kan deel nie, omdat hy en sy volk onrein van lippe is, terwyl die serafs rein van lippe is.

Net soos die woorde saambondel om die heiligheid van die Here te beskryf, so hoop die terme op om sy verootmoediging te beskryf: wee, verlore, onrein (Calvin, 1958:207). Dit is God se heiligheid wat die ware toestand van die profeet uitwys en nie 'n vergelyking met ander persone nie.

Samevatting: Verootmoediging volg op die belewing van en insig in God se heerlikheid en dat, as verootmoediging ontbreek, daar heel waarskynlik 'n gebrek aan verwondering aan God is (De Klerk, 2005:7).

**2.5.5.3.3 Versoening**

Jesaja word bewus gemaak daarvan dat hy net uit genade gekies is vir diens aan God, ten spyte van sy onrein hart en lippe. Hoewel God kan vernietig, het Hy ook prosedures en bepalings om die onreinheid te kan verwyder (Brueggemann, 1991:59). Jesaja bevestig dit as hy in hoofstuk 6 verse 6 en 7 stel dat een van die serafs 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af geneem het en na hom toe gevlieg het en sy mond aangeraak het met die kool en gesê: "Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen." Die aanraak met die gloeiende kool het 'n volledig reinigende effek en word beskryf as "oortredinge vergewe, sonde versoen" (Gowan, 1991:174). Hierdie handeling van versoening vervul dieselfde funksie as die sakramente en word met die woorde "vergewing" en "versoening" buite die magiese geplaas, want dit is God self wat versoening bring. Omdat die versoening nie net binne die raamwerk van die gesproke woord geskied nie, maar ook binne 'n sakramentele handeling, word die profeet verseker van die goddelike krag in hierdie optrede van God. So verkry die profeet, as menslike instrument, 'n wettige plek in die heerlike teenwoordigheid van God (Webb, 1997:60).

Samevatting: Versoening vloei dus voort uit God se genadige handelinge en staan in 'n besonder noueverband met die verwondering aan God se heiligheid en die mens se verootmoediging voor God (De Klerk, 2005:8).

**2.5.5.3.4 Verbintenis**

Die rede waarom God in soveel majesteit aan Jesaja verskyn het, was om hom by hernuwing as profeet in te stel (Calvin, 1958:212). Jesaja is nie vir sy eie genieting in die heilige teenwoordigheid van God geplaas nie. Nee, God het 'n boodskapper nodig om vanuit Sy raadskamer Sy skepping en die geskiedenis te bestuur (Brueggemann, 1991:60). God self kom aan die

woord as Hy vra: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Die Here vra 'n vraag eerder as om 'n opdrag te gee, want Hy wil 'n geleentheid bied vir 'n vrywillige verbintenis tot diens aan God, niemand mag gedwing word nie. Jesaja as gereinigde en versoende mens is onmiddellik bereid om volgens God se raadsplan te begin werk, en antwoord dadelik: "Hier is ek! Stuur my!" Dit is vir hom 'n roeping en 'n daad van gehoorsaamheid waartoe hy hom verbind (Calvin, 1958:214). Wildberger (1991:270) beskryf dit so: "After Isaiah has been 'atoned', he can become a tool for Yahweh, one who announces and carries out his will; out of visio proceeds missio." Wat Jesaja sien en hoor en ervaar, vuur hom aan tot heilige geesdrif vir die werk van God. Daarom verbind hy hom tot diens (De Klerk, 2005:9).

Die inhoud van sy boodskap dui volgens De Klerk (2005:9) aan waarom "lippe" en "mond" in verse 5-7 so prominent was: Die boodskapper moet God se mondstuk wees.

Samevatting: Verbintenis vloei voort uit verwondering, verootmoediging en versoening.

### 2.5.5.4 'n Voorbeeld uit die Ou Testament

In die Ou Testament kom heelwat voorbeelde voor van gelowiges wat deur God geroep is en aan wie Hy bepaalde opdragte gegee het. As voorbeeld word Moses genoem:

#### 2.5.5.4.1 Die roeping van Moses (Exodus 3)

Met die roeping van Moses openbaar God Hom eerstens in die brandende doringbos as die Vader van Abraham, Isak en Jakob, daarna volg die opdrag in vers 10: "Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Farao kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit."

Die lewe van Moses wys baie duidelik dat die Here Moses reeds van geboorte af vir sy roeping voorberei het, want Moses was 'n gelowige man (Ex. 2:11; Hand. 7:19-34; Heb. 11:23-28). Sy ouers het hom in die

waarheid onderrig en hom sodoende geleer om in God te glo (Exodus 2:2, 3; Hebreërs 11:23).

Toe hy deur God geroep is om gelyktydig 'n leier en verlosser van sy volk te wees (Exodus 3:10; Hand. 7:34 en 35) was Moses gewillig om te gaan en het dadelik in gehoorsaamheid aan God voorbereidings begin tref om Midian, sy gesin en familie te verlaat en na Egipte te vertrek (Exodus 4:18-29 en 8:2). Verbintenis vloei hier voort uit verwondering, verootmoediging en versoening.

God het hom in Egipte geseën met groot genade en gesag aan hom verleen om voor Farao te praat (Exodus 3:10); so ook om voor sy volk op te tree (Exodus 3:16). In Numeri 12:3 word Moses soos volg beskryf: "Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde."

Moses was 'n getroue man:

1. Hy was getrou as profeet en het God se Woord verkondig:
    - aan die volk (Exodus 4:29-31);
    - aan Farao (Exodus 5-12);
    - aan die mense in die woestyn (Exodus 7:38); en
    - Hy het God se Woord vir die mense neergeskryf (Deuteronomium 31:9). Dit was die eerste vyf boeke van die Bybel, die Pentateug.
2. Hy was getrou as 'n verlosser:
    - Hy het hulle verlos uit Egipte.
    - Hy het hulle deur die Rooisee gelei.
    - Hy het die Amalekiete verslaan.
3. Hy was getrou as 'n leier (Handelinge 7:35):
    - Hy doen wonders en tekens (Handelinge 7:36).
    - Hy lei die volk.

Moses was altyd bewus van sy verantwoordelikheid teenoor God om sy roeping te vervul (Capoccia, 2001, part 5:1-8).

**Samevatting**

Uit die lewe van Moses blyk dit duidelik: as die Here iemand roep, rus Hy hom ook toe vir die taak. Hy maak hom bekwaam om die roeping te vervul. As ware leier stel Moses sy vertroue in die Here en volg Hom in gehoorsaamheid. Verbintenis vloei voort uit verwondering, verootmoediging en versoening.

#### 2.5.5.5 Samevatting

Roeping kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer. Dit is dus belangrik dat elke gelowige moet weet wat sy roeping behels en dat dit die Here is wat aan die gelowige die kennis van sy roeping gee. Dit is nie net verstandelike kennis nie, maar 'n kennis van die hart, die setel van die liefde. As die Here iemand roep, rus Hy hom ook toe vir die taak.

Verbintenis vloei voort uit verwondering, verootmoediging en versoening.

Roeping maak 'n belangrike deel uit van elke gelowige se lewe op aarde. Skrywer hiervan wil in hierdie studie daarop wys dat elke gelowige 'n verantwoordelikheid het om sy roeping binne die gemeente as ruimte wat God tot stand gebring het, te vervul.

### 2.5.6 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op toerus van lidmate

#### 2.5.6.1 Inleiding

Skrywer hiervan se ondersoek rakende die noodsaaklikheid om lidmate en gemeentes toe te rus word veral deur Du Toit (1977:91) beklemtoon as hy wys op die noodsaaklikheid van die toerus van gemeentes, veral wat die leiers betref. Du Toit stel dit baie duidelik dat hy vrees dat die Gereformeerde gemeente "onmondig" blyk te wees, 'n "ecclesia audiens, 'n kerk wat net moet luister en ewig moet swyg". As die amp van die gelowige nie opgewek word nie, waarsku Du Toit, sal die onmondigheid van die lidmaat en die leerstellige verval uiteindelik ook deurdring tot in die

geledere van die ouderlinge en predikante sodat 'n "paar invloedryke kerkmanne en hoogleraars" die "monopolie van die belydenis in hul besit" sal kry (Du Toit, 1977:92).

Een van die ernstigste probleme wat die kerk tans ervaar, is die feit dat gelowiges nie toegerus is vir hulle roepingswerk as lede van die liggaam van Christus nie. Sommige lidmate word tot besondere dienste geroep, andere weer word geroep om in die amp van gelowige diensbaar te wees, maar nie een is toegerus om die dienswerk te verrig nie (Erasmus & De Klerk, 1999:491).

Skrywer hiervan meen dat as ampsdraers nie oor die vermoë beskik om lidmate toe te rus nie, daar van 'n Bybelse beradingsentrum gebruik gemaak kan word om lidmate, maar veral ook ampsdraers, toe te rus.

Die kerk word opgeroep om nie alleen die eenheid te handhaaf (Ef. 4:1-6:24) nie, maar dit ook teenoor mekaar uit te leef en in harmonie met mekaar saam te lewe en te werk soos nuwe mense onder beheer van die Heilige Gees lewe (De Klerk, 2001:2).

### 2.5.6.2 Wat is toerusting?

#### 2.5.6.2.1 Wat is die Bybelse konsep toerusting?

Aanverwante sleutelbegrippe: Leer, onderrig en toerus.

Erasmus en De Klerk (1999:493) ondersoek Efesiërs 4:12 om die betekenis van toerus te bepaal en doen daarom 'n semantiese woordstudie om meer duidelikheid daaroor te kry. Hulle kyk ook semanties na watter begrippe gebruik word om leer en onderrig aan te dui en wat dit beteken.

**Leer**

Terwyl Erasmus en De Klerk (1999:494) sterk fokus op leer as 'n proses wat die besondere dienswerker ondergaan om in staat te wees om dit waarvoor hy geroep is, suksesvol te kan uitvoer, beskryf Louw en Nida (1988, 1:325-334) dat leer 'n proses is waardeur kennis wat voorheen

onbekend was, ingesamel word (27.1-4). Inligting kan eerstens verkry word deur vrae te stel (27.11) en tweedens deur persoonlike ervaring (27.14).

Erasmus en De Klerk wys op verskillende maniere wat in die Bybel voorkom waarop kennis aangeleer is, bv. in formele onderrigsituasies (Saulus aan die voete van Gamaliël – Hand.22:3) en informele onderrig-situasies (Ouers wat die opdrag kry om die wet van die Here voortdurend by hulle kinders in te skerp – Deut. 6:7).

Leer kan saamgevat word as die "spalk" wat gebruik word om die ouderling tot regte funksionering te bring en kan talle verskillende vorme aanneem, waaronder formele en informele kennisverwerwing (Erasmus & De Klerk, 1999:494).

**Onderrig**

Louw en Nida (1989, 1:413-416) plaas onderrig onder die hoofdomein van kommunikasie. Woorde wat in hierdie verband gebruik kan word, kom voor in die velde 33.224 tot 33.250.

Om mense toe te rus is om hulle te onderrig. Onderrig vind plaas in 'n formele of informele opset (33.224) en kan gesistematiseer word (33.225). Die doel van onderrig is om behoorlike gewoontes en wyses van optrede aan te leer (33.226, 33.231, 33.242); so ook om instruksies te gee van wat om te doen (33.230), korrekte gedrag aan te leer en godsdiens reg te beoefen (33.231), maar ook om die begeleiding op die weg van en in die versameling van kennis moet wees sodat die een wat toegerus word, vas kan staan in die waarheid (Firet, 1982:72-78).

In veld 33.232 word die pragtige idioom behandel wat beskryf hoe die persoon wat aan die voete van sy leermeester onderrig word, sit, terwyl die leermeester breedvoerige onderwysing verskaf. Hierdie voorbeeld van die leermeester speel die belangrikste rol in die toerus van die leerling (vgl. Shawchuck & Heuser, 1993:78; 1 Pet 5:3). Die leerling sien in die leermeester se optrede 'n rol waarmee hy hom kan identifiseer. Die

leermeester moet dus daarvan bewus wees dat sy woorde wek maar sy voorbeelde strek. Dit wat hý doen, gaan sy leerling ook doen.

Wat dus duidelik na vore kom, is dat die persoon wat die onderrig behartig 'n grondige kennis moet hê van dit wat hy onderrig en hierdie kennis moet kan oordra. Die toeruster moet 'n spesialis wees op die gebied waarin hy toerus en 'n navolgenswaardige voorbeeld kan stel (33.243 tot 33.249).

**Toerus (καταρτίζω)**

Καταρτίζω soos dit in Efesiërs 4:12 gebruik word en met "toe te rus" vertaal is, omskryf wat die besondere dienswerkers moet doen. Die woordjie "toerus" kom uit die militêre of sportlewe en beteken afrig, oefen om doeltreffend te wees. Dit kan volgens De Klerk, (2001:69) ook uit die mediese beroep kom: Hy neem as voorbeeld 'n gebreekte been wat gespalk moet word om dit weer bruikbaar te maak vir die liggaam en dit in harmonie te bring met ander ledemate, net so moet die gelowige deur toerusting gebring word tot diensbaarheid in die liggaam van Christus. Dit is om dit wat uit lid was weer in lid te kry, bv. 'n lou lidmaat (De klerk, 2001:69).

Vir Roberts (1990:120) beteken καταρτίζω. bekwaammaking of opleiding. Die lede van die kerk moet bekwaam gemaak word sodat hulle hul diens kan verrig (Erasmus & De Klerk, 1999:493, 494).

Kruger (2005:528) stel dit dat toerusting 'n sentrale funksie binne die spektrum van kerklike aktiwiteite is. Hy wys eerstens op die aspek van toerusting as 'n wordingsproses en onderstreep die prosesmatige progressie in toerusting.

Die **werkwoord** καταρτίζωgee uitdrukking aan twee betekenisaksente:

<u>Die eerste aksent</u> dui op die ideale eienskappe, ingesteldheid of aard wat met 'n gelowige geassosieer word:

- Geestelike vaardigheid

In Heb. 13:21 word 'n vaardigheid om as Christen te kan funksioneer beskryf: "Mag die God van vrede... julle **volmaak** (Aor. Inf.) in elke goeie werk" (1933-vertaling van Heb. 13:21). Dit is 'n vaardigheid wat deur God self gevestig word.

- Die morele ingesteldheid van 'n gelowige

  Die begrip ἐξαρτίζω in 2 Timoteus 3:17 het 'n morele betekenis en gee uitdrukking aan dit wat 'n Christen moet word (Delling, 1969:476): "sodat die man wat in diens van God staan, **volkome voorberei** en toegerus sal wees vir elke goeie werk"

- 'n Innerlike krag

  In 2 Korintiërs 13:9 word die stamverwante begrip καταρτίσις gebruik om die innerlike krag as kenmerk van die karakter van gelowiges (Delling, 1969:476) uit te druk, en dit word vertaal met "geestelike volwassenheid" (1983-vertaling) en "volmaking" (1933-vertaling).

**Die tweede aksent** is 'n **handeling** waardeur 'n persoon **groei** in die rigting van hierdie volheidstoestand. Aspekte hiervan is die volgende:

- Onderlinge verantwoordelikheid om 'n korporatiewe eensgesindheid te verwerklik

  In 1 Korintiërs 1:10 word die vestiging van 'n Christelike karakter beskryf, naamlik in die eenheid tussen gelowiges: "Julle moet **een wees** in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging." Dit moet verstaan word teen die agtergrond van verdeeldheid en partyskappe onder die Korintiërs.

  Gelowiges moet mekaar ook help en vermaan in die vestiging van hierdie Christelike karakter, soos dit in 2 Korintiërs 13:11 uitgedruk word: "Verder, broers, wees bly, **streef na die geestelike volwassenheid**, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede." Die gelowiges se onderlinge verantwoordelikheid geskied deur aan te vul wat nog ontbreek (1 Tes. 3:10) of heel te maak wat stukkend is (Mat. 4:21) by die ander persoon en daarom behoort die toeruster

kennis te dra van die moontlike kennis- en groeiagterstande by die ander persoon.

- Styl

  Die vestiging van hierdie Christelike karakter geskied ook deur die besondere styl waarin hulp aan 'n gevalle medegelowige verleen word: "... moet julle wat julle deur die Gees laat lei (οἱ πνευματικοί), so iemand in 'n gees van sagmoedigheid **reghelp**." (Gal. 6:1).

- Selftoerusting en eie groei

  Hierdie groei word verwerklik deur 'n bereidheid van 'n persoon om hom te laat toerus (vgl. 2 Kor. 13:11) deur die voorbeeld en lering van 'n leermeester (Luk. 6:40).

- Die uitkoms of sukses van hierdie groei is uiteindelik God se werk (vgl. Heb. 13:21; 1 Pet. 5:10).

#### 2.5.6.2.2 Sintese tussen "toerus", "leer" en "onderrig"

Volgens Efesiërs 4:11, 12 moet gelowiges toegerus word sodat hulle in staat sal wees om hulle dienswerk te verrig in en tot opbou van die liggaam van Christus.

- Toerusting vind deur besondere dienswerkers plaas wat bekwaam is om die onderrig te kan gee. Tog, net soos die gelowiges toegerus (gespalk) word, so moet die dienswerkers ook toegerus word voor hulle self andere kan toerus (spalk) en tot doeltreffende funksionering in die liggaam van Christus bring.
- Die persoon wat toegerus word, verkeer in 'n leerproses en hy doen óf nuwe kennis op óf bevestig dit waaroor daar onsekerheid was sodat hy vas kan staan in die waarheid.
- Die leerproses is nie net 'n eenmalige handeling nie, maar duur voort namate nuwe kennis/inligting benodig word.
- Dit is duidelik dat moeite gedoen moet word om toerusting te bekom. Die proses kan deur tradisionele oorlewering geskied of deur iemand wat dit formeel en/of informeel onderrig.

- Hierin kan 'n Bybelse beradingsentrum 'n belangrike funksie in 'n gemeente en in 'n gemeenskap vervul.

### 2.5.6.2.3 God rus toe deur gawes te gee

Efesiërs 4:11-16 handel oor die kerk as liggaam van Christus wat hom opbou volgens die gawe van die Heilige Gees wat God aan elke gelowige gegee het en die besondere gawes van "ampsdraers" wat die gelowiges vir hulle dienswerk toerus sodat die eenheid in waarheid en liefde uitgeleef kan word (Buys, 1989:55). Vergelyk ook Romeine 12:6 en 8 waarin ook die verskeidenheid geestesgawes beskryf word wat die Heilige Gees aan gelowiges gee om die kerk of gemeente te bou: "En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening; in die werk van die bediening; of wie leer, in die werk van die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid."

By Efesiërs 4:11 kom Paulus by die aard van die gawes, naamlik die wyse waarop die Oorwinnaar sy kerk in die vorm van begiftigde persone van gawes voorsien wat daartoe lei dat die groot verskeidenheid lede in die kerk gesamentlik die opbou van die een liggaam dien (Roberts 1983:114, 115).

Die toebedeel van gawes het een doel voor oë gehad, naamlik om die liggaam van Christus te voed sodat dit kan groei tot die volheid van Christus. Die leiers is gawes uit die hand van Christus want Hyself bemagtig hulle met sy Gees (Kaiser, 1997:638). Vandag bestaan die dienste van apostels, profete en evangeliste nie meer nie, maar wel dié van herders en leraars.

In verse 14 tot 18 gebruik Paulus die voorbeeld van 'n fisiese liggaam om die verskeidenheid en eenheid van 'n plaaslike gemeente te illustreer. Hoewel die liggaamsdele verskeie funksies het, is dit een gees wat almal beheer en saam laat werk, net so met die liggaam van Christus: dit is een Gees wat elke lidmaat met sy eie gawes laat saamwerk in 'n eenheid <u>tot</u>

voordeel van almal. Só dien hulle die Here in die aanwend van hul gawes wat Hy hulle toebedeel het. Hattingh (1988:8) beskryf dit as die ware lewenswyse van die kerk: die gemeenskap van die gelowiges in aksie.

### 2.5.6.2.4 Die doel van toerusting

Kruger (2005:535) verwys na Efesiërs 4:7-16 en beskryf die gedeelte as **'n dinamiese wordingsproses** wat begin by 'n spesifieke gegewe wat moet groei na 'n doel of resultaat (waar die rol van die groep klem ontvang). Tussen die aanvanklike gegewe en die uiteindelike resultaat setel die intermediêre handeling wat hier van kardinale belang is. Hierdie intermediêre handeling behels die skarnier wat die oorgang moet bewerk tussen

- wat God gegee het, en
- wat God tot stand wil bring.

Hierdie uiteensetting kan skematies soos volg voorgestel word:

**DIE DINAMIESE WORDINGSPROSES**

| **Die gegewe (vgl. διδωμι)** | | **Intermediêre handeling** | | **Die resultaat** |
|---|---|---|---|---|
| Algemene gawes (4:7)<br>Besondere gawes (4:11) | → | Toerusting (4:12)<br>Dienswerk (4:12)<br>Opbouing (4:12,16) | → | Geloofseenheid (4:13,16)<br>Geloofsvolwassenheid (4:13)<br>Kennismondigheid (4:14,15)<br>Liggaamsdele wat in eenheid funksioneer (4:16) |

In hierdie proses staan die gawes sentraal: die besondere gawes (vgl. 4:11) is gegee met 'n goddelike bedoeling, naamlik die toerus van gelowiges wat weer op hulle beurt elkeen 'n algemene gawe of meer ontvang het (4:7). Wat hier van belang is, is dat die algemene gawes nie outomaties of meganies werk nie, maar in werking gestel moet word. Hierdie mobilisering geskied deur toerusting en konkretiseer in dienswerk en onderlinge opbou. So fasiliteer dit die opbou van die liggaam (4:12 – wat weerklank vind in 4:16).

Die **resultaat** van die handeling is 'n geestelike eenheid in Christus (4:13-15), sowel as 'n eksistensiële eenheid (4:16). Omdat hierdie resultaat nie meganies of outomaties verwerklik word nie is dit duidelik dat die doeltreffendheid van die intermediêre handeling die gehalte van die resultaat gaan bepaal.

Die intermediêre handeling (vgl. die tweede blok hierbo) bevat volgens Kruger drie handelinge: toerusting, dienswerk en opbouing. Die spesifieke verhouding tussen hierdie drie handelinge, soos dit sintakties verstaan moet word, word vervolgens aan die orde gestel:

Die regte verstaan van die sintaksis van veral vers 12, in sy verhouding met vers 11, is belangrik en word vervolgens behandel.

Vers 12 bevat drie bysinne wat elkeen met 'n voorsetsel ingelei word:

- πρὸς τὸν καταρτίσμον τῶν ἁγίων (met die oog op die toerusting van die heiliges);
- εἰς ἔργον διακονίας (tot dienswerk);
- εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ (tot opbouing van die liggaam van Christus).

Kruger stel dit dat, hoewel hierdie drie bysinne in terme van hulle samehang op verskillende maniere verstaan kan word, hy met die volgende volstaan:

In hierdie geval het ἔδωκεν betrekking op die toerusting (deur die voorsetsel πρός aangedui), terwyl die toerusting gemik is op sowel dienswerk as opbou (albei deur die voorsetsel εἰ aangedui). Skematies sou dit soos volg uiteengesit kon word (die handelingsubjek word telkens aangedui):



Hiervolgens het die toerustingsaksie 'n dubbele doelstelling en 'n vertaling:

"Hy het (amps) gawes gegee vir die toerusting van die heiliges. Hierdie toerusting geskied vir die doel van dienswerk, maar ook vir die doel van die opbou van die liggaam van Christus."

Kruger (2005:527-553) wys op die drie handelinge van Efes. 4:12, naamlik (toerus, dienswerk en opbou) wat afsonderlik in oënskou geneem word, aangesien dit 'n samehang bevat waardeur die intermediêre handeling verteenwoordig word.

**Die eerste handeling** is "toerusting", uitgedruk deur καταρτισμοῦ

Die subjek van hierdie aksie is diegene aan wie die besondere gawes gegee is, soos uitgedruk in die lysie ampsdraers in 4:11. Hier word aanvaar dat hierdie ampte (apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars) almal eenmalige ampte verteenwoordig wat in die aanvanklike vestiging van die kerk nodig was en tog vergelyk kan word met die besondere ampte in die algemeen (vgl. Getz, 1981:101), oftewel met die geestelike leiers van die kerk (vgl. Curry, 1992:295 e.v.; Hendriks, 1987:1).

Hierdie kerkleiers vind ook nie hul doel in hul eie bestaan nie, maar in hul funksie, die rol wat hulle moet vervul om andere toe te rus vir dienswerk en opbou (vgl. De Klerk, 2001:67-69).

Die objek van hierdie eerste handeling is die heiliges (ἅγιοι, naamlik gelowiges wat elkeen een of meer gawes ontvang het - 'n feit wat ook die potensiaal vir groei inhou. Die toeruster(s) behoort rekening te hou met die gawes van gelowiges sodat individuele toerusting so sal geskied dat die spesifieke individuele gawes aangewend kan word vir dienswerk en onderlinge opbou.

Die besondere gawes word aangewend om deur middel van toerusting die algemene gawes (4:7) te aktiveer en so die hele gemeente te mobiliseer. Hierdie toerusting geskied volgens Hattingh (1988:9) vanuit die Woord van

God. Die doel van toerusting is dus onder andere die aktivering van die hele gemeente. Dit staan lynreg teenoor amps-outokrasie of 'n geval waar met jaloesie gewaak word oor die vermeende alleenreg om aktief in die gemeente te wees. Hierdie klerikalistiese ampshouding lei tot passiwiteit in 'n gemeente asook ontmoediging en selfs onderdrukking van inisiatiewe van die heiliges.

Die sentrale motief in die hele gedeelte (4:1-16) behoort altyd te wees dat 'n gemeente sodanig geaktiveer moet word dat aktiwiteite deur die gemeente die eenheid en eensgesindheid sal bevorder en nie sal afbreek nie. Die ware lewenswyse van die kerk is dus dat elke gelowige, as deel van Christus se kerk en koninkryk op aarde, toegerus moet word tot eie dienslewering aan Jesus Christus, uit liefde vir Hom. So funksioneer die kerk as gemeenskap van gelowiges: Een in Christus, een met God, een met mekaar!

**Die tweede handeling** is dienswerk (ἔργον διακονίας).

Die heiliges wat toegerus is deur die besondere ampte en wie se gawes deur die toerusting geaktiveer is, en in wie se lewens God werksaam is, se status verander nou van ontvanger na dienaar (of dienskneg) en daarom is die heiliges nou die subjek van die dienswerk.

Hierdie dienswerk wat deur Christus ingestel is, geskied met 'n bepaalde gesindheid en volgens 'n bepaalde styl: dienswerk is die werk van 'n dienskneg of bediende. Dit is dus veral nederige werk wat 'n diensbereidheid en 'n selfverloënende ingesteldheid vereis (vgl. ook Efes. 4:2) en wat nooit 'n instrument tot selfverhoging mag wees nie. Nederigheid word ook in Luk. 6:40 met die werkwoord καταρτίζωin verband gebring. Hierdeur word heerssug, statusbewustheid en 'n outoritêre houding binne 'n gemeente radikaal uitgerangeer. Die objek van hierdie dienswerk is die medeheiliges of medegelowiges.

Die **derde handeling** is opbou (οἰκοδομέῷ )

Paulus se gebruik van die opbou-metafoor in Efes. 4:12 moet verstaan word in die lig van die gebruik daarvan in Efes. 2:19-22 (opbou-temas is onderstreep):

"Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon."

Hier is die konteks missiologies of universeel. Op grond hiervan kan aanvaar word dat οἰκοδομέω in die Efesiërbrief beide 'n missionêre (2:19) en eenheidsversterkende mikpunt het (4:16). Die missiologiese klem word ook in 4:13 aangetref wanneer Paulus stel: "almal uiteindelik sal kom tot die werklike grootte ..."

Die bou-motief in Efesiërs moet ook verstaan word in sy Trinitariese inbedding volgens die aangehaalde deel hierbo (Efes. 2:19-22):

God die **Vader** is ook Vader van die huisgesin wat gebou word (2:18,19).

**Christus** is die hoeksteen waarop gebou word (2:20,21), terwyl Christus ook die Gewer van die besondere gawes is as verhoogde Here (4:7-11).

Die **Heilige Gees** is die Bewerker binne die opbouproses. Die έν⁺ konstruksies in 2:18 (ἐν ἑνὶ πνεύματι), 2·21 (ἐν κυρίῳ) en 2:22 (ἐν πνεύματι) word as omstandigheidsbepalinge verstaan en op mekaar betrek sodat die vertaling van v. 22 nie bloot "'n geestelike huis" behoort te wees nie, maar "'n huis van God in die Gees" (dit is: die Heilige Gees). Die Gees van God is dus as Bewerker bepalend vir die hele opbouproses waardeur God die gemeente oor jare heen oprig as 'n woonplek vir Hom. Dit word beklemtoon dat 'n mens duidelik die teenwoordigheid van die Heilige Gees in 'n gemeente en in 'n lidmaat kragtig werksaam kan sien wanneer lidmate hul geestesgawes tot voordeel van mekaar aanwend. **God is daar teenwoordig** (Rugh, 1999:7).

Die doel van opbouing word in v. 13 en 14 positief en negatief onderskeidelik gestel:

Die **positiewe** doel is die

- geloofseenheid,
- grondige kennis van Christus (wat ook 'n persoonlike verhouding impliseer, en
- volgroeidheid en geestelike volwassenheid volgens Christus se beeld (vgl. 4:24).

Die **negatiewe** doel van opbouing hou verband met

- kindwees, en
- die gepaardgaande geestelike onstandvastigheid wat van 'n persoon 'n maklike prooi maak van die destydse dwaalleraars. Opbouing kan ook inbouing of vasbouing in die geestelike huis (soos in I Pet. 2:5 bedoel) beteken en het ten doel om hierdie kwesbaarheid van 'n losstaande gelowige teen te werk.

**2.5.6.2.5 Samevatting**

**God bekwaam dus self die gemeente en so ook elke geroepene met gawes.**

Skrywer hiervan verwys hier na Efesiërs 4:11 en Romeine 12:6 en 8 waarin voorbeelde verstrek word van watter gawes Christus aan sy Kerk, en watter verskeidenheid geestesgawes die Heilige Gees aan gelowiges gegee het om die kerk of gemeente te bou:

- God se **doel** met die gawes was om weer die gelowiges toe te rus vir hulle diens om **die Here voluit (optimaal) in die gemeente te dien tot opbouing van die liggaam van Christus**."

Efesiërs 1:7-10 beklemtoon dit dat die doel van die opbouwerk is dít dat die gemeente al meer moet groei na Christus as Hoof van die liggaam.

**Die resultaat sal dan wees:**

'n Gemeente wat kom

- tot geloofseenheid (Efes. 4:13, 16),
- tot geestelike volwassenheid (Efes. 4:13, 1 Kor. 3 en Hebr.), en
- tot kennis van die Seun van God (Efes. 4:13).

**Samevatting van die verband tussen toerus en roeping**

Roeping kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer. God roep nie net en maak bekwaam nie; Hy gee ook gawes, gawes om gemeente toe te rus, maar ook gawes om mekaar aan te vul sodat die eenheid van Christus tot volle wasdom kan kom. Die doel van die toerusting is om die gemeente te begelei na geestelike volwassenheid. Hulle moet:

- die Here voluit (optimaal) in die gemeente dien,
- hul geestesgawes aanwend tot voordeel van almal binne die ruimte wat God tot stand gebring het,
- probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente, en
- die liggaam van Christus opbou tot 'n heilige eenheid in Jesus Christus.

## 2.5.7 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die beginsels van die Skrif op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum

### 2.5.7.1 Inleiding

Dit is vir hierdie studie besonder belangrik om in die eerste plek presies na te gaan **wat berading beteken**, selfs nog meer: Wat beteken Skrifgefundeerde berading of pastorale berading?

In die tweede plek sal gekyk word na **wat 'n beradingsentrum is** en hoedat dit daartoe kan bydra om berading te doen en toe te rus.

### 2.5.7.2 Wat is Pastorale Berading?

'n Berader werk deur middel van berading of pastorale berading met 'n beradene.

Ander sleutelbegrippe vir berading: Sorg; beraad; terapie en genesing.

In enige pastorale model is dit moeilik om presies tussen die begrippe sorg, beraad, terapie en genesing te onderskei. Op die een of ander wyse hou al hierdie begrippe verband met mekaar. Hulle sluit mekaar nie wedersyds uit nie. Binne die pastoraat is die sentrale skakelbegrippe die van hulpverlening en troos. 'n Kombinasie tussen hulpverlening en troos bring ons uiteindelik by die term *pastorale sorg.*

Pastorale berading is 'n proses, gegrond op die Heilige Skrif, met verskillende mikpunte in die oog:

Die eerste mikpunt is om te kommunikeer en te vertolk, maar dit kan ook 'n gesprek ter bemoediging van die beradene wees (vgl. 2 Kor. 1:3 en 4) of 'n geleentheid om die Woord te bedien: Venter (1988:32) wys daarop dat Paulus die gesprek verbind aan die versoeningswerk van Jesus Christus, bv. 2 Kor. 5:18-21, veral v. 20, waar hy sê: "Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen."

Paulus gebruik παρακαλοῦντος wat afgelei word van παρακαλεῖν wat in die Nuwe Testament gebruik word om 'n pastorale gesprek aan te dui (Venter,1988:32).

- Dit is 'n soeke na 'n metode om die teologiese verstaan van die mens (in die verhouding tot God) binne sy/haar konteks sinvol te kommunikeer (Louw, 1997:5).

Daarom is dit nodig om te kyk na die eiesoortigheid van die pastorale gesprek.

- Dit gaan in die pastoraat ook om verandering, groei, heling en herstel. 2 Timoteus 3:16 en 17 gee pragtige riglyne deur ten opsigte

van hoe die Heilige Skrif die grondslag vorm van verandering, want in die lig van die Skrif word dwalinge bestry, verkeerdhede reggestel en word die regte leefwyse gekweek. Die doel is dan ook om 'n persoon te lei om optimaal vir God te leef. Dit is volgens Louw iets van "'n pastorale terapie", maar tog nie 'n pastorale "tegniek" nie, want dit is nooit volledig aanleerbaar nie. Dit gaan dus om die ontwikkeling van 'n pastorale sensitiwiteit en die verdieping van die pastorale verstaansproses.

- Louw (1997 (a) 26) waarsku teen die gevaar van "professionalization" soos in die verlede toe pastorale berading 'n professionele handeling was.
- Pastorale berading is eerder onderlinge versorging van gelowiges. Die basis van die pastorale bediening bly die koinonia: die onderlinge liefde tussen gelowiges, (Louw, 1997:26).
- Pastorale berading het pastorale sorg, *cura animarum*, ten doel (Louw,1997(a):27). Met *cura animarum* word bedoel 'n bediening wat nie bloot gerig is op die mens se innerlike, psigiese lewe nie, maar op die geestelike versorging van die hele mens.
- Pastorale berading beoog geloofshulp; so ook lewenshulp. Die geloofshulp word lewenshulp deur die Heilige Gees wat die ganse lewe heilig (Louw, 1997(a):57).

**2.5.7.2.1 Die wese van berading**

Daar is drie vrae wat 'n mens bring by die wese van berading, naamlik:

**2.5.7.2.1.1 Waarom doen mense die dinge wat hulle doen?**

Om te verstaan waarom mense die dinge doen wat hulle doen, moet jy as berader besef dat 'n mens se dade die vrugte is van die dinge wat in sy hart leef naamlik sy denke, sy emosies en sy behoeftes. Vergelyk hier Lukas 6:43 – 45. Dink aan die beeld van 'n boom met sy vrugte, en onder die grond, sy wortels. Die vrugte is die resultaat van dit wat onder die grond gebeur. Goeie grond, bemesting en water lewer goeie vrugte op.

Daarom moet 'n berader nie op die vrugte fokus en probeer om dit kunsmatig of opdragmatig (bv. "jy moet dit van nou af nie meer doen nie") van buite te verander nie. Nee, fokus op die wortels, dit wat veroorsaak dat die boom sekere vrugte dra. Die mens moet begelei word om te verstaan waarom hy/sy bepaalde gedrag openbaar en watter denke, behoeftes of emosies hierdie gedrag motiveer en moet dan begelei word om jou innerlik te bekeer en te verander, dan sal positiewe en goeie vrugte gedra kan word.

#### 2.5.7.2.1.2 Hoe vind verandering in 'n mens plaas?

Die antwoord lê in Romeine 12:1 – 2 opgesluit: Die Here leer dat: 'n Mens eers die genade van God in Christus moet leer ken (in Christus herstel moet word) om hom daarna homself as 'n lewende offer aan God te gee (in geloof aan God moet oorgee) en nie aan die sondige wêreld gelykvormig word nie (sy sondige gedagtes, behoeftes en emosies laat verstaan en hom daarvan bekeer), maar dat God sy denke kan vernuwe sodat hy kan verander (sy denke met Bybelse denke, waardes en opdragte vul sodat hy/sy kan verander en die regte vrugte kan dra).

#### 2.5.7.2.1.3 Hoe kan 'n berader 'n instrument van verandering in iemand anders se lewe wees?

Hierdie proses kan skematies soos volg voorgestel word:



Die gesprekvoering van die berader met die beradene begin by die opbou van 'n verhouding. Dit is belangrik dat 'n berader 'n suksesvolle verhouding met die beradene moet opbou. Hierdie verhouding bepaal die klimaat waarbinne die Woord gebring word en dra by tot die doeltreffendheid daarvan.

Daarna gaan die berader oor tot die insamel van inligting wat ten doel het om die mens se hart te leer ken sodat hy of sy vanuit die Skrif tot verandering en nuwe positiewe vrugte gelei kan word.

In die derde plek kom die berader tot die vertolking van al die inligting. Die berader moet hom in die skoene van die beradene plaas om hom te verstaan en te help; veral om verandering in denke, houding en gedrag te bevorder. Romeine 6 gee belangrike leiding in hierdie verband:

Daar is stryd tussen die sondige natuur en die Gees van God in die mens.

As verloste het jy die verpligting en vermoë om:

i. nie te lewe volgens die sondige natuur nie, maar
ii. wel volgens die Gees van Christus

Wat is die implikasies hiervan vir die beradene? <u>Hy moet besef dat, as hy hom doelbewus onder beheer van die Gees plaas, hy sal kan verander</u>. Hy is nie 'n produk van sy eie ervaringe nie. Sy gedrag is die produk van die interaksie van sy ervaringe met sy hart. In Christus en deur sy Gees kan hy kies hoe hy op die omstandighede en ervaringe reageer.

Eers hierna, na aanleiding van die berader se ontleding van die onderskeie partye in die situasie, word die motiewe en denke aan die hand van die Skrif beoordeel en word die beradene daarmee vanuit die Skrif gekonfronteer en gelei (ontvang instruksie) om sy motiewe en denke te verander sodat dit goeie vrugte kan dra en die situasie kan verander. Konfrontasie beteken hier: om in liefde die waarheid te praat. Die berader se doel is hier om die persoon na selfbewussyn te lei sodat hy hom in die lig van God se Woord kan sien (vergelyk hier Efesiërs 5:8-17).

Dit bring hulle saam tot 'n plan van aksie wat baie duidelik en prakties behoort te wees. Die beradenes moet weet wat hulle moet gaan doen, hoe hulle dit moet gaan doen en wat die uiteindelike resultaat van die aksieplan is om sodoende doeltreffende verandering te bewerkstellig.

Dinge kan nie dieselfde bly nie. In die plan van aksie is twee optredes uiters noodsaaklik, naamlik:

- die daadwerklike aflê / doodmaak van die ou sondige natuur; en
- die daadwerklike opneem/ aantrek van die nuwe mens.

Die beradene moet die regte leefwyse kweek, al geskied dit oor jare heen.

#### 2.5.7.2.2 Samevatting

Pastorale berading is die hulp wat 'n berader vanuit die Skrif aan 'n ander persoon gee. Die hulp is gerig op 'n sonde in iemand se lewe, op 'n worsteling in die geloof of op die verwerking van swaarkry. Bybelse berading pas die waarheid konkreet vanuit God se Woord toe op iemand se probleem sodat verandering, groei, heling en herstel daaruit kan voortspruit en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef.

### 2.5.7.3 Wat is 'n Beradingsentrum?

'n Beradingsentrum is 'n sentrum wat dié visie het om in die lig van die Bybelse opdrag van naasteliefde, die geestelike belange van lede van die gemeenskap wat in nood verkeer, te dien; wat die wetenskaplike ondersoek van berading bevorder; wat selfstandig funksioneer onder toesig van 'n advieskomitee; wat in diens van meer as een gemeente staan; en slegs op aanvraag spesialiteitsdienste, naamlik berading of toerusting, lewer.

#### 2.5.7.3.1 Die doel van 'n beradingsentrum

'n Beradingsentrum het ten doel: om pastorale hulp in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te verleen, wat dan ook die hooffunksie vorm; om mense te

help om optimaal in diens van God te staan daar waar Hy hulle geroep en geplaas het en om:

- kerkraadslede,
- gemeente lede
- beraders en lekeberaders toe te rus;

en om op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan; en ook om voorligting aan die gemeenskap te gee met betrekking tot beroepskeuses.

### 2.5.7.4 Wat is die verhouding Kerk-Beradingsentrum?

'n Beradingsentrum respekteer die selfstandigheid van die kerk; respekteer die wyse waarop 'n gemeente deur middel van die besondere dienste toegerus word; meng nie met kerklike aktiwiteite in nie; funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee; staan in diens van meer as een gemeente en lewer slegs op aanvraag spesialiteitsdienste, naamlik berading of toerusting en lewer interkerklik diens op individuele en groepsbasis.

### 2.5.7.5 Samevatting

Hoewel God die besondere dienste, wat deur die Hoof van die kerk toegerus is, benut om sy gemeente toe te rus en te bemagtig om Christus se liggaam op te bou, bestaan daar nie in alle gemeentes die vaardighede om lidmate toe te rus nie. 'n Beradingsentrum of 'n Instituut kan 'n belangrike rol hierin speel deur spesialiteitsdiens op aanvraag in 'n gemeente te verrig, naamlik om kerkraads- en gemeentelede toe te rus om die liggaam van Christus op te bou.

### 2.5.8 Basisteoretiese perspektiewe vanuit die geskiedenis op die ontwikkeling en funksionering van beradingsentrums gedurende die twintigste en een en twintigste eeu

#### 2.5.8.1 Inleiding

Dit is vir hierdie studie van besondere belang om presies na te gaan of daar Beradingsentrums gedurende die twintigste en later gedurende die een en twintigste eeu bestaan het en wat die doel daarvan was?

Hoe het 'n Beradingsentrum ontstaan en oor die jare ontwikkel?

Hoe het 'n Beradingsentrum gefunksioneer?

#### 2.5.8.2 Wat leer die geskiedenis aangaande berading en beradingsentrums en hoe het dit ontstaan en ontwikkel?

##### 2.5.8.2.1 Van 1900 tot 2007

**In die Verenigde State van Amerika en Duitsland**

Die geskiedenis dui aan dat, hoewel daar voor 1900 weinig sprake was van beradingsentrums, daar na 1900 heelwat beradingsentrums ontstaan en ontwikkel het as hulp vir gemeentes. Hedahl (1978:24-39) skryf dat, hoewel daar reeds sedert 1900 'n behoefte aan professionele opvoedkundige sowel as beroepsadvies bestaan het, dit eers in 1932 by die Universiteit van Minnesota sy ontstaan gehad het in die vorm van 'n Toetsburo vir studente, wat opvoedkundig van aard was. Ooreenstemmende aktiwiteite het ook by ander inrigtings ontstaan:

In 1927 is Cowley byvoorbeeld as direkteur van die Raad van Beroepsadvies en Plasing aan die Universiteit van Chicago aangestel om beradingsaktiwiteite te koördineer.

Aan die Universiteit van Illinois was daar gedurende 1938 sewe deeltydse fakulteitsberaders waaronder 'n sielkundige as tegniese direkteur.

By die Ohio State University het die Beroepsgeleentheiddiens sy ontstaan buite die kampus gehad en is later in 1940 na die kampus self verskuif waar sy funksie die berading van studente was.

Vanaf die vroeë 1930's en 1940's was daar 'n toename in die aantal departemente en kantore waar die funksie van toetsing, beroepsadvies en berading vervul is. Die produktiefste fase van ontwikkeling was teen ongeveer 1950.

Die Studente-personeelbeweging, die Beroepsadviesbeweging en Professionele Sielkunde het gedurende die eerste helfte van die eeu gelei tot die noodsaaklikheid van beradingsentrums as afsonderlike administratiewe eenhede op verskeie kampusse omdat universiteite en kolleges toenemend hulle verpligtinge ten opsigte van die geestelike welsyn van studente begin besef het (Schoenberg, 1978:xiii).

Hedahl skryf verder dat, na 1950, die beradingsentrum by Michigan State University tot een van die grootste sentrums in die land ontwikkel het. Hierdie sentrum was gedurende 1960 verantwoordelik vir die totstandkoming van kleiner sentrums in sy omgewing asook 'n verskeidenheid programme wat vir spesiale groepe studente ontwikkel is. In 1959 het 'n sentrum by die Universiteit van Noord Dakota ontstaan as 'n uitvloeisel van aanbevelings wat gemaak is deur beradings- en adviesdienste aan genoemde universiteit. Gedurende 1967 tot 1971 is al hoe meer beradingsentrums op kampusse gevestig (Schoenberg, 1978:xiii).

Oetting bevestig bogenoemde en beklemtoon dat ongeveer twee derdes van die universiteite en kolleges in die Verenigde State oor die dienste van 'n beradingsentrum beskik het en gaan nog 'n stap verder deur te beklemtoon dat selfs skole begin het met die stig daarvan. Hy voer aan dat 'n globale beraming dus gemaak kan word wat daarop dui dat ongeveer twee derdes van die hoër opvoedkundige inrigtings in die VSA oor beradingsfasiliteite vir studente beskik omdat 80% van die studente 'n behoefte het aan professionele berading. Hy wys ook daarop dat beraders sedert 1952 op 'n jaarlikse basis byeengekom het om probleme en sekere

kwessies ten opsigte van die administrasie, struktuur en funksies van hul sentrums met mekaar te bespreek ten einde doeltreffendheid te bevorder (Oetting *et al.,* 1970:8 en 9).

Cerling (1983:67) en Collaros (1995:15) onderstreep die behoefte aan beradingsentrums in die VSA. Hulle wys daarop dat persone wat kerklike beradingsentrums besoek, aan die toeneem is, en dat dit tot gevolg het dat beraders oorlaai word. Dit is dan ook die rede waarom daar oorgegaan word daartoe om lekeberaders op te lei en te gebruik waar nodig. Hulle beweer verder dat al hoe meer kerke ook persoonlike en gesinsberadingsdienste aan 'n toenemende aantal lidmate wil lewer en dat hulle ook al hoe meer van lekeberaders gebruik maak. Hulle voer aan dat statistiek in die VSA toon dat meer as 30 miljoen uit die 124 miljoen lidmate van kerke, van professionele beradingsdienste gebruik maak. Coloros beklemtoon dat die voordele wat uit die Bybelse bediening van lekeberading getrek word, omvangryk is. Die grootste voordeel lê klaarblyklik in die voorkoming van uitbranding by professionele persone, aangesien hulle nou meer van hulle tyd, energie en aandag by situasies kan bepaal wat uitsluitlik professionele/deskundige hulp nodig het.

Hartmann (1997:101-107) wys daarop dat dit sedert 1986 die doel was van Ignis, die Duitse Assosiasie vir Christelike Sielkunde, om gespesialiseerde en lekepersone op te lei in Christelike sielkunde. Daar is toe begin om lidmate van die kerk op te lei sodat die kerk vir die gewonde persone 'n plek van heling kan word.

**In Suid Afrika**

Hier in Suid-Afrika word egter 'n heel ander prentjie geskilder, want uit die geskiedenis blyk dit dat hier 'n groot leemte bestaan met betrekking tot wetenskaplike navorsingsresultate en ondersoeke wat oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum gedoen is met betrekking tot die toerus van gelowiges om hul roeping in die kerk en samelewing te vervul.

Skrywer hiervan dra tot op hede kennis van slegs 'n paar beradingsentrums en nog baie minder Bybelse beradingsentrums hier in Suid-Afrika.

Die *Filadelfia-opleidingsentrum* in Bloemfontein is geruime tyd reeds besig met die opleiding van Christelike beraders en het onder andere heelwat kusrusmateriaal gepubliseer (vergelyk onder andere Filadelfia, 2002:1-19).

In Potchefstroom is daar in 1997 deur prof GA Lotter van die Gereformeerde Teologiese Skool begin met 'n beradingskursus om beraders en lekeberaders op te lei. Dit het daartoe gelei dat daar gedurende die jaar 2000 begin is met 'n Bybelse Beradingsentrum waarvan die visie is om in die lig van hul Bybelse opdrag van naasteliefde, die geestelike belange van lede van die gemeenskap wat in nood verkeer, te dien. Die Sentrum is ook al 'n paar jaar besig met die opleiding van Christelike beraders en het heelwat kursusmateriaal vir die doel gepubliseer, maar nog nie veel oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in 'n gemeente en in 'n gemeenskap nie. Hierdie sentrum het in 2005 na Pretoria verskuif en staan nou bekend as die Instituut vir Christelike Toerusting en Berading.

In Pretoria is daar heelwat beradingsentrums wat veral onder die Nederduits Gereformeerde Kerk funksioneer.

#### 2.5.8.2.2 Samevatting

In Suid-Afrika leer die geskiedenis dat hier 'n groot leemte bestaan met betrekking tot wetenskaplike navorsingsresultate en studies wat onderneem is oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges om hul roeping in die kerk en samelewing te vervul.

### 2.5.8.3 Hoe het 'n beradingsentrum in die twintigste eeu gefunksioneer?

Ondergenoemde skrywers voer aan dat 'n beradingsentrum bepaald 'n funksie het as hulp in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. In die VSA en Duitsland is daar heelwat voorbeelde daarvan, soos hieronder genoem:

Laurie, van die *Samaritaanse Instituut* in Denver, Colorado, skryf dat die Samaritaanse Beradingsentrums 'n gemeente en 'n gemeenskap se be-

diening kan uitbrei en vergroot deur berading, opvoeding en konsultasiedienste aan hulle te lewer ooreenkomstig die bestaande behoefte (Laurie, 1997:108). Hy skryf dat die Samaritaanse sentrums as gevolg hiervan uitgebrei het na drie en vyftig state in die VSA en ook na Japan (Laurie, 1997:108).

Hartmann (1997:101) skryf dat *IGNIS*, die *Duitse Akademie vir Christelike Sielkunde*, spesialiste en lekeberaders oplei in Christelike sielkunde en terapie. Een deel van hul werk wat hier verrig word, is om ondersteuning te bied aan gemeentes om sodoende 'n plek van genesing te word vir persone wat seergekry het. Die professionele berader is beskikbaar om in plaaslike kerke berading te doen, en kan toesig hou oor die lekeberaders. 'n Opleidingskursus is ontwikkel wat teoretiese lesings en praktiese oefeninge insluit. Hierdie kursus is ontwerp om lidmate toe te rus om meer vir mekaar in die gemeente as liggaam van Christus om te gee (Efes. 4:12-16) (Hartmann, 1997:102-106). As toevoeging hiertoe bestaan daar professionele opleiding vir gespesialiseerde persone in berading en terapie. Hy skryf voorts dat hulle doelwit vervat word in Handelinge 14:22, waarvolgens Paulus en sy metgeselle die dissipels geestelik versterk en aangespoor het om getrou te bly in die geloof, deur te sê: "Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan." (Hartmann, 1997:106.)

Backus (1987:39) beskryf hoedat die *North Heights Beradingsentrum* van die Lutherse Kerk in Minnesota meer as nege jaar lank reeds vrugbaar deur lekeberaders beman word. Hy voer verder aan dat daar 'n groot aanvraag vir Kerklike Beradingsentrums is, aangesien al hoe meer mense beradingsentrums besoek, en dat hierdie behoefte jaarliks toeneem.

Hedahl (1978:24-39) beweer dat 'n beradingsentrum as 'n kantoor of agentskap met sy eie identiteit by die universiteits- of kollegekampus begin het wat verskillende dienste gelewer het, naamlik akademiese berading; persoonlike berading; dissiplinêre berading en religieuse berading.

**Samevatting**

Uit bogenoemde blyk dit dat 'n beradingsentrum bepaald 'n funksie het as hulp in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. In die VSA en Duitsland kom heelwat voorbeelde hiervan voor.

### 2.5.9 Basisteoretiese beginsels

Op grond van bogenoemde beginsels uit die Skrif (2.5.1 – 2.5.8) blyk dit duidelik hoedat God werk om sy kerk as 'n eenheid uit te bou binne die ruimte wat Hy tot stand gebring het en hoe Hy gelowiges roep en toerus, elkeen met sy eie gawes, binne die gemeenskap van gelowiges.

Die volgende basisteoretiese beginsels wat van belang is vir die res van die studie word geformuleer en geherorganiseer:

2.5.9.1. Die kerk is 'n vergadering van gelowiges, geroepenes van die Here wat Hy met 'n doel saamgeroep het, naamlik om Hom alleen te dien en eer en om in 'n gemeenskap van gelowiges in liefde saam te werk tot eer van die Here.

2.5.9.2. Die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie, kom tot volle uiting wanneer elke gelowige sy genadegawes aanwend om die eenheid van die kerk te dien en op te bou binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

2.5.9.3. Die eenheidsband met Christus as Hoof word praktyk wanneer die liefde die band tussen gelowiges verstewig binne die ruimte van 'n gemeenskap wat God as liggaam van Christus tot stand gebring het.

2.5.9.4. Roeping kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer. God roep nie net en maak bekwaam nie, Hy gee ook gawes - gawes om gemeentes toe te rus, maar ook gawes om mekaar aan te vul sodat die eenheid van Christus

tot volle wasdom kan groei in die proses waardeur elkeen die Here voluit (optimaal) in die gemeente dien.

2.5.9.5. God gebruik die besondere dienste (vgl. 2.5.6.2.2), wat deur die Hoof van die kerk toegerus is, om sy gemeente toe te rus en te bemagtig om Christus se liggaam op te bou.

2.5.9.6. Bybelse berading pas die waarheid vanuit God se Woord konkreet toe op iemand se probleem sodat daar verandering, groei, heling en herstel kan kom en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot aksie kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef.

Die resultaat sal dan wees:

'n Gemeente wat kom

- tot geloofseenheid (Efes. 4:13, 16);
- tot geestelike volwassenheid (Efes. 4:13, 1 Kor. 3); en
- tot kennis van die Seun van God (Efes. 4:13).

So alleen kan Christus as die Hoof en lewensbron van die kerk sy liggaam as 'n eenheid laat lewe binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

Noudat daar 'n basisteorie gevorm is na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis sê oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, kan oorgegaan word tot Metateoretiese perspektiewe op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum.

# HOOFSTUK 3

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE FUNKSIE VAN 'N BYBELSE BERADINGSENTRUM

## 3.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 (2.5.1 – 2.5.8) het die klem geval op die manier waarop God te werk gaan om sy kerk as 'n eenheid uit te bou binne die ruimte wat Hy tot stand gebring het en hoe Hy gelowiges roep en toerus – elkeen met sy eie gawes, binne die gemeenskap van gelowiges. In die lig van die Skrif is bogenoemde beginsels eksegeties ondersoek en vyf basisteoretiese beginsels is geformuleer (vgl. 2.5.9., Hoofstuk 2).

Op voetspoor van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat as uitgangspunt vir dié studie dien, is die volgende belangrik met betrekking tot hoofstuk drie:

- Die probleem wat prakties-teologies deur die navorser ondersoek word, is die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap;
- Daarom dat in hoofstuk twee 'n basisteorie ontwerp voorkom alvorens 'n moontlike nuwe praktykteorie na aanleiding van bogenoemde probleem wat ontstaan het, ontwerp sou kon word;
- Wanneer 'n probleem ondersoek word, is dit belangrik om 'n analise van die situasie te maak. Want, belangrik in die model van Zerfass (1974:164-177), word 'n basisteorie gevorm na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis oor die Bybelse beradingsentrum indirek sê.

  Die geskiedenis word aan die hand van empiriese gegewens ontleed (vgl. die laaste gedeelte van hoofstuk drie van hierdie studie), en metateoretiese insigte word geïntegreer.
- Onder *"metateorie"* word verstaan (vergelyk Venter, 1996:89): 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek. Dus kan kennis van ander

wetenskappe ingespan word om 'n juiste beeld van die werklikheid te verkry (Heyns en Pieterse, 1990:37).

- Deur die metateorie word die basisteorie vanuit ander deelwetenskappe verhelder en belig. Die metateorie word saam met die basisteorie aangewend om 'n praktykteorie te formuleer.

Die resultaat van hierdie studie is gebaseer op beide teoretiese en empiriese navorsing. Vir sinvolle prakties-teologiese teorievorming is empiriese werk ook noodsaaklik. Venter (1996:89-90) stel dat, deur middel van 'n empiriese ondersoek, die praktyk en situasie ontleed word, waarna gepoog sal word om 'n nuwe praktykteorie op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te formuleer.

## 3.2 Doelstelling

Omdat 'n empiriese situasie-analise gedoen sal word (vgl. die laaste gedeelte van die onderhawige hoofstuk van hierdie studie) en gepoog sal word om die gegewens wat só verkry word tot 'n teorie te verwerk (vgl. hoofstuk vier van hierdie studie), word in die eerste gedeelte van hoofstuk 3 gefokus op kennis van ander wetenskappe wat moontlik tot meerdere insig t.o.v. die probleem (hoe 'n beradingsentrum ten volle in gemeentes en in die gemeenskap kan realiseer) kan bydra. Sonder om op volledigheid aanspraak te wil maak, word agtereenvolgens gefokus op kennis van:

- Sosiologie
- Kommunikasiekunde
- Psigologie

## 3.3 Ander Wetenskappe

### 3.3.1 Sosiologie

#### 3.3.1.1 Waarom Sosiologie?

Sosiologie as wetenskap kan heelwat bydra tot die funksie van 'n beradingsentrum, want

- dit het met die mens as sosiale wese te make;
- dit wys daarop dat die mens oor die vermoë en behoefte beskik om met sy medemens saam te leef;
- dit wys op die invloed wat sosiale verhoudings op mense se gesindhede en optrede het.

Die Sosiologie stel navorsers in staat om die mens in sy omstandighede beter te begryp sodat die beradingsentrum sy funksie kan vervul.

#### 3.3.1.2 Wat is Sosiologie?

Giddens (2006:4) definieer Sosiologie as die wetenskaplike studie van menslike sosiale lewe, groepe en samelewings, terwyl Schaefer (1992:5) byvoeg dat dit hoofsaaklik fokus op die invloed wat sosiale verhoudings op mense se gesindhede en optrede het en hoe gemeenskappe oor jare heen gevestig word, ontwikkel en selfs verander.

- Sosiologie bied insigte t.o.v. die gemeenskap.
- Sosiologie bied insigte t.o.v. die kerk/gemeente oor die verhouding en optrede tussen lidmate en die verskille en ooreenkomste tussen hulle in hul uitlewing teenoor mekaar.
- Sosiologie bied insigte t.o.v. die huwelik en gesin, oor die verhouding tussen man en vrou, tussen ouers en kinders en die verskille en ooreenkomste tussen hulle.

#### 3.3.1.3 Sosiologie en die gemeenskap/samelewing

Sosiologie sien die gemeenskap of samelewing as die algemene organisatoriese sisteem waarbinne die mens uiting gee aan sy sosiale aard deur in wisselwerking met sy medemens op te tree (Hawtin *et al.*, 1995:5). Die samelewing is volgens bogenoemde skrywers 'n begrip wat die mens se mees algemene verhoudingstruktuur aandui. In wese dui dit op die georganiseerde sistematiese saamleef van mense en is dit die omvattendste begrip wat op die mens se saamleef met sy medemens betrekking het. In die verhoudinge onderling is daar eendersheid en verskille tussen die mense. Daar is byvoorbeeld die biologiese verskille tussen die twee

geslagte, verskille in aanleg, belange, ideale wat een van die belangrikste kenmerke daarvan is.

Sosiale wisselwerking tussen mense wat bewustelik met mekaar verkeer, wat basies eenders is en tog ook van mekaar verskil, vorm die kern van die samelewing. Binne hierdie samelewing vind daar interaksie plaas tussen die mense wat eenders is en dié wat verskil (Hawtin *et al.*, 1995:33).

Hawtin *et al.* (1995:5) beskryf verder die profiel van 'n gemeenskap soos volg: *"A comprehensive description of the needs of a population that is defined, or defines itself, as a community, and the resources that exist within that community, carried out with the active involvement of the community itself, for the purpose of developing an action plan or other means of improving the quality of life in the community".*

Hy beweer verder dat, terwyl 'n gemeenskap binne onder andere afgebakende geografiese grense of binne ouderdom, etnisiteit of nasionaliteit werksaam is, 'n samelewing eerder 'n breër begrip is (Hawtin *et al.*, 1995:33).

Die mens bevind hom vanaf geboorte reeds in 'n sosiale omgewing (kultuur), in 'n bepaalde gemeenskap met sy organisasies, sy norme en sy taal, en is toegerus met bepaalde biologiese en psigologiese eienskappe wat hom in staat stel om deel te hê aan 'n sosiale lewe. Sy sosiale bestaan is gevolglik ten nouste aan hierdie sosiale omgewing gekoppel. Die totale inhoud van die sosiale omgewing staan as die kultuur van die gemeenskap bekend. Kultuur het te make met die verfyndheid van gedrag of die maniere van 'n persoon en is dinamies van aard, wat beteken dat dit voortdurend in 'n proses van verandering verkeer (Hawtin *et al.*, 1995:33).

Collins (2005:46) stel dit duidelik dat die meeste gedrag, insluitend probleemgedrag, deur die sosiale en fisiese omgewing van die beradene beïnvloed word.

Die jongste tendense in die Sosiologie met betrekking tot die gemeenskap waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou, is:

- die gevaar van 'n oorbeklemtoning van menseregte in die gemeenskap, soos deur Van der Walt (1999:35 e.v.) uitgewys. Die individu moet die vryheid en reg hê om op religieuse gebied in die gemeenskap te leef soos hy wil.
- die gevaar van 'n tiranese neo-kapitalistiese vryemarkstelsel, 'n ideologie wat groot gevaar inhou vir die gemeenskap en individu, soos uitgewys deur Van der Walt (1999:59 e.v.). In die gemeenskap kan elkeen lewe asof God nie bestaan of saak maak nie. 'n Individu kan hom ekonomies sonder God se hulp verryk (Van der Walt, 1999:65).

'n Bybelse beradingsentrum kan heelwat neem uit bogenoemde invloed wat die gemeenskap op die individu het, sodat hy sy funksie as beradingsentrum kan vervul.

#### 3.3.1.4 Sosiologie en die kerk/gemeente

Dekker (1987:75) beskryf die godsdiens as 'n universele verskynsel wat 'n tweeledige verhouding impliseer, naamlik tussen die mens en 'n bomenslike gesag, en daaruit voortvloeiend 'n verhouding tussen mens en mens. Die godsdiens vervul ook 'n funksie ten opsigte van die sosiale lewe in die handhawing van sosiale standaarde. Dit bring mee dat die kerk, waardeur die godsdienservaring van die individu gekanaliseer word, 'n belangrike instansie van sosiale beheer is. Hy praat verder van die kerk as instelling of organisasie enersyds, en die kerk as 'n versameling mense andersyds en wys daarop dat daar binne die sosiologie ook groot verskille hieroor voorkom.

Goddijn (1991:17) stel dit dat die sosiologie 'n onmisbare aanvulling van die teologiese opleiding uitgemaak het. Die lewende kerk kan alleen sy roeping en opdrag vervul as hy hulp van die Sosiologie ontvang.

**Die jongste tendense in die sosiologie met betrekking tot die kerk/gemeente waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou, is:**

Die mens van vandag leef nie meer in 'n noue verhouding met die Here nie. Van der Walt (1999:35 e.v.) wys daarop dat die oorbeklemtoning van die individu se menseregte in die gemeenskap tot gevolg het dat die mens self die vryheid en reg moet hê om op religieuse gebied te leef en God te dien soos hyself wil.

**Die gevolg**

Goddijn (1991:28) wys op die gevolge van 'n toenemende individualisering van die godsdiens en hoedat dit kan lei tot 'n verdere proses van ontkerkliking en tot nuwe sosiale vorme van godsdienstigheid.

Van der Walt (1999:01 e.v.) wys ook daarop dat die Christen en die kerk van vandag baie passief is en op geestelike gebied besonder min invloed in die gemeenskap het.

Goddijn (1991:29) wys verder daarop dat daar as gevolg van verskille in praktiese beleidsvrae binne die groot kerkgenootskap veel meer emosionele spanning en magskonflik is as ooit te vore. Dit bring heelwat verwarring by die individu mee.

'n Bybelse beradingsentrum kan uit bogenoemde beïnvloeding, gesindhede en optredes van individue in die kerk baie neem om sy funksie as beradingsentrum te kan vervul.

### 3.3.1.5 Sosiologie en die huwelik en gesin

'n Definisie van die huwelik is 'n paartjie se maatskaplike goedgekeurde reëling, gepaardgaande met sekere rituele om die paartjie se nuwe status te erken. Elke groep het ook sy eie norme ten opsigte van wie met wie mag trou. By sekere groepe mag persone net binne die gesin of stam trou. Dit staan bekend as endogamie. Eksogamie verwys weer daarna dat persone slegs buite die groep of gesin mag trou. Dit voorkom dat taboes soos bloedskande plaasvind (Schaefer, 1992:387, 388).

'n Definisie van die gesin is dat dit uit twee of meer persone bestaan wat deur die huwelik, of deur bloed, of deur aanneming gebind is (Henslin, 1999:430).

Die gesin verwys na daardie groep mense wat gevorm word deur die twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag wat 'n goedgekeurde, geslagtelike verhouding het en die afhanklike kinders wat hieruit gebore word.

Henslin (1999:430) stel dit duidelik dat dit uiters moeilik is om 'n definisie vir 'n gesin saam te stel omdat elke etniese groep se huwelik en gesinsopset verskil. Westerse gesinne word gesien as 'n pa, ma en kinders, terwyl die Afrika-stamme die uitgebreide gesin as die gesin beskou. Steyn (1993:24) wys verder daarop dat, in teenstelling met die Kleurlinge en die Asiërs, die oorheersende gesinstipe onder die tradisionele landelike swartes dié van die uitgebreide gesin in 'n patriliniêre stelsel was. Verstedeliking, behuisingsprobleme, die politieke stelsel gepaard met ekonomiese onderontwikkeling en 'n omvattende probleem van armoede het aanleiding gegee tot ingrypende verandering in die swart stedelike gesin. Hoewel die kerngesin onder die elite in die swart stedelike gebiede ontwikkel het, is dit nie in dieselfde mate onder die laer maatskaplike klasse, wat verreweg die oorgrote meerderheid van die swart stedelike bevolking uitmaak, die geval nie (Steyn, 1993:24).

Ingoldsby en Smith (1995:94) praat weer van 'n huwelik en 'n familie: *"... where any long-term adult relationship is referred to as a marriage and any group of people who love each other call themselves a family."*

Die familie het 'n sterker sosiologiese inslag, wat meebring dat bepaalde sosiale funksies aan die familie toegedig word, naamlik voortplanting, seksuele uitdrukking, sosialisering, status, ekonomiese samewerking, emosionele bevrediging en sosiale beheer (Sell, 1995:14,15). Sell kies dus die woord "gesin" omdat dit 'n kleiner sosiologiese eenheid is wat die biologiese band sowel as al die eienskappe van die familie insluit. Die gesin weerspieël die waardes, houdings, gesindhede en styl van 'n bepaalde groep of kultuursituasie.

Daar bestaan wesenlik vyf gesinstipes:

1. Schaefer (1992:382) praat van die nukleêre gesin (pa + ma + hul kinders). Hendry (1999:204) beskryf dit as 'n kerngesin. Dit is in 'n monogame huwelik.
2. Schaefer (1992:382) beskryf die uitgebreide gesin as (nukleêre gesin + ooms + tannies + oupas + oumas), terwyl Hendry (1999:204) die gesinstipe beskryf wanneer twee of meer kerngesinne, byvoorbeeld, twee seuns met hulle gesinne by hul ouers inwoon.
3. Gesin van oriëntasie (gesin waarbinne jy groot geword het).
4. Die poligame gesin bestaan weer uit die man, twee of meer vroue met elkeen hul eie kinders. Hendry (1999:196) stel dit dat "polygamy is not only possible but sometimes a preferred arrangement". Schaefer (1992:383) weer, verdeel die poligame gesin in twee groepe:
   a) "Polygamy refers to the marriage of a man to more than one woman at the same time."
   b) "Polyandry under which a woman can have several husbands at the same time." (Schaefer, 1992:383.)
5. Die hersaamgestelde gesin: Dit kom voor wanneer een lid van die egpaar na die dood van die ander, of na egskeiding, weer in die huwelik tree: Die gesin bestaan dan uit die pa met sy kinders, die ma met haar kinders en dan later ook hulle kinders saam (kyk, p.12).

Daar is in die gesin die elemente van verwantskap van die groeplede aan mekaar deur die huwelik en deur die proses van geboorte. Die gesin vorm 'n samehangende biologiese groepering. Die gesonde voortbestaan van enige gemeenskap verg 'n bestendige voorsiening van nuwe lewens, daarom is voortplanting een van die huweliksfunksies. Buite die huwelik is dit losbandigheid.

Naas die biologiese groepering maak rolverpligtinge en regte wat die lede van die groep ten opsigte van mekaar het, ook 'n belangrike aspek uit van die gesin as maatskaplike groep. Harvey en MacDonald, (1993:196) stel

dit dat die gesin of familie alleenlik funksioneer as die lede van die familie hulle eie toegesegde rolle vervul: Die ma het eerder 'n gevoelsrol in die familie, naamlik liefdevol, terwyl die pa meer 'n instrumentele rol het, want hy is die leier en broodwinner (Harvey en MacDonald, 1993:197). Die volwassenes se versorgingsfunksies is hul verantwoordelikheid om die kind vanaf geboorte dwarsdeur sy afhanklike lewe te versorg en te help. 'n Kind moet oor 'n lang tydperk heen opgevoed word voordat hy op 'n selfstandige en onafhanklike wyse binne die gemeenskap waarbinne die gesin gesentreer is, kan optree. Hierdie rolverpligtinge van die volwassenes ten opsigte van die kind is baie belangrik en dra by tot die vorming van die gesin. Die rolverpligtinge van die ouers wys dan ook op die maatskaplik gedefinieerde posisies en rolle met wedersydse pligte en regte, byvoorbeeld, pa, ma, kind (dogter-seun; suster-broer).

Anderson (1998:64) maak die stelling dat die vorm nie so belangrik is nie solank die ouers net vir die kinders sorg. *"In the biblical revelation the purposes for families and parenting remain consistent. However, the forms often change with the circumstances so that care for the generations can be sustained, whatever the situation."*

Die gesin het 'n taak om die grondslag te lê van en die kind voor te berei vir sy inpas in die gemeenskap waarvan hy 'n lid is. Daarom moet hy onderrig word ten opsigte van godsdiens, geloof, norme en al die ander aspekte van die kultuur van die gemeenskap.

**Wat is die jongste tendense in die sosiologie met betrekking tot die huwelik en gesin en hoe moet 'n beradingsentrum rekening daarmee hou?**

Modernisering en industrialisasie het die gesin verstrooi gemaak en van sy funksies beroof. Ingoldsby en Smith (1995:84-87) wys daarop dat die opvoeding in die gesin nou anders daar uitsien as vroeër: Vroeër was die familie verantwoordelik vir die volle opvoeding van die kind, terwyl 'n groot deel van die opvoeding, byvoorbeeld die akademiese en seksuele opvoeding tans aan die skool en kerk oorgelaat word en mediese

versorging word nou deur dokters en hospitale behartig. Dit lei tot verswakte bande binne die gesinslewe.

Sell (1995:63) voeg daarby dat daar nie vandag meer so iets soos 'n ideale gesin bestaan nie: "*The family model that emerges will not be a biblical family, if by that we mean it will resemble families of biblical times. Rather it will be a modern model – based on biblical principles.*"

Volgens Strommen en Hardel (2000:34) is die grootste taak van die gesin dít om 'n balans tussen twee kontraste te handhaaf, naamlik om na aan mekaar te leef en terselfdertyd genoeg individuele ruimte toe te laat. As 'n gesin hier faal, is die resultaat dat die familie disfunksioneel raak.

Verstedeliking, behuisingsprobleme, die politieke stelsel gepaard met ekonomiese onderontwikkeling het meegebring dat daar onder die swart bevolking talle buite-egtelike geboortes was wat daartoe gelei het dat ander tipes gesinstrukture as die kerngesin of die tradisioneel uitgebreide gesin ontstaan het. Daar was 'n baie groot persentasie enkelkouergesinne. Die moeder en kind woon dan by haar ouers in een huis wat dit dan 'n multigenerasie-gesin maak (Steyn,1993:24).

'n Beradingsentrum kan alleenlik sy funksie vervul as hy noukeurig let op die volgende redes waarom 'n gesin en 'n huwelik disfunksioneel raak en watter invloed dit op die gesinslede uitoefen. Sonder om op volledigheid aanspraak te wil maak, word slegs enkele voorbeelde genoem:

**Gesin**

**Werksomstandighede/'n gejaagde lewe** veroorsaak dat man en vrou nie meer tyd aan mekaar afstaan nie. Hulle leef by mekaar verby. Die pa kom nooit by die kinders uit nie. Die gevolg is dat die ma die kinders alleen grootmaak. Die ma is dus die enkelouer (Steyn,1993:24).

**Ekonomiese verpligtinge**: 'n Inkomste is belangrik om 'n beter lewensgehalte te handhaaf. Die ekonomie beïnvloed die grootte van 'n gesin (Ingoldsby & Smith, 1995:121). Regstellende aksie veroorsaak dat sommige pa's nie meer 'n beroep beoefen nie.

Frank (2006:103) skryf dat tegniese veranderinge op industriële en besigheidsvlak as gevolg van ekonomiese onstabiliteit die klem laat verskuif het van "om 'n bestaan te voer" na "om 'n bestaan te verdien". Dit het 'n veranderde uitkyk op die lewe van 'n gesin meegebring, aangesien gesinslede almal rondskarrel om alles gedoen te kry en daar nie meer tyd oorbly om as gesin saam te verkeer nie. Dit dra ook daartoe by dat jongmense nie meer begerig is om te trou nie.

**Huwelik en gesin**

- **Buite-egtelike verhoudings** vernietig die huweliks- en gesinslewe.
- **Die emansipasie van die vrou** bring mee dat die rol van man en vrou omgekeer raak. Goddijn (1991:40 e.v.) wys daarop dat die mens na gelykwaardigheid en gelyke behandeling strewe. 'n Mens wil nie hê dat daar teen hom gediskrimineer moet word nie. Hierdie standpunt bring 'n verandering op sosiale terrein mee, wat op sy beurt weer 'n voortdurende magstryd tussen man en vrou tot gevolg het. Dit lei tot konflik wat op sy beurt weer baie spanning in die huwelik en gesinslewe meebring.
- **Geweld en mishandeling binne die huwelik** neem toe. Aggressie neem toe. Die raad vir Europese verslae (2003:46) berig dat daar in Europa ongeveer elke week 'n vrou deur haar man vermoor word. Vir vroue tussen die ouderdomme 16 en 44 jaar is die hoofoorsaak vir dood of beserings die geweld wat deur 'n eggenoot gepleeg word. Dit kom in geletterde sowel as finansieel sterk huwelike voor. Huishoudelike geweld, insluitende dreigemente, herhaaldelike fisiese aanvalle, seksuele misbruik, verkragting, intimidasie en beledigings kom dwarsdeur die wêreld voor en is 'n bedreiging vir talle vroue.
- In die meeste lande word verkragting beskou as 'n misdryf, maar in talle ander lande glo mans dat hulle hul vroue seksueel so dikwels as wat dit hulle behaag, mag misbruik, aangesien hulle die feit dat dit in die privaatheid van hul wonings plaasvind, as vergoeliking daarvoor voorhou.
- Egskeiding neem toe. Kinders word die ergste deur egskeidings

geraak en ondergaan voor, gedurende en na egskeiding alle fases van rousmart. Dit voel vir hulle of die grond onder hulle voete wegkrummel. Afifi en Hamrick (2006:435-456) skryf dat die emosionele en fisiese gevolge wat egskeiding by kinders veroorsaak, gewoonlik dié is dat 'n kind hom aan sodanige omgang onttrek of die kommunikasiemetodes wat sy ouers toepas, oorneem.

- **Die enkelouer**

A. 'n Enkelouer ontstaan as gevolg van:

1. Die **dood van een van die ouers**: Die gesin was nie hierop voorberei nie. Reeds met die rouproses en daarna het dit eensaamheid tot gevolg.
2. **Egskeiding**: Enersyds was die gesin voorbereid op die egskeiding want rusie en twis het dit voorafgegaan. Kinders veral, het swaar gekry, want hulle is as pionne gebruik (Glennie, 1998:81), maar andersyds, wanneer die vrou deur haar man verlaat word, lei dit tot bitterheid, terwyl dit die kinders weer baie verwar.
3. **Ongehude moeder**: Sy is nooit getroud nie omdat die man nie bereid was om sy verantwoordelikheid te aanvaar nie. Dit het daartoe gelei dat hulle as enkelgesin gestigmatiseer is – iets wat kwalik deur die kind verwerk kan word (Glennie, 1998:81).

B. 'n Enkelouergesin ondervind die volgende probleme:

1. Ekonomiese probleme, want die gesin leef op een persoon se salaris. Dit is veral die kinders wat swaar kry.
2. Die gesin moet van ondersteuningsdienste gebruik maak om na die kinders om te sien, want die enkelouer staan, afgesien van haar ouerskap, ook in 'n beroep en kan nie oral teenwoordig wees nie.
3. Verhoudingsprobleme, omdat die kind nie 'n pa én ma as mentor het nie.
4. Kontak met die gewese man of vrou kan ook spanningsvol wees, veral as daar verskille ontstaan oor opvoeding of finansiële besluitneming.

5. Veelvoudige rolverdeling, want die enkelouer, meestal 'n moeder, vervul die rol van beide ma en pa. Sy is dan 'n dubbele ouer (Glennie, 1998:161) en moet die huishouding ook waarneem.

Laursen (2005:347-370) skryf dat die helfte van alle kinders wat in die VSA gebore word, in enkelouer-huishoudings opgroei. Dit het wisselende insidente van konflik gedurende die adolessente fase tot gevolg. Daar bestaan meer negatiwiteit en konflik tussen adolessente en hul enkelouer-ma's as wat die geval is in 'n huishouding met twee biologiese ouers. Die rede hiervoor is dat enkelouer-ma's heelwat stres ervaar. Die oorsprong van hierdie stres is gewoonlik finansieel van aard en ook die feit dat die moeder spartel om 'n balans te handhaaf tussen haar werk en haar gesin. Sy moet dus 'n dubbele rol as ma en pa vervul.

- **Hertrou en hersaamgestelde gesinne**: (Man se kinders, vrou se kinders en hulle gesamentlike kinders, almal onder een dak.) Spanning tussen die "blyhuis" en die "kuierhuis". Laursen (2005:347-370) skryf verder dat konflik ook gereeld voorkom tussen adolessente en hul stiefouers vanweë verhoudings- en aanpassingsprobleme. Die biologiese ouer moet dan ook dikwels as 'n buffer tussen die adolessent en sy stiefouer optree, wat verdere spanning tussen die biologiese ouer en die adolessent en die stiefouer en die adolessent meebring. Guttmann en Rosenberg (2003:256) vergelyk in 'n artikel, *"Emotional intimacy and children's adjustment"*, die emosionele sekuriteit van 'n kind met 'n enkelouer met dié van 'n kind in 'n normale gesin. Daar is byvoorbeeld nie dieselfde emosionele band tussen die kind en sy stiefouer nie, en dit het tog 'n psigologiese, sosiale en akademiese invloed op die kind.
- **Homoseksuele verhoudings en huwelike** veroorsaak ook groot probleme, veral as hulle kinders het of mag aanneem ('n vader- of moederrol ontbreek dus. Schaefer (1991:390) en Savin-Williams en Cohen (1996:275-277) wys ook op die probleem: *"Some live in long-term, monogamous relationships with a lover and with children*

*from former marriages. Others remain married and have not publicly acknowledged their homosexuality."*

Connolly-Colleen (2006:5-21) skryf dat wanneer 'n gay, lesbiese, biseksuele persoon of transvestiet sy/haar seksuele oriëntasie en geslagsidentiteit bekend maak, duik daar gewoonlik baie vrae onder die familielede op: Waarom het dit gebeur? Wanneer het dit gebeur? Wie is die ander persoon? Wat is die implikasies daarvan vir die toekoms. Sulke families het heel dikwels begeleiding nodig om hulle deur die oorgangsfase tot aanvaarding van die persoon en situasie te help. Savin-Williams en Cohen (1996:115-139) beskryf hoe so 'n persoon stap vir stap daartoe kom om openlik te erken dat hy/sy homoseksueel is: Eerstens begin hulle dit teenoor hulleself erken, daarna teenoor andere, byvoorbeeld hulle ouers ('n stap wat hulle besonder moeilik vind).

'n Bybelse beradingsentrum kan uit die invloed wat gebroke huwelike en seksuele disoriëntasie op ouers en kinders het, baie leer om die mens in die huwelik of gesin beter te verstaan om sodoende sy funksie te kan vervul.

### 3.3.2 Kommunikasiekunde

#### 3.3.2.1 Waarom Kommunikasiekunde?

Kommunikasiekunde as wetenskap kan heelwat daartoe bydra tot die funksie van 'n beradingsentrum, want dit stel 'n mens in staat om die mens in sy omstandighede beter ken en te begryp namate hy inligting oor homself oordra.

Huebsch (1990:3 e.v.) beklemtoon dat alle lewende wesens kommunikeer, diere sowel as mense. Sonder kommunikasie is 'n gesonde gemeenskapslewe onmoontlik en ondenkbaar, want die doel daarmee is om inligting van die een na die ander oor te dra.

"Communication is interwined with all of human life. Any study of human activity must touch on communication processes in one form or another", sê Lloyd *et al.* (1997:17).

Deur middel van kommunikasie kan 'n beradingsentrum baie aangaande mense se optrede, beïnvloeding in 'n gemeenskap, in 'n huwelik, gesin of kerk leer om sy funksie te kan vervul.

### 3.3.2.2 Wat is kommunikasiekunde?

Frost *et al.* (1993:91) definieer kommunikasie as die proses van betekenisgewing en begrip tussen twee of meer mense.

Huebsch (1990:3) beskou kommunikasie as 'n doeltreffende middel om begrip te bevorder. Dit is 'n proses wat uiting van gedagtes moontlik maak en wel deur gebruik te maak van simbole en ander hulpmiddele. Dit bring mense nader aan mekaar. Dit is 'n gebeure waardeur een persoon probeer om die gedrag van 'n ander te beïnvloed of dit is 'n medium wat uitsluitlik vir kennisoordrag bedoel is.

Louw (1993:100-101) konstateer dat, tussen mense wat in wisselwerking met mekaar tree, **vyf kommunikasievlakke gewoonlik voorkom**:

- *Neutrale kontak* (praat oor *dinge* nie *met iemand* nie).
- *Inligtingskontak* (beredenerend van aard en wil iemand van iets bewus maak of oortuig).
- *Standpuntkontak* (eie menings word deurgegee met die oog daarop om 'n standpunt te verduidelik).
- *Dieptekontak* (dié kontak plaas die fokus op die <u>ander persoon se gedagtes, behoeftes, motiewe en gevoelens met die oog op nabyheid en samesyn</u>).
- *Beoordelende kontak* (gaan gewoonlik gepaard met die uitspreek van kritiek en beskuldigings).

Daar is heelwat **elemente betrokke by kommunikasie** (kyk diagram) waarmee 'n beradingsentrum moet rekening hou om sy funksie te kan

vervul. Sonder om op volledigheid aanspraak te wil maak, word enkele elemente genoem.

**Die sender en ontvanger**: By enige vorm van kommunikasie is twee of meer persone betrokke. **Die sender** is die persoon wat die kommunikasiegebeure aan die gang sit en probeer om die handelswyse of denkrigting van die ander persoon (ontvanger) te beïnvloed. Goddijn (1991:104) wys daarop dat die sender in 'n gemeenskap ook kan dui op groepe of individue, maar ook op Maatskappytipes, byvoorbeeld ideologiese; demokratiese; outoritêre of religieuse tipes wat hulle met mediastelsels soos die radio, film, pers, televisie ensovoort in 'n gesproke en geskrewe vorm verbind.

**Die ontvanger** of publiek ontvang, interpreteer en reageer daarna op die boodskap (Goddijn, 1991:104).

- **Filters (bril)**: Beide die sender en ontvanger bring onder andere die volgende met hulle mee wanneer hulle kommunikeer: eienskappe, motiewe, ervarings, verwysingsraamwerk, vermoë om te voel, gevoel van waarde, vrese, waardes, kultuur, onopgeloste emosionele pyn. Daar kan hierna verwys word as **filters** wat die kommunikasieproses beïnvloed, hetsy positief of negatief (Goddijn, 1991:104; Frost *et al.*, 1993:17).

Lloyd (1997:7) beskryf die basiese elemente van 'n menslike kommunikasiemodel en stel dit skematies soos volg voor:




(Oorgeneem uit Lloyd, 1997:7)

- Kommunikasiekunde bied insigte t.o.v. die gemeenskap.
- Kommunikasiekunde bied insigte t.o.v. die kerk/gemeente oor hul verhouding met God, hul verhouding onderling en die verskille en ooreenkomste tussen lidmate in hul uitlewing teenoor mekaar.
- Kommunikasiekunde bied insigte t.o.v. die huwelik en gesin, oor die verhouding tussen man en vrou, tussen ouers en kinders en die verskille en ooreenkomste tussen hulle.

### 3.3.2.3 Kommunikasiekunde en die gemeenskap

Huebsch (1990:3) beklemtoon die belangrikheid van kommunikasie en stel dat geen mens as gemeenskapswese sonder 'n basiese kennis daarvan

kan funksioneer nie. Die menslike sintuie is voortdurend besig om prikkels te ontvang, te verwerk en daarop te reageer, en die hele gebeure impliseer dus 'n proses van aksie en reaksie.

Goddijn (1991:94 e.v.) beskryf propaganda in die gemeenskap as 'n manier van kommunikeer. Dit is 'n meningsbeïnvloeding wat niks anders is as 'n funksie van 'n sosiale groep wat sy eie belange na binne en na buite behartig nie.

Frost *et al.* (1993:09) wys daarop dat kommunikasie altyd binne die verband van gedeelde betekenisse plaasvind en dat die samelewing waarin ons leef, die verband voorsien. Die samelewing lê ook reëls neer waardeur kommunikasie beheer word. Hulle gaan verder en stel dit duidelik dat die agtergrond van die kommunikeerders 'n groot invloed op die kommunikasieproses het. As hulle nie 'n gemeenskaplike agtergrond het nie, is kommunikasie bykans onmoontlik.

Die jongste tendense in kommunikasiekunde met betrekking tot die gemeenskap is volgens hom die massa- en mediakommunikasie. Hiermee behoort 'n beradingsentrum rekening te hou om sy funksie in 'n gemeenskap ten volle te kan vervul.

Massakommunikasie is die oordrag van boodskappe deur middel van 'n medium na en aan 'n onpersoonlike groep mense. Hierdie massamedia is byvoorbeeld, tydskrifte, boeke, televisie, die radio, video of 'n kombinasie van hierdie media (Huebsch, 1990:4,5; Hamelink, 1994:136 e.v.).

Die volgende is volgens Frost *et al.* (1993:91-93) eienskappe van die massamedia:

- **Afstand**: Die massamedium maak dit vir die sender moontlik om die boodskap ver buite die onmiddellike omgewing van die ontvanger te stuur.
- **Beperkte sintuiglike aktivering**: Die massamedium beperk die aantal sintuiglike kanale wat geaktiveer word om inligting oor te dra.
- **Onpersoonlik**: Massakommunikasie is in wese hoogs onpersoon-

lik. Deelnemers aan massakommunikasie ken mekaar dikwels geensins nie. Die boodskappe is uiters onpersoonlik.

- **Die "hekwagter"-konsep**: Massakommunikasie benodig bykomende persone, instellings of organisatoriese groepe om die boodskap van die sender na die ontvanger oor te dra. Hamelink (1994:196 e.v.) voeg nog by dat die internasionale oordrag van tegnologiese ontwikkeling tred moet hou met die ontwikkeling in die omvang van kommunikasie in ontwikkelde lande.

**Hooffunksies van die massamedia**

- **Om te vermaak**: Die primêre funksie van die media is om vermaak aan die publiek te verskaf en dit dek 'n wye spektrum. Dit kan die televisie, die teater of die videobedryf wees (Frost *et al.*, 1993:91).
- **Om inligting te verstrek en om op te voed:** Die hooffunksie van akademiese handboeke is om onder andere inligting oor 'n wye verskeidenheid individuele dissiplines te verstrek en om 'n belangrike mediarol in die totale opvoeding van die mens te vervul (Frost *et al.*, 1993:91).
- **Om goeie smaak en kieskeurigheid te bevorder**: Die massamedia kan grootliks daartoe bydra om goeie smaak by mense te kweek, en dit kan die verbruiker leer om die beste keuses uit te oefen ten opsigte van sy lewenstyl en lewensmiddele. Goeie programme kan saamgestel word rakende, onder andere, die misbruik van drank en dwelms en die belangrikheid van die bewaring van natuurlike hulpbronne (Frost *et al.*, 1993:91).
- **Om bemarking te bewerkstellig**: Die finansiële komponent van die massamedia die voortbestaan daarvan word verkry uit die verkope deur produsente en andere. Die massamedia moet daarom hoogs doeltreffende en gesofistikeerde bemarkingsagente wees (Frost *et al.*, 1993:08).
- Goddijn (1991:104) wys daarop dat die tegnologie sodanig ontwikkel het dat daar van 'n **kommunikasieproses** sprake is wanneer iemand 'n boodskap via 'n instrument oordra – 'n kanaal na 'n

instrumenteel teenwoordige gemeenskap om daardeur 'n boodskap uit te stuur wat 'n bepaalde effek op 'n gemeenskap kan hê.

Dit is dus belangrik dat 'n beradingsentrum, om sy funksie in 'n gemeenskap te kan vervul, daarmee rekening moet hou dat massakommunikasie deur middel van verskeie soorte media kan plaasvind en dat dit 'n gemeenskap sterk kan beïnvloed.

### 3.3.2.4 Kommunikasiekunde en die kerk/gemeente

In die geesteswetenskappe speel kommunikasie as wetenskap 'n belangrike rol. Aangesien kommunikasie 'n sentrale begrip in beide die godsdiens en die kerk is, is dit nie vreemd dat die kommunikasiewetenskappe toenemend 'n invloed op die teologie uitoefen nie. Kommunikasie en verstaan is in die Praktiese Teologie met betrekking tot die interaksie van die verbondsmatige ontmoeting en dialoog tussen God en mens uiters belangrik (Louw, 1997:7). Goddijn (1991:105) wys daarop dat by die gewone prediking in 'n gemeente, die sender en ontvanger persoonlik teenwoordig is. Die ontvanger in die kerk verskil van die ontvanger in 'n stadion of op 'n markplein. In 'n kerkgebou bestaan daar nie die moontlikheid van wedersydse kommunikasie tussen sender en ontvanger nie. By die preek is daar volgens hom slegs sprake van eensydige beïnvloeding.

In die kerk handel dit hoofsaaklik oor kommunikasie, naamlik prediking, sending en evangelisasie. Die kerk is volgens Goddijn deurdrenk van kommunikasie en is as sodanig 'n sentrum van kommunikasieprosesse. Kerklike ampsdraers en veral evangeliste is spesifiek in eensydige verbale beïnvloeding op 'n afstand geskool. Hulle word verplig om gemeenskaplik oor geloofsake te praat en onderwerpe te behandel wat 'n genuanseerde benadering verg (Goddijn, 1991:111, 112).

Klopper (2003:5) skryf dat die verkondiging in die kerk deur 'n verskeidenheid vorme plaasvind, naamlik musiekverkondiging, kuns of kreatiewe geloofskommunikasie. Die mens moet in sy geheel aangeraak word. Musiek as verkondigingsmoontlikheid in die erediens kan eers tot

volle ontplooiing kom as die liturgie as geheel indringend aandag geniet. Sy gaan nog 'n stap verder as sy melding maak van hoe lidmate toegerus moet word om stilte as 'n belangrike vorm van verkondiging en as 'n wesenlike deel van kreatiewe geloofskommunikasie te begryp. Dit is om na die geraas van die wêreld daarbuite in stilte voor te berei om God in die erediens te ontmoet. In stilte tree die gelowige in gemeenskap met God en sy naaste (Klopper, 2003:5).

Die jongste tendense in die kommunikasiekunde met betrekking tot die kerk/gemeente is dat, aan die einde van die vorige eeu, die kerke gebruik begin maak het van die media met eie filmproduksies en radiostasies. Om sy funksie te kan vervul is dit dus vir 'n beradingsentrum belangrik om daarmee rekening te hou, naamlik om die media te benut om sodoende mense te bereik wat andersins nooit bereik sou gewees het nie.

Kerkleiers het joernalistiek begin bestudeer. Kerkblaaie, hetsy dag- of weekblaaie, is algemeen bekend. Volgens Goddijn kan instrumentele aanwesigheid gepaard gaan met persoonlike aanwesigheid. Dit is wanneer die sender (prediker) visueel teenwoordig is by 'n groep wat ook meebring dat 'n astronomiese aantal mense bereik kan word. Tyd en ruimte word oorbrug. Die nadeel is dat geen reaksie in hierdie verband van die gemeenskap wat luister, verwag kan word nie (Goddijn, 1991:106).

Om sy funksie te kan vervul moet 'n beradingsentrum daarmee rekening hou dat kommunikasie in die kerk die luisteraar ook via talle mediakanale kan bereik.

### 3.3.2.5 Kommunikasiekunde en die huwelik en gesin

Hawtin *et al.* (1995:138) stel dat kommunikasie meer as een persoon insluit en dat dit in elke verhouding belangrik is. Funksionele kommunikasie dra by tot die groei in die verhoudings terwyl swak kommunikasie menigmaal die oorsaak van verhoudingsverbrokkeling is. Swak kommunikasie vind plaas wanneer persone mekaar nie wil verstaan nie of wanneer dinge te tegnies raak, terwyl goeie kommunikasie grotendeels afhanklik is van die gesindhede van die persone wat met mekaar kommunikeer.

'n Gemeenskap vra dat die gesin erns moet maak met hul kommunikasie, want die gesin is die grondslag waarop kommunikasie gevestig is en aangeleer word.

Venter *et al.* (2004:263-285) beklemtoon die feit dat talle skrywers dit met mekaar eens is dat die gesin as 'n uiters belangrike grondslag dien vir menslike ontwikkeling. Gesonde gesinsfunksionering begin volgens hulle by kommunikasie as die belangrikste faktor: oop kommunikasie is die vrymoedigheid van lede om met mekaar te gesels en goeie luistervaardighede te beoefen. Dit beklemtoon dat 'n mens goed moet luister en begryp wat die ander persoon sê alvorens jy jou eie mening lug. Dit is ook belangrik dat jy moet aanpas by die persoon met wie jy kommunikeer. Daar moet spontaneïteit wees tydens kommunikasie. Kommunikeer altyd met respek teenoor mekaar, want mense verskil almal van mekaar. Ouers word gerespekteer weens hul voorbeeld, terwyl kinders die reëls en leiding van ouers moet respekteer. Gemeenskaplike geloofslewe, soos gemeenskaplike norme, waardes en reëls, is ook belangrik vir gesonde gesinsfunksionering. Rolverdeling moet daar wees deur die voorbeeld wat ouers stel. Die rol van die liefde is baie belangrik vir gesonde gesinsfunksionering soos dit tot openbaring kom in ondersteuning, bystand, samewerking, erkenning aan gesinslede en tyd wat saam deurgebring word.

Pecchioni *et al.* (2006:447-468) bespreek hoedat 'n siekte 'n invloed op die kommunikasie van gesinslede het. Die vrae wat na vore kom is byvoorbeeld: Wat gebeur wanneer 'n persoon wat die primêre versorger is, chronies siek word of selfs sterf? Hoe kommunikeer familielede met mekaar oor gesondheidstoestande en sterfte, en hoe ondersteun en bemoedig hulle mekaar?

Harvey en Wenzel (2002:81 e.v.) beskryf hoe paartjies en hul kinders in 'n gesinsperspektief saam funksioneer en hegte verhoudings kan in stand hou en versterk. Hy beskryf verder hoe hulle as gesin konflik kan bestuur, naamlik ouerkonflik; so ook ouer-kind-konflik. Hy wys ook op die invloed wat ouerkonflik op die kind het. Dit is hoe, en nie dat, paartjies konflik

ervaar wat saak maak nie. Hulle gaan daartoe oor om te wys op die kliniese implikasies wat die paartjie se konflik op hul kinders het en behandel dit vanuit die kinders se perspektief (Harvey & Wenzel, 2002:91).

'n Bybelse beradingsentrum kan uit die invloed wat kommunikasie op gebroke huwelike en op ouers en kinders het, baie leer om die mens in die huwelik of gesin beter te verstaan om sodoende sy funksie te kan vervul.

### 3.3.3 Psigologie

#### 3.3.3.1 Waarom Psigologie/Sielkunde?

Omdat Psigologie die gedrag van die mens bestudeer, gee dit 'n beter begrip van en insig in die optrede van mense. Dit het tot gevolg dat die mens beter verstaan kan word (Louw, 1993:1). 'n Beradingsentrum kan sy funksie volkome vervul as hy mense beter verstaan sodat hy hulle beter kan help.

#### 3.3.3.2 Wat is sielkunde/Psigologie?

Louw (1993:1) erken dat pogings om die Psigologie te definieer aanleiding gegee het tot die ontstaan van letterlik honderde definisies. Hyself wys daarop dat die Sielkunde die wetenskaplike bestudering van gedrag en psigiese prosesse is.

Krebs en Blackman (1988:7) definieer die vakgebied soos volg: "Psychology is the scientific study of the mind and of behaviour. It is also the study of the body and the emotions: the study of thoughts, perceptions, feelings, sensations, motivations, and actions."

Louw (1993:2) beklemtoon dat dit baie belangrik is om te besef dat die sielkundige wetenskaplik te werk gaan. Die Sielkunde is daarop ingestel om gedrag volgens 'n verantwoordelike en beplande metodiek te ondersoek, en nie op 'n lukraak wyse of volgens grille of persoonlike voorkeur nie. Met gedrag word waarneembare gedrag soos praat, loop, die neem van besluite en veranderinge in gesigsuitdrukkings bedoel.

Hierby word ook gedagtes, gelowe, bedoelings, dagdrome, drome en so meer ingesluit.

Die Sielkunde bestudeer ook liggaamlike prosesse wat terapeute kan help om waarneembare gedrag en innerlike ervaring beter te verstaan. Dit sluit die aard en funksionering van senuweeselle in die brein, die elektriese aktiwiteit wat deur die brein geproduseer word en die effek van hormone wat deur die endokriene kliere afgeskei word, in. By depressie kom daar byvoorbeeld 'n chemiese wanbalans in die senuweebane van die liggaam voor - 'n gebrek aan serotonienmolekules (Louw, 1993:2).

Kliniese Sielkunde leer ons hoe om 'n wye verskeidenheid gedragsprobleme te diagnoseer, byvoorbeeld abnormale gedrag en hoe om sodanige persone met die hulp van psigoterapie te behandel.

- Psigologie bied insigte t.o.v. die gemeenskap.
- Psigologie bied insigte t.o.v. die kerk/gemeente oor hul verhouding met God, hul verhouding onderling, die verskille en ooreenkomste tussen lidmate in hul uitlewing teenoor mekaar.
- Psigologie bied insigte t.o.v. die huwelik en gesin, die verhouding tussen man en vrou, die verhouding tussen ouers en kinders en die verskille en ooreenkomste tussen daartussen.

### 3.3.3.3 Psigologie en die gemeenskap

Seedat (2001:19) beskryf Gemeenskapspsigologie as 'n heterogene vertakking van Psigologie en daar is nie net een enkele definisie wat akkuraat beskryf wat die kompleksiteit van Psigologie behels nie. Die verskillende benaderings tot Gemeenskapspsigologie, byvoorbeeld geestesgesondheid, sosiale aktiwiteite, ekologiese en organisatoriese benaderings, verteenwoordig die heterogene aar van Gemeenskapspsigologie.

Gemeenskap-psigologie word ook geëvalueer as psigologiese ingryping en die uitwerking daarvan op gemeenskappe en individue. Al bestaan daar verskeie definisies, het almal die gemeenskaplike doel om die gehalte van menswees en psigologiese gesondheid te verbeter. Gemeenskaps-

psigologie is dus grootliks geleë in Psigologie maar ook in geestesgesondheid, openbare gesondheid, psigiatrie, politiek, antropologie, geskiedenis, argeologie, omgewingstudies, sosiologie en ander velde.

Seedat (2001:20) wys daarop dat verskillende benaderings in Gemeenskapspsigologie die rol van 'n gemeenskapspsigiater omskryf wat vanuit 'n spesifieke perspektief funksioneer. So sal 'n psigiater wat vanuit 'n geestesgesondheid-perspektief funksioneer, sy dienste aanbied in die vorm van psigoterapie aan pasiënte en die ontwikkeling en implementering van programme om geestesiektes te voorkom. Almal het egter dieselfde gemeenskaplike doel, naamlik gewilligheid om tot die daad oor te gaan om die lewensgehalte van die gemeenskap te verbeter.

Louw (1993:3) stel dit dat die ervaringe van mense bepaalde gedrag tot gevolg het. Hy wys op ervaringe van hoe slagoffers in die gemeenskap geweld beleef: Hy wys op die ervaring van mense (1988) wie se huise deur petrolbomme beskadig is, of wat die emosionele en hanteringsresponse van slagoffers van 'n ernstige vloed in die Vrystaat was (1989).

Louw wys daarop dat wanneer Sielkunde gedrag verklaar, probeer dit aantoon hoe gedrag verband hou met die faktore wat dit veroorsaak: Gewelddadige mense het dikwels grootgeword in gewelddadige gesinne. Mense wat onder druk verkeer, tree dikwels oneties op.

Louw gaan nog 'n stap verder as hy sê dat die sielkundige sy kennis kan toepas om gedrag en ondervinding te beheer, byvoorbeeld by mense wat aan trauma blootgestel was: Hulle is dikwels maande of jare daarna nog gespanne en depressief, maar die simptome kan verlig word indien hulle aan die trauma dink terwyl hulle deur mense wat vir hulle omgee, ondersteun word (Louw, 1993:4).

Om sy funksie te kan vervul kan 'n beradingsentrum baie van die Sielkunde leer wat dit duidelik stel dat die ervarings van mense in 'n gemeenskap bepaalde gedragsuitinge tot gevolg het.

### 3.3.3.4 Psigologie en die kerk/gemeente

Die kerk vervul 'n besondere funksie in die lewe van die mens wanneer hy die emosionele spanning wat die hedendaagse lewensomstandighede meebring, bevredigend verlig. Die alledaagse lewe lewer talle situasies op wat die individu nie volkome kan begryp nie, en waarvan hy die betekenis nie behoorlik verstaan nie: op beroepsvlak, in sy verhouding tot sy medemens en op die vlak van die betekenis van die lewe self.

Wat is die jongste tendense in die Sielkunde met betrekking tot die kerk/gemeente en hoe moet 'n beradingsentrum rekening hou daarmee? De Klerk (1975:1) maak 'n belangrike opmerking, naamlik: *"Die Teologie en die Kerk* het in die geskiedenis die Psigologie gesien as 'n afskrikmiddel." Dit word bevestig deur die "wantroue" tussen teoloë en sielkundiges (veral ook psigiaters) (vgl. Adams, 1970:1-25; Meier *et al.*, 1992:26-32; MacArthur *et al.,* 1994:3-20).

Die Psigologie as wetenskap het ontwikkel toe Freud as die groot profeet op die voorgrond getree het, en as vader van die moderne Sielkunde uitgesproke was daaroor dat volgens hom, die Sielkunde 'n alternatief vir die godsdiens was (MacArthur *et al.*, 1994:8). Die agterdog is verder versterk deur die sogenaamde Godsdienspsigologie wat via Schleiermacher ontstaan het en aan die begin van 1900 in Amerika en Duitsland 'n bloeitydperk belewe het (De Klerk, 1975:2). Met die Godsdienspsigologie in gedagte, waarsku MacArthur *et al.* (1994:6) teen wat hy "*Psychologizing the Church*" noem.

Indien 'n beradingsentrum sy funksie na wense wil vervul, is dit dus belangrik dat dit rekening hou daarmee dat die term *integrasie* in Christelik psigologiese en teologiese kringe in die jongste tyd 'n algemeen bekende woord geword het. Menige debatte en gesprekke is gevoer oor die moontlikheid van die integrasie van geloof en psigologie (Joubert, 1999:34). Daar kan dus holisties te werk gegaan word en al die wetenskappe kan afsonderlik gebruik word om met die mens in sy geheel te werk, byvoorbeeld met depressie kan die Sielkunde, die Mediese

Wetenskappe en die Pastoraat elk op hul beurt benut om met die mens te werk en hom tot genesing te lei.

### 3.3.3.5 Psigologie en die huwelik en gesin

Hedendaagse lewensomstandighede bring emosionele spanning by die mens teweeg.

Sonder om op volledigheid aanspraak te wil maak, word enkeles hier aangedui:

**Stres/depressie** het 'n negatiewe invloed op die huwelik en gesinslewe.

Verstaan die mens met depressie en behandel dit (Strauss, 2004:22 e.v.).

**Kindermolestering**: Kruger (2000:10-40) beskryf eers wat molestering beteken, naamlik om iemand met geweld lastig te val en wys dan op die doel van die terapie. Klem val in hierdie verband op die hier-en-nou-gebeure en hy gaan van die standpunt uit dat mense gelei moet word om self hul probleme te hanteer sodra hulle ten volle bewus is van wat binne en rondom hulle gebeur. Terapie word so ingerig dat dit die nodige leiding gee om hierdie punt te bereik. Onverwerkte aspekte kom voor in onuitgedrukte emosies, byvoorbeeld pyn, haat, angs en 'n skuldbesef. Dit lei daartoe dat die persoon vermyding toepas ten einde hierdie onverwerkte aspekte te ontduik , wat tot gevolg het dat dit die moontlikheid van groei by die persoon in die wiele ry. Met terapie word dan deur die verskillende vlakke gewerk totdat meer aanpasbare gedrag bewerkstellig is.

**Adolessent in 'n egskeidingsituasie**: Groenewald (1997:1-82) bespreek die gestalt-spelterapie met die adolessent in 'n egskeidingsituasie. Sleutelbegrippe wat deurgewerk word, is: adolessent; egskeiding; rouproses; spelterapie; verlies; aggressie en droefheid. Hy wys op die invloed wat egskeiding op die adolessent het en hoedat dit deurgewerk kan word.

Human (1992:1-94) wys op die invloed van **die vader se periodieke afwesigheid op die opvoedingsdinamiek**. Eers wys sy op die rol van die

vader in die gesin - as gesinshoof; as broodwinner; as gesagsfiguur; as godsdiensleier en as sekuriteitsfiguur. Tweedens wys sy op die rol van die vader in die lewe en opvoeding van die kind - deur al die ouderdoms- en ontwikkelingsfases heen, en sy wys op die negatiewe uitwerking wat die afwesigheid van die vader meebring ten opsigte van sy invloed op die lewe van die kind.

Dit is dus belangrik vir sy funksionering dat 'n beradingsentrum moet rekening hou met die Psigologie en hoe dit toegepas kan word om die gedrag van die mens in 'n huwelik en gesinsituasie te begelei, te verander of te genees.

## 3.4 Gevolgtrekkings

### 3.4.1 Ten opsigte van die Sosiologie

Uit die vroeëre bespreking van die rol van die Sosiologie blyk dit dus duidelik dat die Sosiologie as wetenskap veel kan bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die mens in sy omstandighede beter te begryp en dit onderrig 'n mens ten opsigte van watter invloed sosiale verhoudings op mense se gesindhede en optredes het.

**In die eerste plek in 'n gemeenskap**: Op hierdie terrein bevind 'n mens hom vanaf geboorte in 'n sosiale omgewing met verskillende organisasies, norme, taal en kultuur en is hy toegerus met bepaalde biologiese en psigologiese eienskappe. Kultuur het te make met die verfyndheid van gedrag of die maniere van 'n persoon en is dinamies van aard, wat beteken dat dit voortdurend in 'n proses van verandering verkeer (Hawtin *et al.*, 1995:33).

Die sosiale en fisiese lewenswyse van 'n gemeenskap kan 'n persoon se gedrag op 'n positiewe of negatiewe wyse beïnvloed. Dit dra byvoorbeeld daartoe by dat persone op 'n georganiseerde en sistematiese wyse kan saamleef al kom daar ook onderlinge verskille voor.

Die Sosiologie as wetenskap lig 'n beradingsentrum in oor wat die jongste tendense in 'n gemeenskap is waarmee rekening gehou moet word. Enersyds wys dit die gevaar uit van die oorbeklemtoning van menseregte in die gemeenskap waar die individu die vryheid en reg vir hom wil opsie om op religieuse gebied te leef soos hy wil. Andersyds wys dit weer die gevaar uit van 'n tiranese neo – kapitalistiese vryemarkstelsel, waardeur die individu hom ekonomies sonder die hulp van God kan verryk.

**In die tweede plek in die kerklike gemeenskap**

Hier dui die Sosiologie aan dat godsdiens 'n universele karakter dra, wat 'n tweeledige verhouding impliseer, naamlik tussen die mens en God en daaruit voortvloeiend 'n verhouding tussen mens en mens. Die godsdiens vervul ook 'n funksie ten opsigte van die sosiale lewe in die handhawing van sosiale standaarde. Die Sosiologie as wetenskap het dus 'n belangrike deel van die teologiese opleiding uitgemaak, want die lewende kerk kan alleen sy roeping en opdrag vervul met die hulp van die Sosiologie.

Die Sosiologie dra dus baie daartoe by om 'n beradingsentrum te wys op wat die jongste tendense in 'n kerklike gemeenskap is waarmee rekening gehou moet word – die oorbeklemtoning van die individu se menseregte in die kerklike gemeenskap het ook tot gevolg het dat 'n mens hom die vryheid en reg wil toeëien om op religieuse gebied te leef en God te dien soos hy wil. Hy wil nie meer in 'n noue verhouding met die Here leef nie. Dit het 'n toenemende individualisering van die godsdiens tot gevolg wat dan lei tot 'n verdere proses van ontkerkliking en tot nuwe sosiale vorme van godsdienstigheid. Die gelowige het besonder passief geword en het min invloed in die gemeenskap op geestelike gebied. Omdat daar as gevolg van verskille in praktiese beleidsvrae binne die groot kerkgenootskap veel meer emosionele spanning en magskonflik is as ooit te vore bring dit heelwat verwarring by die individu mee.

**In die derde plek in die huwelik en gesin**

Op hierdie gebied onderrig die Sosiologie 'n mens in die eerste plek ten opsigte van wat 'n huwelik is en in die tweede plek wat 'n gesin of 'n familie

is – dit bestaan uit twee persone van die teenoorgestelde geslag wat deur die huwelik gebind is met hulle afhanklike kinders wat hieruit gebore is. Die Sosiologie dui duidelik aan dat dit baie moeilik is om 'n definisie vir 'n gesin saam te stel omdat die huwelik en gesinsopset van elke etniese groep verskil en onderskei tussen vyf breë gesinstipes: 'n Westerse gesin word beskou as 'n nukleêre gesin, naamlik pa, ma en kinders, terwyl die Afrika-stamme die uitgebreide gesin as die gesin beskou. Daar is nog die poligame gesin en die hersaamgestelde gesin.

Die Sosiologie wys daarop dat die benaming *familie* 'n sterker sosiologiese inslag het omdat bepaalde sosiale funksies aan die familie toegedig word, naamlik voortplanting; seksuele uitdrukking, sosialisering, status, ekonomiese samewerking, emosionele bevrediging en sosiale beheer. Die gesin weerspieël die waardes, houdings, gesindhede en styl van 'n bepaalde groep of kultuursituasie. Die gesin het 'n taak om die grondslag te lê van en die kind voor te berei vir sy inpas in die gemeenskap waarvan hy 'n lid is. Daarom moet hy onderrig word in godsdiens, geloof, norme en al die ander aspekte van die kultuur van die gemeenskap.

Die Sosiologie dra dus baie daartoe by om 'n beradingsentrum te wys op wat die jongste tendense in 'n huwelik en gesinslewe is waarmee rekening gehou moet word en wat in baie opsigte die huwelik of gesin disfunksioneel maak, naamlik:

- Modernisering en industrialisasie het die gesin kwesbaar gemaak en van sy funksies beroof. Vroeër was die familie verantwoordelik vir die volle opvoeding van die kind. Tans word die akademiese en seksuele opvoeding van die kind eerder aan die skool en kerk oorgelaat. Dit lei tot verswakte bande binne die gesin.
- Verstedeliking, behuisingsprobleme, die politieke stelsel gepaard met ekonomiese onderontwikkeling het veroorsaak dat daar veral onder die swart bevolking ander tipes gesinstrukture as die tradisioneel uitgebreide gesin ontstaan het, byvoorbeeld 'n multigenerasie-gesin.
- Werksomstandighede of 'n gejaagde lewe veroorsaak dat man en

vrou nie meer tyd saam deurbring nie. Hulle leef by mekaar en by die kinders verby.

- Ekonomiese verpligtinge beïnvloed die grootte van 'n gesin, Regstellende aksie bring mee dat sommige pa's nie meer 'n beroep beoefen nie. Dit het 'n veranderde uitkyk op die lewe van 'n gesin meegebring. Jongmense wil nie meer trou nie.
- Buite-egtelike verhoudings vernietig die huwelik en gesinslewe.
- Die emansipasie van die vrou veroorsaak dat die rol van man en vrou omgekeer raak. Dit het 'n voortdurende magstryd tussen man en vrou tot gevolg wat weer tot spanning in die huwelik en gesinslewe lei.
- Geweld en mishandeling binne die huwelik neem toe. Aggressie neem toe en veroorsaak heelwat stres en depressie.
- Egskeiding neem toe. Kinders word die ergste deur egskeidings geraak en maak voor, gedurende en na egskeiding alle fases van rousmart deur.
- Die enkelouer-situasie ontstaan as gevolg van óf die dood van een van die ouers óf weens egskeiding, en dit het baie probleme tot gevolg wat dinge vir 'n enkelouer-gesin baie kompliseer.
- Ongehude moeder: Sy is nooit getroud nie omdat die man nie bereid was om sy verantwoordelikheid te aanvaar nie. Dit het daartoe gelei dat hulle as enkelgesin gestigmatiseer is, wat moeilik deur die kind verwerk word.
- Hertrou en hersaamgestelde gesinne: Die man se kinders, die vrou se kinders en hulle gesamentlike kinders woon almal saam onder een dak. Spanning volg dus tussen die "blyhuis" en die "kuierhuis".
- Homoseksuele verhoudings en huwelike veroorsaak ook groot probleme, veral as hulle kinders het of mag aanneem ('n vader- of moederrol ontbreek dus).

'n Bybelse beradingsentrum kan uit die invloed wat gebroke huwelike en seksuele disoriëntasie op ouers en kinders het, baie leer om die mens in die huwelik of gesin beter te verstaan om sodoende sy funksie te kan vervul.

### 3.4.2 Ten opsigte van Kommunikasiekunde

Uit die vroeëre bespreking van die rol van Kommunikasiekunde blyk dit dus duidelik dat die Kommunikasiekunde as wetenskap sterk kan bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die mens se optrede in sy omstandighede, byvoorbeeld in die beïnvloeding in 'n gemeenskap, in 'n huwelik, in die gesin of in die kerk beter te leer ken en begryp namate hy inligting oor homself van die een na die ander oordra.

Kommunikasie bring mense nader aan mekaar, want dit is 'n gebeure waardeur een persoon probeer om die gedrag van 'n ander te beïnvloed, of dit is 'n medium wat uitsluitlik vir kennisoordrag bedoel is.

Daar word tussen vyf kommunikasievlakke onderskei, naamlik neutrale kontak; inligtingskontak; standpuntkontak; indieptekontak en beoordelende kontak.

Daar is heelwat elemente betrokke by kommunikasie, byvoorbeeld die sender en ontvanger. By enige vorm van kommunikasie is twee of meer persone betrokke. Die sender in 'n gemeenskap is die persoon of groepe wat die kommunikasiegebeure aan die gang sit en probeer om die handelswyse of denkrigting van die ander persoon (ontvanger) te beïnvloed. Die sender kan ook Maatskappytipes wees, byvoorbeeld ideologiese; demokratiese; outoritêre of religieuse tipes wat hulle met mediastelsels soos die radio, film, pers, televisie ensovoort in 'n gesproke en geskrewe vorm verbind. Die ontvanger of publiek ontvang en interpreteer die boodskap en reageer daarna daarop.

Beide die sender en die ontvanger bring onder andere die volgende met hulle mee wanneer hulle kommunikeer: eienskappe, motiewe, ervarings, verwysingsraamwerk, vermoë om te voel, gevoel van waarde, vrese, waardes, kultuur, onopgeloste emosionele pyn. Daar kan hierna verwys word as filters wat die kommunikasieproses beïnvloed, hetsy positief of negatief.

**In die eerste plek in 'n gemeenskap**

Hier word die belangrikheid van kommunikasie beklemtoon, want geen mens as gemeenskapswese kan sonder 'n basiese kennis daarvan funksioneer nie. Die menslike sintuie is voortdurend besig om prikkels te ontvang, te verwerk en daarop te reageer en die hele gebeure impliseer dus 'n proses van aksie en reaksie.

Die Kommunikasiekunde dra dus baie daartoe by dat 'n beradingsentrum sy funksie in 'n gemeenskap ten volle kan vervul deur te wys op wat die jongste tendense in 'n gemeenskap is waarmee rekening gehou moet word, naamlik die massa- en mediakommunikasie. Massakommunikasie is die oordrag van boodskappe deur middel van 'n medium aan 'n onpersoonlike groep mense. Hierdie massamedia is byvoorbeeld tydskrifte, boeke, televisie, die radio, video of 'n kombinasie van hierdie media. Eienskappe van die massamedia:

- Afstand: Die massamedium maak dit vir die sender moontlik om die boodskap ver buite die onmiddellike omgewing van die ontvanger te stuur.
- Beperkte sintuiglike aktivering: Die massamedia beperk die aantal sintuiglike kanale wat geaktiveer word om inligting oor te dra.
- Onpersoonlik: Massakommunikasie is in wese hoogs onpersoonlik. Deelnemers aan massakommunikasie ken mekaar dikwels geensins nie.
- Die "hekwagter"-konsep: Massakommunikasie benodig bykomende persone, instellings of organisatoriese groepe om die boodskap van die sender na die ontvanger oor te dra.

**In die tweede plek in 'n kerk/gemeenskap**

In die geesteswetenskappe speel kommunikasie as wetenskap 'n belangrike rol. Aangesien kommunikasie 'n sentrale begrip in beide die godsdiens en die kerk is, is dit nie vreemd dat die kommunikasiewetenskap toenemend invloed op die teologie uitoefen nie. By die gewone prediking in 'n gemeente is die sender en ontvanger persoonlik teenwoordig. Die

ontvanger in die kerk verskil van die ontvanger in 'n stadion of op 'n markplein, want in 'n kerkgebou bestaan daar nie die moontlikheid van wedersydse kommunikasie tussen sender en ontvanger nie - slegs van eensydige beïnvloeding. Die jongste tendense in die kommunikasiekunde met betrekking tot die kerk/gemeente waarmee 'n beradingsentrum rekening behoort te hou om goed te kan funksioneer is dat kommunikasie in die kerk die luisteraar ook via talle mediakanale kan bereik, byvoorbeeld eie filmproduksies en radiostasies om sodoende mense te bereik wat andersins nooit bereik sou gewees het nie; so ook die joernalistiek wat daartoe gelei het dat Kerkblaaie gepubliseer is. Die jongste tegnologie is dié waardeur wanneer die sender (prediker) visueel teenwoordig kan wees by 'n groep wat ook meebring dat 'n astronomiese aantal mense bereik kan word.

**In die derde plek in 'n huwelik en gesin**

Op hierdie terrein wys Kommunikasiekunde op die belangrikheid van kommunikasie in elke verhouding en dat dit positief of negatief op die verhouding inwerk, want die verhouding hang grotendeels af van die gesindhede van die persone wat met mekaar kommunikeer. Gesonde gesinsfunksionering begin volgens hierdie wetenskap by kommunikasie – dié belangrikste faktor: oop kommunikasie is die vrymoedigheid van lede om met mekaar te gesels en goeie luistervaardighede aan die dag te lê.

Ouers word gerespekteer weens hul voorbeeld. Die rol van die liefde is baie belangrik vir gesonde gesinsfunksionering soos dit tot uiting kom in ondersteuning, bystand, samewerking, erkenning aan gesinslede en tyd wat saam deurgebring word. So alleen kan hegte verhoudings onderhou en versterk en konflik bestuur word. 'n Bybelse beradingsentrum kan uit die invloed wat kommunikasie op gebroke huwelike en op ouers en kinders het, veel leer om die mens in die huwelik of gesin beter te verstaan om sodoende sy funksie te kan vervul.

### 3.4.3 Ten opsigte van die Psigologie

Uit die vroeëre bespreking van die rol van die Psigologie blyk dit dus duidelik dat die Psigologie as wetenskap veel kan bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die ervaringe van mense in 'n gemeenskap wat 'n bepaalde gedrag tot gevolg het, beter te begryp. Met gedrag word waarneembare gedrag soos praat, loop, die neem van besluite, veranderinge in gesigsuitdrukkings, gedagtes, gelowe, bedoelings, dagdrome en drome ingesluit. Kliniese Sielkunde leer ons hoe om 'n wye verskeidenheid gedragsprobleme te diagnoseer, byvoorbeeld abnormale gedrag, en hoe om dit deur middel van psigoterapie te behandel.

**In die eerste plek in 'n gemeenskap**

Op hierdie terrein dui die Psigologie as wetenskap aan wat gedoen kan word om die gehalte van menswees en psigologiese gesondheid te verbeter. Gemeenskapspsigologie is dus grootliks geleë in Psigologie maar ook geestesgesondheid, openbare gesondheid, psigiatrie, politiek, antropologie, geskiedenis, argeologie, omgewingstudies, sosiologie en ander terreine. Almal het egter 'n gemeenskaplike doel, naamlik om tot die daad oor te gaan om die lewensgehalte van die gemeenskap te verbeter.

Die Psigologie as wetenskap wys op ervarings van hoe slagoffers in die gemeenskap, byvoorbeeld geweld beleef, veral diegene wie se huise deur petrolbomme beskadig is. Daar word duidelik daarop gewys dat wanneer die Sielkunde gedrag verklaar, probeer dit aantoon hoe gedrag in verband staan met die faktore wat dit veroorsaak. Die Sielkundige kan, deur sy kennis toe te pas, gedrag beheer, byvoorbeeld by mense wat aan trauma blootgestel is. Hulle is dikwels maande of jare daarna nog gespanne en depressief, maar die simptome kan verlig word indien hulle die trauma verwerk.

Om sy funksie goed te kan vervul het 'n beradingsentrum baie van die Sielkunde te leer.

**In die tweede plek in die kerk/gemeenskap**

Die kerk vervul 'n besondere funksie in die lewe van die mens wanneer hy die emosionele spanninge wat hedendaagse lewensomstandighede meebring, bevredigend verlig. Die alledaagse lewe lewer talle situasies op wat die individu nie volkome kan begryp nie, en waarvan hy die betekenis nie behoorlik verstaan nie – op beroepsvlak, in sy verhouding tot sy medemens, op die vlak van die betekenis van die lewe self.

Die jongste tendense in die Psigologie met betrekking tot die kerk/gemeente waarmee 'n beradingsentrum rekening behoort te hou om goed te funksioneer, is dat, in die afgelope jare die term integrasie in Christelik psigologiese en teologiese kringe 'n algemeen bekende woord geword het. Menige debatte en gesprekke is gevoer oor die moontlikheid van die integrasie van geloof en psigologie. Nou kan holisties te werk gegaan en al die wetenskappe afsonderlik gebruik word om met die mens in sy geheel te werk, byvoorbeeld met depressie kan die Sielkunde, Mediese wetenskappe en Pastoraat elk op hul beurt benut word om met die mens te werk en hom tot genesing te lei.

**In die derde plek in 'n huwelik en gesin**

Hier wys die Psigologie daarop dat hedendaagse lewensomstandighede emosionele spanning by die mens teweeg bring, byvoorbeeld:

Stres/depressie wat 'n negatiewe invloed op die huwelik en gesinslewe het. Die oorsaak daarvan moet verstaan word voordat depressie behandel kan word.

- Kindermolestering: Dit beteken om iemand met geweld lastig te val Kruger (2000:10-40) en wys op die doel van die terapie. In hierdie geval val die klem op die hier-en-nou-gebeure en genoemde outeur gaan van die standpunt uit dat mense gelei moet word om self hul probleme te hanteer sodra hulle ten volle bewus is van wat binne in en rondom hulle gebeur. Terapie word so ingerig dat dit leiding gee om hierdie punt te bereik. Deur terapie word dan aandag aan

verskillende vlakke geskenk om 'n meer aanpasbare gedrag te bewerkstellig.

- Adolessent in 'n egskeidingsituasie: Die Psigologie wys op die uitwerking wat egskeiding op die adolessent het en hoedat dit deurgewerk kan word.

Human (1992:1-94) wys op die invloed wat die vader se periodieke afwesigheid op die opvoedingsdinamiek het. Eerstens word daar gewys op die rol van die vader in die gesin – as gesinshoof; as broodwinner; as gesagsfiguur; godsdiensleier en as sekuriteitsfiguur. Tweedens word daar gewys op die rol van die vader in die lewe en opvoeding van die kind – dit is deur al die ouderdoms- en ontwikkelingsfases heen en wys op die negatiewe uitwerking wat die afwesigheid van die vader meebring ten opsigte van sy invloed op die lewe van die kind.

Dit is dus belangrik vir sy funksionering dat 'n beradingsentrum rekening moet hou met die psigologie en hoe dit gebruik kan word om die gedrag van die mens in 'n huwelik en gesinsituasie te begelei, te verander of te genees.

## 3.5 Empiriese navorsing

### 3.5.1 Inleiding

Met empiriese navorsing word daar deur middel van ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktykteorie funksioneer (Leuschner, 2001:50). Heitink (1999:21) wys daarop dat die woord *empiries* afgelei is van die Griekse woord *empeira*, wat ervaring beteken. Empiriese ondersoeke is onlosmaaklik gekoppel aan teologiese teorieë, omdat laasgenoemde altyd beïnvloed word deur die mens se konteks waarin hy of sy teologiseer (Heystek, 2000:168). Hierdie konteks is die empiriese werklikheid (Heyns & Pieterse, 1990:73). Venter (1996:89-90) stel dit dat, deur middel van empiriese ondersoek, die praktyk en situasie ontleed word waarvoor 'n nuwe praktykteorie geformuleer moet word, op grond waarvan praktykteoreties dus nie resepmatigheid met die oog op die praktyk beteken nie, maar wel prakties-teologiese navorsing vanuit 'n bepaalde

teorie. Mouton en Marais (1989:196) wys egter daarop dat geen wetenskaplike gevolgtrekking konklusief deur empiriese navorsingsbevindinge bewys kan word nie. Die wetenskaplike is egter soms verplig om aannames wat bepaalde teorieë en metodologiese strategieë ten grondslag lê – en wat nie in die betrokke studie getoets word nie – as waar te aanvaar.

Janse van Rensburg (2007:2) stel dit duidelik dat empiriese navorsing 'n uitnodiging is om saam te dink, te praat en te korrigeer. Hy wys ook op watter invloed 'n paradigmaskuif op die navorsingsmetodologie uitoefen en maak die stelling dat, hoewel daar verklaar word dat navorsers enige aantal paradigmas kan toepas en dat nie een reg of verkeerd is nie, die aard van paradigmas dit duidelik maak dat paradigmas wat mekaar weerspreek, nie versoenbaar is nie (Janse van Rensburg, 2000:55-56). Voorbeelde hiervan is die posisionering by 'n postmoderne paradigma wat absolute waarheid verwerp, maar dan tog weer op 'n verabsoluterende wyse na die gesag van die Skrif verwys.

### 3.5.2 Doelwit

Die doelwit van die empiriese navorsing is om te bepaal of gelowiges verstaan watter rol/funksie 'n Bybelse beradingsentrum het in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Dit behels toerusting in berading; ouderling- en diakenamp en ook in kategese-onderrig.

### 3.5.3 Rasionaal

Die rasionaal agter die opstel van die vraelys was om die effek te bepaal wat 'n Bybelse beradingsentrum op die lewe van 'n gelowige in 'n gemeente en in 'n gemeenskap het.

### 3.5.4 Werkswyse

Drie verskillende vraelyste is saamgestel: eerstens 'n kwantitatiewe vraelys met die hulp van die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroom-

kampus van die Noordwes-Universiteit en tweedens twee kwalitatiewe vraelyste aan die hand waarvan indringende gesprek gevoer kon word, eerstens oor die rol van 'n Bybelse beradingsentrum in 'n gemeente en in 'n gemeenskap en in die tweede plek om vas te stel wat die motivering was vir die instel van 'n beradingsentrum.

3.5.4.1 'n Kwantitatiewe vraelys is in samewerking met prof. Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroom-kampus van Noordwes-Universiteit saamgestel, gepaard met 'n begeleidende brief aan:

- Persone wat die beradingskursus en/of ouderlinge-/diaken- en kategese-kursus deurloop het.
- Persone wat persoonlike berading ontvang het.
- Predikante wat via gemeentelede kennis dra van een of al die kursusse.

Hierdie kwantitatiewe vraelys bestaan uit drie onderafdelings met 'n totaal van 33 vrae. Algemene inligting (vraag 1-10); Omstandighede in die gemeente waar respondent tans 'n lidmaat is (vraag 11-29) en 'n afdeling oor persoonlike berading (vraag 30-33).

3.5.4.2 Aan die hand van twee vraelyste is 'n kwalitatiewe empiriese studie uitgevoer deur middel van onderhoude. Die eerste vraelys is opgestel om die uitwerking te bepaal wat 'n Bybelse beradingsentrum het op die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, terwyl die tweede vraelys opgestel is om vas te stel wat die motivering was vir die instel van 'n beradingsentrum en wat die sterk- en knelpunte was wat aanvanklik teëgekom is.

Die kerngroep met wie die eerste vraelys indringend bespreek is, het bestaan uit persone wat 'n beradingskursus by 'n Bybelse beradingsentrum deurloop het. (Voortaan sal na bogenoemde groep as B1 verwys word.) Dit sluit ook predikante in, om kwalitatief te bepaal wat die kursus - asook die funksie van 'n

Bybelse beradingsentrum - vir hulle in 'n gemeente en in 'n gemeenskap beteken. (Voortaan sal na die groep predikante as B2 verwys word.) Die kerngroep met wie die tweede vraelys indringend bespreek is, het bestaan uit beraders van ander beradingsentra wat van meet af aan met so 'n sentrum begin het en sal na verwys word as B3. Die ondersoek het gekonsentreer op persone binne die Noordwes-Provinsie, Gauteng en die Bloemfontein-area.

### 3.5.5 Respons

#### 3.5.5.1 Kwantitatiewe vraelys

##### 3.5.5.1.1 Statistiese verwerking en ontleding van data

3.5.5.1.1.1 Steekproefverteenwoordiging

| | | |
|---|---|---|
| Getal vraelyste uitgestuur | : | 80 |
| Getal response | : | 30 |
| Responskoers | : | 37.5% |
| Getal vraelyste verwerk | : | 30 |

**Gevolgtrekking**

Relatief swak responskoers. Dit is moontlik dat respondente nie gewillig is om hulle uit te spreek oor die aangeleentheid wat deur die vraelys onder die loep geneem is nie. Dit is ook moontlik dat respondente nie die inhoud van die vraelys verstaan of kan beantwoord nie.

3.5.5.1.1.2 Demografie

**ALGEMENE INLIGTING**

Vraag 1. Gemiddelde ouderdom van respondente: 43 jaar

Vraag 2. Geslag van respondente

| | | |
|---|---|---|
| Manlik | : | 42% |
| Vroulik | : | 50% |

Vraag 3. Gestasioneer

| | | |
|---|---|---|
| Platteland | : | 43% |
| Stad | : | 50% |

Vraag 4. Kerklike denominasie

Gereformeerde Kerk : 60%

NG Kerk : 36%

Ander : 04%

Vraag 5. Dien u in 'n amp?

Ja 43%; Nee 56%

Vraag 6. Ampte van respondente

Predikant : 28%

Ouderling : 09%

Diaken : 09%

Lidmaat (Amp van gelowige) : 54%

**Gevolgtrekking**

Hoewel die respondente oorwegend van die Gereformeerde kerke was en hulle gemiddelde ouderdom 43 jaar oud was, was dit verteenwoordigend van:

- die stedelike en plattelandse gemeentes,
- die manlike en vroulike geslag
- die lidmate en die wat in die een of ander amp staan.

**TOERUSTING**

| | |
|---|---|
| Vraag 7. Is u 'n lewende lidmaat | : 96% |
| Vraag 9. Is toerusting nodig om 'n lewende lidmaat te wees | : Ja 75%; Nee 21% |
| Vraag 10. Het u al toerusting ontvang | : Ja 93%; Nee 4% |

**OMSTANDIGHEDE IN DIE GEMEENTE WAAR RESPONDENT TANS 'N LIDMAAT IS**

Vraag 11. Volg die gemeente 'n spesifieke strategiese gemeenteprogram met betrekking tot die toerus van kerkraadslede en gemeentelede?

Volg wel spesifieke program : 57%

Volg nie spesifieke program nie : 39%

Vraag 13. Beskou u dit as 'n leemte in die gemeentestruktuur?
Dit is 'n leemte in die gemeentestruktuur : 35%
Dit is nie 'n leemte in die gemeentestruktuur nie : 35%

Vraag 14. Dink u dat dit belangrik is om 'n gemeente so toe te rus?
Ja 93%; Nee 7%

Vraag 15. Dink u die kerkraad is daartoe in staat om kerkraadstoerusting te behartig?
Ja 61%; Nee 25%

Vraag 16. Dink u die kerkraad is daartoe in staat om beradingstoerusting te behartig?
Ja 36%; Nee 57%

Vraag 17. Wie behoort sulke kursusse aan te bied?
Kerkraad : 07%
Beradingsentrum : 68%

Vraag 18. Sou u graag toegerus wou word as ouderling en/of diaken?
Ja ; 39%
Nee : 54%

Vraag 19. Sou u graag toegerus wou word ten opsigte van berading?
Ja : 93%
Nee : 04%

Vraag 20. Sou u graag toegerus wou word om diens te lewer in 'n ondersteuningsgroep?
Ja : 93%
Nee : 04%

Vraag 21. Het u al 'n beradingskursus deurloop?
Ja : 89%
Nee : 07%

**Gevolgtrekking**

96% van die respondente beskou hulle as lewende lidmate; het reeds toerusting ontvang en beskou toerusting as noodsaaklik.

Uit die antwoorde van die respondente blyk die volgende:

- 57% van die betrokke gemeentes het toerusting by hul gemeenteprogram ingewerk.
- 93% van die respondente beskou toerusting as baie noodsaaklik vir 'n gemeente.
- Terwyl 61% van die respondente meen dat 'n kerkraad kerkraadstoerusting kan behartig, meen 57% dat 'n kerkraad nie toerusting in berading kan behartig nie.
- 68% meen dat daar eerder van 'n beradingsentrum gebruik gemaak kan word om beradingstoerusting te behartig.
- 54% van die respondente wil graag in een van die ampte toegerus word, terwyl 93% in berading toegerus wil word om dan in 'n ondersteuningsgroep diensbaar te wees.

Vraag 22. Indien u wel 'n beradingskursus deurloop het:
22.1 Hoe was die inhoud van die beradingskursus? Gemiddeld 4%; Goed 32%; Baie goed 36%; Uitstekend 17%
22.2 Was dit opbouend en leersaam? Gemiddeld 4%; Goed 21%; Baie goed 36%; Uitstekend 25%
22.3 Wat was die stimulering wat u ontvang het van mede-kursusgangers? Gemiddeld 29 %; Goed 32%; Baie goed 25%; Uitstekend 4%
22.4 Is die aanbieding van die beradingskursus op georganiseerde wyse oorgedra? Gemiddeld 4%; Goed 21%; Baie goed 43%; Uitstekend 21%
22.5 Hoe was die koste in verhouding tot die inhoud van die Beradingskursus? Gemiddeld 7%; Goed 36%; Baie goed 32%; Uitstekend 11%

**Gevolgtrekking**

1. 53% van die respondente beskou die inhoud van die beradingskursus van baie goed tot uitstekend.
2. 61% beskou die kursus as opbouend en leersaam.
3. 29% het redelike stimulering van mede-kursusgangers ontvang.
4. 64% meen dat die kursus op georganiseerde wyse oorgedra is. (Goed tot uitstekend.)
5. 44% van die respondente meen dat die koste van goed tot uitstekend by die inhoud van die beradingskursus aangesluit het.

23. **Indien u wel 'n ouderling/diaken-toerustingskursus deurloop het:**
Wat is u evaluering van die betrokke modules in die toerustingskursus?
23.1 Hoe was die inhoud van die toerustingskursus? Goed 50%; Baie goed 25%; Uitstekend 25%
23.2 Was dit opbouend en leersaam? Goed 50%; Baie goed 25%; Uitstekend 25%
23.3 Wat was die stimulering wat u ontvang het van mede-kursusgangers? Goed 25%; Baie goed 50%; Uitstekend 25%
23.4 Hoe was die aanbieding van die toerustingskursus? Goed 50%; Baie goed 25%; Uitstekend 25%
23.5 Hoe was die koste in verhouding tot die inhoud van die toerustingskursus? Goed 25%; Baie goed 25%; Uitstekend 50%

**Gevolgtrekking**
Hoewel net vier van die respondente een van die toerustingskursusse deurloop het, was 2 van oortuiging dat die inhoud besonder opbouend en leersaam was, dat die aanbieding van baie goed tot uitstekend was en dat die koste in verhouding tot die inhoud ook van baie goed tot uitstekend was.

Vraag 24. Kon u die inhoud ná die kursus prakties toepas?
Ja : 72%
Nee : 11%
Vraag 25. Kon u dit in die gemeente toepas?
Ja : 57%
Nee : 25%
Vraag 27. Kon u dit in die gemeenskap toepas ?
Ja : 50%
Nee : 32%
Vraag29. Sal u ander aanbeveel om so toegerus te word?
Ja : 78%

**Gevolgtrekking**
72% van die respondente kon een of meer van die kursusse prakties toepas, waarvan 57% in 'n gemeente en 50% in die gemeenskap was. 78% beveel die kursus ook by ander aan om so toegerus te word.

**PERSOONLIKE BERADING** (30- 33)

30. Dink u gemeentelede het 'n behoefte aan berading buite die gemeente?
Ja : 72% 2. Nee : 18%

31. Dink u gemeentelede sou dit om vertroulikheidsredes vereis?
Ja : 75% 2. Nee : 18%

32. Indien u al berading ontvang het by 'n beradingsentrum:
Hoe evalueer u die berading wat u ontvang het?
32.1 Het dit u gehelp?
Stem nie saam : 10%; neutraal : 10%;
Ja : 50% ; Ja baie : 30%.

32.2 Was die berading dit wat u gehoop het om te ontvang?
Neutraal : 20%; Ja : 50%; Ja beslis : 30%

32.3 Was die berading Skrifgefundeer?
Ja : 40%; Ja beslis : 50%

32.4 Was die koste in verhouding tot die berading wat u ontvang het?
Nee : 9%; Neutraal : 33%; Ja : 22%; Ja beslis : 33%

33. Sal u andere van die berading vertel?
Ja 100% Nee

**Gevolgtrekking**
72% van die respondente meen dat gemeentelede behoefte het daaraan om berading om vertroulikheidsredes buite die gemeente te ontvang.
80% meen dat hulle van goeie tot baie goeie berading by 'n beradingsentrum ontvang het. Dit was wat hulle gehoop het om te ontvang.
90% van die respondente stel dit dat die berading Skrifgefundeer was.
55% meen dat die koste in verhouding was tot die berading wat hulle ontvang het.
100% dui aan dat hulle vir ander van die berading sal vertel.

### 3.5.5.2 Kwalitatiewe vraelyste

Vyftien onderhoude is aan die hand van die twee kwalitatiewe vraelyste gevoer.

Aan die hand van die eerste vraelys is onderhoude met sewe predikante (B2) in die bediening gevoer (van wie drie 'n beradingskursus deurloop het) en met vyf studente wat toerustingskursusse by 'n beradingsentrum deurloop het (B1). Daar is indringend gesprek gevoer oor roeping, toerusting en pastorale berading. Aan die hand van die tweede vraelys is onderhoude met drie beraders gevoer wat van grondvlak af met beradingsentra begin werk het (B3).

3.5.5.2.1 Uit die twaalf onderhoude aan die hand van die eerste vraelys het die volgende geblyk:

1. Dat, hoewel die meeste kerkrade in die eerste plek seker maak dat 'n lidmaat oor die nodige gawes beskik om diens in 'n betrokke amp te lewer, daar tog leemtes by sommige kerkrade voorkom omdat hulle nie voldoende lidmate het om in die besondere ampte te dien nie. By die meeste gemeentes word hulle ook daarin begelei en gewys op wat roeping beteken en behels (B1 en B2) en wel op die volgende wyse:
   - Die lidmaat word voortdurend deur die prediking daarop gewys dat hy/sy in die amp van gelowige diensbaar is as profeet, priester en koning (B1 en B2).
   - Daar word indringend gesprek gevoer oor wat roeping is, hoe God 'n persoon roep en bekwaam maak om die roeping op te volg (B2).
   - Heelwat kerkrade bied van tyd tot tyd geleenthede aan om ampsdraers toe te rus. Daar word dan van die plaaslike predikant of predikante van naburige kerkrade gebruik gemaak (B1 en B2).
2. Dat die meeste gemeentes nog ampsdraerkerke is volgens Efesiërs 4:11 en 12a en dat daar maar min van die algemene gawes volgens Efesiërs 4:12b en 13 voorkom. Dit is die grootste uitdaging vir elke gemeente om God se ideaal (Efes. 4:16) in die gemeente te verwesenlik, naamlik dat nie net ampsdraers nie, maar die hele gemeente sal saamwerk sodat die gemeente hom kan uitbou (B2).
3. Dat die meeste kerkrade die belangrikheid besef van toerusting in, onder andere, die ampte, kategese-onderrig en berading. Sommige kerkrade meen dat hulle opgewasse is om mense toe te rus, terwyl andere meen dat daar wel van 'n beradingsentrum gebruik gemaak kan word om mense onder toesig van die kerkraad toe te rus (B1 en B2).
4. Dat wat pastorale berading betref, daar 'n groot leemte bestaan omdat veral predikante, maar ook ampsdraers:

- nie in alle beradingsgevalle kan help nie – dat mense na professionele persone verwys moet word (B1); en
- nie altyd genoeg tyd het om opvolgwerk te doen nie (B1 en B2).

Nie alle lidmate wil probleme met 'n ampsdraer bespreek nie en soek elders hulp (B1).

Daarom is die meeste kerkrade van oortuiging dat lidmate na 'n Bybelse beradingsentrum verwys kan word om te help met berading in 'n gemeente (B1 en B2).

3.5.5.2.2 Uit die drie onderhoude aan die hand van die tweede vraelys het die volgende geblyk:

1. Die noodsaaklikheid om 'n beradingsentrum te begin, het toegeneem:
   - Met betrekking tot berading was daar 'n groot leemte. Die omvang van die nood uit jare se ondervinding noodsaak gedesentraliseerde beradingsentra. Die leraars van plaaslike gemeentes se hande behoort losgemaak te word van langtermynbegeleiding, in belang van Woordbediening (B3).
   - Met betrekking tot toerusting het dit 'n noodsaaklikheid geword. Al hoe meer gelowiges met 'n passie daarvoor om ander in nood te help toon belangstelling in Skrifgefundeerde toerusting met die oog op hulpverlening. Gelowiges uit alle beroepe en vakgebiede begin belang stel in 'n dieper vlak van innerlike heling. Toepaslike opleiding hierin raak toenemend 'n noodsaaklikheid (B3).
2. Die sterkpunte van 'n beradingsentrum
   - Met betrekking tot berading het dit belangrik geword dat professionele dienste in so 'n sentrum met 'n geskikte ligging in 'n stil omgewing wat maklik bereikbaar is, gelewer moet kan word. Daar behoort gesellige spreekkamers te wees met beraders wat vertroulik met die beradenes kan praat om die liefde van Jesus aan elke persoon te kan oordra, veral aan hulle wat gebroke is en baie seergekry het (B3).

- Met betrekking tot toerusting moet daar goed toegeruste lokale (multimedia), beligting en ventilasie wees; asook deeglik opgeleide dosente, 'n hartlike en vertrouensverhouding met studente, opleidingsmateriaal van hoë gehalte en verantwoordelike administrasie van studente-aangeleenthede en finansies (B3).

3. Die knelpunte van 'n beradingsentrum

- Met betrekking tot berading kom onkunde voor onder gemeentes rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum. Daar is ook 'n gebrek aan kanale vir die registrasie van 'n pastorale beradingsentrum. Daar word etlike jare lank reeds gepoog om beradingsentra en beraders te akkrediteer sodat hulle ook hul konsultasies van die mediese fondse kan eis (B3).
- Met betrekking tot toerusting kom daar ook onkunde onder gemeentes voor rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum. Daar is ook 'n gebrek aan nasionale akkreditering van gesaghebbende opleidingsmateriaal van hoë gehalte B3).

4. 'n Beradingsentrum se doeltreffendheid kan op die volgende wyses verhoog word:

- Met betrekking tot berading kan goeie verhoudings met hulpverleningsinstansies en ook met alle Christelike denominasies in die gemeenskap uitgebou word. Voortgesette opleiding van beraders kan toeneem omdat die aanvraag wel bestaan. Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur (B3).
- Met betrekking tot toerusting kan maksimale toerustingsgeleenthede vir dosente en fasiliteerders aangebied word, byvoorbeeld die verhoging van dosente se verhoudingsvaardighede en opleidingsmetodiek, wat 'n belangrike vereiste is. Die jongste tegnologiese toerusting vir oudiovisuele leer kan

geïmplementeer word en toerusting in ervaringsleer-vaardighede kan toeneem (B3).

## 3.6 Samevatting

Die empiriese navorsing het die volgende perspektiewe na vore gebring wat vir die res van die studie van belang is.

### 3.6.1 Wat die kwantitatiewe betref

1. Hoewel die responskoers relatief swak, die respondente oorwegend van die Gereformeerde Kerke en hulle gemiddelde ouderdom 43 jaar was, was dit verteenwoordigend van:
   - die stedelike en plattelandse gemeentes,
   - die manlike en die vroulike geslag,
   - die lidmate en ampsdraers.
2. Hoewel 96% van die respondente hulle as lewende lidmate beskou, en reeds toerusting ontvang het omdat hulle dit as noodsaaklik beskou het, het net 57% van die gemeentes toerusting by hul gemeenteprogram ingewerk.
3. Hoewel 61% van die respondente meen dat 'n kerkraad gemeentetoerusting kan behartig, meen 68% dat daar eerder van 'n beradingsentrum gebruik gemaak behoort te word om beradingstoerusting te behartig.
4. Hoewel 53% van die respondente graag in een van die ampte toegerus wil word, wil 94% in berading toegerus word sodat hulle in 'n ondersteuningsgroep diensbaar kan wees.
5. Terwyl meer as 50% van die respondente die inhoud van die beradingskursus bogemiddeld, opbouend en leersaam gevind het, meen 44% dat die koste van die beradingskursus van goed tot uitstekend by die inhoud aangepas het.
6. Die inhoud van die toerustingskursus was volgens twee uit die vier respondente ook besonder opbouend en leersaam en die koste in verhouding tot die inhoud daarvan ook baie goed tot uitstekend.

7. 72% van die respondente kon een of meer van die kursusse prakties in 'n gemeente en in 'n gemeenskap toepas. 78% van die respondente beveel die kursusse ook by ander aan.
8. Wat persoonlike berading betref, meen 72% van die respondente dat gemeentelede behoefte het daaraan om berading om vertroulikheidsredes buite die gemeente te ontvang. 80% van hulle meen dat hulle van goeie tot baie goeie berading by 'n beradingsentrum ontvang het, dat dit Skrifgefundeer was en dat hulle vir ander daarvan sal vertel.

### 3.6.2 Wat die kwalitatiewe betref

3.6.2.1 Uit die twaalf onderhoude aan die hand van die eerste kwalitatiewe vraelys blyk die volgende:

1. Dat, hoewel die meeste kerkrade eers seker maak dat 'n lidmaat oor die nodige gawes beskik om in 'n betrokke amp diens te lewer en hom wel op verskillende wyses daarin toerus as hy daartoe geroep word (B1 en B2), daar tog leemtes by sommige kerkrade voorkom omdat hulle nie voldoende lidmate het om in die besondere ampte te dien nie.
2. Dat die meeste gemeentes, hoewel hulle nog ampsdraerkerke is, tog daarna streef om God se ideaal (Efes. 4:16) in die gemeente te verwesenlik, naamlik dat nie net ampsdraers nie, maar die hele gemeente moet saamwerk sodat die gemeente hom kan uitbou (B2).
3. Dat die meeste kerkrade die belangrikheid besef van toerusting in, onder andere, ampsvervulling, kategese-onderrig en berading, en hoewel sommige kerkrade meen dat hulle daarvoor opgewasse is om mense self toe te rus, meen ander dat daar wel van 'n beradingsentrum gebruik gemaak kan word om mense onder toesig van die kerkraad toe te rus (B1 en B2).
4. Dat wat pastorale berading betref, daar 'n groot leemte voorkom omdat veral predikante, maar ook ampsdraers,
   - nie in alle beradingsgevalle kan help nie – hulle moet mense na professionele persone verwys (B1).

- nie altyd genoeg tyd het om opvolgwerk te doen nie (B1 en B2).

Andersyds wil nie alle lidmate hul probleme met 'n ampsdraer bespreek nie en soek elders hulp (B1), byvoorbeeld by 'n Bybelse beradingsentrum, en kan dus ook daarna verwys word (B1 en B2).

3.6.2.2 Uit die drie onderhoude aan die hand van die tweede kwalitatiewe vraelys het die volgende geblyk:

1. Die noodsaaklikheid om 'n beradingsentrum in te stel het toegeneem, want terwyl die nood enersyds toeneem, is daar al hoe meer gelowiges met 'n passie daarvoor om ander in nood te help en wat vra na Skrifgefundeerde toerusting (B3).
2. Die sterkpunte van 'n beradingsentrum was dat, met betrekking tot berading enersyds en toerusting andersyds, dit belangrik geword het dat professionele dienste gelewer moet word (B3).
3. Die knelpunte van 'n beradingsentrum is dat daar met betrekking tot berading en toerusting onkunde onder gemeentes voorkom rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum. Daar is ook 'n gebrek aan nasionale akkreditering van beradingsentra en beraders (B3).
4. Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum kan op die volgende wyses verhoog word:
   - Met betrekking tot berading kan goeie verhoudinge met hulpverleningsinstansies en ook met alle Christelike denominasies in die gemeenskap uitgebou word. Voortgesette opleiding van beraders kan toeneem omdat die aanvraag bestaan. Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur (B3).
   - Met betrekking tot toerusting kan maksimale toerustingsgeleenthede vir dosente en fasiliteerders aangebied word, byvoorbeeld in verhoudingsvaardighede en opleidingsmetodiek en die jongste tegnologie in toerusting kan geïmplementeer word (B3).

## 3.7 Metateoretiese perspektiewe uit naasliggende wetenskappe en empiriese navorsing

Op grond van bogenoemde literatuurstudie van ander hulpwetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde en die kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie aan die hand van vraelyste kan duidelik gesien word watter lig dit werp en watter uitwerking dit het op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

Die volgende metateoretiese beginsels word geformuleer en geherorganiseer wat van belang is vir die res van die studie:

3.7.1 Die Sosiologie as wetenskap kan veel bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die mens in sy omstandighede beter te begryp en te wys op watter invloed sosiale verhoudinge op mense se gesindhede en optredes in 'n gemeenskap, 'n gemeente 'n huisgesin en in 'n huwelik het. Dit wys ook op die jongste tendense in die gemeenskap, die gemeente, die huwelik en gesin waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou.

3.7.2 Die Kommunikasiekunde as wetenskap kan heelwat bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die mens se optrede in sy omstandighede, byvoorbeeld in die beïnvloeding in 'n gemeenskap, in 'n kerk, in 'n huwelik of in 'n gesin beter te leer ken en begryp namate hy inligting oor homself van die een na die ander oordra. Dit wys ook op die jongste tendense op die gebied waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om goed te kan funksioneer.

3.7.3 Die Psigologie as wetenskap kan 'n besondere bydrae lewer tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die ervaringe van mense in 'n gemeenskap, in 'n gemeente of in 'n huwelik of gesin wat bepaalde gedragsuitinge tot gevolg het, beter te begryp. Dit wys ook op die jongste tendense op

die gebied waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om goed te kan funksioneer.

3.7.4 Hoewel die meeste kerkrade eers seker maak dat 'n lidmaat oor die nodige gawes beskik om in 'n betrokke amp diens te lewer en hom wel op verskillende wyses daarin toerus as hy daartoe geroep word (B1 en B2), kom daar tog leemtes by sommige kerkrade voor omdat hulle nie voldoende lidmate het om in die besondere ampte te dien nie. Hulle moet dus enigiemand gebruik wat beskikbaar is.

3.7.5 Aangesien die meeste gemeentes nog ampsdraerkerke is, is toerusting in onder andere gemeentewerk, ampsvervulling, kategese-onderrig en berading dringend noodsaaklik, want daar is 'n behoefte daaraan, en hoewel sommige kerkrade meen dat hulle daarvoor opgewasse is om toerusting te behartig, meen andere dat daar wel van 'n beradingsentrum gebruik gemaak kan word om toerusting onder toesig van die kerkraad te behartig.

3.7.6 Aangesien daar 'n groot leemte in pastorale berading van lidmate bestaan omdat veral predikante, maar ook ampsdraers in sekere gevalle, van professionele persone gebruik maak, enersyds aangesien genoeg tyd en voldoende kennis ontbreek en andersyds omdat lidmate om vertroulikheidsredes meer vrymoedigheid het om met 'n buitestander, byvoorbeeld 'n berader in 'n beradingsentrum, te praat, want hulle meen dat hulle ook daar baie goeie Skrifgefundeerde berading ontvang.

3.7.7 Die noodsaaklikheid vir 'n beradingsentrum het toegeneem weens die omvang met betrekking tot berading en toerusting. Terwyl die nood enersyds toeneem, is daar al hoe meer gelowiges met 'n passie daarvoor om ander in nood te help en wat vra na Skrifgefundeerde toerusting.

3.7.8 Die sterkpunte van 'n beradingsentrum is dat, met betrekking tot berading enersyds, dit belangrik geword het dat professionele dienste vertroulik in gesellige spreekkamers gelewer moet word. Andersyds dat, met betrekking tot toerusting, daar goed toegeruste lokale, beligting, ventilasie, deeglik opgeleide dosente, hartlike en vertrouensverhouding met studente, opleidingsmateriaal van hoë

gehalte en so ook verantwoordelike administrasie van studente-aangeleenthede en finansies moet wees.

3.7.9 Die knelpunte van 'n beradingsentrum

Met betrekking tot berading en toerusting bestaan daar onkunde onder gemeentes rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum. Daar word enersyds etlike jare lank reeds gepoog om beradingsentra en beraders te akkrediteer sodat hulle ook hul konsultasies van die mediese fondse kan eis, en andersyds is daar ook 'n gebrek aan nasionale akkreditering van gesaghebbende en opleidingsmateriaal van hoë gehalte.

3.7.10 Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum kan op die volgende wyses verhoog word as daar met betrekking tot berading enersyds goeie verhoudinge met hulpverleningsinstansies en ook met alle Christelike denominasies in die gemeenskap uitgebou kan word. Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur. Met betrekking tot toerusting, andersyds, kan maksimale toerustingsgeleenthede vir dosente en fasiliteerders aangebied word, byvoorbeeld in verhoudingsvaardighede en opleidingsmetodiek en dat die jongste tegnologie in toerusting geïmplementeer kan word.

# HOOFSTUK 4

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE FUNKSIE VAN 'N BYBELSE BERADINGSENTRUM

## 4.1 Inleiding

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat bepalend is vir die metode van hierdie navorsing (vgl. 1.5), hou onder andere in dat tussen basisteorieë in die Praktiese Teologie onderskei word. In Hoofstuk 2 (vgl. 2.1) van hierdie studie is basisteorieë uit die Bybelse beginsels met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum geformuleer in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Voorts is in hoofstuk 3 metateorieë uit literatuurstudies van ander wetenskappe, byvoorbeeld die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde en empiriese navorsing gevorm. In Hoofstuk 4 word die resultate uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking georden, met die oog op die formulering van praktykteoretiese riglyne. 'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk vanuit 'n bepaalde teorie behoort te funksioneer (Venter, 1996:89, 90).

## 4.2 Doelstelling

In hoofstuk 4 word die primêre doelstelling van die navorser, naamlik om deur 'n kritiese sintese van die gegewens (vgl. 4.1) 'n praktykteorie te ontwerp oor hoe 'n Bybelse beradingsentrum in die praktyk kan funksioneer in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

## 4.3 Werkplan

In die praktyk moet 'n plan uitgewerk word hoedat 'n Bybelse beradingsentrum sy funksie kan vervul deur gelowiges toe te rus vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap/samelewing.

### 4.3.1 'n Praktykteorie sal op die volgende wyse ontwerp word:

Die klem sal in die eerste plek val op berading, wat volgens die sesde basisteorie een van die funksies van 'n beradingsentrum is (vgl. hfst. 2, 2.5.9.6; hfst. 4, 4.6).

In die tweede plek word gekonsentreer op toerusting, wat volgens die vyfde basisteorie 'n verdere hooffunksie van 'n beradingsentrum is (vgl. hfst. 2, 2.5.9.5; hfst. 4.7). Die belangrikheid van toerusting raak die roeping van gelowiges wat so toegerus behoort te word dat hulle in al die fasette van die lewe hulle roeping in 'n gemeente en gemeenskap kan vervul. Metateoreties word die toerusting belig vanuit die ander literatuurstudies en empiriese studie daarby uit te kom om praktykteoretiese riglyne aan te dui.

In die derde plek word gekonsentreer op die doel van toerusting wat volgens die eerste vier basisteorieë die belangrikste rede aandui waarom elke gelowige toerusting behoort te ontvang (vgl. hfst. 2, 2.5.9.1–2.5.9.4; hfst. 4.8). Genoemde basisteorieë handel oor die roeping, identiteit, taak en doel onderskeidelik van die gelowiges in die gemeente en in 'n gemeenskap.

In die vierde plek word duidelik uiteengesit hoedat 'n beradingsentrum in die praktyk geïmplementeer kan word (4.10).

In die studie is reeds tot die volgende bevindinge geraak:

## 4.4 Basisteoreties

Die volgende basisteoretiese riglyne het in hoofstuk 2 na vore gekom:

4.4.1 Die kerk is 'n vergadering van gelowiges, geroepenes van die Here wat Hy met 'n doel saamgeroep het, naamlik om Hom alleen te dien en eer en om in 'n gemeenskap van gelowiges in liefde saam te werk tot eer van die Here (vgl. hfst.2, 2.5.9.1).

4.4.2 Die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie, kom tot volle uiting wanneer elke gelowige sy genadegawes aanwend om die eenheid van die kerk te dien en op te bou binne die ruimte wat God tot stand gebring (vgl. hfst. 2, 2.5.9.2).

4.4.3 Die eenheidsband met Christus as Hoof word praktyk wanneer die liefde die band tussen gelowiges verstewig binne die ruimte van 'n gemeenskap wat God as liggaam van Christus tot stand gebring (vgl. hfst. 2, 2.5.9.3).

4.4.4 Roeping kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer. God roep nie net en maak bekwaam nie, Hy gee ook gawes – gawes om gemeentes toe te rus, maar ook gawes om mekaar aan te vul sodat die eenheid van Christus tot volle wasdom kan groei in die proses waardeur elkeen die Here voluit (optimaal) in die gemeente dien (vgl. hfst. 2, 2.5.9.4).

4.4.5 God gebruik die besondere dienste wat deur die Hoof van die kerk toegerus is, om sy gemeente toe te rus en te bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. hfst. 2, 2.5.9.5).

4.4.6 Bybelse berading pas die waarheid vanuit God se Woord konkreet toe op iemand se probleem sodat daar verandering, groei, heling en herstel kan kom en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot aksie kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef (vgl. hfst. 2, 2.5.9.6).

Die resultaat sal dan wees: 'n Gemeente wat kom tot geloofseenheid (Efes. 4:13, 16); tot geestelike volwassenheid (Efes. 4:13; 1 Kor. 3; Hebr.); tot kennis van die Seun van God (Efes. 4:13). So alleen kan Christus as die Hoof en lewensbron van die kerk sy liggaam as 'n eenheid laat lewe binne die ruimte wat God tot stand gebring het en vandaar kan hulle na buite in die gemeenskap/samelewing werk.

## 4.5 Metateoreties

In Hoofstuk 3 is metateoretiese perspektiewe uit literatuurstudies oor ander wetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde en die empiriese navorsing gevorm oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

Op grond van bogenoemde literatuurstudie van genoemde naasliggende wetenskappe, en die kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese navorsing aan die hand van vraelyste, kan afgelei word watter lig dit werp en watter uitwerking dit het op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

Die volgende metateoretiese perspektiewe is geformuleer en geherorganiseer:

4.5.1 Die Sosiologie as wetenskap kan 'n bydrae lewer tot die goeie funksionering van 'n Beradingsentrum (vgl. hfst. 3, 3.3.1), want dit stel die berader in staat om die mens in sy omstandighede beter te begryp en dit wys op watter invloed sosiale verhoudings op mense se gesindhede en optredes in 'n gemeenskap, in 'n gemeente, in 'n huisgesin en in 'n huwelik het. Dit wys ook op die jongste tendense in die gemeenskap, die gemeente, die huwelik en gesin waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou.

4.5.2 Die Kommunikasiekunde as wetenskap kan heelwat bydra tot die goeie funksionering van 'n Beradingsentrum (vgl. hfst. 3, 3.3.2), want dit stel die berader in staat om die mens se optrede in sy omstandighede, byvoorbeeld in die beïnvloeding in 'n gemeenskap, in 'n kerk, in 'n huwelik of in 'n gesin beter te leer ken en begryp namate hy inligting oor homself van die een na die ander oordra. Dit wys ook op die jongste tendense in kommunikasiekunde waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om goed te kan funksioneer.

4.5.3 Die Psigologie as wetenskap kan veel bydra tot die goeie funksionering van 'n Beradingsentrum (vgl. hfst. 3, 3.3.3), want dit stel die berader in staat om die ervaringe van mense in 'n gemeenskap, in 'n gemeente of in 'n huwelik of gesin wat 'n bepaalde gedrag tot gevolg het, beter te begryp. Dit wys ook op die jongste tendense in die psigologie waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om goed te kan funksioneer.

4.5.4 Uit die empiriese navorsing het die volgende geblyk (vgl. hfst. 3, 3.5).

4.5.4.1 Nie alle kerkrade maak seker dat lidmate oor die nodige gawes beskik alvorens hulle tot 'n amp geroep word nie, en hulle word ook nie daarin begelei en gewys op wat roeping beteken en behels nie.

4.5.4.2 Aangesien die meeste gemeentes nog ampsdraerkerke is, is toerusting in onder andere gemeentewerk, ampsvervulling, kategese-onderrig en berading dringend noodsaaklik, want daar is 'n behoefte daaraan, en hoewel sommige kerkrade meen dat hulle opgewasse is daarvoor om mense toe te rus, meen andere dat daar wel van 'n beradingsentrum gebruik gemaak kan word om mense onder toesig van die kerkraad toe te rus.

4.5.4.3 Daar bestaan 'n groot leemte met betrekking tot deeglike pastorale berading van lidmate en daarom maak sommige predikante, maar ook ampsdraers van professionele persone gebruik. Dit gebeur enersyds aangesien genoeg tyd en voldoende kennis ontbreek en andersyds omdat lidmate om vertroulikheidsredes meer vrymoedigheid het om met 'n buitestander, byvoorbeeld 'n berader in 'n beradingsentrum te praat, want hulle meen dat hulle daar ook baie goeie Skrifgefundeerde berading ontvang.

4.5.4.4 Die noodsaaklikheid vir 'n beradingsentrum het toegeneem, want die omvang van Skrifgefundeerde berading en toerusting maak kundige hantering 'n noodsaaklikheid. Terwyl die nood aan die een kant toeneem, is daar al hoe meer gelowiges met 'n passie

daarvoor om ander in nood te help en wat behoefte het aan Skrifgefundeerde toerusting.

4.5.4.5 Die sterkpunte van 'n beradingsentrum met betrekking tot berading is dat dit aan die een kant belangrik geword het dat professionele dienste vertroulik gelewer kan word in gesellige spreekkamers, en aan die ander kant dat, met betrekking tot toerusting, daar goed toegeruste lokale, beligting en ventilasie, moet wees, asook deeglik opgeleide dosente, 'n hartlike en vertrouensverhouding met studente, opleidingsmateriaal van hoë gehalte en verantwoordelike administrasie van studente-aangeleenthede en finansies moet wees.

4.5.4.6 Die knelpunte van 'n beradingsentrum:

Met betrekking tot berading en toerusting kom daar onkunde onder gemeentes voor rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum. Daar word ook etlike jare lank reeds gepoog om beradingsentra en beraders te akkrediteer sodat hulle ook hul konsultasies van die mediese fondse kan eis. Daar is ook 'n gebrek aan nasionale akkreditering van gesaghebbende opleidingsmateriaal van hoë gehalte.

4.5.4.7 Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum kan op die volgende wyses verhoog word as daar met betrekking tot berading enersyds goeie verhoudinge met hulpverleningsinstansies en ook met alle Christelike denominasies in die gemeenskap opgebou kan word. Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur. Met betrekking tot toerusting andersyds, kan maksimale toerustingsgeleenthede vir dosente en fasiliteerders aangebied word, byvoorbeeld in verhoudingsvaardighede en opleidingsmetodiek. Die jongste tegnologie in toerusting kan ook geïmplementeer word.

## 4.6 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van Berading

### 4.6.1 Inleiding

Pastorale berading wil praktykteoreties gerig wees deur 'n meer probleemgesentreerde asook gestruktureerde vorm van hulpverlening en gesprek aan te neem met die oog op professionele hantering van gelowiges se probleme en konstruktiewe geloofsgroei. Pastorale berading is daarop ingestel om die meer akademies-georiënteerde teorie rakende die terapeutiese hantering van menswees en persoonlikheid binne die raamwerk van die gemeentebediening toe te pas (Louw, 1997(a):309).

Uit die empiriese studie het dit geblyk dat dit in plaaslike gemeentes wat berading betref nie so goed gaan nie, want predikante en ampsdraers beskik nie noodwendig oor die vaardigheid om berading te doen nie. Hulle het ook nie altyd die tyd om opvolgwerk te doen nie. Bogenoemde redes is ook die oorsaak daarvan dat baie lidmate nie die vrymoedigheid het om na 'n predikant of ampsdraer vir beradingshulp aan te klop nie (vgl. hfst. 3, 3.5.5.2 pt 4). Navorser wil in hierdie studie aantoon dat daar in sulke gevalle eerder van 'n bron van kundigheid, naamlik 'n berader in 'n beradingsentrum, gebruik gemaak behoort te word. Op so 'n wyse kan 'n beradingsentrum van hulp wees deur sy funksie in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te vervul.

### 4.6.2 Wat is Pastorale Berading?

Pastorale berading is 'n proses, gegrond op die Heilige Skrif, met verskillende mikpunte in die oog (vgl. hfst. 2, 2.5.7.2):

Die eerste mikpunt is om te kommunikeer en te vertolk, maar dit kan ook 'n pastoralegesprek (vlg. Paulus παρακαλοῦντος wees om die beradene te bemoedig (vgl. 2 Kor. 1:3, 4) of 'n geleentheid om die Woord te bedien.

Venter (1988:32) wys daarop dat Paulus die gesprek verbind aan die versoeningswerk van Jesus Christus (vgl. hfst. 2, 2.5.7.2) en dat dit die eiesoortigheid van die pastorale gesprek beklemtoon:

- Dit gaan in die pastoraat daarom om volgens 2 Timoteus 3: 16 en 17, verandering, groei, heling en herstel teweeg te bring, want in die lig van die Skrif word dwalinge bestry, verkeerdhede reggestel en 'n regte lewenswyse gekweek (vgl. 4.6.5, beradingsmodel). Die doel is dan ook om 'n persoon te lei om optimaal vir God te leef (vgl. ook Louw, 1997(a):309); hfst. 2, 2.5.7.2). Dit gaan dus om die ontwikkeling van 'n pastorale sensitiwiteit en die verdieping van die pastorale verstaansproses.
- Pastorale berading is eerder onderlinge versorging van en onderlinge liefde tussen gelowiges binne die koinonia (Louw, 1997:26) en het pastorale sorg ten doel wat nie bloot gerig is op die mens se innerlike, psigiese lewe nie, maar op die geestelike versorging van die totale mens (Louw, 1997(a):27).
- Pastorale berading is 'n helpende verhouding waar die pastor, deur middel van 'n reeks gestruktureerde onderhoude die beradenes begelei tot groei en sinsontdekking. Die doelwit is geloofsontwikkeling en die bou van 'n christelike spiritualiteit (Louw, 1997(a):309).
- Pastorale berading beoog geloofshulp wat lewenshulp word deur die Heilige Gees wat die ganse lewe heilig (Louw, 1997(a):57). Dit is die hulp wat 'n berader vanuit die Skrif aan 'n ander persoon gee en wat gerig is op 'n sonde in iemand se lewe, 'n worsteling in die geloof of op die verwerking van swaarkry. Bybelse berading pas die waarheid vanuit God se Woord konkreet toe op iemand se probleem sodat daar verandering, groei, heling en herstel kan kom en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef (vgl. hfst.2, 2.5.9.6; Eyrich & Hines, 2002:66 e.v.).

Pastorale berading is dus hoogs gespesialiseerd en kan nie sommer deur enigiemand gedoen word nie. 'n Berader as spesialis maak dus gebruik van ander naasliggende wetenskappe, byvoorbeeld die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde, want elke wetenskap werp meer lig op die beradene om hom/haar beter te verstaan en te begryp. Die berader moet alles menslik moontlik doen om hom in die skoene van die beradene te plaas om hom in sy omstandighede te verstaan en hom dan vanuit hierdie posisie te help.

Die hulp wat die Sosiologie as wetenskap bied is dat dit die berader wys op watter invloed sosiale verhoudings op mense se gesindhede en optrede in 'n gemeenskap, in 'n gemeente, in 'n huisgesin en in 'n huwelik het (vgl. hfst. 3, 3.3.1). Kommunikasiekunde as wetenskap (vgl. hfst. 3, 3.3.2), stel weer die berader in staat om die beradene se optrede in sy omstandighede, byvoorbeeld in die beïnvloeding in 'n gemeenskap, in 'n kerk, in 'n huwelik of in 'n gesin beter te leer ken en begryp namate hy inligting oor homself van die een na die ander oordra. Die Psigologie as wetenskap (vgl. hfst. 3, 3.3.3) stel op sy beurt weer die berader in staat om die ervaringe van mense in 'n gemeenskap, in 'n gemeente of in 'n huwelik of gesin wat 'n bepaalde gedrag tot gevolg het, beter te begryp.

Al drie hierdie wetenskappe wys ook op die jongste tendense op hul bepaalde gebiede waarmee 'n berader rekening moet hou om die beradene werklik te verstaan sodat hy/sy gehelp kan word.

Pastorale berading is dus professionele diens.

Uit die empiriese navorsing (vgl. 3.5.5.2.1) het dit geblyk dat wat pastorale berading betref, daar 'n groot leemte bestaan omdat veral predikante, maar ook ampsdraers, nie oor die vaardighede beskik nie, want hulle kan aan die een kant nie met alle beradingsgevalle help nie en moet beradenes na professionele persone verwys (B1). Aan die ander kant beskik hulle nie altyd oor genoeg tyd om opvolgwerk te doen nie (B1 en B2).

Daarbenewens is dit ook 'n feit dat nie alle lidmate by 'n ampsdraer aanklop om oorprobleme te praat nie en soek elders hulp (B1). Sommige lidmate

het om vertroulikheidsredes meer vrymoedigheid om met 'n buitestander, byvoorbeeld 'n berader, te praat (vgl. 3.5.5.2.1 punt 4). Hierdie leemtes moet onder die loep geneem word.

Spesialiteitsdiens is dus nodig: 'n Lidmaat/gelowige moet vanuit die Skrif begelei word in sy/haar probleem sodat verandering, groei, heling en herstel kan plaasvind en die persoon daardeur getroos word, moed kan skep en kan ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef (vgl. hfst. 2, 2.5.9.6).

Die kerkraad kan dan as 'n hulp uit 'n bron van kundigheid, byvoorbeeld 'n beradingsentrum, hulp ontvang om 'n persoon wat 'n probleem ondervind, te begelei. Uit die empiriese studie het dit ook geblyk dat die meeste kerkrade van oortuiging is dat lidmate na 'n Bybelse beradingsentrum verwys kan word om beradingshulp te ontvang (vgl. 3.5.5.2.1 punt 4).

### 4.6.3 Die doel van berading

Kotzé (1971:145, 146) stel dit dat die doelstellings van pastorale berading naamlik is dat dit geskied tot eer van God. Dit behels dat alles in die skepping ondergeskik is aan die verheerliking van God, maar ook tot opbou van die enkeling.

Gschwend-Bosch (1987:18-22) gaan 'n stap verder en stel dat die doel van berading naamlik is om 'n krisis in 'n oorwinning om te skep of 'n tragedie in 'n triomf te verander of om net Skriftuurlik te verander. Dit kan alleen gebeur as daar 'n verandering in mense se lewens bewerkstellig word deur die vrymakende krag van Christus. Die doel wat 'n kerkraad voor oë kan hê wanneer hulle 'n lidmaat na 'n berader in 'n beradingsentrum verwys, is dat 'n berader die persoon vanuit die Skrif kan help en hom sodoende by Christus as die ware Geneesheer te bring. Die hulp is gerig op 'n sonde in die persoon se lewe of 'n worsteling in die geloof of op die verwerking van swaarkry. Deur middel van Bybelse berading kan die waarheid vanuit God se Woord konkreet op iemand se probleem toegepas word sodat daar verandering, groei, heling en herstel kan plaasvind en die persoon daardeur getroos kan word, moed kan skep en kan ontdek hoe hy tot

optrede kan oorgaan om voluit in ŉ gemeente en in ŉ gemeenskap te leef. Collins (2005:32) wys tereg daarop dat Jesus na die aarde gekom om in die eerste plek aan die gelowiges ŉ lewe in oorvloed te skenk en in die tweede plek om aan hulle die ewige lewe te gee. Die einddoel van elke berader moet dus dieselfde wees – om mense te wys hoe om voluit te leef en hulle te lei met die besef dat hulle reeds die ewige lewe het.

Daar is baie beradenes wat berading ontvang wat iets anders behels as evangelisasie of 'n christelike opvoeding. Dit is berading wat beradenes kan help om verskuilde nadelige houdings te eien, of interpersoonlike vaardighede en nuwe gedrag aan te leer, om besluite te neem of hul lewenstyl te verander of om innerlike kragbronne aan te wend om krisisse te hanteer (Collins, 2005:32, 33). Hier sal sielkunde, sosiologie en kommunikasiekunde as wetenskappe goed te pas kom (3.3.3.3–3.3.3.5).

### 4.6.4 Verskillende tipes berading

Sonder om op volledigheid aanspraak te wil maak, word slegs 'n paar genoem: huweliksberading; gesinsberading; jeugberading; berading aan die getraumatiseerde; berading aan die depressielyer en sy naasbestaandes; bediening van hoop aan die homoseksuele en sy naasbestaandes; bediening van hoop aan die verslaafde en sy naasbestaandes; rousmart en nog verskeie ander tipes berading.

### 4.6.5 Beradingsessie

Voordat 'n berader by die beradingsmodel uitkom, behoort hy eers in die beradingsessie die beradene en sy agtergrond beter te leer ken. Dit doen hy deur middel van gesprekvoering.

Venter (1996:122, 123) gee enkele riglyne uit die Nuwe Testament vir toepassing in die pastorale gesprek. Die verkondiging van die Woord van God, met kerninhoud die versoeningswerk van Jesus Christus wat sentraal staan in die gesprek, terwyl die Heilige Gees weer die beslissende plek beklee. Die gesprek moet volgens die Nuwe Testament:

1. Individualiserend gerig word;
2. Binne 'n pastorale verhouding geskied;
3. Die mens in sy geheel betrek;
4. In die amp van gelowige gevoer word; en
5. in die gesindheid van diens geskied.

Eyrich en Hines (2002:81) wys daarop dat die beradingsproses stap vir stap gevolg moet word soos hieronder aangedui:

#### 4.6.5.1 Opbou van 'n verhouding

Reeds in hoofstuk 2 is daarop gewys dat die proses van gespreksvoering begin by die opbou van 'n suksesvolle verhouding (2.5.7.2.1.3). Met die aanvang van elke gesprek moet 'n gesonde verhouding en gewenste atmosfeer tussen berader en beradene geskep word. Die berader behoort alles in sy vermoë te doen om die beradene te verstaan deur baie goed te luister sonder enige poging om raad te gee of 'n oordeel uit te spreek (De Klerk, 1975:56; Adams, 1983:84; Gschwend-Bosch, 2000:27-30).

Heitink (1984:75) sien die verhouding as 'n helpende verhouding tussen berader (pastor) en beradene om – in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus – saam 'n weg te vind na geloofs- en lewensvrae. Hierdie verhouding bepaal die klimaat waarbinne die Woord gebring word en dra by tot die doeltreffendheid daarvan.

Collins (2005:35, 36) stel dat die kern van die hulpverhouding in die persoonlikheidseienskappe van die berader lê:

Eerstens noem hy hartlikheid, wat 'n toegeneentheid en respek vir en besorgdheid oor die beradene impliseer. Jesus het hierin 'n voorbeeld gestel, want Sy hartlike, omgee-houding was opvallend waar Hy ook al gegaan het.

Tweedens noem Collins egtheid, wat beteken dat so 'n berader 'n oop, opregte persoon is wat bedrieglikheid vermy en nie probeer om die een of ander meerderwaardige rol te speel nie. Egtheid beteken om jouself te wees, eerlik en sonder onsensitiwiteit.

Derdens noem Collins empatie, wat beteken dat die berader uiters aandagtig luister na hoe die beradene in die betrokke situasie voel, om hom dan van daar af te help. Kennis van Kommunikasiekunde as wetenskap kan heelwat hulp aan 'n berader verleen in die opbou van 'n verhouding veral met betrekking tot kommunikasietegnieke (3.3.3.2).

#### 4.6.5.2 Insameling van inligting

Die tweede stap, soos in hoofstuk 2 bespreek, is dat die berader oorgaan tot die insameling van inligting wat ten doel het om die mens se hart te leer ken sodat hy of sy vanuit die Skrif begelei kan word tot verandering en nuwe positiewe vrugte (2.5.7.2.1.3). Egan (1998:115 e.v.) en Eyrich en Hines (2002:83) wys op die hulp wat die ander wetenskappe bied, byvoorbeeld kommunikasietegnieke wat 'n berader kan toepas om 'n verhouding met die beradene op te bou en hom te begelei om dit wat binne hom aan 't gebeur is, openbaar te maak. Die sielkunde as wetenskap kan ook help dat die berader die gedrag van die beradene in 'n bepaalde situasie beter verstaan. Met die kennis waaroor 'n berader beskik met betrekking tot die ander wetenskappe kan daar nou holisties te werk gegaan word en al die wetenskappe afsonderlik gebruik word om met die mens in sy geheel te werk, byvoorbeeld met depressie kan die Sielkunde, Mediese wetenskappe en Pastoraat elk op hul beurt benut word om met die mens te werk en hom tot genesing te begelei (vgl. 3.3.3.4).

#### 4.6.5.3 Vertolking van al die inligting

In die derde plek kom die berader tot die vertolking van al die inligting (2.5.7.2.1.3). Die berader moet die probleme van die beradene prioritiseer in grade van intensiteit om met die grootste probleem te begin (Eyrich & Hines, 2002:110). Die berader moet hom in die skoene van die beradene plaas om hom te verstaan sodat hy hom kan help veral om verandering in die denke, houding en gedrag teweeg te bring. Romeine 6 gee belangrike leiding in hierdie verband: Daar is stryd tussen die sondige natuur en die Gees van God in die mens.

As verloste het 'n gelowige die verpligting en vermoë om nie te lewe volgens die sondige natuur nie, maar wel te lewe volgens die Gees van Christus.

Wat is die implikasies hiervan vir die beradene? Hy moet besef dat hy kan verander as hy hom doelbewus onder die beheer van die Gees plaas. Hy is nie 'n produk van sy eie ervaringe nie. Sy gedrag is die produk van die interaksie van sy hart met sy ervaringe. In Christus en deur sy Gees kan hy kies hoe hy op die omstandighede en ervaringe reageer.

#### 4.6.5.4 Konfrontasie

Na die berader se ontleding van die onderskeie partye in die situasie word die motiewe en denke aan die hand van die Skrif beoordeel. Die beradene word vanuit die Skrif daarmee gekonfronteer en gelei (ontvang instruksie) om sy/haar motiewe en denke te verander (Rom. 12:2) sodat hulle goeie vrugte kan dra en die situasie kan verander (2.5.7.2.1.3). Konfrontasie beteken hier om in liefde die waarheid te praat. Die berader se doel is hier om die persoon na selfbewussyn te lei sodat hy hom in die lig van God se Woord kan sien (vergelyk hier Efesiërs 5:8–17). Eyrich en Hines (2002:132, 133) wys daarop dat konfrontasie beteken dat die beradene se sonde (sondige natuur) openbaar gemaak moet word sodat hy homself kan sien soos God hom sien (vgl. Gal. 6). So help die konfrontasie om die kennis met die oplossing te verbind en die beradene tot verandering (bekering) te lei. Kommunikasie as wetenskap speel dus hier 'n belangrike rol om 'n beradene met verskillende tegnieke tot verandering te begelei.

#### 4.6.5.5 Plan van optrede

Dit bring hulle saam tot 'n plan van optrede wat baie duidelik 'n praktiese plan behoort te wees. Die beradenes moet weet wat hulle moet gaan doen, hoe hulle dit moet gaan doen en wat die uiteindelike resultaat van die plan is om sodoende doeltreffende verandering te bewerkstellig (vgl. hfst. 2, 2.5.7.2.1.3).

Dinge kan nie dieselfde bly nie. Collins (2005:41) praat van dinge wat sal moet verander, of 'n sonde wat bely moet word of dinge wat net gedoen moet word om die stand van sake te verbeter.

In die plan van optrede is twee aktiwiteite uiters noodsaaklik:

- Die daadwerklike aflê/doodmaak van die ou sondige natuur; en
- Die daadwerklike opneem/ aantrek van die nuwe mens.

Die beradene moet gehelp en aangemoedig word (Collins, 2005:41) om die regte lewenswyse aan te leer (kweek), al geskied dit oor jare heen. Die pastorale berader moet daarna streef om die beradene as individu en lid van Christus se gemeente te lei van isolement tot vreugde en seën van die gemeente (De Klerk, 1964:163). Hy moet gelei word om voluit as geestelike volwassene in die gemeente en in die gemeenskap te lewe (hfst. 2, 2.5.9.6).

#### 4.6.5.6 Beëindiging

Berading hou nie vir ewig aan nie. Daarom moet die berader en beradene na verloop van tyd kom tot 'n samevatting van wat bereik is. Daarna kan saam beplan word hoe die beradene voortaan kan voortgaan om sy toekoms doeltreffender te kan hanteer. Die berader kan die beradene ook na 'n ondersteuningsgroep verwys om die beradene en gesin te ondersteun en te bemoedig waar nodig (Collins, 2005:48-50). Die deur word oopgelaat vir toekomstige berading, sou die beradene dit benodig (Collins, 2005:42).

### 4.6.6 'n Bybelse Beradingsmodel

Daar is verskillende beradingsmodelle waarvolgens berading gedoen word.

Berading vind in alle gevalle plaas binne die driehoekverhouding (Combrink, 2003:5). Die berader en beradene staan in die eerste plek in 'n persoonlike verhouding met God (vertikaal) en tweedens in 'n verhouding met mekaar (horisontaal). Die berader se doel is hier om die persoon na selfbewussyn te lei sodat hy hom in die lig van God se Woord kan sien –

sodat hy deur God se bril na homself en sy eie lewe kan kyk (Eyrich & Hines, 2002:133).




Die navorser het oor 'n tydperk van agt jaar heen verskillende beradingsmodelle bestudeer, onder andere dié van Adams (1983:156), De Klerk (1985:177 e.v.), Lotter (1987:105-168), Venter (1976:248 e.v.), ABBO (1997:1-63) en Breed (1998:1-15) en tot die gevolgtrekking gekom dat hy hom uit ervaring op sy gemaklikste voel met die toepas van die volgende beradingsmodel:

### 4.6.6.1 Inleiding

Breed (1998:2) stel dit dat Bybelse berading die hulp is wat een gelowige aan 'n ander vanuit die Skrif gee. Die hulp is gerig op 'n sonde in iemand se lewe, 'n worsteling in die geloof of op die verwerking van swaarkry. Bybelse berading pas die waarheid vanuit God se Woord konkreet toe op iemand se probleem sodat hy daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit met vrede en vreugde in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef.

Adams (1986:3-201) praat van die proses om 'n beradene te help verander. Hy stel dit dat hierdie veranderingsproses stapsgewys plaasvind en bevestig sy standpunt met die vier stappe volgens 2 Timoteus 3:16, 17. Volgens Adams het dit 'n wesenlike verandering in die lewe van die beradene tot gevolg. Gelei deur die Heilige Gees bring dit die beradene nader aan God sodat hy in sy lewe kan bewys dat hy tot eer van God lewe.

Die vier stappe van verandering in Bybelse perspektief volgens Adams is eerstens onderrig; tweedens oortuiging; derdens regstelling en vierdens om gedissiplineerd die regte lewenswyse aan te leer en uit te leef (Adams, 1986:51-200). Hy maak die stelling dat 'n berader nooit berading volgens

sy eie opvattings mag aanpak nie, maar altyd ooreenkomstig God se Woord.

Voordat 'n berader berading kan begin doen, moet ondersoek eers ingestel word na wat in die lewe van die beradene plaasvind: Voer hy 'n sondige lewe, waarom lewe hy so en waar kom dit vandaan?

### 4.6.6.2 Berading is eie aan menswees

Direk na die skepping van die mens praat God met hom (Gen. 1). Dit maak deel uit van menswees dat hy berading ontvang, selfs in 'n volmaakte wêreld waar die mens in 'n volmaakte verhouding met God staan. Berading is dus iets eie aan menswees. God gee die patroon van die lewe na die skepping: Elke mens het berading nodig om te kan lewe soos God hom gemaak het (ABBO, 1997:6).

Daarom sê God duidelik in Genesis 1 wie die mens is; wat sy identiteit en doel is. Breed (1998:2) noem dit die doelwitte van God vir die mens.

Hierdie identiteit en doel kom na vore in die drie verhoudings waarin die mens staan:

- Die geestelike verhouding—die mens se verhouding met God: Hy is beelddraer van God. Die mens is volgens Genesis 1:26 geskape na die beeld van God, Sy verteenwoordiger. Die mens is ook geskape om in 'n persoonlike vertrouensverhouding met God te staan, uit God se sorg te leef en God in alles te gehoorsaam. Sonder hierdie verhouding is die mens van die Bron van lewe afgesny, en sterf hy. (Gen. 1:27; Gen. 2:7; Gen. 1:29; Gen. 2:16; Gen. 2:17; Deut. 30:15; Deut. 30:16-20) (ABBO, 1997:6; Breed, 1998:2).
- Die sosiale verhouding – die mens se verhouding met ander mense: Dit is om in 'n oop persoonlike vertrouensverhouding met mekaar te leef sonder enige vrees vir seerkry en pyn. Mense dien mekaar, soek mekaar se belange en bou mekaar op (ABBO, 1997:6; Breed, 1998:2).
- Die produktiwiteitsverhouding – die mens se verhouding met die res van die skepping. Die mens is geskape om as koning oor die aarde

te regeer. Hy is die kroon van God se skepping. Die ganse skepping is volgens Genesis 1:28 aan hom gegee om te bewerk en te bewaak, te beheers en te bewaar (ABBO, 1997:6; Breed, 1998:2).

Al hierdie verhoudings is egter met die sondeval verbreek sodat die mens nie meer sy doel kan bereik nie, want in die plek van God se beradingsproses het 'n ander tipe berading gekom (Breed, 1998:2):

### 4.6.6.3 Wedywerende berading

ABBO (1997:10) wys hier op 'n kompeterende beradingstelsel en wys daarop dat 'n beradingstelsel in Genesis 3:1-7 voorkom wat in wedywering met God geskied. Dit is volgens ABBO 'n dramatiese oomblik in die mens se geskiedenis, want vir die eerste maal praat 'n ander berader as God met die mens. Dit is in die vorm van 'n ander beradingstelsel wat met God se beradingstelsel meeding. Die slang (satan) kom en gee 'n ander definisie as God van die mens se identiteit en doel op aarde:

- God se raad in Genesis 1 aan die mens is dat mense sy skepsele is en dat hulle gelukkig sal wees as hulle Hom gehoorsaam en Hom alleen in liefde dien.
- Die slang se raad is dat die mens nie werklik van God afhanklik is nie, maar selfgenoegsaam is. Hy is eintlik self god.

Die kompeterende berading van die slang het verreikende gevolge en lei tot verbreekte verhoudings:

#### 4.6.6.3.1 Die verbreekte verhouding met God

Breed (1998:2) beklemtoon dat, wanneer die mens se verhouding met God verbreek is, daar baie probleme in sy lewe na vore tree, want hy ervaar voortdurende vrees en angstigheid en onsekerheid omdat hy God se troue liefde en sorg moet ontbeer (vgl. 1 Johannes 4:18). Collins (2005:79) praat van angs as benoudheid en kommer wanneer die beradene hom van God wegkeer, die lewe se laste op homself neem en aanvaar – ten minste deur sy gesindheid en optrede – dat hy op homself aangewese is om sy

probleme te hanteer. Daarby het die mens wat God se liefde nie ken nie, nie die sekerheid van 'n Almagtige Vader wat vir hom sorg nie en hy weet dat daar enige tyd iets kan gebeur as gevolg waarvan hy nie vir homself sal kan sorg nie. Dit bring mee dat hy sy medemens vrees, verdink van rugstekery, jaloers is op hulle of afhanklik voel van hulle goedkeuring en aandag (vgl. Saul se lewe volgens 1 Samuel 18:11, 12). Breed gaan verder en beklemtoon dat die mens wat nie God se oorvloedige versorging en volkome vergifnis ken nie, ook nie homself vir ander kan gee nie en ook nie bereid is om te vergewe nie, maar verslaaf raak weens bitterheid en 'n vergeldingsdrang (vgl. Rom. 3:10-18). So vernietig hy homself (Breed, 1998:2).

#### 4.6.6.3.2 Die verbreekte verhouding met die medemens

Breed noem dat Titus 3:3-7 op die verhouding wys tussen mense wat God nie ken nie en nie deur sy Gees nuut gemaak is nie, teenoor Titus 3:8,14 wat weer wys op hoe hulle verhouding met ander mense lyk nadat hulle deur God nuutgemaak is.

Na die sondeval gebruik mense mekaar ter wille van hulleself. Agterdog staan in die weg van 'n vertrouensverhouding en daarom is verhoudings vol pyn en bitterheid opgebou (Breed, 1998:3).

#### 4.6.6.3.3 Die verbreekte verhouding met die skepping

Gen. 3:17-19 wys volgens Breed op die vloek wat deur die sondeval oor die skepping gekom het. Die mens is nie meer die kroon van die skepping nie, maar is slaaf daarvan (vgl. ook Ps. 127:1, 2 en Pred. 2:11). Die skepping sê voortdurend vir die mens "nee". Die mens beleef frustrasie in sy poging om oor die skepping te heers. Dit bring by die mens onvergenoegdheid en leegheid mee wat hom na oplossings laat soek wat die frustrasie uit die weg kan ruim (Breed, 1998:3).

### 4.6.6.4 Die dinamiek van die sonde




Die sonde vestig op 'n bepaalde wyse in 'n persoon se lewe. As hy eers besef hoe dit gebeur, kan hy ook verstaan hoe hy dit kan oorwin of kan voorkom (Breed, 1998:5).

Breed (1998:5) neem die sondeval as voorbeeld as hy wys op hoe die slang vir Eva die leuen vertel oor die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad (Genesis 3:3-5).

Sy kom tot die oortuiging dat dit goed is om van die vrugte te eet (Genesis 3:6), 'n oortuiging wat gebou is op satan se leuen en dus die oortuiging wat op God se waarheid gebou is, vervang (verse 2, 3).

Hierdie oortuiging wek sekere emosies by haar, want die vrugte is nou vir haar mooi en daar is 'n begeerte (drang) in haar om daarvan te eet (vers 6). Hierdie begeerte verlei haar om ongehoorsaam aan God te wees en van die vrugte te pluk en te eet en ook haar man tot sonde te verlei (vers 6).

Die beginpunt van die sonde is dus nie die emosie nie, maar die oortuiging. Sy sou nie die emosie ervaar het indien sy nie die leuen geglo het dat dit goed is om van die boom se vrugte te eet nie. Wanneer ons met 'n sonde wil breek, moet ons dus nie net werk om met die vrugte (sondige daad) en met die emosie (begeerte) te breek nie; ons moet inderdaad eers die leuen-oortuiging identifiseer en dit in ons gedagtes vervang met die waarheid.

Dit is dus belangrik om 'n beradene te begelei om God deur middel van Bybelstudie God te leer ken, so ook sy verhouding met God en dan ook aan die ander kant om sy vyande in die lewe te leer ken.

#### 4.6.6.4.1 Hoe vorm 'n persoon oortuigings?

Wanneer 'n persoon iets herhaaldelik waarneem, of as iets 'n groot indruk op 'n persoon maak, raak daardie persoon daarvan oortuig dat dit die regte optrede is. Indien 'n persoon op 'n bepaalde optrede besluit en die probleem word daardeur opgelos, word die optrede gestoor as 'n oortuiging vir verdere toepassing (Breed, 1998:9).

Wanneer 'n persoon weer deur 'n dergelike situasie gekonfronteer word, sal hy/sy as't ware uit tweede natuur daardie optrede volg. Dit kan so outomaties raak dat mense begin voel dat hulle geen beheer daaroor het nie.

So hoor 'n berader dat iemand sal sê: "ek kan nie help dat ek so vinnig kwaad word nie" of "voor ek myself kan keer het ek al weer ..."

#### 4.6.6.4.2 Hoe vestig oortuigings in 'n persoon?

Elke mens is van dag een af besig om oortuigings te vorm oor hoe om die lewe te hanteer. Sommige van hierdie oortuigings is op leuens van satan gebou (vgl. Eva in die paradys). Indien 'n persoon hom eenkeer losgelieg het, sal hy hierdie feite in sy brein stoor en sal hy dit interpreteer as dat 'n leuen jou uit 'n dilemma kan red.

Indien hierdie interpretasie van 'n leuen 'n groot genoeg indruk op 'n persoon gemaak het, of as hy hierdie interpretasie herhaaldelik maak, word dit as 'n oortuiging in sy/haar brein geliasseer en sal hulle dan tydens 'n noodsituasie spontaan lieg om hulle uit die penarie te red (Breed, 1998:10).

#### 4.6.6.4.3 Hoe leer 'n persoon sy probleem-gewoonte af (Luk. 11:33-36)?

**A. Identifiseer 'n persoon se probleem-optrede** (Breed, 1998:10).

Dit is die vrugte wat 'n persoon in sy lewe dra (sy dade).

## B. Identifiseer 'n persoon se probleem-emosies

Breed (1998:10) beveel aan dat die beradene al die emosies wat aanleiding gee tot sy probleem-optrede moet neerskryf, byvoorbeeld wat hy voel voordat hy byvoorbeeld: kwaad word, onttrek, begin drink, te veel eet, moedeloos raak ensovoort.

## C. Identifiseer 'n persoon se probleem-oortuigings

Breed (1998:11) stel dit duidelik dat probleem-oortuigings eintlik leuens is waarmee satan 'n persoon se lewe misrabel wil maak. Hy doen dit deur 'n persoon te oortuig van onwaarhede (soos vir Eva) wat hy moet glo, daarvolgens te handel en daardeur homself skade aandoen.

Die mees algemene leuens (probleem-oortuigings) waardeur mense hulle deur satan laat mislei is onder andere, volgens Breed (1998:10), die volgende:

"Ek is nou maar eenmaal so; Woede kan konflik help oplos; Onttrekking is 'n oplossing vir 'n probleem; God straf my; Ons het al soveel lelike dinge vir mekaar gesê of aan mekaar gedoen dat ons verhouding nooit weer mooi sal kan wees nie."

## D. Vervang die leuens met die waarheid

Breed (1998:12) wys daarop dat dit baie belangrik is om die Woord van God aan die een kant en die rol van 'n persoon se gedagtes aan die ander kant te ken en te weet wat dit beteken om in elkeen afsonderlik te volhard. Hy verwys na die volgende Skrifgedeeltes waaroor Bybelstudie gedoen moet word: Jesaja 55:10, Hebreërs 11:17-19 en Johannes 8:34 met die vraag: "Wat kan 'n beradene van die Woord glo"? Daarna verwys hy na Lukas 8:15 met die vraag daarby: Wat moet 'n beradene met die Woord doen; wat beteken dit prakties? (Breed, 1998:12). Met betrekking tot 'n persoon se gedagtes verwys Breed na Spreuke 4:23; Romeine 12:1, 2; 2 Korintiërs 10:4, 5; Efesiërs 4:22-24 en Lukas 11:34-36. Met verwysing na die volgende Skrifgedeeltes wys hy hoe 'n persoon in bogenoemde kan volhard: Jakobus 1:1-4; Romeine 2:6-11; Hebreërs 12:1-4, 11, 12;

Markus 13:13; Efesiërs 6:10-13, 18 en vra dan hoe dit 'n persoon ten opsigte van die hantering van probleme kan help indien hy weet hoe belangrik volharding is.

## E. Hoe help 'n berader iemand om volgens die waarheid te leef?

2 Timoteus 3:16 en17 word as uitgangspunt geneem:

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

Breed (1998:13) en Adams (1986:3-201) beveel aan dat die beradene die volgende stappe in hierdie regstellingsproses moet onderskei:

- In die eerste plek moet hy die leuen in sy lewe ontdek en identifiseer, Adams (1986:111 e.v.) noem dat 'n beradene oortuig word van sy sonde.
- Tweedens moet hy kyk wat die waarheid uit die Woord is waarmee die leuen-oortuiging vervang moet word. Adams (1986:58 e.v.) verduidelik dat die beradene in God se standaard (die waarheid) onderrig moet word. Dit moet hom hoop gee.
- Derdens moet hy die keuse maak om volgens die waarheid te lewe en hom bekeer van die leuenpad. Adams (1986:139 e.v.) wys daarop dat hy hom moet korrigeer of regstel. Die beradene moet begelei word tot bekering.
- Vierdens moet hy hierdie waarheid as die grondslag van sy optrede aanvaar.
- Vyfdens moet hy elke gedagte en elke reaksie daarna toets of dit volgens God se waarheid is of nie.
- Telkens wanneer 'n persoon weer volgens die leuen wil handel, moet hy homself dwing om te stop. Hy moet bevestig dat hy nie meer die leuen glo nie en ook nie daarvolgens wil handel nie. Hy

moet dan doelbewus doen wat die Woord in die omstandighede voorskryf.

- Hierin moet hy volhard en hom deur niks laat onderkry nie. Al val hy, staan hy weer op, bely sy sondes en volg die weg van waarheid.
- Indien hy dit oor en oor doen en daarin volhard, kan hy 'n nuwe lewe voer soos God dit wil hê.

Breed sluit af met die volgende stelling: Wie volhard, maak die waarheid deel van sy lewe. Die onderbewuste begin outomaties volgens daardie waarheid werk. Iewers raak dit dus makliker. Adams (1986:144 e.v.) praat daarvan dat die beradene begelei moet word om God se wil te begin doen, sy sonde te bely en om vergifnis te bid. Dit doen die Here in Christus. Hy vergewe, en die gevolg is: Die berouvolle beradene word herstel in 'n nuwe lewe tot eer van God.

'n Persoon kan alleenlik die regte lewenswyse kweek volgens 2 Timoteus 3 verse 16 en 17 deur oor en oor die waarheidspad in te oefen totdat dit deel word van sy lewe. Die doel waarna gestrewe moet word, volgens Adams, is die regte lewenswyse.

#### 4.6.6.5 Samevattend ten opsigte van 'n Bybelse Beradingsmodel

In Jeremia 2 word die sinloosheid van die mens se pogings om sonder God 'n sinvolle en bevredigende bestaan te wil voer, raak uitgebeeld (Breed, 1998:3).

As 'n mens bogenoemde op die pastoraat toepas, word die volgende volgens Breed gekry:

As beradene moet hy deur middel van pastorale gesprekke begelei word om:

- Sy diensbaarheid aan God as die hoogste sin van sy lewe te aanvaar;

- die hoop op God in homself te laat groei dat hy die oorwinning kan behaal;
- in te sien dat dit sinloos is om oplossings vir sy probleme buite God se genade om te soek;
- in te sien wanneer hy sinlose oplossings wil vind;
- God se Woord onvoorwaardelik as die riglyn vir sy lewe te aanvaar;
- te begryp dat hy alleen in God se krag die oorwinning oor sy sonde kan behaal;
- voortdurend biddend te soek om met God se Gees gevul te word;
- hard te werk om God se oplossings te vind;
- 'n nuwe lewenswyse aan te leer.

'n Berader moet weet dat die pad na verandering meestal 'n pad van val en opstaan is; 'n pad waarin die persoon wat gehelp word soms moedeloos kan raak en wil tou opgooi. Daarom moet elke berader in God se krag biddend bly werk in die wete dat hy niks kan vermag sonder die werk van die Gees nie en dat daar soms niks sal gebeur as hy nie werk nie (Breed, 1998:5; Collins, 2005:5-8).

Hierdie beradingsmodel word gebruik as basis van waaruit berading gedoen word met betrekking tot elke probleem waarmee 'n beradene te doen het.

Dit is dus belangrik dat elke berader van die ander wetenskappe as hulp gebruik moet kan maak om persone beter te begelei aan die hand van die beradingsmodel. As voorbeeld word die depressielyer holisties benader deur elke wetenskap op sy aangewese beurt in die beradingsessies aan te wend: Eerstens word die sielkunde geneem om 'n persoon se gedrag te identifiseer en sy siektetoestand te bepaal (Collins, 2005:111-115). Tweedens verwys die berader die beradene na die mediese professie vir medikasie om die depressielyer se chemiese wanbalans in die senuweebane van die liggaam weer reg te stel. Daarna kan die berader met behulp van die Woord van God deur die depressielyer se negatiewe denke (Gschwend-Bosch, 2000:137-138) en eksterne faktore in sy lewe werk om hom te help om volkome te genees sodat hy weer voluit kan lewe en sy

roeping in die gemeente en gemeenskap waar God hom geplaas het, kan uitleef (vgl. hfst. 3, 3.4.3).

### 4.6.7 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van Berading

4.6.7.1 Pastorale berading as professionele diens is 'n gesprek om verandering, groei, heling en herstel te bewerkstellig gegrond op die Heilige Skrif en met die hulp van ander hulpwetenskappe, met die doel om 'n persoon in die gemeenskap van gelowiges geestelik in liefde te versorg en te bemoedig met geloofsontwikkeling as doelwit sodat hy/sy die regte lewenswyse kan aanleer.

4.6.7.2 Die doel van berading is dat dit tot eer van God en tot opbou van die enkeling moet geskied en wel om in die eerste plek die beradene deur middel van die hulpwetenskappe te leer ken en in die tweede plek om die waarheid vanuit God se Woord konkreet op iemand se probleem toe te pas sodat daar verandering, groei, heling en herstel kan intree en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef met die besef dat hy/sy reeds die ewige lewe beërwe het.

4.6.7.3 Daar is verskillende tipes berading waarvan slegs enkele genoem word, naamlik: huweliksberading; gesinsberading; jeugberading; berading aan die getraumatiseerde; berading aan die depressielyer en sy naasbestaandes; bediening van hoop aan die homoseksuele en sy naasbestaandes; bediening van hoop aan die verslaafde en sy naasbestaandes; rousmart en nog verskeie ander tipes berading.

4.6.7.4 'n Beradingsessie bestaan uit die opbou van 'n verhouding, insameling van inligting; vertolking van al die inligting, konfrontasie en om 'n plan van optrede te hê waarin twee aktiwiteite na vore kom, naamlik die daadwerklike aflê / doodmaak van die ou sondige natuur en die daadwerklike opneem/ aantrek van die nuwe mens, waarna daar saam besluit word om die sessies te beëindig.

4.6.7.5 Die Bybelse beradingsmodel volgens 2 Timoteus 3:15-17 volg vier stappe, naamlik om die beradene in die waarheid te onderrig sodat hy/sy die leuen-oortuiging in sy lewe kan ontdek, identifiseer en Bybels gefundeerd kan verander om dan so gedissiplineerd die regte en nuwe lewenswyse aan te leer en dit volhardend uit te leef.

## 4.7 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van Toerusting

### 4.7.1 Inleiding

Efesiërs 4 wys duidelik hoedat God die besondere dienste (predikante, ouderlinge en diakens) gebruik wat deur Christus as gawes aan die kerk gegee is om sy gemeente toe te rus en te bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. hfst. 2, 2.5.9.5). Dit blyk egter uit die empiriese studie dat hierdie toerusting nie in alle gevalle in die plaaslike gemeentes tot sy reg kom nie. Hoewel 96% van die respondente hulle as lewende lidmate beskou en reeds toerusting ontvang het omdat hulle dit as noodsaaklik beskou, het slegs 57% van die gemeentes (wat die empiriese vraelyste ingevul het) toerusting by hul gemeenteprogram ingewerk (vgl. hfst. 3, 3.6.1).

Hoewel die meeste kerkrade seker maak dat lidmate oor die nodige gawes beskik alvorens hulle tot 'n amp geroep word, kom daar tog leemtes by sommige kerkrade voor omdat hulle nie voldoende lidmate het om in die besondere ampte te dien nie. By die meeste gemeentes word hulle ook daarin begelei en gewys op wat roeping beteken en behels (vgl. hfst. 3, 3.7.4).

Aangesien die meeste gemeentes nog ampsdraerkerke is (vgl. hfst. 3, 3.5.5.2.1), is toerusting in onder andere gemeentewerk, ampsvervulling, kategese-onderrig, berading en in die amp van gelowige dringend noodsaaklik, want daar is 'n behoefte daaraan en hoewel sommige kerkrade meen dat hulle daarvoor opgewasse is om mense toe te rus, meen andere dat daar wel van 'n bron van kundigheid soos byvoorbeeld 'n berading-

sentrum gebruik gemaak kan word om mense onder toe te rus (vgl. hfst. 3, 3.5.5.2.1 punt 3).

Die toerusting, as een funksie van 'n beradingsentrum, behels die volgende:

### 4.7.2 Wie rus toe?

Die beradingsentrum maak gebruik van predikante en medegelowiges wat in 'n spesifieke studierigting gespesialiseer het om praktiese kennis oor te dra (vgl. 2.5.6.2.2). Die persoon wat die onderrig behartig, moet 'n grondige kennis hê van dit wat hy onderrig, en hierdie kennis moet hy kan kommunikeer. Daarby behoort hy 'n navolgenswaardige voorbeeld te kan stel (vgl. 2.5.6.2.1). Kommunikasiekunde as wetenskap kan hier van hulp wees, want kommunikasie is 'n doeltreffende middel om begrip te bevorder; dit is 'n medium wat uitsluitlik vir kennisoordrag bedoel is (Huebsch, 1990:3; 3.3.2.2).

### 4.7.3 Wie word toegerus?

Ouderlinge; diakens; kategete; hulpberaders; gemeentelede in die amp van gelowige en mense in die gemeenskap/samelewing.

### 4.7.4 Toerustingsgeleenthede

Hierdie toerustingsgeleenthede kan dag-, week-, naweek- of jaarkursusse wees.

Die literatuurstudie van ander hulpwetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde en die empiriese studie kan heelwat daartoe bydra dat die toerusters in 'n beradingsentrum goeie en volledige kursusse kan aanbied. In 3.3.2.3 word 'n voorbeeld gegee van die jongste tendense in die kommunikasiekunde, naamlik die massamedia, waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om sy funksie ten volle in 'n gemeenskap te kan vervul en dit is dat kursusse deur middel van tydskrifte, boeke, televisie, die radio, video, dvd of 'n kombinasie van hierdie media aangebied kan word (Huebsch, 1990:4, 5; Hamelink, 1994:136 e.v.).

Sonder om op volledigheid aanspraak te wil maak, word die volgende toerustingskursusse as voorbeelde genoem waarvan een toerustingsgeleentheid vollediger beskryf word:

- 'n Ouderlingtoerustingskursus handel oor die ouderling se bediening, naamlik bestuur, lering en pastoraat (word hieronder vollediger bespreek – vgl. 4.7.4.1).
- 'n Diakonale toerustingskursus handel oor die diaken se bediening, naamlik die fasilitering van liefdesgemeenskap.
- 'n Kategete-toerustingskursus handel oor die kategeet se bediening: Om lidmate in die Bybel; leer van die kerk en geloofsleer te onderrig.
- 'n Beradingskursus (met 'n beradingsmodel (vgl. 4.6.5.2) van 12 modules: 'n Kursus in Kommunikasie, jeug, huweliksberading, 'n bediening van hoop aan die enkellopende, die homoseksuele, die getraumatiseerde, die verslaafde; die depressielyer, die werklose, die vigslyer en hul naasbestaandes, rousmart; en die interpersoonlike style. Dit is om lidmate/gelowiges toe te rus om hulpberading te doen; om die predikant in sy werk te ondersteun (hfst. 3, 3.7.6), byvoorbeeld in ondersteuningsgroepe. Hierdie kursus is ontwerp om lidmate in die gemeente as liggaam van Christus toe te rus om meer vir mekaar om te gee (Efes. 4:12-16), maar ook om ondersteuning te gee aan gemeentes ten einde 'n plek van genesing te word vir persone wat gebroke is (hfst. 2, 2.5.8.3; Hartmann, 1997:102-106).
- Toerusting van gelowiges vir 'n verskeidenheid bedieninge in die gemeente en gemeenskap/samelewing, veral in die amp as gelowige.
- Huweliksverrykingskursus, waaronder die volgende bespreek word: Huwelik as instelling van God; Kommunikasie en konflikhantering; rol van die man en vrou; geestelike lewe van die paartjie waaronder Bybelstudie en gebed baie belangrik is; die rol van skoonouers; en finansies en die opstel van 'n begroting. 'n Bybelse beradingsentrum kan uit die invloed wat kommunikasie op gebroke huwelike en op

ouers en kinders het, baie leer om die mens in die huwelik of gesin beter te verstaan om sodoende sy funksie te vervul in die toerus van die huwelik en gesin. Die Sosiologie, kommunikasiekunde en psigologie kan hier almal as wetenskappe van hulp wees om die persone in die huwelik of gesin beter te verstaan, veral met betrekking tot hul gedrag en omstandighede (vgl. 3.3.2.5; 3.3.3.1).

- Toerusting aan ondersteuningsgroepe, onder andere depressie-, trauma- en werkloosheidsondersteuningsgroepe. Hier kan die psigologie as wetenskap van groot hulp wees (vgl. 3.3.3.1).

4.7.4.1 'n Ouderlingtoerustingskursus handel oor die ouderling se bediening, naamlik bestuur, lering en pastoraat.

Omdat dit duidelik uit die empiriese studie (vgl. hfst. 3, 3.7.4) geblyk het dat nie alle kerkrade seker maak dat lidmate oor die nodige gawes beskik alvorens hulle tot 'n amp geroep word nie, en dat hulle ook nie daarin begelei word en gewys word op wat hul roeping beteken en behels nie, kan 'n ouderlingskursus goed te pas kom om 'n ouderling wat veral die eerste keer dien, in sy roeping en ampswerk as ouderling toe te rus. Aangesien die meeste gemeentes nog ampsdraerkerke is, is toerusting in onder andere gemeentewerk, ampsvervulling, dringend noodsaaklik, want daar is 'n behoefte daaraan (vgl. 2.5.6.2.3; 2.5.6.2.4; 3.5.5.2.1).

Om 'n volledige ouderlingtoerustingskursus aan te bied sal daar heelwat modules ter sprake moet wees, want heelwat sake moet gedek word. As voorbeeld word net vyf moontlike modules genoem:

Die navorser stel voor dat, aangesien 'n ouderling met mense werk, die eerste module in die vorm van 'n beradingsmodel (vgl. 4.6.5) aangebied behoort te word waardeur 'n ouderling toegerus word om 'n lidmaat te begelei om sy roeping in die bepaalde omstandighede ten volle uit te leef. Kommunikasiekunde (vgl. 3.3.2.2), Sosiologie (vgl. 3.3.1.1) en die psigologie (vgl. 3.3.3.1) as wetenskap kan hier van groot hulp wees om die ouderling daarop te wys hoedat 'n mens in 'n bepaalde situasie en samelewing optree en hoedat dit 'n persoon se gedrag beïnvloed.

In module twee behoort 'n ouderling onderrig te word in kommunikasiemetodes. 'n Ouderling behoort geleer te word hoedat daar met 'n lidmaat gekommunikeer moet word. Kommunikasiekunde as wetenskap kan hier van hulp wees om kommunikasietegnieke oor te dra (vgl. 3.3.2.1). Louw (1993:100-101) verwys na die vyf kommunikasievlakke waarmee 'n mens te doen kry.

In module drie kan 'n ouderling in die praktiese inrig van huisbesoek onderrig word en dan leiding gegee word rakende huisbesoektemas gegrond op die Bybel (vgl. Die Bybel).

In module vier kan 'n ouderling op grond van Efesiërs 4:1-16 toegerus word in kerklike funksionering waarin God self aan sy kerk wys hoe die ouderling die lidmate met hulle gawes kan toerus en aktiveer sodat hulle op hulle beurt mekaar kan opbou. Die doel hiervan behoort volgens Hattingh (1988:9) te wees dat die hele gemeente gemobiliseer moet word om 'n lidmatekerk te wees en om sodoende die gemeenskap van gelowiges te beoefen (vgl. 2.5.6.2.4).

In module vyf kan die roeping van die ouderling volgens die Bybel en die Kerkorde (artikel 27) behandel word. In hoofstuk 2 is dit beklemtoon dat roeping 'n belangrike deel van elke gelowige se lewe op aarde uitmaak en is daarop gewys dat elke gelowige 'n verantwoordelikheid het om sy roeping binne die gemeente as ruimte wat God tot stand gebring het, uit te leef (vgl. 2.5.5.1). Handelinge 2 kan behandel word om die ouderling te wys op wat sy dienswerk behels (vgl. 2.5.1.4). Kruger (2004:1) stel dit duidelik dat die doel van so 'n toerustingskursus moet wees om elke ouderling opnuut te laat besef dat sy roeping baie spesiaal is omdat die Here self hom geroep het. As die Here iemand roep, moet hy dit sien as 'n lewenslange roeping (met inagneming van art. 27 Kerkorde) en moet hy 'n toewyding en passie vir sy dienswerk ontwikkel (in die mate waarin dit mag kortkom).

Die Sosiologie as wetenskap (3.3.1.1) kan hier 'n belangrike bydrae lewer sodat die ouderling toegerus kan word om die mens as sosiale wese te

verstaan (Giddens, 2006:4); en te sien wat die invloed van sosiale verhoudings op mense se gesindhede en optrede is (Schaefer, 1992:5).

Kommunikasiekunde as wetenskap (3.3.2) kan hier 'n belangrike bydrae lewer sodat die ouderling toegerus kan word om te leer hoe om tydens huisbesoek of berading te kommunikeer, maar ook om lidmate toe te rus om die gemeente op te bou (vgl. 2.5.6.2.4).

Die Sielkunde as wetenskap (3.3.3.) kan hier 'n belangrike bydrae lewer sodat die ouderling toegerus kan word om die gedrag van die mens in bepaalde omstandighede te verstaan sodat hy vir hom tot hulp kan wees om hom te ondersteun en te bemoedig waar nodig.

### 4.7.5 Die doel van toerusting

God werk self op 'n bepaalde manier om sy kerk as 'n eenheid uit te bou binne die ruimte wat Hy tot stand gebring het: Hy gee gawes, soos in die persoon van predikante, ouderlinge en diakens om die gemeente toe te rus, maar roep ook gelowiges elkeen met sy eie gawes, binne die gemeenskap van gelowiges, sodat hulle mekaar kan aanvul. Hy roep hulle saam met hierdie doel voor oë dat hulle Hom alleen moet eer en dien en om in 'n gemeenskap van gelowiges in liefde saam te werk tot eer van die Here. Dit is dan ook wanneer die ware lewenswyse van die kerk tot volle uiting kom, dat elke gelowige sy genadegawes aanwend om die eenheid van die kerk te dien en uit te bou binne die ruimte wat God tot stand gebring het. So alleen word die eenheidsband met Christus as Hoof praktyk wanneer die liefde die band tussen gelowiges verstewig binne die ruimte van 'n gemeenskap wat God as liggaam van Christus tot stand gebring het en kan elkeen die Here voluit (optimaal) in die gemeente dien (vgl. hfst. 2,:2.5.1–2.5.8).

Dit gaan dus hier onderskeidelik oor die roeping, identiteit, taak en doel onderskeidelik van die gelowiges in die gemeente en in 'n gemeenskap (vgl. 3.7.1-3.7.4). Roeping (2.5.5.2) kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer. Dit is dus belangrik dat elke gelowige moet weet wat sy roeping behels en dat dit die Here wat aan die

gelowige die kennis van sy roeping gee. Dit is nie net verstandelike kennis nie, maar 'n kennis van die hart, die setel van die liefde. As die Here iemand roep, rus Hy hom ook vir die taak toe sodat God sy doel met elkeen in die gemeente kan bereik.

Die doel van toerusting is dus om 'n gemeente in hul roeping, taak en doel tot geloofseenheid (Efes. 4:13, 16), tot geestelike volwassenheid (Efes. 4:13; 1 Kor. 3), tot kennis van die Seun van God (Efes. 4:13) te lei en om voluit tot eer van die Here te lewe (vgl. 2.5.6.2.4).

Die hulpwetenskappe en empiriese navorsing is hier van groot hulp sodat 'n beradingsentrum sy rol en funksie in 'n gemeente en in 'n gemeenskap kan vervul en sy doel met toerusting kan bereik, veral in die gemeentes wat nie oor die nodige vaardighede beskik nie.

In die eerste plek kan die Sosiologie (vgl. 3.3.1.1) as wetenskap hier van groot hulp wees, want dit help om die mens in sy omstandighede in hierdie geval in die kerk (vgl. 3.3.1.4), gemeenskap (vgl. 3.3.1.3) en gesin (vgl. 3.3.1.5) beter te begryp (Giddens, 2006:4; Schaefer, 1992:5) veral met betrekking tot die jongste tendense waarmee rekening gehou moet word, byvoorbeeld die oorbeklemtoning van menseregte in die gemeenskap, ontkerkliking, nuwe sosiale vorme van godsdienstigheid (Goddijn, 1991:28) en die passiwiteit (Van der Walt, 1999:01 e.v.) op geestelike gebied, waar die individu die vryheid en reg kry om op religieuse gebied in die gemeenskap te leef soos hy wil (Van der Walt, 1999:35 e.v.). Sodoende kan die persoon toegerus word om sy roeping te vervul (2.5.5.2), sy plek in die gemeenskap van gelowiges vol te staan, voluit die Here te dien en eer en met sy medemens saam te werk.

In die tweede plek kan kommunikasiekunde as wetenskap (vgl. 3.3.2) baie daartoe bydra dat 'n beradingsentrum sy doel met toerusting kan bereik, want dit is 'n doeltreffende middel om begrip te bevorder; dit bring mense nader aan mekaar en dit is 'n middel waardeur een persoon probeer om die gedrag, die handelswyse of denkrigting van 'n ander persoon te beïnvloed Huebsch (1990:3 e.v.). Daarby kan 'n beradingsentrum van die nuutste

tegnologie gebruik maak om te kommunikeer en toe te rus (Goddijn, 1991:104; vgl. 3.3.2.2), byvoorbeeld deur middel van die massamedia soos die radio, film, pers en televisie om sodoende met mense oor die hele wêreld te kommunikeer en ander toe te rus.

In die derde plek kan die Psigologie as wetenskap baie daartoe bydra dat 'n berader die optrede, gedrag en die jongste tendense daarvan in (bv. praat, gesigsuitdrukkings, bedoelings, ook abnormale gedrag en depressie) van die mens in 'n gemeenskap, in 'n kerk en in die huwelik of gesinsverband beter kan begryp (Louw, 1993:1, 2; Krebs & Blackman, 1988:7) en wys hoe 'n beradingsentrum daarmee rekening moet hou om sy doel te bereik in die toerusting wat aangebied word. Daar kan nou byvoorbeeld ten opsigte van depressie holisties te werk gegaan word deurdat daar van al die wetenskappe, naamlik die Sielkunde, die Mediese Wetenskap en die Pastoraat afsonderlik gebruik gemaak kan word om met die mens in sy geheel te werk en hom tot genesing te begelei (Joubert, 1999:34).

### 4.7.6 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van toerusting

4.7.6.1 Toerusting, as een van die funksies van 'n beradingsentrum, vind sy grondslag in Efesiërs 4 waar God die besondere dienste (predikante, ouderlinge en diakens) aanwend, as gawes van Christus aan die kerk, om sy gemeente toe te rus in onder andere gemeentewerk, ampsvervulling, kategetiese onderrig, berading en in die amp van gelowige en hulle te bemagtig om Christus se liggaam op te bou (vgl. hfst. 2, 2.5.9.5).

4.7.6.2 By die gemeentes van God behoort die ampsdraers (ouderlinge en diakens); kategete; hulpberaders; gemeentelede in die amp van gelowige en mense in die gemeenskap/samelewing toegerus, begelei en gewys te word op wat hul roeping beteken en behels (vgl. hfst. 3, 3.7.4).

4.7.6.3 Indien 'n gemeente of predikant nie oor die vaardigheid beskik of voldoende tyd het om toe te rus nie, kan daar van 'n bron van kundigheid, naamlik 'n beradingsentrum, gebruik gemaak word.

4.7.6.4 Die beradingsentrum maak gebruik van predikante en medegelowiges wat in 'n spesifieke studierigting gespesialiseer het om mense toe te rus en praktiese kennis oor te dra (vgl. 2.5.6.2.2).

4.7.6.5 Kommunikasiekunde, as wetenskap kan hier van hulp wees, want kommunikasie is 'n doeltreffende middel om begrip te bevorder; dit is 'n medium wat uitsluitlik vir kennisoordrag bedoel is (Huebsch, 1990:3; 3.3.2.2).

4.7.6.6 Die doel van toerusting is om sy kerk/gemeente in hul roeping, taak en doel as gemeenskap van gelowiges op te bou en tot geloofseenheid, tot geestelike volwassenheid, tot kennis van die Seun van God te lei en om voluit tot eer van die Here in sy gemeente te lewe en dit as 'n eenheid uit te bou.

## 4.8 Implementering van 'n beradingsentrum

### 4.8.1 Inleiding

Uit die empiriese studie het dit duidelik geblyk dat die noodsaaklikheid vir 'n beradingsentrum toegeneem het (3.5.5.2.2), want die omvang van Skrifgefundeerde berading en toerusting maak kundige hantering 'n noodsaaklikheid. Terwyl die nood aan die een kant toeneem, is daar al hoe meer gelowiges met 'n passie daarvoor het om ander in nood te help en wat behoefte het aan Skrifgefundeerde toerusting (vgl. hfst. 3, 3.6.1.4; 3.6.2.2.1). Die omvang van die nood noodsaak gedesentraliseerde beradingsentra. Die leraars van plaaslike gemeentes behoort losgemaak te word van langtermynbegeleiding, in belang van Woordbediening. Gelowiges uit alle beroepe en vakgebiede begin belangstel in 'n dieper vlak van innerlike heling. Toepaslike opleiding hierin word 'n al groter noodsaaklikheid (3.6.2.1).

## 4.8.2 Hoe lyk so 'n beradingsentrum?

### 4.8.2.1 Die visie van 'n beradingsentrum

In die lig van die Bybelse opdrag van naasteliefde dien die beradingsentrum die geestelike belange van lede van die gemeenskap wat in nood verkeer en bevorder die wetenskaplike ondersoek van berading (vgl. ICTB-lektuur).

### 4.8.2.2 Die missie van 'n beradingsentrum

Die beradingsentrum lewer gemeenskapsdiens aan lede van die gemeenskap ongeag kerkverband. Die beradingsentrum lewer diens op 'n individuele basis en in groepsverband: Gesinseminare; Huwelikseminare; seminare ter Voorbereiding op die huwelik; seminare vir Hersaamgestelde gesin; Ondersteuningsgroepe; Depressie; Trauma; Enkellopendes en Afgetredenes (vgl. ICTB-lektuur).

Die beradingsentrum bemagtig persone om hul geloofsverantwoordelikheid teenoor medegelowiges in die lig van die Skrif na te kom.

Die persoon wat van hierdie diens gebruik maak, word verwys na kundige persone in die beradingsentrum.

### 4.8.2.3 Die doel van 'n beradingsentrum

'n Beradingsentrum het ten doel:

1. Om pastorale hulp in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te verleen, wat dan ook die hooffunksie uitmaak; om mense te help om optimaal in diens van God te staan daar waar Hy hulle geroep en geplaas het (vgl. 2.5.7.3.1).
2. Om kerkraadslede, gemeentelede, beraders en hulpberaders toe te rus en op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan; en om die gemeenskap voor te lig met betrekking tot beroepskeuses (vgl. 2.5.7.3.1).

### 4.8.2.4 Die model vir 'n beradingsentrum

Daar is heelwat modelle vir 'n beradingsentrum. In die studie word die model van die beradingsentrum in Pretoria, naamlik die Instituut vir Christelike Toerusting en Berading (die ICTB) gebruik:




Die instituut bestaan uit twee bene, naamlik 'n toerustingsbeen en 'n beradingsbeen.

- Onder Toerusting/opleiding word kursusse, seminare, toerustingsgeleenthede en werkswinkels aangebied (vgl. 4.7.4).
- Onder berading word persoonlike en professionele berading aangebied (vgl. 4.6).

### 4.8.2.5 Die funksionering van 'n Bybelse beradingsentrum

Die diagram hieronder dui aan hoe een van die beradingsentra, naamlik die Instituut vir Christelike Toerusting en Berading (ICTB) funksioneer en bestuur word:

## DIE INSTITUUT VIR CHRISTELIKE TOERUSTING EN BERADING




- Die advieskomitee hou toesig oor die ICTB, neem besluite en bestaan uit predikante van die Gereformeerde kerke in Pretoria en Johannesburg. Hulle vergader twee tot drie maal per jaar soos nodig.
- Die ICTB funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee; staan in diens van meer as een gemeente en verleen net op aanvraag spesialiteitsdienste, naamlik berading of toerusting.
- Die dagbestuur bestuur die ICTB van dag tot dag, neem besluite, lewer insette en lewer verslag aan die advieskomitee.
- Die opleidingspan is 'n span wat bestaan uit die aanbieders van bepaalde onderwerpe.
- Die kursusontwikkelingspan is 'n span wat navorsing doen oor aktuele onderwerpe en die skep van nuwe kursusmateriaal.
- Die beradingspan is 'n span wat uit Professionele Christen-beraders en Christenberaders-indiensopleiding bestaan.
- Die ondersteuningspan is 'n span wat ondersteuning bied aan persone gedurende tydperk van terapie en daarna.
- Die bemarkingspan is 'n span wat kursusse, seminare en werkswinkels bemark.

- Die finansiële span is 'n span wat die finansies bestuur, beplanning doen en so meer.
- Die administrasie- en sekretariële span is 'n span wat sekretariële dienste lewer (tik, duplisering van materiaal ens,) die administrasie hanteer, verversings reël en met die finansiële span saamwerk (vgl. ICTB-lektuur).

#### 4.8.2.6 Die verhouding Kerk—Beradingsentrum

'n Beradingsentrum -

- respekteer die selfstandigheid van die kerk;
- respekteer die wyse waarop 'n gemeente toegerus word deur middel van die besondere dienste;
- meng nie in kerklike aktiwiteite in nie;
- funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee;
- staan in diens van meer as een gemeente en verleen net op aanvraag spesialiteitsdienste naamlik berading of toerusting en
- lewer interkerklik diens op individuele en groepsbasis (2.5.7.4).

#### 4.8.2.7 Sterkpunte van 'n beradingsentrum

'n Beradingsentrum kan 'n gemeente en 'n gemeenskap se bediening uitbrei en vergroot (vgl. 2.5.8.3) deur aan hulle berading, opvoeding en konsultasiedienste te lewer ooreenkomstig die behoefte wat bestaan (Laurie, 1997:108).

A. Die sterkpunte van 'n beradingsentrum (vgl. 3.7.8) met betrekking tot berading is dat dit belangrik geword het dat professionele dienste vertroulik gelewer kan word in gesellige spreekkamers. Hartmann (1997:101) beklemtoon dit dat een deel van 'n beradingsentrum se werk is naamlik om ondersteuning te bied aan gemeentes ten einde sodoende 'n plek van genesing te word vir persone wat gebroke is. Die professionele berader is beskikbaar om berading in plaaslike kerke te doen en kan supervisie hou oor die hulpberaders en as mentor optree (vgl. 2.5.8.3).

B. Met betrekking tot toerusting moet daar deeglik opgeleide dosente, goed toegeruste lokale, opleidingsmateriaal van hoë gehalte wees wat volgens die nuutste tegnologie aangebied word. Hartmann, (1997:102-106) stel dit dat 'n beradingsentrum 'n opleidingskursus kan ontwikkel wat teoretiese lesings en praktiese oefeninge insluit om lidmate toe te rus om in die gemeente as liggaam van Christus meer vir mekaar om te gee (Efes. 4:12-16). As toevoeging hiertoe bestaan daar professionele opleiding vir gespesialiseerde persone in berading en terapie (vgl. 2.5.8.3; Schoenberg, 1978:51).

#### 4.8.2.8 Knelpunte van 'n beradingsentrum

Omdat daar met betrekking tot berading en toerusting onkunde onder gemeentes en die gemeenskap bestaan rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum (vgl. hfst. 3, 3.5), en omdat daar 'n paar jaar lank al gepoog word om beradingsentra en beraders te akkrediteer sodat hulle ook hul konsultasies van die mediese fondse kan eis (vgl. 3.5.5.2.2 pt 3; notule 2006 van SAAP-kongres), is die bemarking van 'n beradingsentrum met betrekking tot berading en toerusting onder die publiek dus baie belangrik. Hier kan van die modernste metodes met behulp van kommunikasiekunde as wetenskap (3.3.2.3) gebruik gemaak word, naamlik:

- Professionele optredes, persoonlike kontak met gemeentes in die omtrek en onderhoude met rolspelers in die gemeenskap, byvoorbeeld kerkrade; onderwyspersoneel en leiers van besighede is baie belangrik.
- 'n Brief kan na elke rolspeler in die gemeenskap uitgestuur word om op hierdie wyse die dienste van 'n beradingsentrum onder hulle aandag te bring.
- Advertensies kan deur middel van blaadjies, visitekaartjies of pamflette waarop die beradingsentrum se logo en al sy aktiwiteite duidelik aangetoon word, versprei word (vgl. ICTB-lektuur).

#### 4.8.2.9 Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum

Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum (vgl. 3.5.5.2.2 pt 4) kan op die volgende wyses verhoog word:

A. Met betrekking tot berading kan goeie verhoudinge gebou word met

- hulpverleningsinstansies
- alle Christelike denominasies in die gemeenskap.

Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur (vgl. 2.5.8.3; Hartmann, 1997:101).

B. Met betrekking tot toerusting kan maksimale toerustingsgeleenthede aan dosente en fasiliteerders verskaf word

- in verhoudingsvaardighede
- opleidingsmetodiek.

Hier kan die nuutste tegnologie in die kommunikasiekunde (vgl. 3.3.2.3; Goddijn, 1991:104) en in toerusting geïmplementeer word:

Daar kan gebruik gemaak word van dataprojektors met 'n "PowerPoint" aanbieding (vgl. ICTB-toerustingskursusse; 3.3.2.4).

Oetting *et al.* (1970:8, 9) wys daarop dat beraders op 'n jaarlikse basis byeen kan kom om probleme en sekere vraagstukke ten opsigte van die administrasie, struktuur en funksies van hul sentrums met mekaar te bespreek ten einde effektiwiteit te bevorder en van mekaar te leer.

#### 4.8.2.10 Riglyne vir die oprigting van 'n beradingsentrum

Hier volg slegs enkele riglyne:

4.8.2.10.1 Spreekkamerbeplanning en administrasie:

Die onderneming moet van onder af regdeur tot by die boonste vlak beplan word. 'n Bepaalde raamwerk moet gestel word waarbinne u spreekkamer

se aktiwiteite plaasvind. Dit is 'n proses wat voortdurend uitgebou en aangepas word (Filadelfia Opleidingsentrum:6).

4.8.2.10.1.1 Geskikte akkommodasie:

1. Die Ligging is van kardinale belang en moet maklik bereikbaar en in 'n stil en rustige omgewing wees (3.5.5.2.2).
2. Ruimte in spreekkamer is ook belangrik
3. Lokale: Daar moet verskillende soorte lokale wees, naamlik 'n ontvangslokaal; spreekkamerlokaal; pakkamer; kombuis; toiletfasiliteite en parkering.
4. Spreekure: Tye moet duidelik op byvoorbeeld 'n kennisgewingbord aangetoon word.

4.8.2.10.1.2 Uitleg van spreekkamer: Die vertrek moet hom leen tot gesélligheid of ontspannenheid. Dit moet klankdig en rustig wees sodat kliënte hul gesprekke in 'n ontspanne atmosfeer kan voer (Filadelfia Opleidingsentrum:7).

4.8.2.10.1.3 Bykomende toerusting:

a) Noodsaaklike toerusting: 'n Rekenaar; telefoon, antwoordmasjien of selfoon; blaaibord; musieksentrum; dataprojektor en kopieermasjien.
b) Ander toerusting
    1. Kliënteleêrs
    2. Bewaring van dokumente
    3. Dagboek: Die Instituut vir Christelike Toerusting en Berading in Pretoria gebruik die modernste kommunikasietegnologie, naamlik die "Diarise"-program op rekenaar en internet wat soos volg werk:

       "Diarise" help met die bestuur van die daaglikse, weeklikse en jaarlikse skedules, afsprake en gebeure. Enige individu kan met "Diarise" werk want die addisionele kenmerke maak dit buitengewoon bruikbaar vir sakedoeleindes waar een tot een

konsultasies geskeduleer moet word, byvoorbeeld by beradingsessies.

Hoofkenmerke van die "Diarise"-program is die volgende:

(Daar word net tien van die hoofkenmerke genoem):

- 24-uur-toegang tot jou afsprake, enige plek met internetverbinding.
- Verslaghouding van daaglikse afsprake.
- Dit gee outomaties elke kliënt se verwysings deur.
- Ondersteun verslaghouding van persoonlike skedules of gebeure.
- SMS fasiliteit om kliënte aan hul afsprake te herinner.
- Afspraak- en betalingsverslae.
- **<u>Met SMS-aktivering bied die produk die volgende addisionele kenmerke</u>:**
    - Gesinkroniseerde afspraak, boodskappe aan 'n genomineerde selfoon wat jou help om op hoogte te bly met die wisseling van skedules en afsprake wanneer jy nie op kantoor is nie. Jy sal weet wanneer afsprake gereël of gekanselleer word.
    - Herinneringsboodskappe aan kliënte en jouself van hul afsprake.

4. Inventaris
5. Voorradeboek
6. Versekeringsdekking

c) Finansiële rekordhouding:

- 'n Voorgestelde tarief per sessie moet neergelê word.
- Finansiële bestuur van 'n praktyk moet noukeurig gedoen word, (vgl. die ICTB se "Diarise"-program in 4.10.3.1.3).

### 4.8.3 Samevatting

Uit bogenoemde blyk dit dat daar bepaald 'n funksie vir 'n beradingsentrum as hulp in 'n gemeente en in 'n gemeenskap is. In hierdie geval word 'n

hulpfunksie dus veronderstel in dieselfde sin as dié wat voorkom by bepaalde gemeentes en gemeenskappe in die VSA en Duitsland.

Dit behels onder andere die volgende:

- pastorale hulp, wat die hooffunksie is;
- toerusting van beraders en ander gelowiges;
- om op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan.

Hoewel God die besondere dienste gebruik om sy gemeente toe te rus en op te bou, gebruik Hy 'n beradingsentrum om op aanvraag en onder toesig van die kerkraad in gemeentes waar daar nie die nodige vaardighede is nie, spesialiteitsdiens te verrig en om kerkraads- en gemeentelede in hul amp as gelowiges (2.5.7.5), maar ook in hul roeping in die gemeente en gemeenskap toe te rus en hulle tot geestelike volwassenheid te lei. 'n Beradingsentrum kan hier van ander hulpwetenskappe en empiriese navorsing gebruik maak om sy funksie te vervul om sodoende die gelowige, die kerklose, die lou lidmaat, asook die een wat nie die moed het om sy of haar probleme teenoor die kerk te opper nie, te kan bereik.

## 4.9 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van die implementering van 'n beradingsentrum

4.9.1 Die visie van 'n beradingsentrum is om in die lig van die Skrif die geestelike belange van lede van die gemeenskap wat in nood verkeer, te dien en die wetenskaplike ondersoek van berading te bevorder.

4.9.2 Die missie van 'n beradingsentrum is om gemeenskapsdiens individueel sowel as in groepsverband te lewer waardeur persone bemagtig word om hul geloofsverantwoordelikheid in die lig van die Skrif teenoor medegelowiges na te kom, en dit geskied byvoorbeeld tydens seminare, werkswinkels en kursusse: vir die gesin en die huwelik; vir voorbereiding op die huwelik; vir hersaamgestelde

gesinne; depressie; trauma; enkellopendes; en afgetredenes en ook in ondersteuningsgroepe (vgl. ICTB-lektuur).

4.9.3 Die doel van 'n beradingsentrum is om aan die een kant pastorale hulp in 'n gemeente en in 'n gemeenskap hulp te verleen, hulle te bearbei, te ondersteun en by te staan, wat dan ook die hooffunksie uitmaak (vgl. 2.5.7.3.1), en aan die ander kant om kerkraadslede, gemeentelede, beraders en hulpberaders toe te rus.

4.9.4 As model vir 'n beradingsentrum word die model van die Instituut vir Christelike Toerusting en Berading (die ICTB) in Pretoria benut wat uit twee bene bestaan, naamlik 'n toerustingbeen en 'n beradingsbeen.

4.9.5 Die ICTB as Bybelse beradingsentrum funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee; staan in diens van meer as een gemeente; verleen net op aanvraag spesialiteitsdienste, naamlik berading en/of toerusting; het verskillende spanne naamlik 'n opleidingspan; 'n kursusontwikkelingspan; 'n beradingspan; 'n ondersteuningspan; 'n bemarkingspan; 'n finansiële span en 'n sekretariële span.

4.9.6 Die Beradingsentrum staan in 'n verhouding met die kerk; respekteer die selfstandigheid van die kerk; respekteer die wyse waarop 'n gemeente toegerus word deur middel van die besondere dienste; meng nie in kerklike aktiwiteite in nie; funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee; staan in diens van meer as een gemeente en verleen spesialiteitsdienste slegs op aanvraag (vgl. 2.5.7.4).

4.9.7 Die sterkpunte van 'n beradingsentrum is dat dit die bediening van 'n gemeente en 'n gemeenskap kan laat uitbrei en vergroot (vgl. 2.5.8.3) deur berading, opvoeding en toerusting aan hulle te bied ooreenkomstig die behoefte wat bestaan (Laurie, 1997:108).

4.9.8 Die knelpunte van 'n beradingsentrum is dat daar met betrekking tot berading, toerusting en akkreditering by mediese fondse onkunde onder gemeentes en die gemeenskap is rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum en dit behoort reggestel te word (vgl. hfst. 3, 3.5; 3.5.5.2.2 pt 3; notule ICTB).

4.9.9 Bemarking van 'n beradingsentrum met betrekking tot berading en toerusting onder die publiek is dus baie belangrik. Hier kan van die modernste kommunikasiemetodes (3.3.2.3) gebruik gemaak word, naamlik 1) Professionele optredes, persoonlike kontak, onderhoude met gemeentes en rolspelers in die gemeenskap, byvoorbeeld kerkrade; onderwyspersoneel en leiers van besighede. 2) 'n Brief kan na elke rolspeler in die gemeenskap uitgestuur word om op hierdie wyse die dienste van 'n beradingsentrum onder hulle aandag te bring. 3) Advertensies kan deur middel van blaadjies, visitekaartjies of pamflette waarop die beradingsentrum se logo en al sy aktiwiteite duidelik aangetoon is, versprei word (vgl. ICTB-lektuur).

4.9.10 Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum (vgl. 3.5.5.2.2 pt 4) kan op die volgende wyses verhoog word, deur goeie verhoudinge met hulpverleningsinstansies en alle Christelike denominasies in die gemeenskap op te bou.

Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur (vgl. 2.5.8.3; Hartmann, 1997:101). Met betrekking tot toerusting kan maksimale toerustingsgeleenthede aan dosente en fasiliteerders gebied word. Op 'n jaarlikse basis kan beraders byeen kom om probleme en sekere vraagstukke ten opsigte van die administrasie, struktuur en funksies van hul sentrums met mekaar te bespreek ten einde doeltreffendheid te bevorder en van mekaar te leer (vgl. Oetting *et al.* (1970:8-9).

4.9.11 Riglyne vir die oprigting van 'n beradingsentrum is onder andere: geskikte akkommodasie; spreekkamerbeplanning, administrasie en

die uitleg daarvan; bykomende toerusting, onder andere 'n rekenaar; telefoon, antwoordmasjien, dataprojektor en kopieermasjien met ander toerusting soos kliënteleêrs, bewaring van dokumente en 'n dagboek waarin afsprake aangeteken word; 'n inventaris; voorradeboek; finansiële rekordhouding en versekeringsdekking.

**Samevattende gevolgtrekking**

In hoofstuk 2 (2.5.1–2.5.8) is aangetoon op watter wyse God te werk gaan om sy kerk uit te bou en hoe Hy gelowiges roep en toerus. Gegrond op die Skrif, is vyf basisteoretiese riglyne geformuleer vir die funksie van 'n Bybelse Beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In hoofstuk 3 is metateorieë uit literatuurstudies van ander wetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde en empiriese navorsing geformuleer vir die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In die onderhawige hoofstuk (hoofstuk 4) is die resultate in hoofstukke 2 en 3 uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking georden, en is daar praktykteoretiese riglyne neergelê. 'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk vanuit 'n bepaalde teorie behoort te funksioneer (Venter, 1996:89, 90).

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

### 5.1 Probleemstelling

Uit 'n voorlopige ondersoek het dit na vore gekom dat daar 'n leemte in Suid-Afrika bestaan ten opsigte van wetenskaplike studies en navorsingsresultate met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum rakende die toerus van gelowiges om hul roeping in die kerk en samelewing te vervul.

### 5.2 Doelstelling

Die hoofdoel van hierdie studie was om ondersoek in te stel daarna of 'n Bybelse beradingsentrum tot voordeel van 'n gemeente en 'n gemeenskap kan strek, veral met betrekking daartoe dat om mense in hulle amp as gelowiges toe te rus en hulle tot geestelike volwassenheid te lei. Hier word dus 'n hulpfunksie by gemeentes veronderstel.

Dit behels onder andere pastorale hulp, wat die hooffunksie uitmaak; die toerus van beraders en ander gelowiges; en om op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan.

### 5.3 Metode

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het.

'n Basisteorie is ontwerp na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis oor 'n Bybelse beradingsentrum direk of indirek mag sê.

Metateorieë is geformuleer uit literatuurstudies oor ander wetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde. Verder is empiriese navorsing onderneem om vas te stel wat die huidige stand van sake ten opsigte van die rol en funksie van 'n Bybelse beradingsentrum is.

Praktykteoretiese riglyne is deur die hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk in gemeentes in Suid-Afrika geformuleer.

## 5.4 Ten opsigte van Basisteoretiese Beginsels

### 5.4.1 Probleemstelling

In hoofstuk 2 is basisteoretiese navorsing gedoen om vas te stel wat die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum is in die toerus van 'n gelowige in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Aangesien die begrip *beradingsentrum* nie as sodanig in die Skrif voorkom nie, is verwante begrippe, byvoorbeeld *berading, roeping* en *toerusting* vanuit die Heilige Skrif ondersoek. Dit kon moontlik aandui hoe 'n beradingsentrum van diens kan wees in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

### 5.4.2 Doelstelling

Die doelstelling van hoofstuk 2 was om in die lig van Bybelse beginsels vas te stel wat die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum is ten opsigte van die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In samehang met die metateoretiese perspektiewe (hoofstuk 3) kan die basisteorie (hoofstuk 2) meewerk tot die skep van 'n geskikte praktykteorie met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

### 5.4.3 Metode

'n Basisteorie is ontwerp uit die beginsels wat die Heilige Skrif bied, asook uit die riglyne wat uit die geskiedenis afgelei kan word rakende die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping ten opsigte van die ondersteuning van ander in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Eksegese is volgens die grammatikaal-historiese benadering (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3-95) gedoen om te bepaal of die

funksionering van 'n Bybelse beradingsentrum ook as toerustingsgeleentheid vir 'n gemeente en 'n gemeenskap kan dien. 'n Kritiese evaluering van literatuur oor die betrokke studieveld waarin die beginsels funksioneer, is ook gedoen.

### 5.4.4 Werkplan

In die eerste plek is indringend ondersoek ingestel na die kerk as ruimte waarbinne die gelowige sy roeping kan uitleef.

In die tweede plek is nagevors wat *roeping* beteken, toegespits op die roeping van die gelowige in 'n kerk en in 'n gemeenskap.

In die derde plek is ondersoek ingestel na 'n bepaalde funksie van 'n Bybelse beradingsentrum, naamlik die toerus van medegelowiges in hulle roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In die vierde plek is die ander funksie van 'n Bybelse beradingsentrum nagevors: Wat is Bybelse of pastorale berading?

In die vyfde plek is nagegaan wat uit die geskiedenis geleer kan word in verband met die ontwikkeling en funksionering van beradingsentra oor die afgelope jare.

### 5.4.5 Basisteoretiese beginsels

Op grond van die beginsels uit die Skrif (2.5.1–2.5.8) is aangedui hoedat God te werk gaan om sy kerk as 'n eenheid uit te bou binne die ruimte wat Hy tot stand gebring het. Verder is ook gewys op hoe Hy gelowiges roep en toerus, elkeen met sy eie gawes, binne die gemeenskap van gelowiges.

Die volgende basisteoretiese beginsels is geformuleer en geherorganiseer, wat betrekking gehad het op die res van die studie:

- Die kerk is 'n vergadering van gelowiges, geroepenes van die Here wat Hy met 'n doel saamgeroep het, naamlik om Hom alleen te dien

en eer en om in 'n gemeenskap van gelowiges in liefde saam te werk tot eer van die Here.

- Die ware lewenswyse van die kerk, naamlik die gemeenskap van die gelowiges in aksie, kom tot volle uiting wanneer elke gelowige sy genadegawes aanwend om die eenheid van die kerk te dien en op te bou binne die ruimte wat God tot stand gebring het.
- Die eenheidsband met Christus as Hoof word praktyk wanneer die liefde die band tussen gelowiges verstewig binne die ruimte van 'n gemeenskap wat God as liggaam van Christus tot stand gebring het.
- Roeping kom van die Here, en daarmee saam kom 'n opdrag wat die gelowige moet uitvoer. God roep nie net en maak bekwaam nie, Hy gee ook gawes – gawes om gemeentes toe te rus, maar ook gawes om mekaar aan te vul sodat die eenheid van Christus tot volle wasdom kan groei in die proses waardeur elkeen die Here voluit (optimaal) in die gemeente dien.
- God gebruik die besondere dienste (vgl. hfst.2, 2.5.6.2.2.) wat deur die Hoof van die kerk toegerus is, om sy gemeente toe te rus en te bemagtig om Christus se liggaam op te bou.
- Bybelse berading pas die waarheid vanuit God se Woord konkreet toe op iemand se probleem sodat verandering, groei, heling en herstel kan intree en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef.

Die resultaat sal dus wees:

'n Gemeente wat kom tot geloofseenheid (Efes. 4, 13, 16), tot geestelike volwassenheid (Efes. 4:13; 1 Kor. 3; Hebr.) en tot kennis van die Seun van God (Efes. 4:13).

So alleen kan Christus as die Hoof en lewensbron van die kerk Sy liggaam as 'n eenheid laat lewe binne die ruimte wat God tot stand gebring het.

## 5.5 Ten opsigte van Metateoretiese Perspektiewe

### 5.5.1 Probleemstelling

Op voetspoor van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat as uitgangspunt vir dié studie dien, is die volgende met betrekking tot hoofstuk 3 belangrik:

- Die probleem wat prakties-teologies deur die navorser ondersoek word, is die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap;

- Gevolglik is daar in hoofstuk 2 'n basisteorie ontwerp, alvorens 'n moontlike nuwe praktykteorie, na aanleiding van bogenoemde probleem wat ontstaan het, ontwerp sou kon word;

- Wanneer 'n probleem ondersoek word, is dit belangrik om 'n analise van die situasie uit te voer. Want, wat belangrik is in die model van Zerfass (1974:164-177) is dat 'n basisteorie geformuleer word na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis oor die Bybelse beradingsentrum indirek sê. Die geskiedenis word aan die hand van empiriese gegewens ontleed en metateoretiese insigte word geïntegreer.

- Metateoretiese insigte beteken dat kennis van ander wetenskappe toegepas word om 'n juiste beeld van die werklikheid te verkry (Heyns & Pieterse, 1990:37).

- Deur die metateorie word die basisteorie vanuit ander deelwetenskappe verhelder en belig. Die metateorie word in samehang met die basisteorie aangewend om 'n praktykteorie te ontwerp.

Die resultaat van hierdie studie is gebaseer op teoretiese sowel as empiriese navorsing. Venter (1996:89-90) stel dat die praktyk en situasie ontleed word, aan die hand van 'n empiriese ondersoek, waarna gepoog sal word om 'n nuwe praktykteorie op die funksie van 'n Bybelse

beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te ontwerp.

### 5.5.2 Doelstelling

Die doel van hoofstuk 3 was om metateoretiese perspektiewe uit die deelwetenskappe en die empiriese navorsing te ontgin. Daarom is in die eerste gedeelte van hoofstuk 3 gefokus op kennis van ander wetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Psigologie, wat moontlik tot meerdere insig ten opsigte van die probleem (hoe 'n beradingsentrum ten volle in gemeentes en in die gemeenskap verwesenlik kan word) kan bydra. In die tweede deel is empiriese navorsing gedoen deur kwantitatiewe en kwalitatiewe vraelyste te laat invul, en dit daarna te verwerk.

### 5.5.3 Metode

- Voordat metateoretiese perspektiewe gestel kon word, was dit volgens Zerfass (1974:164-177) se model nodig om eers 'n analise van die situasie uit te voer en dan in die eerste plek 'n basisteorie, na aanleiding van wat die Heilige Skrif en die geskiedenis implisiet oor 'n Bybelse beradingsentrum sê, te formuleer. Daarna is die geskiedenis aan die hand van empiriese gegewens ontleed en metateoretiese insigte geïntegreer. Dit is 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek. Kennis van ander wetenskappe is ingespan om 'n juiste beeld van die werklikheid te verkry (Heyns & Pieterse, 1990:37).
- Deur die metateorie is die basisteorie vanuit ander deelwetenskappe verhelder en belig. Die metateorie word dan gepaard met die basisteorie aangewend om 'n praktykteorie te ontwerp.

  Die praktyk en situasie is aan die hand van 'n empiriese ondersoek ontleed, waarna 'n nuwe praktykteorie vir die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap ontwerp kon word.

### 5.5.4 Metateoretiese beginsels

Op grond van die literatuurstudie van ander hulpwetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde, en die kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie aan die hand van vraelyste, kan duidelik afgelei word watter lig dit werp en watter uitwerking dit het op die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

Die volgende metateoretiese beginsels is geformuleer en geherorganiseer, wat belangrik is met betrekking tot die res van die studie:

- Die Sosiologie as wetenskap kan veel bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die mens in sy omstandighede beter te begryp en te wys op watter invloed sosiale verhoudinge op mense se gesindhede en optredes in 'n gemeenskap, in 'n gemeente, in 'n huisgesin en in 'n huwelik het. Dit wys ook op die jongste tendense in die gemeenskap, die gemeente, die huwelik en die gesin waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou.
- Die Kommunikasiekunde as wetenskap kan heelwat bydra tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die mens se optrede in sy omstandighede, byvoorbeeld in die beïnvloeding in 'n gemeenskap, in 'n kerk, in 'n huwelik of in 'n gesin beter te leer ken en te begryp namate hy inligting oor homself van die een na die ander oordra. Dit wys ook op die jongste tendense op die gebied waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om goed te kan funksioneer.
- Die Psigologie as wetenskap kan 'n besondere bydrae lewer tot die goeie funksionering van 'n beradingsentrum, want dit stel die berader in staat om die ervaringe van mense in 'n gemeenskap, in 'n gemeente of in 'n huwelik of gesin wat bepaalde gedragsuitinge tot gevolg het, beter te begryp. Dit wys ook op die jongste tendense op die gebied waarmee 'n beradingsentrum rekening moet hou om goed te kan funksioneer.

- Hoewel die meeste kerkrade eers seker maak dat 'n lidmaat oor die nodige gawes beskik om in 'n betrokke amp diens te lewer en hom wel op verskillende wyses daarin toerus as hy daartoe geroep word (B1 en B2), kom daar tog leemtes by sommige kerkrade voor omdat hulle nie voldoende lidmate het om in die besondere ampte te dien nie. Hulle moet dus enigiemand gebruik wat beskikbaar is.
- Aangesien die meeste gemeentes nog ampsdraerkerke is, is toerusting in onder andere gemeentewerk, ampsvervulling, kategese-onderrig en berading dringend noodsaaklik, want daar is 'n behoefte daaraan, en hoewel sommige kerkrade meen dat hulle daarvoor opgewasse is om toerusting te behartig, meen andere dat daar wel van 'n beradingsentrum gebruik gemaak kan word om toerusting onder toesig van die kerkraad te behartig.
- Aangesien daar 'n groot leemte in pastorale berading van lidmate bestaan omdat veral predikante, maar ook ampsdraers in sekere gevalle, van professionele persone gebruik maak, enersyds aangesien genoeg tyd en voldoende kennis ontbreek en andersyds omdat lidmate om vertroulikheidsredes meer vrymoedigheid het om met 'n buitestander, byvoorbeeld 'n berader in 'n beradingsentrum, te praat, want hulle meen dat hulle daar ook baie goeie Skrifgefundeerde berading ontvang.
- Die noodsaaklikheid vir 'n beradingsentrum het toegeneem weens die omvang met betrekking tot berading en toerusting. Terwyl die nood enersyds toeneem, is daar al hoe meer gelowiges met 'n passie daarvoor om ander in nood te help en wat vra na Skrifgefundeerde toerusting.
- Die sterkpunte van 'n beradingsentrum is dat, met betrekking tot berading enersyds, dit belangrik geword het dat professionele dienste vertroulik in gesellige spreekkamers gelewer moet word. Andersyds dat, met betrekking tot toerusting, daar goed toegeruste lokale, beligting, ventilasie, deeglik opgeleide dosente, 'n hartlike en vertrouensverhouding met studente, opleidingsmateriaal van hoë

gehalte en so ook verantwoordelike administrasie van studente-aangeleenthede en finansies moet wees.

- Die knelpunte van 'n beradingsentrum
  Met betrekking tot berading en toerusting bestaan daar onkunde onder gemeentes rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum. Daar word enersyds etlike jare lank reeds gepoog om beradingsentra en beraders te akkrediteer sodat hulle ook hul konsultasies van die mediese fondse kan eis, en andersyds is daar ook 'n gebrek aan nasionale akkreditering van gesaghebbende en opleidingsmateriaal van hoë gehalte.
- Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum kan op die volgende wyses verhoog word as daar met betrekking tot berading enersyds goeie verhoudinge met hulpverleningsinstansies en ook met alle Christelike denominasies in die gemeenskap opgebou kan word. Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur. Met betrekking tot toerusting, andersyds, kan maksimale toerustingsgeleenthede vir dosente en fasiliteerders aangebied word, byvoorbeeld met betrekking tot verhoudingsvaardighede en opleidingsmetodiek en dat die jongste tegnologie in toerusting geïmplementeer kan word.

## 5.6 Met betrekking tot Praktykteoretiese Riglyne

### 5.6.1 Metode

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat bepalend is vir die metode van hierdie navorsing (vgl. hfst. 1, 1.5), hou onder andere in dat in die Praktiese Teologie tussen basisteorieë onderskei moet word. In Hoofstuk 2 (vgl. hfst. 2, 2.1) van hierdie studie is basisteorieë ontwerp uit die Bybelse beginsels met betrekking tot die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. Voorts is in Hoofstuk 3 metateorieë uit literatuurstudies van ander wetenskappe, byvoorbeeld die die Sosiologie,

Kommunikasiekunde en Sielkunde, asook empiriese navorsing ontwerp. In Hoofstuk 4 word die resultate georden uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking, met die oog op praktykteoretiese riglyne.

### 5.6.2 Doelstelling

In hoofstuk 4 is die primêre doelstelling van die navorser om deur 'n kritiese sintese van die gegewens (vgl. hfst. 4, 4.1) 'n praktykteorie te ontwerp rakende hoe 'n Bybelse beradingsentrum in die praktyk kan funksioneer in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

### 5.6.3 Werkplan

In die praktyk is 'n plan uitgewerk hoedat 'n Bybelse beradingsentrum sy funksie kan vervul deur gelowiges toe te rus vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap/samelewing.

'n Praktykteorie is op die volgende wyse uitgewerk:

Die klem het in die eerste plek geval op berading, wat volgens die sesde basisteorie een van die funksies van 'n beradingsentrum is (vgl. hfst. 2, 2.5.9.6; hfst. 4, 4.6). Berading is baie belangrik vir gelowiges om hulle te begelei om voluit in die gemeente en in die gemeenskap waar hulle gevestig is, te kan lewe.

In die tweede plek is gefokus op toerusting, wat volgens die vyfde basisteorie 'n verdere hooffunksie van 'n beradingsentrum uitmaak (vgl. hfst. 2, 2.5.9.5; hfst. 4, 4.7). Die belangrikheid van toerusting raak die roeping van gelowiges wat so toegerus behoort te word dat hulle in al die fasette van die lewe hulle roeping in 'n gemeente en gemeenskap kan vervul. Metateoreties is die toerusting belig vanuit die literatuurstudie oor ander wetenskappe, asook die empiriese studie, om te vorder tot die aanduiding van praktykteoretiese riglyne.

In die derde plek het die klem geval op die doel van toerusting wat volgens die eerste vier basisteorieë die belangrikste rede aandui waarom elke

gelowige toerusting behoort te ontvang (vgl. hfst. 2, 2.5.9.1–2.5.9.4; hfst.4, 4..8). Genoemde basisteorieë handel oor die roeping, identiteit, taak en doel onderskeidelik van die gelowiges in die gemeente en in 'n gemeenskap.

In die vierde plek is duidelik gewys op hoe 'n beradingsentrum in die praktyk geïmplementeer kan word (vgl. hfst. 4, 4.10).

### 5.6.4 Praktykteoretiese riglyne

#### 5.6.4.1 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van berading

- Pastorale berading as professionele diens is 'n gesprek met die oog daarop om verandering, groei, heling en herstel mee te bring wat op die Heilige Skrif gegrond is, en wat ook ander hulpwetenskappe inspan, om 'n persoon in liefde in die gemeenskap van gelowiges geestelik te versorg en te bemoedig met geloofsontwikkeling as doelwit sodat hy/sy die regte lewenswyse kan aanleer.
- Die doel van berading is dat dit tot eer van God en tot opbou van die enkeling moet geskied en wel om in die eerste plek die beradene deur middel van die hulpwetenskappe te leer ken en in die tweede plek om die waarheid vanuit God se Woord konkreet op iemand se probleem toe te pas, sodat verandering, groei, heling en herstel kan intree en die persoon daardeur getroos word, moed skep en ontdek hoe hy tot optrede kan oorgaan om voluit in 'n gemeente en in 'n gemeenskap te leef met die besef dat hy/sy reeds die ewige lewe beërwe het.
- Daar is verskillende tipes berading waarvan net 'n paar genoem word, naamlik: huweliksberading; gesinsberading; jeugberading; berading aan die getraumatiseerde; berading aan die depressielyer en sy naasbestaandes; bediening van hoop aan die homoseksuele en sy naasbestaandes; bediening van hoop aan die verslaafde en sy naasbestaandes; rousmart en nog verskeie ander tipes berading.
- 'n Beradingsessie bestaan uit die opbou van 'n verhouding; insameling van inligting; vertolking van al die inligting; konfrontasie

en om daartoe te kom om 'n plan van optrede te hê waarin twee aktiwiteite op die voorgrond tree, naamlik die daadwerklike aflê / doodmaak van die ou sondige natuur en die daadwerklike opneem/ aantrek van die nuwe mens, waarna die berader en beradene saam besluit om die sessies te beëindig.

- Die Bybelse beradingsmodel volgens 2 Timoteus 3:15-17 volg vier stappe, naamlik om die beradene in die waarheid te onderrig sodat hy/sy die leuen-oortuiging in sy lewe kan ontdek en identifiseer en Bybels gefundeerd kan verander om dan so gedissiplineerd die regte en nuwe lewenswyse aan te leer en dit met volharding uit te leef.

#### 5.6.4.2 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van toerusting

- Toerusting as een van die funksies van 'n beradingsentrum vind sy grondslag in Efesiërs 4 waar God die besondere dienste (predikante, ouderlinge en diakens) gebruik as gawes van Christus aan die kerk om sy gemeente in, onder andere, gemeentewerk, ampsvervulling, kategese-onderrig, berading en in die amp van gelowige toe te rus en hulle te bemagtig om Christus se liggaam ui te bou (vgl. hfst. 2, 2.5.9.5).
- By die gemeentes van God behoort die ampsdraers (ouderlinge en diakens); kategete; hulpberaders; gemeentelede in hul amp van gelowige en mense in die gemeenskap/samelewing toegerus te word, daarin begelei te word en gewys te word op wat hul roeping beteken en behels (vgl. hfst. 3, 3.7.4).
- Indien 'n gemeente of predikant nie oor die vaardigheid, of oor die tyd vir toerusting, tot hul beskikking het nie, kan daar van 'n bron van kundigheid, naamlik 'n beradingsentrum, gebruik gemaak word.
- Die beradingsentrum maak gebruik van predikante en medegelowiges wat in 'n spesifieke studierigting gespesialiseer het om die toerusting te doen en praktiese kennis oor te dra (vgl. hfst. 2, 2.5.6.2.2).

- Kommunikasiekunde, as wetenskap, kan hier van hulp wees, want kommunikasie is 'n doeltreffende middel om begrip te bevorder; dit is 'n medium wat uitsluitlik vir kennisoordrag bedoel is (Huebsch, 1990:3; hfst. 3, 3.3.2.2).
- Die doel van toerusting is om sy kerk/gemeente in hul roeping, taak en doel as gemeenskap van gelowiges uit te bou en te lei tot geloofseenheid, tot geestelike volwassenheid, tot kennis van die Seun van God en hulle te lei om voluit tot eer van die Here in sy gemeente te lewe en dit as 'n eenheid uit te bou.

#### 5.6.4.3 Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van die implementering van 'n beradingsentrum

- Die visie van 'n beradingsentrum is om in die lig van die Skrif die geestelike belange van lede van die gemeenskap wat in nood verkeer, te dien en die wetenskaplike ondersoek van berading te bevorder.
- Die missie van 'n beradingsentrum is om gemeenskapsdiens op individuele wyse sowel as in groepsverband te lewer waardeur persone bemagtig word om hul geloofsverantwoordelikheid teenoor medegelowiges in die lig van die Skrif na te kom, en dit geskied byvoorbeeld deur middel van seminare, werkswinkels en kursusse in groepsverband vir: Gesinne; Huweliksmaats; Voorbereiding op die huwelik; Hersaamgestelde gesinne; Depressie; Trauma; Enkellopendes en Afgetredenes, en ook Ondersteuningsgroepe (vgl. ICTB-lektuur).
- Die doel van 'n beradingsentrum is om aan die een kant pastorale hulp te verleen in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, hulle te bearbei, te ondersteun en by te staan, wat dan ook die hooffunksie uitmaak (vgl. hfst. 2, 2.5.7.3.1), en aan die ander kant om kerkraadslede, gemeentelede, beraders en hulpberaders toe te rus.
- As model vir 'n beradingsentrum word die model van die Instituut vir Christelike Toerusting en Berading (die ICTB) in Pretoria gebruik wat

uit twee bene, naamlik 'n toerustingsbeen en 'n beradingsbeen bestaan.

- Die ICTB as Bybelse beradingsentrum funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee; staan in diens van meer as een gemeente; verleen net op aanvraag spesialiteitsdienste, naamlik berading en/of toerusting; het verskillende spanne, naamlik 'n opleidingspan, 'n kursusontwikkelingspan, 'n beradingspan, 'n ondersteuningspan, 'n bemarkingspan, 'n finansiële span en 'n sekretariële span.
- Die beradingsentrum staan in 'n verhouding met die kerk; respekteer die selfstandigheid van die kerk; respekteer die wyse waarop 'n gemeente toegerus word deur middel van die besondere dienste; meng nie in kerklike aktiwiteite in nie; funksioneer selfstandig onder toesig van 'n advieskomitee; staan in diens van meer as een gemeente en lewer spesialiteitsdienste slegs op aanvraag (vgl. hfst. 2, 2.5.7.4).
- Die sterkpunte van 'n beradingsentrum is dat dit 'n gemeente en 'n gemeenskap se bediening kan uitbrei en vergroot (vgl. hfst. 2, 2.5.8.3) deur berading, opvoeding en toerusting aan hulle te gee ooreenkomstig die bestaande behoefte (Laurie, 1997:108).
- Die knelpunte van 'n beradingsentrum is dat daar met betrekking tot berading, toerusting en akkreditering by mediese fondse onkunde onder gemeentes en die gemeenskap voorkom rakende die plek, rol en waarde van 'n beradingsentrum en dit behoort reggestel te word (vgl. hfst. 3, 3.5 en 3.5.5.2.2, pt 3; notule ICTB).
- Bemarking van 'n beradingsentrum met betrekking tot berading en toerusting onder die publiek is dus baie belangrik. Hier kan van die nuutste kommunikasiemetodes (vgl. hfst. 3, 3.3.2.3) gebruik gemaak word, naamlik: 1) Professionele optredes, persoonlike kontak, onderhoude met gemeentes en rolspelers in die gemeenskap, byvoorbeeld kerkrade; onderwyspersoneel en leiers van besighede. 2) 'n Brief kan aan elke rolspeler in die gemeenskap gestuur word om op hierdie wyse die dienste van 'n beradingsentrum onder

sy/haar aandag te bring. 3) Advertensies kan deur middel van blaadjies, visitekaartjies of pamflette waarop die beradingsentrum se logo en al sy aktiwiteite duidelik aangedui is, versprei word. (vgl. ICTB-lektuur).

- Die doeltreffendheid van 'n beradingsentrum (vgl. hfst. 3, 3.5.5.2.2, pt 4.) kan op die volgende wyses verhoog word, naamlik deur goeie verhoudinge met hulpverleningsinstansies en alle Christelike denominasies in die gemeenskap op te bou.
- Professionele supervisiedienste aan beradingspanne kan uitgebou word om beraders met praktiese ondervinding die wêreld in te stuur (vgl. hfst. 2, 2.5.8.3; Hartmann, 1997:101). Met betrekking tot toerusting kan maksimale toerustingsgeleenthede aan dosente en fasiliteerders verskaf word. Beraders kan op 'n jaarliks basis byeen kom om probleme en bepaalde vraagstukke ten opsigte van die administrasie, struktuur en funksies van hul sentra met mekaar te bespreek ten einde doeltreffendheid te bevorder en van mekaar te leer (vgl. Oetting *et al.*, 1970:8, 9).
- Riglyne vir die oprig van 'n beradingsentrum is onder andere: geskikte akkommodasie; spreekkamerbeplanning, administrasie en die uitleg daarvan; bykomende toerusting, onder andere 'n rekenaar; telefoon, antwoordmasjien, dataprojektor en kopieermasjien met ander toerusting, byvoorbeeld kliënteleêers, liasseerkabinette vir dokumente en 'n dagboek waarin afsprake aangeteken word, 'n inventaris, voorradeboek, finansiële rekordhouding en versekeringsdekking.

### 5.6.5 Samevattende gevolgtrekking

In hoofstuk 2 (2.5.1–2.5.8) is aangetoon op watter wyse God te werk gaan om sy kerk uit te bou en hoe Hy gelowiges roep en toerus. Gegrond op die Skrif is daar vyf basisteoretiese riglyne geformuleer vir die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum rakende die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In hoofstuk 3 is metateorieë uit literatuurstudies oor ander wetenskappe, byvoorbeeld die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde, asook uit

empiriese navorsing, geformuleer vir die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum rakende die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In hoofstuk 4 is die resultate in hoofstukke 2 en 3 uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking georden, en is daar praktykteoretiese riglyne opgestel. 'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer, vanuit 'n bepaalde teorie (Venter, 1996:89,90).

## 5.7 Finale gevolgtrekkings

In die lig van die probleemstelling (vgl. hfst. 1, 1.2.2) en die sentraal teoretiese argument (vgl. hfst. 1, 1.4) van hierdie studie, en die studie wat in hoofstukke 2-4 gedoen is, is die finale gevolgtrekkings van die navorser dat 'n Bybelse beradingsentrum wel op aanvraag 'n hulpfunksie by gemeentes kan vervul en tot voordeel van 'n gemeente en 'n gemeenskap kan strek, veral met betrekking daartoe om mense in hulle amp as gelowiges toe te rus en hulle tot geestelike volwassenheid, geloofseenheid en kennis van die Seun van God te lei. Op hierdie wyse kan 'n beradingsentrum aan sy doel beantwoord, naamlik om aan die een kant pastorale hulp in 'n gemeente te verleen en die mense in 'n gemeenskap te bearbei, te ondersteun en by te staan, wat dan ook die hooffunksie uitmaak (vgl. hfst. 2, 2.5.7.3.1), en aan die ander kant om kerkraadslede, gemeentelede, beraders en hulpberaders toe te rus en op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan.

## 5.8 Terreine vir verdere navorsing

1. Die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in 'n samelewing wat graag post modern wil wees.
2. 'n Bybelse beradingsentrum as ondersteuningsbasis vir die dominee wat wil ontlaai.
3. Die empatie en liefde van 'n berader teenoor die beradene.

4. Toerustingskursus in: Die noodsaaklikheid van supervisie en mentorskap in berading.

5. Toerusting van multi-kulturele hantering van kerkraadslede in verskillende kulture in die GKSA/kerke vandag.

6. Samewerking tussen Bybelse beraders, predikante, sielkundiges - 'n moet!

# OPSOMMING

## DIE FUNKSIE VAN 'N BYBELSE BERADINGSENTRUM IN DIE TOERUSTING VAN GELOWIGES VIR HUL ROEPING IN 'N GEMEENTE EN IN 'N GEMEENSKAP


Hoewel daar in die VSA en Duitsland baie voorbeelde is van beradingsentra wat 'n duidelik omlynde funksie as 'n ondersteuningsbron in gemeentes en 'n gemeenskap het, blyk dit nie in Suid-Afrika so te wees nie.

Uit 'n voorlopige ondersoek het dit na vore gekom dat 'n groot leemte blykbaar in Suid-Afrika bestaan met betrekking tot wetenskaplike navorsingsresultate en studies oor die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum rakende die toerus van gelowiges om hul roeping in die kerk en gemeenskap te vervul.

Die volgende oorkoepelende navorsingsvraag het aan die orde gekom: Hoe word die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap in die praktyk toegepas en geïmplementeer?

Die doel van hierdie studie was om die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul volle roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap in die lig van die Skrif te beoordeel en na te gaan of 'n Bybelse beradingsentrum tot voordeel van 'n gemeente en 'n gemeenskap kan strek, veral met betrekking daartoe om mense in hulle amp as gelowiges toe te rus en hulle tot geestelike volwassenheid te lei. Dit behels onder andere pastorale hulp, wat die hooffunksie is; die toerus van beraders en ander gelowiges, en om op evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan. Hier word dus 'n hulpfunksie veronderstel in dieselfde sin as dié wat by bepaalde gemeentes en gemeenskappe in die VSA en Duitsland voorkom. In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Die werkswyse was soos volg:

In Hoofstuk 2 (2.5.1–2.5.8) is aangetoon op watter wyse God te werk gaan om sy kerk uit te bou en hoe Hy gelowiges roep en toerus. Gegrond op die

Skrif en na aanleiding van riglyne uit die geskiedenis is vyf basisteoretiese riglyne geformuleer vir die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum ten opsigte van die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In Hoofstuk 3 is metateorieë uit literatuurstudies van ander wetenskappe, byvoorbeeld die Sosiologie, Kommunikasiekunde en Sielkunde asook uit empiriese navorsing ontwerp vir die funksie van 'n Bybelse berading-sentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap. 'n Kwantitatiewe en 'n kwalitatiewe empiriese studie is deur middel van vraelyste en persoonlike onderhoude uitgevoer om die uitwerking van 'n Bybelse beradingsentrum te bepaal met betrekking tot die toerus van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

In Hoofstuk 4 is praktykteoretiese riglyne geformuleer na aanleiding van die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels, die metateoretiese perspektiewe en die huidige praktyk in gemeentes in Suid-Afrika. Algemene praktykteoretiese riglyne is geformuleer na aanleiding van die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerus van gelowiges vir hul roeping in die konteks van 'n gemeente en 'n gemeenskap.

In Hoofstuk 5 kom die navorser tot die finale gevolgtrekking: Dit blyk dat, in die lig van die probleemstelling (vgl.1.2.2), die sentraal teoretiese argument (vgl.1.4) en die studie wat in hoofstuk 2-4 gedoen is, 'n Bybelse berading-sentrum wel op aanvraag 'n hulpfunksie by gemeentes kan vervul. Dit strek tot voordeel van 'n gemeente en 'n gemeenskap, veral met betrekking daartoe om mense in hulle amp as gelowiges toe te rus en hulle tot geestelike volwassenheid; geloofseenheid en kennis van die Seun van God te lei. Op so 'n wyse kan 'n beradingsentrum aan sy doel beantwoord, naamlik om aan die een kant pastorale hulp in 'n gemeente te verleen en die mense in 'n gemeenskap te bearbei, te ondersteun en by te staan, wat dan ook die hooffunksie uitmaak (vgl. 2.5.7.3.1), en aan die ander kant, om kerkraadslede, gemeentelede, beraders en hulpberaders toe te rus en op

evangeliserende wyse die kerklose te bearbei, te ondersteun en by te staan.

# ABSTRACT

**THE FUNCTION OF A BIBLICAL COUNSELLING CENTRE IN EQUIPPING BELIEVERS FOR THEIR VOCATION IN A CONGREGATION AND COMMUNITY**

Although there are many examples of counselling centres with an evident and defined function as a supporting source of congregations and communities in the USA and Germany, it is not the case in South Africa. According to previous research there is a huge deficiency in South Africa with regard to scientific research results and studies concerning the functioning of a Biblical Counselling Centre with regard to equipping believers to fulfil their vocation in a congregation and community.

The next overarching research question came up for discussion. How can the functioning of a Biblical Counselling Centre be applied and implemented while equipping believers for their vocation in a congregation and community?

The purpose of this study was to evaluate the function of a Biblical Counselling Centre to equip believers in fulfilling their vocation in a congregation and community, in the light of the Scripture and to investigate whether a Biblical Counselling Centre extends to the advantage of a congregation and community, especially with regard to equipping persons in their position as believers to guide them to spiritual maturity. It usually includes pastoral help which is the main function, the equipment of counsellors and people who believe in Christ in an evangelising way to canvass the churchless and to support them. It has a supporting function in the same context as that which occurs in certain congregations and communities in the USA and Germany.

The method of this study proceeds with the model, designed by Zerfass (1974:166 aft.) with a view to Practical Theology.

The method of work was as follows:

In Chapter 2 (2.5.1–2.5.8) it was indicated how God operates to extend his church, calls people who believe in Him and equips them. Well-grounded on the Scripture and guidelines from history, five basic-theoretical

guidelines were derived from the function of a Biblical Counselling Centre in equipping believers for their vocation in a congregation and community.

In Chapter 3, meta-theoretical perspectives from other scientific literature studies such as Sociology, Communication, Psychology and empirical studies were formed on the functioning of a Biblical Counselling Centre in equipping believers for their vocation in a congregation and community. A quantitative and a qualitative empirical study were executed by means of personal interviews and questionnaires to determine the effect of a Biblical Counselling Centre with regard to equipping believers for their vocation in a congregation and community.

In Chapter 4, practical-theoretical guidelines were formulated arising from the hermeneutical interaction between the basis-theoretical principles, the meta-theoretical perspectives and the existing practice in congregations in South Africa. General practical-theoretical guidelines were formulated as a result of the functioning of a Biblical Counselling Centre in equipping believers for their vocation in a congregation and community.

In Chapter 5 the researcher drew a final conclusion, namely that, in the light of the problematical question (cf. 1.2.2) and the central theoretical argument (cf. 1.4) derived from this study, as well as the study undertaken in chapters 2-4, a Biblical Counselling Centre can indeed fulfil a supporting function which is to the benefit of congregations and a community, especially by equipping and empowering members of a congregation in their position as believers and to guide them to spiritual maturity, unity and knowledge of the Son of God. A Biblical Counselling Centre can fulfil it's purpose by lending pastoral help to a congregation, minister to the spiritual needs of the people and support them, which is the main function, and to equip members of the consistory, members of the congregation, counsellors and lay-counsellors in an evangelising manner to canvass the churchless and to support them.

# BIBLIOGRAFIE

ABBO (Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding). 1997. Sertifikaat-kursus in Bybelse Berading. Module 1. Studiegids 1.

ADAMS, J.E. 1970. Competent to counsel: Introduction to nouthetic counseling. Grand Rapids, Mich.: Zondervan Publishing House. 287 p.

ADAMS, J.E. 1983. The Christians counsellor's manual. Philipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company. 463 p.

ADAMS, J.E. 1986. How to help people change. the four-step biblical process. Grand Rapids, Mich.: The Jay Adams Library. 203 p.

AFIFI, T.D. & HAMRICK, K. (2006:435-456). *"Communication Processes That Promote Risk and Resiliency in Postdivorce Families,"* PsycINFO (2006/10-2006/12) uit *Handbook of divorce and relationship dissolution* (2006:435-456). Mahwah, N.J.: Lawrence Erlbaum Associates. xiii, 679 p.

ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I., STEWART VAN LEEUWEN, M. 1998. The Family Handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. 345 p.

ARNOLD, J. 1997. The big book on small groups. Downers Grove, Ill.: InterVarsity. (*In* Logos Scholar's Library.) [CD-ROM]

BACKUS, W. 1987. A counselling center staffed by trained Christian lay persons. *Journal of Psychology and Christianity,* 6(2):39-44. US: Christian Association for Psychological Studies.

BARRETT, C.K. 1998. A Critical and Exegetical Commentary on the Acts of the Apostles. Edinburgh: T & T Clark. p. 662- 667.

BARRETT, C.K. 1994. A Commentary on The First Epistle to the Corinthians. London: A & C Black. p. 282 – 297.

BEASLEY-MURRAY, G.R. 1999. Word Biblical Commentary: John. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson. 441 p.

BORCHERT, G.L. 2002. The American Commentary: John 12-21. Nashville, Tenn.: Broadman & Holman. 398 p.

BOUMA, C. 1984. Het Evangelie naar Johannes: Eerste deel. Kampen: Kok. p. 1-49.

BRANDEL-SYRIER, M. 1971. Reeftown elite: social mobility in a Black African community on the Johannesburg Reef. New York: Africana. 335 p.

BREED, G. 1998. Die waarheid sal jou vry maak: Handleiding by 'n Bybelse Beradingsmodel. Randburg. 15 p.

BRUCE, F.F. 1971. New Century Bible: 1 en 2 Corinthians. London: Oliphants. 262 p.

BRUCE, F.F. 1973. The new International Commentary on the New Testament: The Book of the Acts. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 555 p.

BRUEGGEMANN, W. 1997. Cadences of home: preaching among exiles. Isaiah 1 – 39. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. 159 p.

BURGER,C. 1991. Die dinamika van 'n christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi. 115 p.

BUYS, P.J. 1989. Die verhouding tussen gemeentebou en evangelisering. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVIJN, J. 1958. Commentary on the book of the prophet Isaiah. Vol. 1. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

CALVIJN, J. 1971. Het Evangelie van Johannes. Kampen: W.A. De Groot-Goudriaan. 581-609 p.

CALVIJN, J. 1970. De Handelingen der Apostelen. Eerste deel. W.A. De Groot-Goudriaan. 462 p.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek 4. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. 594 p.

CAPPOCCIA, K. 2001. Winners and Losers: Part 1-3 – Moses. Kath's Sunday School Lessons written for young boys and girls. 1-3 p.

CARTER, E.A. & McGOLDRICK, M. 1999. The changing family life cycle. 3e uitg. Boston: Allyn and Bacon. 541 p.

CERLING, G.L. 1983. Selection of lay counselors for a church counseling center. *Journal of Psychology and Christianity*, 2(3):67-72. US: Christian Association for Psychological Studies.

CHARLES, C. & SAMPLES, B. 2004. Coming home: community, creativity and consciousness. Fawnskin, Calif.: Personhood. 249 p.

CHILDRESS, J.F. & MACQUARRIE, J. 1986. The Westminister Dictionary of Christian ethics. Philadelphia, Pa.: Westminster. 678 p.

COETZEE, P.J. 1975. Klasdiktaat. Potchefstroom: PU vir CHO. 13 p.

COLLAROS, D. 1995. A proposed curriculum for a certificate course in lay Christian counselling. Johannesburg: RAU Dept. of Psychology.

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van Berading. Bybelse perspektiewe op probleemoplossing. Paarl: Struik Christelike Boeke. 779 p.

COMBRINK, V. 2003. Verslawings (*In* Bybelse Beradingskursus Module 2. Randburg: Assosiasie vir Bybelse berading en opleiding). 22 p.

CONNOLLY, C.M. (2006:5-21) *"The Intersection of the GLBT Individual and His or Her Family of Origin"* in PsycINFO 2006/10-2006/12. New York: Haworth. 299 p.

CURRY, G. 1992. Equipping the saints Ministry in the twenty-first century. *Churchman*, 106(4):294-307.

DE BRUYN, P.J. 1997. Jou enigste troos. Die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens. Potchefstroom: PU vir CHO Departement Sentrale Publikasies. 409 p.

DEKKER. G. 1987. Godsdienst en samenleving. Inleiding tot de studie van de godsdienstsociologie. Kampen: Kok. 230 p.

DE KLERK, W.J. 1964. Wending? Vernuwingsgesprekke oor die Gereformeerde kerkpraktyk. Potchefstroom: Pro Rege. 184 p.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

DE KLERK, B.J. 2001. Soeklig: Fokus op Efesiërs. Uitgegee deur: Die deputate Jeugsorg van die Nasionale Sinode GKSA. 138 p.

DE KLERK, B.J. 2005. 'n Liturgie van aftrede. *In die Skriflig*, 39(3):463-485.

DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 145 p.

DE KLERK, W.J. 1975. Pastorale sensitiwiteit: fragmente uit die pastorale-psigologie. Johannesburg: Perskor. 122 p.

DE KLERK, W.J. 1968. Rousmart: die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare. Johannesburg: Evangelis. 294 p.

Die raad vir Europese verslae. 2003. *"Violence against women in marriage"* in *Win News* 29 – winter 46P.

DELANTY, G. 2003. Community. London: Routledge. 227 p.

DELLING, G. 1969. Artios, eksartidzo, katartidzo, katartismos, katartisis. (*In* Kittel, G., *red.* Theological dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 1:475-476.)

DU TOIT, J.D. 1977. Die sestiende-eeuse profesie en die betekenis daarvan vir ons tyd. (*In* Venter, H., *red.* Totius Versamelde Werke 6. Kaapstad: Tafelberg. p. 75-97.)

EGAN, G. 1990. The skilled helper: a systematic approach to effective helping. 4e uit. Pacific Grove, Calif: Brooks/Cole. 445 p.

ERASMUS, J.A. & DE KLERK, B.J. 1999. Riglyne vir die toerusting van ouderlinge. *In die Skriflig,* 33(4):491-508.

EYRICH, H. & HINES, W. 2002. Curing the heart. A Model for Biblical Counseling. Christian Focus Publications, Ltd. Geanies House, Fearn, Tain, Ross-shire IV20 ITW, UK. 199 p.

FILADELFIA OPLEIDINGSENTRUM. 2002. Hulpverleningsproses: Handleiding vir beraders. Bloemfontein: Filadelfia Opleidingsentrum. 19 p.

FILADELFIA OPLEIDINGSENTRUM. 2002. Spreekkamer tot sentrum. Bloemfontein: Filadelfia Opleidingsentrum. 67 p.

FIRET, J. 1982. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: Kok. 404 p.

FLOOR, L. 1995. Commentaar op het Nieuwe Testament derde serie: Efeziërs. Kampen: Kok. 232 p.

FOULKES, F. 1963. The Epistle of Paul to the Ephesians: an introduction and commentary. London: Tyndale. 181 p.

FRANK, L.K. 2006. "Social change and the family" PsycINFO (2006/10-2006/12). (2006:102-114). 395 p.

FROST, R., VOS, H. & DREYER, M. 1993. Kommunikasie dinamiek. Johannesburg: Lexicon. 253 p.

GETZ, G.A. 1981. Sharpening the focus on the church. Chicago: Moody.

GIDDENS, A. 2006. Sociology. 5e uitg. Cambridge: Polity. 1094 p.

GLENNIE, C. 1998. Single Parent Double Power. Zebra Press. 164 p.

GODDIJN, W. 1991. Democratie en Christendom. Veertig jaar sociologie van kerk en godsdienst. Kampen: Kok. Cip-Gegevens Koninklijke Biblioteek, Den Haag. 173 p.

GROENEWALD, E.M. 1997. Gestaltspel terapie met die adolossent in 'n egskeidingsituasie: 'n Maatskaplike werk perspektief. Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Universiteit van Pretoria.

GROENEWALD, E.P. 1980. Die Evangelie van Johannes. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers. 418 p.

GROENEWALD, E.P. 1980. Die Eerste brief aan die Korinthiërs. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers. 237 p.

GROSHEIDE, F.W. 1960. Die brief van Paulus aan de Efeziërs. Kampen: Kok.

GSCHWEND-BOSCH, E. 1995. Praktiese Bybelse berading: 'n handleiding vir beraders. Queenswood: Eldad Gschwend-Bosch. 175 p.

GUTTMANN, J. & ROSENBERG, M. 2003. Emotional Intimacy and Children's Adjustment: A comparison between single-parent divorced and intact families. *Educational Psychology*, 23(4):457-472.

HAMELINK, C.J. 1994. The politics of world communication: a human rights perspective. London: SAGE. 337 p.

HARTMANN, W.D. 1997. Helping the Church to Become a Place of Healing for the wounded: Ignis Service for Local Churches in Germany. p.101-107. Ignis Kanzler – Stürtzel- Str.2. Kitzingen. Germany.

HARVEY, L. & MacDONALD, M. 1993. Doing sociology - a practical introduction. Houndmills: Macmillian. 277 p.

HARVEY, J.H. & WENZEL, A. 2002. A clinician's guide to maintaining and enhancing close relationships. Mahwah, N.J.: Erlbaum.

HATTINGH, C. 1988. Òf Gemeenskap met God, òf formalisme - vir Bybelstudie en toerusting van ouderlinge en diakens. Pretoria: V & R Drukkery. 70 p.

HAWTIN, M., HUGHES, G., PERCY-SMITH, J. with FOREMAN, A. 1995. Community profiling: auditing social needs. Buckingham, Phil.: Open University Press. 194 p.

HEDAHL, B.M. 1978. *The growth and development of Counseling center as Institutions.* A Handbook and guide for the College and University Counseling center. London: Greenwood.

H.K. *kyk* Die Heidelbergse Kategismus. 1981.

DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 1981. (Interkerklike hersienings-kommissie. Die berymde psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Potchefstroom: Die Deputate vir Calvyn – Jubileumfonds. p. 521-566.)

HEITINK, G. 1984. Pastoraat als hulpverlening; inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen: Kok.

HEITINK, G. 1977. Pastoraat als hulpverlening: inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen: Kok. 412 p.

HEITINK, G. 1999. Practical theology: history, theory, action domains: manual for practical theology. (Vertaal deur Reinder Bruinsma.) Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

HELBERG, J. 1976. Klasdiktaat. Potchefstroom: PU vir CHO. 11 p.

HENDRIKS, H.J. 1987. 'n Teologies-prinsipiële begronding vir die opbou van die gemeente. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, (2:1-25). 25 p.

HENDRIKSEN, W. 1976. New Testament Commentary, Ephesians. Edinburgh, Mich.: Banner of Truth Trust. 290 p.

HENDRY, J. 1999. An introduction to social anthropology – other people's worlds. Houndmills, Basingstoke: Palgrave. 249 p.

HENSLIN, J.M. 1999. Sosiology: a down-to-earth approach. 4e uitg. London: Allyn and Bacon. 720 p.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis. 79 p.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis. 101 p.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die Corpus Paulinum met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. 300 p.

HUEBSCH, J.C. 1990. Kommunikasie - 2000. Durban: Butterworths. 455 p.

HUGENBERGER, G.P. 1994. Marriage as a covenant: a study of biblical law and ethics governing marriage developed from the perspective of Malachai. Leiden: Brill. 414 p.

HUMAN, L.H. 1993. Die invloed van werkloosheid op die gesin as sisteem: 'n pastorale perspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M.Div.) 129 p.

ICTB-LEKTUUR *kyk* Instituut vir Christelike Toerusting en Beradinglektuur. 2005. Pretoria.

INGOLDSBY, B.B. & SMITH, S. 1995. Families in multicultural perspective. New York: Guilford. 432 p.

INSTITUUT VIR CHRISTELIKE TOERUSTING EN BERADING. 2004. Bybelse Beradingskursus. 188 p.

JORDAAN, G.J.C. 1990. Die verhouding tussen indikatief en paraklese in die Brief aan die Efesiërs. *In die Skriflig*, 24(1):49-70. Maart.

JOUBERT, N.L. 1999. Die ontwerp en evaluering van 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.) 538 p.

JOUBERT, S. 1999. Handelinge. (*In* Vosloo, W. & J. Van Rensburg, F., *red.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.) 1902 p.

KAISER, W.C. *et al.* 1997. Hard sayings of the Bible. Downers Grove, Ill.: InterVarsity Press. (*In* Logos Scholar's Library.) (CD-ROM.) 259 p.

KLOPPER, E.C. 2003. Kreatiewe geloofskommunikasie. Verkondiging deur 'n verskeidenheid van vorme. Pretoria. p 5.

KNOUWDS, F.P.J. 1975. 'n Lewe in die oorvloed wat God gee. Pretoria: Aurora. 184 p.

KOTZÉ, G.J. 1971. Die antropologiese onderbou van die gereformeerde pastoraat met spesiale verwysing na die client-centered Amerikaanse pastoraat. Pretoria: RGN. 315 p.

KREBS, D. & BLACKMAN, R. 1988. Psychology: a first encounter. London: Halcourt Brace Jovanovich. 900 p.

KRUGER, D.C. 2000. Narratiewe terapie aan die gemolesteerde adolessent. (12-21 jaar). Pretoria: Dep. Opvoedkundige Voorligting en Berading, Universiteit Pretoria.

KRUGER, S.F. 2004. Toerusting vir ouderlinge. Gereformeerde Kerk Middelburg-Noord. 12 p.

KRUGER, S.F. 2005. Toerusting as wordingsproses: Perspektiewe uit die Efesiërbrief. *In die Skriflig*, 39(3):527-553, Des. 654 p.

LADD, G.E. 1977. A theology of the New Testament. 3de uitg. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 661 p.

LAURIE, J.R. 1997. Samaritan Counseling Centers Extend Congregational Ministry. *Journal of Psychology and Christianity*, 16(2):108-114. US: Christian Association for Psychological Studies.

LAURSEN, B. (2005:347-370). "Conflict between mothers and adolescents in single-mother, blended, and two-biological parent families".

LEUSCHNER, F.W. 2001. Die erediens as instrument in gemeentebou. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - Th.M.)

LIND, M.C. 1997. Political implications of Isaih 6: Writing and reading the scroll of Isaih. *Studies of an interpretive Tradition.* Supplement to Vetus Testamentum.

LITTLEJOHN, S.W. 1989. Theories of human communications. 3e uitg. California: Wadsworth. 315 p.

LISHMAN, J. 1995. Communication in social work. 2[e] uitg. Houndmills, Basingstoke: Macmillan. 158 p.

LOTTER, G.A. 1987. Counseling divorcees on forgiveness. Philadelphia: Westminster Theological Seminary. (Proefskrif - D.Min.) 178 p.

LOUW, D.A., EDWARDS, D.J.A. & BLIGNAUT, C.J.H. 1993. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg: Lexicon. 1000 p.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking: riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria: Academica. 254 p.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting: ontwerp van 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN. 512 p.

LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad: Lux Verbi. 571 p.

LOUW, D.J. 1998. Hoe teologies is die Praktiese Teologie en hoe prakties is die Teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 13(1):43-63.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. New York: United Bible Societies. 843 p.

LLOYD, L.L., FULLER, D.R. & ARVIDSON, H.H. 1997. Augmentative and alternative communication: A handbook of principles and practices. Boston: Allyn and Bacon. 615 p.

MACARTHUR, J.F. 1994. The MacArthur New Testament commentary: Acts 1-12. Chicago: The Moody Bible Institute. 341 p.

MACARTHUR, J.F & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Melbourne: Word Publishing. 407 p.

MACARTHUR, J.F. 1997. The MacArthur Study Bible. Nashville, Tenn.: Word Publishing. 2201 p.

MACK, W.A. & SWAVELY, D. 1996. Life in the Fathers house: a member's guide to the local church. New Jersey: P & R Publishing Company. 211 p.

MACQUARRIE, J. 1967. A Dictionary of Christian Ethics. London: SCM Press.

MEIER, P.D., MINIRTH, F.B., WICHERN, F.B. & RATCLIFF, D.E. 1992. Introduction to psychology and counseling: Christian perspectives and applications. 2e uitg. Grand Rapids, Mich.: Baker Books. 367 p.

MÖLLER, F.P. 1999,c1991. Woorde van Lig en Lewe: 'n Dogmatiese studie. 3 volume reeks (Electronic ed.). Westhoven: Evangelie Uitgewers.

MOLTON, W.L. 1993. Friends, partners and lovers: Marks of a vital marriage. New York: Lexington Books. 191 p.

MORRIS, L. 1973. The Gospel According to John. (p. 610-635). Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 936 p.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1989. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria: RGN.

NELSON-JONES, R. 1993. Lifeskills helping. Pasific Grove, Calif.: Brooks/Cole. 436 p.

OETTING, E.R., IVEY, A.E. & WEIGEL, R.G. 1970. The College and University Counseling Center. Washington: American College Personnel Association. (p.1-59). 59 p.

OOSTENBRINK, J.W. 1996. Korporatiewe spirtualiteit en kleingroepleierskap. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.) 226 p.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1999. Die groot God by kleingroepe. Potchefstroom: DPM. 84 p.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1999. Gereformeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit. *In die Skrflig*, 33(2):367-381.

PECCHIONI, L., THOMPSON, T., ANDERSON en DUSTIN, (2006:447-468). "The family communication sourcebook". PsycINFO (2006/10-2006/12) uit "Interrelations Between Family Communication and Health Communication". Thousand Oaks, Calif.: Sage. 546 p.

POP, F.J. 1974. De Eerste Brief van Paulus aan de Corinthiërs. Callenbach B.V Nijkerk: Uitgeverij G.F. 264-299 p.

REINECKER, F. 1980. A linguistic key to the Greek New Testament. Vol. 2. Romans – Revelation. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

ROBERTS, J.H. 1983. Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief. Groningen: V.R.B. (Proefskrif - D.Th.)

ROBERTS, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers. 180 p.

RUGH, G. 1999. Sermons and Articles from a Biblical Perspective: *The Church: God's Program for Ministry.* Indian Hills Community Church. 1000 South 84th Street, Lincoln, Nebraska 68510-4499. 7 p.

SAVIN-WILLIAMS, R.C. & COHEN, K. M. 1996. The Lives of Lesbians, Gays, and Bisexuals. Cornell University: Harcourt Brace College Publishers. 483 p.

SCHAEFER, R.T. & LAMM, R.P. 1992. Sociology. New York: McGraw-Hill. 712 p.

SCHOENBERG, B.M. 1978. A Handbook and guide for the College and University Counseling Center. London: Greenwood. 305 p.

SEEDAT. M. DUNCAN. N. & LAZARUS. S. 2001. Community Psychology.Theory, Method and Practice. South African and Other perspectives. Great Clarendon Street, OXFORD University Press. 410 p.

SELL, C.M. 1995. Family Ministry. 2e uitg. Grand Rapids, Mich.: Zondervan. 376 p.

SHAWCHUCK, N. & HEUSER, R. 1993. Leading the congregation: caring for yourself while serving others. Nashville: Abingdon. 339 p.

STEYN. A.F. 1993. Gesinstrukture in die R.S.A. Pretoria: RGN. 100 p.

STOTT, J. 2003. The Message of Ephesians. New Testament. Inter-Varsity Press. 311 p.

STRAUSS, C.J. 2004. Talking to depression: simple ways to connect when someone in your life is depressed. New York: New American Library. 200 p.

STROMMEN, M. & HARDEL, D. 2000. Passing on the faith. Winona, Minn.: Saint Mary's. 368 p.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die kerkorde. 'n verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 278 p.

VAN DER WALT, B.J. 1999. Naby God: Christen en kerk op die drumpel van spiritualiteit. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. (Wetenskaplike bydraes vir die PU vir CHO. Reeks F2: Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studies. Nommer 74. 1999.) 264 p.

VAN DER WALT, B.J. 1999. Religion and Society. Christian involvement in the public square. IRS, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 86 p.

VAN GEMEREN, W.A. 1997. *red.* New international dictionary of Old Testament theology & exegesis. Vol. 1. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

VAN GEMEREN, W.A. 1997. *red.* New international dictionary of Old Testament theology & exegesis. Vol. 2. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte gereformeerde dogmatiek. Kampen: Kok. 829 p.

VAN RENSBURG, F.J. 1993. Petrus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling). Vereniging: CUM. p. 1943-1958). 2120 p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik. 105 p.

VAN RENSBURG, J. 2007. Kuns en liturgie – 'n Praktykteoretiese refleksie op die estetika-diskoers. NGTT 47(3&4):558-570.

VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde: 'n pastorale studie in die lig van die pastorale briewe. Potchefstroom: Pro Rege. 300 p.

VENTER, C.J.H. 1988. 'n Nuwe Testamentiese profiel van 'n gemeente wat homself opbou. (*In* Venter, C.J.H., *red.* God bou op deur Sy Woord. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 10-27.) 208 p.

VENTER, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. (*In* Smuts, A.J., *red.* Praktiese teologie in Suid-Afrika 5: Perspektiewe op pastoraat. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.)

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon: kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria: RGN. 145 p.

VENTER, C.J.H. 1999. Die spiritualiteit van die bedienaar met verwysing na sy toerustingstaak. *In die Skriflig*, 33(2):187-202, Aug.

VENTER, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n prakties-teologiese benadering. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - M.Th.) 138 p.

WAITE, L.J. & GALLAGHER, M. 2000. The case for marriage: why married people are happier, helathier, and better off financially. New York: Doubleday. 260 p.

WEBB, B.G. 1996. The message of Isaih: On eagles' wings. The Bible speaks today. (*In* Motyer, J.A., *red.* The Old Testament Series. Illinois: InterVarsity.)

WILDBERGER, H. 1991. Isaiah 1-12: a commentary. Minneapolis: Fortress. 524 p.

ZERFASS, R. 1974. Praktische teologie als handelungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R., *reds.* Einführung in die praktische Theologie. München: Kaiser. p. 164-177.) 243 p.

# BYLAE A

***BEGELEIDENDE BRIEF***

**VIR VRAELYS**

Geagte broeder/suster in Jesus Christus

Ek is tans besig met navorsing oor die onderwerp: "Die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum in die toerusting van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap".

Om die navorsing te kan voltooi sal ek dit baie waardeer as u my hierin behulpsaam kan wees.

As teoretiese argument voer ek aan dat 'n Bybelse beradingsentrum kan bydra tot die toerusting van die amp van 'n gelowige en sodoende 'n positiewe uitwerking hê op die vervulling van die roeping van gelowiges in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.
Ek poog om in my nagraadse studie aan die Potchefstroomse kampus van die Noordwes- Universiteit 'n prakties teologiese bydrae te lewer tot die daarstel van 'n Bybelse beradingsentrum om gemeentes en lidmate toe te rus en deur middel van berading by te staan in tye van beproewing.

Ek sal dit hoog op prys stel as u 'n halfuur of wat kan gebruik om die aangehegde vraelys te voltooi. Deur dit te doen, is ek oortuig, kan u my help om 'n navorsingsprojek suksesvol af te handel.

Sal u asseblief die volgende in gedagte hou in die voltooing van die vraelys:

- Omdat u op geen wyse geïdentifiseer word nie kan u die vrae openhartig beantwoord.
- U kan met vrymoedigheid kritiek in die beantwoording van vrae lewer.

Waar van toepassing, sluit ek vir u gerief 'n gefrankeerde koevert in.

**SAL U SO VRIENDELIK WEES OM DIE VOLTOOIDE VRAELYS SO GOU MOONTLK AAN DIE PERSOON WAT DIT AAN U OORHANDIG HET TERUG TE BESORG - ASSEBLIEF NIE LATER AS DIE DATUM HIERONDER VERMELD NIE.**

U vraelys moet my bereik voor of op: 25 Mei 2007

Met waardering vir u hartlike samewerking.

Met dank

Jannie Earle
Tel.no: (012) 997 4228 / Selno 083 457 8075

# BYLAE B

## *KWANTITATIEWE*

## VRAELYS

**KWANTITATIEWE VRAELYS:**

**Nommer:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Predikant | | 2. Lidmaat | | 3. Ouderling | | 4. Diaken | |

**ALGEMENE INLIGTING** (VRAAG 1 - 10 ).

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Hoe oud is u tans? | jare | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2. | U geslag | Manlik | | Vroulik | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3. | Is u huidiglik lidmaat van 'n gemeente in die | Platteland | | Stad | |

| | | |
|---|---|---|
| 4. | Aan watter kerklike denominasie behoort u? | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5. | Dien u in 'n amp? | Ja | | Nee | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6. | Indien wel, meld in watter amp staan u? | | | | | |
| | 1. Predikant | | 2. Ouderling | | 3. Diaken | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 7. | Beskou u uself as 'n lewende lidmaat? | Ja | | Nee | |

| | |
|---|---|
| 8. | Indien wel, wat beteken dit prakties vir u om 'n lewende lidmaat te wees? |
| | |
| | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 9. | Sou u sê u het toerusting nodig om 'n lewende lidmaat te kan wees? | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10. | Het u al toerusting ontvang? | Ja | | Nee | |
| | Indien u antwoord ja is, spesifiseer asseblief: | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

**OMSTANDIGHEDE IN DIE GEMEENTE WAAR U TANS LIDMAAT IS**
(VRAAG 11 - 29)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 11. | Volg u gemeente 'n spesifieke strategiese gemeenteprogram m.b.t. toerusting van kerkraadslede en gemeentelede? | Ja | | Nee | |

| | |
|---|---|
| 12. | Indien u "JA" geantwoord het, spesifiseer asseblief: |
| | |
| | |
| | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13. | Indien u "NEE" geantwoord het, beskou u die feit as 'n leemte in die gemeentestruktuur? (Spesifiseer asseblief ook) | Ja | | Nee | |
| | Spesifiseer asseblief: | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14. | Dink u dat dit belangrik is om 'n gemeente so toe te rus? (hetsy in berading en/of in gemeente- en/of kerkraadsake) | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 15. | Dink u die kerkraad is in staat om kerkraadstoerusting te doen? | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 16. | Dink u die kerkraad is in staat om beradingstoerusting te doen? | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 17. | Wie behoort sulke kursusse aan te bied? | Kerkraad | | Beradingsentrum | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18. | Sou u graag toegerus wil word as ouderling en/of diaken? | | | | | |
| | 1. Ja | | 2. Nee | | 3. N.v.t. | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 19. | Sou u graag toegerus wil word in berading? (om mense in nood/hartseer by te staan) | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 20. | Sou u graag toegerus wil word om diens te lewer in 'n ondersteuningsgroep? | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 21. | Het u al 'n beradingskursus deurloop? | Ja | | Nee | |

ANTWOORD die volgende vrae soos dit op u van toepassing is: (m.a.w. beide 22 en 23 of een van 22 of 23)

| 22. | Indien u wel 'n beradingskursus deurloop het, wat is u evaluering van die betrokke modules in die beradingskursus? |
|---|---|

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 = Swak | 2 = Gemiddeld | 3 = Goed | 4 = Baie goed | 5 = Uitstekend |

| 22.1 | Hoe was die inhoud van die beradingskursus? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 22.2 | Was dit opbouend en leersaam? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 22.3 | Wat was die stimulering wat u gekry het van mede-kursusgangers? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 22.4 | Is die aanbieding van die beradingskursus op georganiseerde wyse oorgedra? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 22.5 | Hoe was die koste in verhouding met die beradingskursus? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 23. | Indien u wel 'n ouderling/diaken-toerustingskursus deurloop het, wat is u evaluering van die betrokke modules in die toerustingskursus? |
|---|---|

| 23.1 | Hoe was die inhoud van die toerustingskursus? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 23.2 | Was dit opbouend en leersaam? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 23.3 | Wat was die stimulering wat u gekry het van mede-kursusgangers? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 23.4 | Hoe was die aanbieding van die toerustingskursus? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| 23.5 | Hoe was die koste in verhouding met die toerustingskursus? | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 24. | Kon u na die kursus die inhoud prakties gebruik? | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 25. | Kon u dit in die gemeente gebruik? | Ja | | Nee | |

| | |
|---|---|
| 26. | Indien u "JA" geantwoord het, motiveer asseblief: |
| | |
| | |
| | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 27. | Kon u dit in die gemeenskap gebruik? | Ja | | Nee | |

| | |
|---|---|
| 28. | Indien u "JA" geantwoord het, motiveer asseblief: |
| | |
| | |
| | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 29. | Sou u andere aanbeveel om so toegerus te word? | Ja | | Nee | |

**PERSOONLIKE BERADING**: (30- 33)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 30. | Dink u gemeentelede het 'n behoefte aan berading buite die gemeente? | Ja | | Nee | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 31. | Dink u gemeentelede sou dit vereis om private redes? | Ja | | Nee | |

| | |
|---|---|
| 32. | Indien u al by 'n beradingsentrum berading ontvant het: Hoe evalueer u die berading ontvang? |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 = Stem glad nie saam nie | 2 = Stem nie saam nie | 3 = Neutraal | 4 = Stem saam | 5 = Stem volkome saam |
| 32.1 | Het dit u gehelp? | | | | |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 32.2 | Was die berading dit wat u gehoop het om te kry? | | | | |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 32.3 | Was die berading Skrifgefundeerd? | | | | |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 32.4 | Was die koste in verhouding met die berading wat u ontvang het? | | | | |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 29. | Sal u andere van die berading vertel? | Ja | | Nee | |

**Dankie dat u moeite gedoen het om die vraelys te voltooi.**

# BYLAE C

*KWALITATIEWE*

VRAELYS

## KWALITATIEWE VRAELYS

**1. Doelwit: Die doelwit van die empiriese navorsing is om te bepaal:**

Watter rol/funksie het 'n Bybelse beradingsentrum in die toerusting van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap?

Met betrekking tot toerusting in:

1. Berading, amptelik of in private hoedigheid
2. Die dienswerk van Ouderlinge
3. Die dienswerk van Diakens
4. Die dienswerk van Kategete

**2. Vraelyste: Wie moet dit invul?**

1. **'n Kwalitatiewe empiriese studie** sal deur **onderhoude** aan die hand van 'n vraelys gedoen word, om die uitwerking te bepaal wat 'n Bybelse beradingsentrum het in die toerusting van gelowiges vir hul roeping in 'n gemeente en in 'n gemeenskap.

   Die kerngroep sal bestaan uit persone wat 'n beradingskursus by 'n Bybelse beradingsentrum deurloop het, so ook predikante van gemeentes en beraders van ander beradingsentrums om **kwalitatief** te bepaal wat die kursus - asook die funksie van 'n Bybelse beradingsentrum - vir hulle in 'n gemeente en in 'n gemeenskap sal beteken.

## KWALITATIEWE VRAELYS:

### Roeping:

1. Wat doen die kerkraad om 'n lidmaat te begelei wanneer hy geroep word tot een van die ampte? Word hy daarop gewys?

   1.1 Wat roeping beteken? ..........................................................

   ..........................................................................................

   1.2 Waartoe God hom roep? (Die doel/opdrag daarvan). ...................

   ..........................................................................................

   1.3 Dat God genadegawes gee om die roeping ten volle uit te leef? .....

   ..........................................................................................

2. Voordat persone tot die besondere dienste/ampte geroep word, maak die kerkraad seker oor watter gawes so 'n persoon beskik?

   ..........................................................................................

3. Is u gemeente 'n ampsdraerkerk, met ander woorde, funksioneer net die besondere gawes volgens Efesiërs 4:11 en 12a in u gemeente?

   3.1 Indien u antwoord ja is. Motiveer asseblief:

   ..........................................................................................

3.2 Indien u nee antwoord: Wat word van die algemene gawes, Efesiërs 12b en 13 in u gemeente? Motiveer asseblief:

.............................................................................................................

4. Wat doen u gemeente om God se ideaal (Efes.4:16) in u gemeente te verwesenlik, naamlik dat nie net ampsdraers sal werk om die gemeente op te bou nie, maar dat almal sal saamwerk en die gemeente homself opbou?

.............................................................................................................

**Toerusting**:

5. Wat doen die kerkraad:

5.1 om lidmate toe te rus vir hul roeping in die amp van gelowige?

.............................................................................................................

5.2 om kerkraadslede toe te rus vir hul roeping in die amp van ouderling/diaken?

6. Wat verstaan u onder toerusting? Is dit

6.1 om heel te maak wat stukkend is, of ..............................................

6.2 reg te maak wat verkeerd is, of ....................................................

6.3 aan te vul wat verkeerd is, of .......................................................

6.4 al drie? ..........................................................................................

7. Waarom is toerusting in u gemeente so noodsaaklik?

.............................................................................................................

8. Wat behoort die resultaat van toerusting in u gemeente te wees?

.............................................................................................................

9. Wat dink u van die stelling van Totius? "As die amp van die gelowige nie opgewek word nie, waarsku Du Toit dat die onmondigheid van die lidmaat en die leerstellige verval, uiteindelik ook sal deurdring tot in die geledere van die ouderling en predikante, sodat 'n "paar invloedryke kerkmanne en hoogleraars" die "monopolie van die belydenis in hul besit" sal kry".

.............................................................................................................

10. Wat dink u daarvan dat indien 'n kerkraad nie oor die gawes en geleënthede beskik om lidmate toe te rus nie daar dan van 'n Bybelse beradingsentrum gebruik gemaak kan word om lidmate maar veral ook ampsdraers toe te rus?

.............................................................................................................

## Pastorale berading

11. Wat verstaan u onder pastorale berading en wat is die doel daarvan?

    ..................................................................................................................

12. Verduidelik hoe u die volgende begrippe volgens 2 Tim. 3:15-17 in pastorale berading verstaan?

    Die Woord is gegee:

    - om in die waarheid te onderrig ..........................................................
    - dwaling te bestry, ..............................................................................
    - verkeerdhede reg te stel en . ..............................................................
    - 'n regte lewenswyse te kweek, ...........................................................

13. Hoe dra u die boodskap van die Woord in die gemeenskap in?

    ..................................................................................................................

14.1 Wat sou u sê waarom doen mense die dinge wat hulle doen? Waarom dra hulle sulke vrugte?

    ..................................................................................................................

14.2 Hoe sou u sê waar begin verandering in 'n mens se lewe plaasvind? (vgl. Rom.12:2)

    ..................................................................................................................

15. Wat dink u daarvan dat indien 'n kerkraad/dominee nie oor genoegsame tyd en kennis beskik om lidmate pastoraal te bearbei nie daar dan van 'n Bybelse beradingsentrum gebruik gemaak kan word om lidmate pastoraal te bearbei en by te staan?

    ..................................................................................................................

**Baie dankie vir u tyd en opoffering om saam met my die vraelys te voltooi.**